UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ’N TEOLOGIES-EMPIRIESE EVALUERING VAN ’N KERKGEBOUPROJEK AS ‘N BEDIENING VAN GEMEENTEBOU: ’N PRAKTYKMODEL VIR DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA


**deur**

**JAN HENDRIK LODEWYK TRUTER**


**VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE GRAAD**

**Philosophiae Doctor**

**in**

**Praktiese Teologie**


**Fakulteit Teologie**
**Universiteit van Pretoria**


**Promotor: Prof. Malan Nel**

**2007**

# Summary

This study deals with building up local churches and erecting buildings by such churches. The goals of the study are to discern principles, to put guidelines on the table within the South African church setting, that is missionary in focus, and to put forward an alternative in respect of the present understanding of the arrangement and erecting of church buildings.

The methodology of practical theology is reflected by means of three concepts, namely: understanding, explanation and change. This study focuses on all three concepts – expressed as the hermeneutical understanding, the empirical reality and guidelines for the praxis.

The hermeneutical understanding or theory was researched with two focal points in mind namely: the theological perspective – in which the emphasis was firstly on the identity of the Church in Christ and secondly on the calling of the Church, expressed in the *missio Dei* and discipleship. The other focal point was the Biblical ideal – as it appears in the Word, as it was interpreted by theological traditions and how the church has expressed it historically in its buildings.

The second action in this methodology was the empirical measurement in order to verify whether this hermeneutical understanding in reality, was negotiated within the Netherdutch Reformed Church of Africa.

The third concept concentrates on change and was researched with the view on the creation of theoretical guidelines for the praxis. These guidelines were processed in conjunction with the Biblical view on the arrangement and erecting of church buildings, as well as the church's historical understanding thereof to eventually put forward new guidelines for the operational praxis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Key Terms

- Biblical Basis
- Discipleship
- Calling
- Church Buildings
- Church Growth
- Fellowship of Believers
- Identity in Christ
- Missio Dei
- Missionary
- Operational Praxis
- Theory of Praxis

# Opsomming

Hierdie studie handel oor gemeentebou en kerkgeboue. Die doel van dié studie is om in die lig van gemeenteboubeginsels riglyne vir kerkgeboue binne die Suid-Afrikaanse kerklike opset op die tafel te plaas, wat missionêr in fokus is en dit voor te hou as 'n alternatief ten opsigte van die huidige verstaan oor die in- en oprigting van kerkgeboue.

Die metodologie van praktiese teologie word in drie konsepte weergegee, naamlik: verstaan, verklaar en verandering. Hierdie studie fokus op al drie konsepte – uitgedruk as die hermeneutiese verstaan, die empiriese werklikheid en riglyne vir die praktyk.

Die hermeneutiese verstaan of teorie is met twee fokuspunte in gedagte nagevors, naamlik: die teologiese perspektief – waarin daar eerstens op die identiteit van die Kerk in Christus en tweedens op die roeping van die Kerk, uitgedruk in die *missio Dei* en dissipelskap gekonsentreer is. Die tweede fokus is op die Bybelse ideaal – soos dit in die Skrif voorkom, deur teologiese tradisies geïnterpreteer is en hoe die kerk dit histories in sy geboue tot uitdrukking laat kom het.

Die tweede konsep is die empiriese meting ten einde te toets en te verklaar in watter mate hierdie hermeneutiese verstaan in die werklikheid, binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, verdiskonteer is.

Die derde konsep konsentreer op die verandering en is nagevors met die oog op die daarstel van teoretiese riglyne vir die praktyk. Hierdie riglyne is verwerk, tesame met wat die Bybel se siening oor die in- en oprigting van kerkgeboue is, sowel as die kerk se historiese verstaan daarvan. Die uiteinde is om nuwe riglyne vir die bedieningspraktyk daar te stel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Sleutelwoorde

- Bybelse Begronding
- Bedieningspraktyk
- Dissipelskap
- Gemeentebou
- Gemeenskap van Gelowiges
- Identiteit in Christus
- Kerkgeboue
- Missio Dei
- Missionêr
- Praktykteorie
- Roeping

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Opgedra

**aan my vrou**

# Joey

**en my kinders**

# Jeanné, Jan-Hendrik en Durant

# Bedankings

- My promotor prof. Malan Nel, watter voorreg het enige student nie om onder u leiding te leer nie. U visie sal nog vir baie jare 'n impak op die Kerk hê. Dankie dat ek deur u insig en denke gevorm kon word. U liefde vir Christus en u vakgebied het 'n onblusbare vlam in my aangesteek.

- Janine Bruwer, woorde word min as ek jou vir al jou hulp moet bedank. Dankie vir die ontelbare ure wat jy aan die taal-, statistiek- en finale verwerking van hierdie verhandeling spandeer het. Dankie ook vir jou begrip, berading en geestelike bystand deur al die moeilike tye in my lewe. Jy is werklik 'n administratiewe beampte par excellence.

- Gerhard en Susan Buys, dankie dat ek by julle 'n huis kon vind weg van my eie huis. Vir al die kere wat ek navorsing moes kom doen in Pretoria, het julle my soos 'n eregas ontvang en oorlaai met hartlikheid.

- Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – Gemeente Letsitele. My opregte dank dat ek vir soveel jare julle leraar mag wees en dat hierdie unieke konsep van gemeentelike bediening by julle 'n tasbare werklikheid kon word.

- My broer Ben Truter en sy gesin, dankie vir julle ondersteuning en bystand in die afhandeling van hierdie projek. Ouboet, jy was nog altyd my held gewees.

- Aan my ouers, geen seun kan ooit vir beter ouers vra as wat ek het nie. Dankie dat julle nog altyd in my glo, my bystaan en ondersteun. Julle het nie net aan my lewe geskenk nie, julle het julle hele lewe aan my geskenk.

- Aan my vrou Joey en my kinders – Jeanné, Jan-Hendrik en Durant – julle moes baie gesins- en sosialetyd opoffer om my droom 'n werklikheid te maak. Dankie vir die geduld, liefde en ondersteuning deur al hierdie jare. As ek ooit aan God se liefde sou twyfel, hoef ek net na julle te kyk. Naas God se genade is julle die beste ding wat ooit met my gebeur het.

- En bowenal aan my God, dankie dat U my eerste liefgehad het en met soveel talente oorvloei om in u diens te staan, ek is steeds in verwondering. Hierdie verhandeling sou nie moontlik gewees het sonder u inspirasie nie. Aanvaar asseblief hierdie dankoffer in my nederigheid.

# INHOUDSOPGAWE

## Hoofstuk 1: Probleemstelling en Metodiek


| | | |
|---|---|---|
| 1.1. | Navorsingsonderwerp | 1 |
| 1.1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.1.2 | Probleemformulering | 1 |
| 1.1.3 | Motivering vir Projek | 2 |
| 1.1.4 | Hipoteses | 3 |
| 1.1.5 | Metodologie | 3 |
| 1.1.6 | Teorie en Praktyk | 5 |
| 1.1.7 | Navorsingsdoelstellings | 6 |
| 1.1.8 | Navorsingsdoel | 7 |
| 1.1.9 | Definisies | 7 |
| 1.1.9.1 | Gemeentebou | 7 |
| 1.1.9.2 | Hipotese | 7 |
| 1.1.9.3 | Kerksentrum/kerkgebou | 8 |
| 1.1.9.4 | Modelle | 8 |
| 1.1.10 | Hoofstukindeling | 10 |
| 1.2. | Metodologiese Beredenering | 11 |
| 1.2.1 | Inleiding | 11 |
| 1.2.2 | Teoretiese Onderbou | 13 |
| 1.2.3 | Drie sleutelbegrippe | 14 |
| 1.2.4 | Gedefinieerde subjek en Empiriese subjek | 15 |
| 1.2.5 | Bipolêre Wisselwerking – Teorie en Praxis | 17 |
| 1.2.6 | Skrifgesag | 17 |
| 1.2.7 | Pneumatologiese | 18 |
| 1.2.8 | Basisteorie en Praktykteorie | 19 |
| 1.2.9 | Ideaal en Werklikheid | 20 |
| 1.2.10 | Kommunikatiewe Geloofshandelinge | 21 |
| 1.2.10.1 | Wat is Kommunikatiewe Geloofshandelinge | 23 |
| 1.2.11 | Sisteemteorie | 28 |
| 1.2.12 | Samevatting | 31 |


## Hoofstuk 2: Teologiese Perspektiewe


| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Gemeentebou | 32 |
| 2.1.1 | Bybelse Begrip | 32 |
| 2.1.1.1 | Ou Testament | 32 |
| 2.1.1.2 | Nuwe Testament | 34 |
| 2.1.2 | 'n Definisie | 35 |
| 2.2. | Ekklesiologie | 38 |
| 2.2.1 | Skryfwyse en Begripsverklaring | 38 |
| 2.2.2 | Ekklesiologie en Gemeentebou | 39 |
| 2.3. | Die Wese en Doel van 'n Gemeente | 42 |
| 2.3.1 | Jesus Christus | 45 |
| 2.3.2 | Die Heilige Gees | 46 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.3.3 | Die Woord | 47 |
| 2.4. | Die Funksie van die Gemeente | 48 |
| 2.4.1 | *Missio Dei* | 49 |
| 2.4.1.1 | Gee Identiteit | 49 |
| 2.4.1.2 | Is 'n Opdrag | 50 |
| 2.4.1.3 | Omsluit alle Bedieninge | 51 |
| 2.4.1.4 | *Missio Dei*: Perspektief op die oprigting en uitbreiding van Kerkgeboue | 53 |
| 2.4.2 | Dissipelskap | 54 |
| 2.4.2.1 | Identiteit | 54 |
| 2.4.2.2 | Koninkryk van die Hemele | 55 |
| 2.4.2.3 | Dissipelskap en Lidmaatskap | 56 |
| 2.4.2.4 | Dissipelskap is Relasioneel | 57 |
| 2.4.2.5 | Dissipelskap is Missionêr | 58 |
| 2.4.2.6 | Dissipelskap en Gemeentebou | 59 |
| 2.4.2.7 | Dissipelskap en Kerkgeboue | 60 |
| 2.4.3 | Samevatting | 61 |
| 2.5. | Die Gemeentebouproses | 64 |
| 2.5.1 | Die Aanvang van die Proses | 65 |
| 2.5.2 | Motivering | 66 |
| 2.5.3 | Missieformulering | 70 |
| 2.5.4 | Gemeente-analise | 71 |
| 2.5.4.1 | Gemeenteprofiel | 72 |
| 2.5.4.2 | Omgewingsprofiel | 72 |
| 2.5.4.3 | Gemeentediagnose en Evaluering | 73 |
| 2.5.5 | Doelgerigte Aksie | 77 |
| 2.5.5.1 | Strategiese Beplanning | 78 |
| 2.5.5.1.1 | Doelwitformulering | 79 |
| 2.5.5.2 | Implementering van die Strategiese Plan | 87 |
| 2.5.5.3 | Evaluering, Stabilisering en Herhaling | 89 |
| 2.5.6 | Samevatting | 91 |

## Hoofstuk 3: Bybelse Begronding - Ideaalstelling

| | | |
|---|---|---|
| 3.1. | Inleiding | 92 |
| 3.2. | Ou Testament | 92 |
| 3.2.1 | Heiligdomme – Aartsvaders | 93 |
| 3.2.1.1 | Sigem | 94 |
| 3.2.1.2 | Bet-El | 94 |
| 3.2.1.3 | Mamre | 95 |
| 3.2.1.4 | Berseba | 95 |
| 3.2.1.5 | Aantekeninge i.v.m. die Aartsvaders se Aanbiddingsplekke | 96 |
| 3.2.2 | Die Woestyn Heiligdom – Die Tent | 96 |
| 3.2.2.1 | Aantekeninge in verband met die Tabernakel | 98 |
| 3.2.3 | Heiligdomme in die land van Israel – Voor Tempelbou | 99 |
| 3.2.3.1 | Gilgal | 99 |
| 3.2.3.2 | Silo | 99 |
| 3.2.3.3 | Mispa in Benjamin | 100 |
| 3.2.3.4 | Gibeon | 100 |

3.2.3.5 Ofra 100
3.2.3.6 Dan 100
3.2.3.7 Jerusalem 101
3.2.3.8 Aantekeninge i.v.m. die Heiligdomme 101
3.2.4 Die Tempel in Jerusalem 102
3.2.4.1 *Domus Dei* – Die Huis van God 102
3.2.4.2 Aanwysing van God se Woonplek 105
3.2.4.3 Heropbou van die "Huis van God" 106
3.2.4.4 Gaan dit werklik oor 'n gebou? 108
3.2.4.5 Multifunksionele Tempel 112
3.2.4.6 Aantekeninge i.v.m. die Tempel 112
3.2.5 Die Sinagoges 113
3.3. Nuwe Testament 113
3.3.1 Die Tempel 113
3.3.1.1 Jesus en die Tempel 114
3.3.1.2 Die nuwe Tempel 115
3.3.1.3 Die vroeë Kerk – Die ou en nuwe Tempel 118
3.3.1.4 Die nuwe Tempel – Paulus tot Openbaring 120
3.3.1.4.1 Die Pauliniese Denke 120
3.3.1.4.2 Petrus 122
3.3.1.4.3 Lukas 123
3.3.1.4.4 Hebreërs 123
3.3.1.4.5 Openbaring 125
3.3.2 Sinagoge 127
3.3.3 Huiskerke – Ecclesiae Domestica 131
3.4. Bybelse Ideaal 134

**Hoofstuk 4: Historiese Perspektief op Kerkgeboue - Die Historiese Praxis**

4.1. Inleiding 136
4.2. *Domus Ecclesiae* en *Domus Dei* 136
4.3. Historiese oorsig: Kerkgeboue 138
4.3.1 Die Konstantyn Era 138
4.3.2 Die Kultus van Heilige Kerkgeboue 140
4.3.2.1 Grafte 140
4.3.2.2 Relikwieë 141
4.3.2.3 Reiniging 142
4.3.2.4 Eucharistie 143
4.3.2.5 Mistieke Atmosfeer 143
4.3.2.6 Grade van Heiligheid 144
4.3.2.7 Samevatting 144
4.3.3 Die Middeleeue 145
4.3.3.1 Die Bisantynse Styl 145
4.3.3.2 Die Romaanse Styl 146
4.3.3.3 Die Gotiese Styl 146
4.3.3.4 Ander Boustyle 147
4.3.3.5 Die Renaissance Boustyl 148
4.3.4 Die Reformasie en daarna 150
4.3.4.1 Kontra-Reformasie 150

| | | |
|---|---|---|
| 4.3.4.2 | Die Reformasie | 151 |
| 4.3.4.3 | Radikale Reformatore | 153 |
| 4.3.4.3.1 | Die Puriteine | 153 |
| 4.3.4.3.2 | Die Anabaptiste | 154 |
| 4.3.4.3.3 | Die Kwakers | 154 |
| 4.3.5 | Kerkgeboue in Suid-Afrika | 155 |
| 4.3.6 | Huidige Tendense | 157 |
| 4.3.7 | Samevatting | 159 |

**Hoofstuk 5: Empiriese Studie - Die Werklikheid**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1. | Inleiding | 161 |
| 5.2. | Empiriese Studie | 162 |
| 5.3. | Resultate van die Empiriese Studie | 163 |
| 5.3.1 | Erediensbywoning | 163 |
| 5.3.2 | Geografiese- en Demografiese groei | 164 |
| 5.3.3 | Gebruikstyd | 164 |
| 5.3.4 | Praktiese gebruik van die Kerkkompleks | 164 |
| 5.3.5 | Gemeentebou en die Kerkkompleks | 165 |
| 5.3.6 | Kerkkompleks en die Bybel | 165 |
| 5.3.7 | Gemeenskapsgerigtheid | 165 |
| 5.3.8 | Siening van die Kerkkompleks | 166 |
| 5.3.9 | Tempel van God | 167 |
| 5.3.10 | Kerkkompleks as Verkondigingsgestalte | 167 |
| 5.3.11 | Gemeentebou en Kerklike Finansies | 167 |
| 5.4. | Vraelys Interpretering | 169 |
| 5.4.1 | Erediensbywoning | 169 |
| 5.4.2 | Geografiese- en Demografiese groei | 169 |
| 5.4.3 | Gebruikstyd | 170 |
| 5.4.4 | Praktiese gebruik van die Kerkkompleks | 171 |
| 5.4.5 | Gemeentebou en Kerkkompleks | 171 |
| 5.4.6 | Kerkkompleks en die Bybel | 172 |
| 5.4.7 | Gemeenskapsgerigtheid | 173 |
| 5.4.8 | Siening van die Kerkkompleks | 174 |
| 5.4.9 | Tempel van God | 175 |
| 5.4.10 | Kerkkompleks as Verkondigingsgestalte | 176 |
| 5.4.11 | Gemeentebou en Kerklike Finansies | 177 |
| 5.5. | Samevatting | 179 |
| 5.6. | Die Gemeente Letsitele | 180 |
| 5.6.1 | Aanvang van die Proses | 181 |
| 5.6.2 | Motivering en Ontvriesing | 181 |
| 5.6.3 | Gemeente-analise | 182 |
| 5.6.4 | Van Gemeentebou tot Kerkbou | 183 |
| 5.6.5 | Die Gemeente Letsitele – ’n Beskrywing | 184 |
| 5.6.5.1 | Geografies | 184 |
| 5.6.5.2 | Omgewingsprofiel | 185 |
| 5.6.5.3 | Gemeenteprofiel | 185 |
| 5.6.6 | Kerksentrum: Beplanningsessie | 187 |
| 5.6.6.1 | Sterkpunte | 187 |

5.6.6.2 Probleemareas 188
5.6.6.3 Verwagtings 189
5.6.6.4 Uitkoms 189
5.6.7 Die Kerkgebou 190
5.6.7.1 Onderhandelinge: Skool en Kerk 191
5.6.7.2 Die Bouprojek 192
5.6.8 Voordele van die Projek 194
5.6.9 Opvolgende Samewerking 196
5.7. Resultate van die Empiriese Studie 196
5.7.1 Erediensbywoning 197
5.7.2 Geografiese- en Demografiese groei 197
5.7.3 Gebruikstyd 197
5.7.4 Praktiese gebruik van die Kerkkompleks 198
5.7.5 Gemeentebou en die Kerkkompleks 198
5.7.6 Kerkkompleks en die Bybel 198
5.7.7 Gemeenskapsgerigtheid 198
5.7.8 Siening van die Kerkkompleks 199
5.7.9 Tempel van God 200
5.7.10 Kerkkompleks as Verkondigingsgestalte 200
5.7.11 Gemeentebou en Kerklike Finansies 200
5.8. Vraelys Interpretering 202
5.8.1 Erediensbywoning 202
5.8.2 Geografiese- en Demografiese groei 202
5.8.3 Gebruikstyd 202
5.8.4 Praktiese gebruik van die Kerkkompleks 202
5.8.5 Gemeentebou en Kerkkompleks 203
5.8.6 Kerkkompleks en die Bybel 203
5.8.7 Gemeenskapsgerigtheid 203
5.8.8 Siening van die Kerkkompleks 203
5.8.9 Tempel van God 204
5.8.10 Kerkkompleks as Verkondigingsgestalte 204
5.8.11 Gemeentebou en Kerklike Finansies 204
5.9. Samevatting 205

## Hoofstuk 6: Gemeentebou en Kerkgeboue - Riglyne vir 'n Nuwe Praktykteorie

6.1. Inleiding 207
6.2. Kerkgeboue 207
6.2.1 Die Probleem 207
6.2.2 Is Kerkgeboue werklik nodig? 208
6.3. Riglyne: 'n Nuwe Praktykteorie 211
6.3.1 Callahan 211
6.3.1.1 Die Callahan Credo 212
6.3.1.2 Riglyne oor Kerkgeboue 212
6.3.1.3 Kerkgeboue as Missionêre Bron 213
6.3.1.4 Kerkgeboue: 'n Ondersoek 214
6.3.1.4.1 Ligging 216
6.3.1.4.2 Toeganklikheid 218
6.3.1.4.3 Parkering 218

| | | |
|---|---|---|
| 6.3.1.4.4 | Terrein en Geboue | 219 |
| 6.3.1.4.4.1 | Vloerplan | 220 |
| 6.3.1.4.4.2 | Balans | 220 |
| 6.3.1.4.4.3 | Versorging en Verbeteringe | 221 |
| 6.3.1.4.4.4 | Spesifieke Oorwegings | 222 |
| 6.3.1.4.4.5 | Buigbaarheid | 224 |
| 6.3.1.4.4.6 | Koste-effektiwiteit | 224 |
| 6.3.1.4.4.7 | Voorkomende Instandhoudingskoste | 225 |
| 6.3.1.5 | Samevatting | 226 |
| 6.3.2 | Bowman en Hall | 226 |
| 6.3.2.1 | Die Bowman en Hall Credo | 227 |
| 6.3.2.2 | Nuwe Insigte | 227 |
| 6.3.2.2.1 | Fokusverskuiwing | 228 |
| 6.3.2.2.2 | Sakrale Kerkgeboue | 228 |
| 6.3.2.3 | Wanneer om nie te bou nie | 229 |
| 6.3.2.3.1 | Wanneer die redes om te bou verkeerd is | 229 |
| 6.3.2.3.2 | Wanneer daar 'n beter uitweg is | 230 |
| 6.3.2.3.3 | Wanneer die finansiële risiko te groot is | 230 |
| 6.3.2.4 | Riglyne vir Kerkgeboue | 231 |
| 6.3.2.5 | Kerkgeboue: 'n Ondersoek | 232 |
| 6.3.2.5.1 | Ken jou Gemeenskap | 232 |
| 6.3.2.5.2 | Evalueer Huidige- en Langtermynbehoeftes | 233 |
| 6.3.2.5.3 | Maksimale gebruik van Fasiliteite | 233 |
| 6.3.2.5.4 | Nie-Kerkterrein Spasie | 235 |
| 6.3.2.5.5 | Ander Opsies | 235 |
| 6.3.2.5.6 | Interieur | 235 |
| 6.3.2.5.7 | Parkering | 235 |
| 6.3.2.6 | Fasiliteitlose Gemeentes | 236 |
| 6.3.2.6.1 | Satelliet Aanbiddingsdienste | 236 |
| 6.3.2.6.2 | Huiskerke | 238 |
| 6.3.2.6.3 | Semi-Bestuurskantoor | 239 |
| 6.3.2.6.4 | Spesiale Geleenthede | 240 |
| 6.3.2.7 | Samevatting | 241 |
| 6.4. | Finansiële Implikasies | 243 |
| 6.4.1 | Die Impak van Skuld | 244 |
| 6.4.2 | Rentelas op Fasiliteite | 245 |
| 6.4.3 | Missiegedrewe Finansiële Beplanning | 246 |
| 6.4.3.1 | Verdeel Beplande Spandering in Kategorieë | 247 |
| 6.4.4 | Die Eunug Beskouing | 249 |
| 6.5. | Samevatting | 251 |

**Hoofstuk 7: Die Bedieningspraktyk - Riglyne vir 'n Nuwe Bedieningspraktyk**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1. | Inleiding | 252 |
| 7.2. | Die Gemeentebouproses | 253 |
| 7.3. | Die Kerkgebou | 254 |
| 7.3.1 | Keuse van Fasiliteit | 255 |
| 7.3.2 | Inrigting van Gebou | 259 |
| 7.3.3 | Die Bouprojek en Praktiese Omskakeling | 261 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.3.3.1 | Omskakeling van Saal | 263 |
| 7.3.3.2 | Kerk op Wiele | 264 |
| 7.3.3.3 | Semi-Bestuurskantoor | 264 |
| 7.3.3.4 | Kategeselokale | 265 |
| 7.3.3.5 | Musiekinstrument | 265 |
| 7.4. | Slaggate | 266 |
| 7.5. | Moontlikhede van die Projek | 268 |
| 7.6. | Voordele van die Projek | 270 |
| 7.7. | Samevatting | 272 |
| | Bylaag A – Empiriese Toetsing: Vraelys | 274 |
| | Bylaag B – Huurooreenkoms | 284 |
| | Literatuurlys | 297 |
| | Internetbronne | 311 |

# Hoofstuk 1
# Probleemstelling en Metodiek

## 1.1. Navorsingsonderwerp

'n Teologies-Empiriese evaluering van ’n kerkgebouprojek as 'n bediening van gemeentebou: 'n Praktykmodel vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

### 1.1.1 Inleiding

Die ervaring van die navorser is dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, as geloofsgemeenskap, vir baie jare kerksentrums opgerig het wat meer esteties van aard was. Later word meer gebruikersvriendelike kerksentrums opgerig, wat neig om meer prakties van aard te wees. Die gebruik en doel van hierdie kerksentrums word nog steeds net op die geloofsgemeenskap gerig en nie op die breë gemeenskap as sodanig nie. Dit het die navorser tot die volgende probleemformulering gelei.

### 1.1.2 Probleemformulering

Gedurende die afgelope tien jaar, het gemeentebou alreeds ’n belangrike rol in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gespeel maar die navorser vermoed egter die volgende:

a. Die Bybelse verstaan van gemeentebou speel nie 'n genoegsame rol in die beplanning en oprigting van kerksentrums binne die Nederduitsch Hervormde Kerk se opset nie.
b. Die missionêre opdrag van die kerk om na die wêreld uit te reik met al sy bedieninge (Nel 1994:96) gaan dikwels mank, omdat kerksentrums nie missionêr en diakonaal ingerig word nie. Die *deodat beginsel* (Fuchs 1971:137) om te gee wat ontvang is van God, uit genade, gaan dikwels verlore in die beplanning en bou van kerksentrums. Kerksentrums word nie opgerig om die omringende gemeenskap tot diens te wees nie, maar is net

bruikbaar vir enkele ure op 'n Sondag en dan veral vir die gemeenskap van gelowiges alleen.

c. Daar nie veel ag geslaan word binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se kerklike opset, rondom navorsing wat alreeds wêreldwyd bestaan in verband met die aspek van kerksentrums as 'n verkondigingsgestalte – missionêre en diakonaal – in die beplanning, verandering en\of oprigting van kerksentrums nie (vgl. Mouton & Marais 1990:38).
d. Die Kerk die besit van kerkgeboue noodsaaklik ag, as voorwaarde vir gemeente-wees.
e. Daar binne die Suid-Afrikaanse kerklike opset nêrens modelle bestaan, wat die klem en fokus op gemeentebou laat val, in die op- en/of inrigting van kerkgeboue nie.

### 1.1.3 Motivering vir Projek

Kerkgeboue in Suid-Afrika word dikwels ten duurste opgerig met minimale gebruikstyd per week. Gemeet aan insetkoste versus gebruikstyd is dit 'n swak belegging. Die bedryf- en onderhoudskoste om hierdie geboue in stand te hou, sowel as die hoë grondbelasting en die voortdurende bedreiging van belasting op geboue ontneem gemeentes dikwels van noodsaaklike finansiële steun om die roeping van Christus in die wêreld uit te voer. Die besit van eie kerkgeboue word binne die Suid-Afrikaanse kerklike opset veronderstel as 'n noodsaaklikheid vir gemeente-wees (Botes 2004:41). Kerkgeboue word ten bedrae van miljoene rande opgerig (De Vries 2006:1), terwyl duisende mense onder die broodlyn leef (Van Tonder 2005:1). Nêrens in die akademiese literatuur kon die applikant kerkgeboumodelle vind, waar die fokus op gemeentebou val en 'n gemeente, 'n gemeente kan wees, sonder om 'n kerkgebou te besit nie. As gevolg van die geweldige leemte wat op die gebied bestaan, het dit die skrywer geprikkel om 'n studie op die gebied aan te pak. Die skrywer is 'n lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en derhalwe sal die studie binne hierdie bepaalde konteks uitgevoer word.

## 1.1.4 Hipoteses

**Hipotese 1**


Daar is nie met gemeentebou in die beplanning, verandering en oprigting van kerksentrums binne die opset van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika die afgelope tien jaar rekening gehou nie.

**Hipotese 2**

Kerksentrums binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is die afgelope tien jaar slegs beplan en opgerig om die geloofsgemeenskap te dien en het nie waarde vir die breër gemeenskap nie.

## 1.1.5 Metodologie

Hierdie studie sal aangepak word, volgens die metodologie van praktiese teologie, soos uitgedruk in die drie sirkels in figuur 1.1 (Heitink 1999:165). Heitink (1999:165-166) druk die metodologie van praktiese teologie in drie sirkels uit: die **hermeneutiese sirkel** – die sirkel van teoretiese verstaan, die **empiriese sirkel** – die sirkel wat die werklikheid meet en verklaar en die **strategiese of regulerende sirkel** – die sirkel van aksie en verandering. Hierdie drie sirkels korrespondeer in ’n besondere en onlosmaaklike verhouding tot die verstaan van praktiese teologie (:167).




**Figuur 1.1 Metodologie van Praktiese Teologie**

Die metodologiese vertrekpunt sal vanuit 'n *teorie* en *praxis* benadering wees.
Die *teorie*, wat verstaan word as die hermeneuties-teologiese verklaring van die Christelike tradisies (Heitink 1999:209).
Die *praxis*, word verstaan as die uitvloeisel van hierdie verklaring en hoe dit uitmond in die daaglikse bestaan van die mens (Heitink 1999:151).
Die *teorie* sal die dominante deel van die studie bevat, waarvan die literêre komponent benadruk word (Heitink 1999:168). Die outoriteit van die Bybelse en religieuse tradisies sal as basis dien (Heitink 1999:209).

Die empiriese navorsing sal minder dominant in die studie wees (Heitink 1999:168). 'n Meetinstrument sal in samewerking met die Departement Statistiek by die Universiteit van Pretoria ontwikkel word om die praktyk te meet en uiteindelik die geldigheid van die hipoteses te evalueer.

Die empiriese navorsing sal kwantitatief afgehandel word (Garbers 1996:291). Die rede vir die keuse ten gunste van kwantitatiewe navorsing is die volgende:

a. Dit waarborg meer objektiewe meting.
b. Dit maak kommunikasie by toetsing meer effektief (Hannah & Oosthuizen 1984:32).
c. Die grense word makliker afgebaken.
d. Die navorser se rol is meer objektief.
e. Daar word meer met spesifieke vooraf geformuleerde vrae gewerk.
f. Statistiese metodes kan gebruik word om assosiasies tussen veranderlikes te maak.
g. Meetinstrumente bly konstant

(de Vos 2002:104).

Derhalwe sal die deduktiewe vorm (Garbers 1996:286) van beredenering gebruik word, aangesien die data wat versamel word, voorveronderstelde hipoteses waardeer. Dit wil sê dat die waarheid van die konklusie reeds implisiet of eksplisiet in die premisses vervat is (Mouton & Marais 1990:105). Hierdie waardering sal uiteindelik lei tot die bevestiging of verwerping van die hipoteses. Die ontledingseenheid sal

onder die kategorie van organisasies val (Mouton & Marais 1990:41) en 'n diachroniese tydsdimensie sal geïmplementeer word (Mouton & Marais 1990:43). Beskrywende studies sal gebruik word om dit te ontleed (Garbers 1996:294).

Die sillogisme waarmee die navorser van die studie sal werk is:

***Teologiese Premisse 1***

i. Die teologiese begronding van Bybelse plekke van aanbidding.
ii. Christelike interpretasies van plekke van aanbidding in die lig van Christelike tradisies.

***Teologiese Premisse 2***

i. Die werklikheidsperspektief – Empiriese toetsing.

***Konklusie***

Hieruit sal daar dus 'n konklusie spruit wat sal aandui of die praktyk met die *teorie* rekening gehou het, wanneer kerksentrums beplan en opgerig word (Mouton & Marais 1990:109-119).
Deur bogenoemde sillogisme sal gepoog word om die *teorie* en *praxis* te bemiddel.

### 1.1.6 Teorie en Praktyk

Vanuit hierdie wisselwerking tussen die *teorie* en *praxis*, word daar na die strategiese sirkel beweeg, wat regulerend tussen die *teorie* en *praxis* staan. Na aanleiding van ontwerpte modelle, sal 'n nuwe praktykteorie vasgestel word. Hierdie nuwe praktykteorie sal teen die bedieningspraktyk getoets word, wat derhalwe kan lei tot 'n nuwe bedieningspraktyk, wat as model voorgehou sal word. Gerben Heitink sê: "Theory is in constant need of verification or falsification through praxis, while praxis must constantly be transcended by theory. Theory in the context of practical theology must always be critical theory. This thesis shows practical theology fully operational. Theory must constantly be tested in praxis. This requires empirically oriented practical theological research. At the same time, praxis must receive a constant critical review from theory" (Heitink 1999:152). Praktiese teologie – met

gemeentebou as deelvak – is 'n kritiese teologie wat die verantwoordelikheid het om gedurig krities in sy verhouding met sy *teorie* en *praxis* te staan. Dit bring mee dat daar voortdurend kritiese vrae aan die *teorie* en *praxis* gestel word. Die huidige teorie sal vanuit 'n missionêre blik empiries getoets word en vervolgens 'n nuwe praktykteorie na vore roep. 'n Nuwe *teorie* kan egter nie *teorie* wees as dit nie in die praktyk getoets en geverifieer word nie, anders verval *teorie* bloot in 'n dogmatiese studie (Odendaal 1984:162). Insgelyks, mag die *praxis* nooit los gedink word van die *teorie* of slegs vanuit die *praxis* gewerk word nie, want dan verval praktiese teologie in 'n ideologie (Heitink 1999:151). Die twee staan altyd in 'n bipolêre wisselwerking met mekaar – die een kan nie sonder die ander nie – hulle vorm en beïnvloed mekaar. Die voorwaarde is egter dat die *teorie* altyd oortreffend oor die *praxis* moet wees, aangesien daar altyd vanuit die Bybel as Bron gewerk móét word, anders is praktiese teologie nie meer 'n teologie nie. In die lig hiervan word daar dan hermeneuties na die *praxis* beweeg, om die teorie aan die praktyk te toets as 'n werkbare werklikheid – hermeneuties soos Paul Ricoeur (1991:21) dit verstaan: "Hermeneutics is the theory of what must be done in relationship to the interpretation of the text".

### 1.1.7 Navorsingsdoelstellings

a. Om vanuit 'n gemeentebouperspektief 'n ekklesiologie na te vors oor die doel en wese van gemeente-wees.
b. Om 'n in diepte studie aan te pak, aangaande Bybelse beginsels betreffende kerksentrums en plekke van aanbidding.
c. Om die historiese werklikheid oor kerkgeboue in die geskiedenis van die Christendom na te vors ten einde bepaalde voorkeure en tendense aan te dui.
d. Om te bepaal of gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat die afgelope tien jaar kerksentrums beplan en/of opgerig het, rekening gehou het met wat die Bybel oor kerksentrums sê en of dit voldoen aan die vereistes in verband met kerksentrums as 'n uitdrukking van gemeentebou.
e. Om die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – Gemeente Letsitele se kerkgebou-projek te toets aan nagevorsde riglyne.
f. Om riglyne vanuit Bybelse en Christelike tradisies na te vors, wat as riglyne sal dien om gemeentesentrums op te rig, as 'n uitdrukking van gemeentebou.

## 1.1.8 Navorsingsdoel

Om in die lig van gemeenteboubeginsels riglyne vir kerkgeboue binne die Suid-Afrikaanse kerklike opset op die tafel te plaas, wat missionêr in fokus is en dit voor te hou as 'n alternatief ten opsigte van huidige kerkgeboumodelle.

## 1.1.9 Definisies

### 1.1.9.1 Gemeentebou

Gemeentebou is die bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om:

- Sy eie wese en bestaansdoel te verstaan.
- Self, as gemotiveerde gemeente, sy eie funksionering te evalueer, doelwitte vir sy doelgerigte funksionering te formuleer en op beplande wyse te bereik.
- Self, soos nodig, op 'n voortgaande basis, strukture wat die heilshandeling van die drie-enige God in die kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel

(Nel 1994:14).

### 1.1.9.2 Hipotese

Die hipotese is deel van die metodes wat wetenskaplikes wil gebruik om problematiese verskynsels te verklaar en verstaanbaar te maak (Antonites 1996:91). Wetenskaplike kennis is hoofsaaklik voorwaardelik, asook tentatiewe verklarings of verduidelikings. Dit is 'n voorlopige waarheid wat nog bepaal of getoets moet word. Dit beteken dat daar nie genoeg bewyse of regverdiging vir die waarheid is om algemeen deur die betrokke vakwetenskap herken te word nie. Dit word dan omskryf as 'n hipotese (Antonites 1996:91).

Voordat daar oorgegaan kan word na die formulering van so 'n hipotese is dit nodig om duidelike grense of vereistes vir die hipotese te stel (Antonites 1996:92-93):

a. Relevansie. Die hipotese moet relevant wees tot die probleem wat ondersoek word.
b. Die hipotese moet toetsbaar wees. Daar kan geen afleiding uit die hipotese gemaak word voordat dit nie getoets is nie.
c. Die hipotese moet logies en inhoudelik saamval en aansluit by ŉ bestaande teorie of paradigma.
d. Die hipotese moet vrugbaar wees, met ander woorde, dit moet beskik oor die vermoë om te verklaar asook om voorspellings te maak.
e. Die hipotese moet eenvoudig wees.

### 1.1.9.3 Kerksentrum / kerkgebou

Wanneer daar na kerksentrum/kerkgebou verwys word, is dit die fisiese gebou self. Strukture wat opgerig word om godsdiensoefening te akkommodeer. Dit sluit alle strukture in naamlik: kategeselokale, kerksale, kerkgeboue en die terrein van die kerkgebou as sulks.

### 1.1.9.4 Modelle

Heitink sê: "A model is the first stage in the development of an empirical theory, by reducing reality to a scheme with an operational character" (Heitink 1999:156). Hendriks (1992:280) sê: "Modelle verduidelik of verklaar; deur dinge te ontbloot lei dit tot nuwe insigte en tot veranderde denke oor 'n saak. Dit orden of plaas die werklikheid in 'n nuwe verband". ŉ Model suggereer dus nuwe fokuspunte vir navorsing deurdat sekere relasies en dimensies buitengewoon sterk uitgelig word. Gorrel (1981:130), soos aangehaal deur Mouton & Marais (1990:144), beklemtoon vier kenmerke van modelle:

a. Modelle identifiseer sentrale probleme of vrae oor die verskynsel wat nagespeur behoort te word.
b. Modelle beperk, isoleer, vereenvoudig en sistematiseer die domein wat bestudeer word.
c. Modelle voorsien 'n nuwe taalspel waarbinne oor die verskynsel gepraat kan word.

d. Modelle voorsien verklaringsketse en die middele waardeur voorspellings gemaak kan word.

### 1.1.10 Hoofstukindeling

| | | |
|---|---|---|
| **Hoofstuk 1** | **1.** | **Probleemstelling en Metodiek** |
| | 1.2 | Metodologiese Beredenering |
| **Hoofstuk 2** | **2.** | **Teologiese Perspektiewe** |
| **Hoofstuk 3** | **3.** | **Bybelse Begronding – Ideaal** |
| | 3.1 | Inleiding |
| | 3.2 | Ou Testament |
| | 3.3 | Nuwe Testament |
| | 3.4 | Bybelse Ideaal |
| **Hoofstuk 4** | **4.** | **Historiese Werklikheid** |
| | 4.1 | Domus ecclesiae en domus dei |
| | 4.2 | Historiese oorsig |
| | 4.3 | Samevatting |
| **Hoofstuk 5** | **4.** | **Empiriese Studie – Die Werklikheid** |
| | 4.1 | Inleiding |
| | 4.2 | Empiriese Studie |
| | 4.3 | Resultate van Empiriese Studie |
| | 4.4 | Vraelys Interpretasie |
| | 4.5 | Samevatting |
| **Hoofstuk 6** | **6.** | **Gemeentebou en Kerkbou -**<br>**Riglyne vir 'n Nuwe Praktykteorie** |
| | 6.1 | Inleiding |
| | 6.2 | Kerkgeboue |
| | 6.3 | Riglyne: 'n Nuwe Praktykteorie |
| | 6.4 | Finansiële Implikasies |
| | 6.5 | Samevatting |
| **Hoofstuk 7** | **7.** | **Die Bedieningspraktyk** |
| | | **Literatuurlys** |

**Tabel 1.1: Hoofstukindeling**

# 1.2. Metodologiese Beredenering

Vervolgens word gekyk na begrippe in die prakties teologiese, waarvolgens hierdie studie beredeneer en afgehandel sal word.

## 1.2.1 Inleiding

Die vraag na die gemeente en waarom 'n gemeente bestaan kan soos volg verwoord word:

a. Die gemeente het geen ander rede vir sy bestaan as vir God se eer en aanbidding nie (Nel 1986:9).
b. Die bestaansdoel van die kerk is die verheerliking van God en bekendmaking van sy wil in die wêreld (Nel 1994:25).
c. Die doel van die kerk is daarom sonder twyfel allereers die verheerliking van God, die soeke na die Koninkryk van God en die verantwoordelike bekendmaking van God en sy wil in en vir hierdie wêreld (Nel 1986:10).

God drie-enig is die Koning, Hy heers en sy onderdane – dit is die ganse skepping – moet voor Hom buig in aanbidding en lofprysing. (Open. 7:9-12) "Nie net enkele van die mens se aktiwiteite nie, maar letterlik alles wat hy doen, moet in die teken staan van gehoorsaamheid aan God, en is dus by die koninkryk betrek. Nie net sy kultiese handelinge in die kerk nie, maar ook sy rasionele handelinge in wetenskap en politiek, sy estetiese handelinge in die letterkunde, drama en kuns, sy ontspanning in sport en spel – letterlik alles kan koninkrykshandelinge word as hy daar in gehoorsaamheid aan Gods Woord handel en optree" (Heyns 1978:353). Die kerk neem deel aan die uitbou van die Koninkryk. Daarom word die eer en aanbidding van God deur die opbou en uitbou van die gemeente bevestig en verkondig. Dit is dus duidelik dat die opbou van die gemeente nie ter wille van die gemeente is nie, maar sodat die gemeente al meer gestalte van die Koninkryk kan kry tot eer van God. Haney (1980:29) sê in die verband: "It is my contention that the mission of the Church is fully seen only from the perspective of the kingdom of God."

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die kerk die taak het om God in alles en met alles te dien. Die kerk se doel is om letterlik alles te gebruik om God en God se Koninkryk uit te brei en dit te dien. Dit sluit ook die oprigting en uitbouing van gemeentesentrums in. In die lig van die tema van hierdie studie, wat spesifiek handel oor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wil die navorser aansluit by Van der Merwe se siening: "Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se bedieningspatroon vertoon ʼn algehele na-binne-gerigtheid" (Van der Merwe 1999:51). Hy sluit ook by Van Eck aan, wat aantoon in watter ʼn mate die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika homself al afgegrens het teenoor die ideale en net na binne gerig geraak het (:52). Hy noem die volgende punte:

a. Daar bestaan ʼn algehele negatiewe gesindheid ten opsigte van vernuwing.
b. Daar is nie ruimte vir daadverkondiging nie.
c. Die dienskarakter ontbreek in ʼn groot mate.
d. Missionêre doelwitte ontbreek geheel en al.
e. *Koinonia* kom nie tot sy reg nie.
f. Goeie werke as integrale deel van die geloof in Christus is nie altyd sigbaar en hoorbaar nie.

In ʼn gesprek met die Administrateur van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, mnr JF Viljoen op 24 Februarie 2005 om 15:30 is deur hom bevestig, dat dit ʼn doring in sy vlees is, dat gemeentes in die beplanning en uitbouing van gemeentesentrums geheel en al na binne en net op hulleself gerig is. ʼn Empiriese studie wat in latere hoofstukke aangepak sal word, sal hierdie stelling toets.

Volgens Nel beteken gemeentebou, dat die gemeente nóóit die doel opsig self is of mag wees nie. Die subjek van die doel is God. Hy bou en daar word tot eer van God gebou. Nel (1994:12) sê: "Wie van die gemeente die eindpunt van God se koms wil maak, bou nie gemeente nie, maar waarskynlik ʼn gemeenskap of ʼn klub vir eendersvoelendes."

Uit bogenoemde stellings beteken dit, vanuit ʼn gemeentebou perspektief, dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika hom op die rand bevind om nie meer kerk te wees nie. "Daar is geen bestaansreg vir ʼn Kerk (en gemeente as deel van die

universele kerk) anders as die kerk as liggaam van Christus wat steeds word wat dit in Christus is en wat dit voor Gods aangesig geroep is om te wees nie" (Nel 1986:2). Derhalwe is dit nodig, dat die Kerk weer opnuut na haarself sal móét gaan kyk om te word, wat dit in Jesus Christus bedoel is om te wees en opnuut te gaan kyk na haar doel op aarde.

### 1.2.2 Teoretiese Onderbou

In hierdie navorsing gaan dit oor die soeke na ŉ teorie vir ŉ bepaalde hedendaagse geloofsgemeenskap betreffende die oprigting en uitbouing van kerksentrums in die lig van gemeenteboubeginsels. Dit gaan daarom, dat gemeentes slegs kan wees (word) wat hulle is (behoort te wees), indien hulle – in die lig van die Skrif – ten volle begryp wat hulle moet word (is). Die uiteindelike oogmerk is die ideaal om mee te werk aan die vorming van ŉ doeltreffende, verkondigende geloofsgemeenskap wat haarself volgens die Woord van God verstaan en wat dit prakties en dinamies uitleef. Smit (1997:6) haal Firet (1986:590) aan: "In Gemeentebou – ook genoem *Oikodomiek* word daar gestreef na ŉ *vars* benadering om die Woord van God te aktualiseer en dit konkreet in die lewe van ŉ geloofsgemeenskap te vergestalt."

Om hierby uit te kom, gaan van die Kerk gevra word om nuut te dink oor ŉ teologiese paradigma – ŉ paradigma word beskryf as ŉ stel reëls en regulasies wat grense omskryf en riglyne vir sukses binne hierdie riglyne neerlê (Barker 1985:14). Dit is ŉ raamwerk vir die ontwikkeling van ŉ teorie van ŉ gegewe dissipline in ŉ gegewe area (Heitink 1999:156). Dit veronderstel dus die ontwerp van ŉ bepaalde teorie vir kerkwees. Met die ontwerp van hierdie teorie word bedoel om normatief-prinsipiële moontlikhede vir kerkwees te eksploiteer en op grond daarvan aan die praktyk te probeer rigting gee. Van Eck (1993:174) verduidelik dat modelle altyd gebaseer sal wees op ŉ stel grondteorieë wat as grondslag vir die spesifieke modellekonstruk dien. Dit veronderstel dus dat elke teorie, met die situasie in gedagte, op ŉ bepaalde manier aangepak sal word. Smit (1997:32) noem ŉ paar: Burger (1991) werk sosiologies vanuit vier funksies van die kerk; beide Hendriks (1990) en Van der Ven (1993) hanteer kodes en funksies van die kerk, maar met ŉ organisasie-sielkundige invalshoek; Erasmus (1994) verwerp die ekklesiologiese teorieë vanuit ŉ prakties-

teologiese perspektief en kies vir diakoniologiese benadering wat gebaseer word op Woordverkondiging en die Kerkorde. Smit self kies vir ŉ ekklesiologiese perspektief tot Gemeentebou, terwyl Nel (1994) verkies om nie ŉ ekklesiologiese teorie te ontwikkel nie, maar eerder met prinsipiële grondbeginsels te werk.

In hierdie studie sal die navorser van Nel (1994) se prinsipiële basisbegrippe gebruik maak om uiteindelik ŉ teorie daar te stel vir die praktyk. Hierdie bedieningsteorie kan dalk beter omskryf word as: ŉ aantal spelreëls om die konkrete funksionering van die gemeente tot hulp te wees.

Voordat daar enigsins oor die ideaal, die doel of wese van ŉ gemeente gepraat word, is dit eers nodig om ŉ raamwerk van konsepte en begrippe duidelik te maak en daar te stel waarvolgens die studie ingeklee gaan word.

### 1.2.3 Drie sleutelbegrippe

Drie sleutelbegrippe, wat ook konstrukte genoem word, is belangrik in gemeentebou asook vir die doel van hierdie studie:

- *Basisteorie* – Is die teologiese teorie, wat beskryf wat die kerk is en hoe die kerk in beginsel moet werk.
- *Praktykteorie* – Is die teologiese teorie wat beskryf hoe die basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer en geïmplementeer kan word.
- *Bedieningspraktyk* – Verwys na die werklike situasie of fisiese werklikheid en hoe ŉ bepaalde gemeente funksioneer

(vgl. Hendriks 1992:90).

### 1.2.4 Gedefinieerde subjek en Empiriese subjek

Nel (1987:26-37) wat in díe referaat pleit vir 'n sterker onafhanklikheid van gemeentebou as dissipline binne die vakgebied van die praktiese teologie, verkies om eerder binne die gemeentebou-opset te praat van die gedefinieerde subjek (*teorie)* en die empiriese subjek (*praxis).* Ter wille van die verwysing van hierdie begrippe binne die praktiese teologie, sal die navorser by die benaminge *teorie* en *praxis* hou, maar die navorser vind sy aansluiting by Nel in sy siening oor die gedefinieerde subjek en empiriese subjek, aangesien *teorie* en *praxis* dikwels as baie vae en wyd gedefinieerde begrippe in sommige navorsingskringe voorkom.

*Teorie* en *praxis* is begrippe, wat hulle ontstaan by Friedrich Schleiermacher gevind het, wat allerweë beskou word as die vader van die praktiese teologie. Vir hom het praktiese teologie op niks anders neergekom, as dat dit 'n vakgebied was, wat 'n *teorie* vir die kerklike *praxis* moes formuleer nie. Die praktiese teologie moet die kerk bestudeer en die teorie formuleer wat die kerklike *praxis* in sy volle omvang moet beheer (vgl. Jonker 1981:19).

***i. Teorie***

Odendaal (1984:1141) sê *teorie* is die grondreëls van 'n wetenskap om waargenome feite en verskynsels te verklaar.

*Teorie* dui, volgens Heitink (1999:151), op 'n samehangende hermeneuties-teologiese verklaring, wat die Christelike geloof verbind met die ervaring in die lewe en die handelinge van die moderne mens.

***ii. Praxis***

Hendriks (1992:281) sê dat *praxis* verwys na die proses van optrede of handelinge waarin daar reflekterend en intuïtief binne bepaalde strukture gewerk word en verandering aangebring word wat op die ou einde tot nuwe teorievorming aanleiding gee.

Heitink (1999:151) gee ŉ beskrywing van wat met *praxis* bedoel word. Dit is die handelinge van individue en groepe in die samelewing, sowel binne as buite die kerk, wat in hulle lewe en in die samelewing geïnspireer wil word deur die Christelike geloof en hulle so laat rig op die heil van mens en wêreld. In die *praxis* gaan dit oor geloofshandelinge binne en buite die kerk.

### *iii. Praxis 1* en *Praxis 2*

Heitink (1999:8-9) verdeel *praxis* in twee verdere begrippe:

*Praxis 1* – Intensionele handelinge binne die gemeente.
*Praxis 2* – Die konteks wat die samelewing insluit.

Hierdie twee, *praxis 1* en *praxis 2*, kan in dieselfde spanningsveld staan, as wat die *teorie* en *praxis* in verband met mekaar staan. Die kerk rig haarself altyd eers op die *praxis 1*, maar staan altyd in verhouding met die *praxis 2,* aangesien gemeentebou nie net die kerk nie, maar ook die samelewing in die oogmerk het.

Heitink (1999:151-154) gaan voort om die verhouding tussen *teorie* en *praxis* aan die hand van vyf stellings uit te werk. Die stellings is:

a. ŉ Suiwer *teorie* van die *praxis* bestaan nie – *teorie* leef altyd onder die impak van die geskiedenis en die sosiologiese omstandighede.
b. Daar bestaan ŉ onbewuste, dog geen *teorie*-lose *praxis*. *Praxis* word altyd mede-bepaal deur *teorie*. Wie nie daarvan bewus is nie, verval in ŉ ideologiese *praxis*.
c. Die primaat van *teorie* bo *praxis* moet afgewys word.
d. Net so moet ook die primaat van *praxis* bo *teorie* afgewys word. Sodanige siening lei tot die sanksionering van die *status quo* in die kerk.
e. Die verhouding tussen die teologiese *teorie* en die kerklike *praxis*, word nie mede-bepaal deur ŉ volledige skeiding of identifikasie van beide nie, maar deur ŉ bipolêre, spanningsvolle eenheid.

Heitink (1999:152) sê, dat die *teorie* voortdurend in die praktyk getoets moet word en derhalwe is empiries georiënteerde prakties-teologiese toetsing nodig. Tegelykertyd moet *praxis* voortdurend in die kritiese oordeel van die *teorie* staan. Dit beteken dat praktiese teologie volgens reg eintlik verstaan moet word as *kritiese teorie* van die samelewing, waarby uiteraard die godsdienstige aspekte van die *praxis* in die samelewing besondere aandag moet ontvang (Jonker 1981:25).

### 1.2.5 Bipolêre Wisselwerking – *Teorie* en *Praxis*

Absoluut beheersend in die praktiese teologie is die vraag na die verhouding tussen *teorie* en *praxis* (Jonker 1981:24). Heitink (1999:153) dui 'n bipolêre verhouding tussen *teorie* en *praxis* aan. Hy sê dat die saak van bipolariteit nie een van vraag en antwoord is nie, maar een van 'n spanningsgevulde kritiese verhouding tussen *teorie* en *praxis.* Praktiese teologie begin vanaf die situasie, die *praxis* en word die objek van refleksie vanuit die *teorie*. Die *teorie* is weer denke en aksies uit die verlede, wat nie homself in die kontemporêre *praxis* kon verdiskonteer nie. Nuwe Skriftuurlike interpretasies lei tot nuwe *teorieë*, wat weer vrae vra aan die praktyk. Die praktyk evalueer homself na aanleiding van die *teorie* en dit kan weer lei tot 'n nuwe *praxis,* wat weer nuwe vrae vra aan die *teorie*.

### 1.2.6 Skrifgesag

In hierdie bipolêre verhouding wil die navorser aansluiting vind by Heyns (1987:105). Heyns beskryf hierdie verhouding in terme van 'n ellips met twee brandpunte. Tussen hierdie brandpunte is daar 'n spanningsverhouding wat in volmaakte balans is. In hierdie verhouding word die selfstandigheid van die *teorie* en *praxis* aanvaar, maar tog is hulle tegelykertyd ook interafhanklik van mekaar: eenheid, maar nie identiteit nie; verskeidenheid, maar nie verdeeldheid nie. Die *teorie* wat in wisselwerking met die *praxis* tree is die praktykteorie. Die praktykteorie word bepaal deur die basisteorie, wat vanuit die Skrif as basisbron en ander wetenskappe afgelei word.

Hieruit word die afleiding gemaak, dat die basisteorie die raamwerk verskaf waarvolgens die praktyk aangepak moet word en dat dit bepaal word deur die Woord

van God en indien nodig, ander wetenskappe. Hierdie raamwerk is egter nie voldoende om die *praxis* mee aan te durf nie. Die praktykteorie is die toespitsing van die basisteorie in 'n spesifieke situasie. Op die manier ontstaan die wisselwerking tussen die praktykteorie en die *praxis*. Indien die praktykteorie nie daarin slaag om die handelinge in die *praxis* te dien nie, moet dit weer wend na die basisteorie vir verdere besinning en aanpassing. Op die manier het die *praxis* 'n kritiese funksie. In die hele wisselwerking tussen *teorie* en *praxis* word die Skrif nie aangepas nie, maar opnuut bestudeer en in 'n hermeneutiese proses beter verstaan wat die spesifieke saak betref.

### 1.2.7 Pneumatologiese

Die Skrifgesag kan net werklik tot sy reg kom indien die pneumatologie ten volle verreken word in die *teorie-praxis* verhouding. Bisschoff (1991:17-18) gee twee sake wat van belang is:

a. Die Heilige Gees werk deur die Woord. Hy lei deur die Woord. Daarom is daar 'n hermeneutiese dimensie in die praktiese teologie waar die Woord inspeel en deurwerk.
b. Die Heilige Gees skakel die mens as mens in. Die bekende uitspraak van Van Ruler (1961:181) oor die 'theonòme reciprociteit' verduidelik die inskakeling baie goed: 'het is de Geest die het alles doet en geeft... maar reciprociteit: hèt kenmerkende van het werk van de Geest is, dat het ons aan het werk zet.'

Deur hierdie perspektief behou die Woord sy gesag, maar dan op só 'n manier, dat die Woord nie alleen spreek in die *teorie-praxis* verhouding nie. Die Heilige Gees gebruik die mens met sy volle vermoë en/of onvermoë. Hy toets ook die *praxis* aan die Woord van God deur die Woord te laat hoor in elke situasie. Dit doen die Gees deur kommunikatiewe handelinge, waarvan Hy die subjek is.

Dit is dus van uiterste belang, dat die Skrif die norm in hierdie verhouding tussen die *teorie* en *praxis* sal bly. 'n Deduktiewe wyse van besinning bo 'n induktiewe wyse van besinning word voorgehou. Dingemans (1990:139) sê dat as normatiewe wetenskap

werk die praktiese teologie met norme wat in die eerste plek nie aan die *praxis* ontleen word nie, maar aan die Skrif. Sien ook Dreyer (1991:605): "Dit bevestig die waarskuwing van Jonker dat ons nie induktief-empiries vanuit menslike handelinge, hoe 'gelowig' dit ook al mag wees, kan uitkom by die geheim van God se waarheid nie." Dit kan derhalwe gestel word, dat alhoewel beide die *teorie* en die *praxis* sterk figureer in hierdie bipolêre verhouding, die Skrif die laaste gesag dra.
Miskien is ŉ goeie beskrywing van die twee kragte in hulle verhouding met mekaar:

- Die Woord van God is ***norma normans*** – die primêre regulerende bron.
- Die praktyk is ***norma normata*** – die sekondêre regulerende bron.

### 1.2.8 Basisteorie en Praktykteorie

Vervolgens is dit nodig om basisteorie en praktykteorie duideliker te omskryf:

***i. Basisteorie***

Die ontwerp van ŉ basisteorie vind plaas as gevolg van die besinning oor die wese en doel van ŉ gemeente. ŉ Basisteorie bied die basiese vertrekpunte oor ŉ saak en stippel die basiese teologiese vertrekpunte uit, waarmee daar na die praktyk gegaan kan word. Fouche (2002:273-274) sê, dat die basisteorie die gevolg is van ŉ sistematiese versameling van materiaal oor ŉ bepaalde saak wat bestudeer word. Daar word nie vanuit ŉ teorie begin nie, die teorie is die resultaat van ŉ proses van dataversameling en interpretasie. Vanuit hierdie proses word data krities ontleed en word daar deur veronderstelde objektiwiteit tot ŉ teorie gekom. Burger (1991:94) noem die basisteorie ŉ strategie en sê dat daar gepoog word om vanuit die breë visie ŉ eerste paar treë te gee op pad na die praktyk toe. Hy wil dit ook dat ander vakrigtings, selfs buite die teologie, ingespan word in die formulering van ŉ basisteorie. In die formulering van die basisteorie, moet in berekening gebring word, dat dit nie gesaghebbend is en ook nie finaal bewys is nie. Daar kan dus altyd verstellings aangebring word, deur insigte vanuit die praktyk of teoretiese besinning verkry. Dit word wel beredeneerd en duidelik verwoord, maar nie as absolute waarheid aangebied nie.

***ii. Praktykteorie***

Die basisteorie gee perspektief op 'n bepaalde saak. Die praktykteorie toon aan hoe daar in die praktyk gehandel moet word op grond van die basisteorie. Die praktykteorie is 'n handelingsmodel en is die konkrete uitwerking van 'n basisteorie. Die basisteorieë het ten doel om die *praxis* na die ideaal te laat verander. Dit word gedoen deur die toepassing van spesifieke praktykteorieë oor die gemeente, wat ontwikkel is uit die basisteorieë.
Burger (1991:95) sê, dat wanneer praktykteorieë geformuleer word, daar nie met algemene vae abstraksies gewerk kan word nie, maar 'n spesifieke terrein of werksaamheid moet afgebaken word en 'n baie konkrete, gerigte en prakties vertaalbare teorie kan dan aangebied word.

## 1.2.9 Ideaal en Werklikheid

Die standpunt van hierdie studie is dat 'n kerksentrum-oprigtingsmodel ontwikkel word, uit die interaksie tussen die *ideaal* en die gemeente se *werklikheidsituasie*. Sonder 'n duidelike beeld van die wese en doel van die gemeente (ideaalstelling), is dit onmoontlik om 'n model te ontwikkel. Die korrekte insig hierin is die vertrekpunt vir alle denke rondom die opbou van 'n gemeente, waaronder 'n kerksentrum-oprigtingsmodel figureer. Te Velde (1989:12-13) beklemtoon die belangrikheid van so 'n ideaalstelling vir gesonde gemeentebou: "In gemeenteopbouw willen mensen stelselmatig werken aan de kerk. Maar hoe je daaraan werkt, hangt helemaal af van het 'ideaalbeeld', dat je van het gemeente hebt. ...Wie zich met gemeenteopbouw bezighoudt heeft iets van een 'ziener'. Hij moet een mens met visie zijn. Zonder visie op het beoogde resultaat... geen gemeenteopbouw." Smuts (1995:67) sê: "Die ideaalstelling funksioneer nie net op die *tekenbord* waar 'n model ontwikkel word nie. Dit is deurlopend die motiverende faktor wat die implementering daarvan dryf en rig." Om egter by hierdie ideaalbeeld uit te kom is geen maklik afgehandelde taak nie. Die Bybel bied nie 'n gesistematiseerde antwoord nie en bied ook nie klinkklare modelle vir gemeentebou nie (Nel 1994:21-22).

ŉ Bedieningsmodel word dus moontlik gemaak deur die interaksie tussen die ideaal en die werklikheid. Dit beteken dat die bedieningsmodel ŉ teologiese komponent (besinning rondom die ideaal) en ŉ empiriese komponent sal hê. Vanuit die teologie word normatiewe parameters getrek, waarbinne die *praxis* hom moet afspeel. Om die *praxis* reg te verstaan, is empiriese navorsing nodig.

In die handelingsteorie word onderskei tussen *ideaal* en *werklikheid*. Daar word met die *ideaal*, ŉ konstruk, na die werklikheid gegaan om dit te verbeter. Die verskil tussen *ideaal* en *werklikheid* word gebruik om handelinge te ontwerp, sodat die *werklikheid* kan verander word (Pieterse 1991:42). Hierdie handelinge word op ŉ bepaalde manier gekommunikeer, om die *werklikheid* al meer te laat verander na die *ideaal*. Dit bring ons by die volgende belangrike punt: die kommunikatiewe geloofshandelinge in diens van die evangelie.

## 1.2.10 Kommunikatiewe Geloofshandelinge

Nel (1994:27) gee hierdie diagram, wat die saak rondom kommunikatiewe geloofshandelinge netjies verwoord en saamvat. Met enkele aanpassings, vanuit Nel se insigte rondom die saak, wil die navorser vervolgens ŉ aangepaste diagram soos volg deurgee:

Die ver-**Heer**-liking
van die
**Vader, Seun en Gees**

deur die
Kommunikasie van die Evangelie

deur
Kommunikatiewe Geloofshandelinge
in
diens van die Evangelie

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Prediking *Kerugma* | Missionêre *Marturia* | Onderrig *Didache* | Erediens *Leiturgia* | Gemeenskap *Koinonia* | Sorg *Paraklese* | Diens *Diakonia* | Administrasie *Kybernitiek* |
| **Kerugma** | | | **Leiturgia** | **Koinonia** | | **Diakonia** | **Kybernitiek** |
| **Gelowiges onderling** | | | | **Die wêreld** | | | |

**Figuur 1.2: Kommunikatiewe Geloofshandelinge**

Die gom wat al hierdie verskillende bedieninge van gemeentebou aanmekaar hou, is kommunikasie. Dit is die hart van die geloofsgemeenskap, want dit gaan oor: kommunikasie met God, gemeentelede onderling, gemeentelede met God en die gemeente met die samelewing (vgl. Dingemans 1996:225-226). ŉ Gemeente sou teologies gesproke nie bestaan het, as dit nie vir God was wat nooit opgehou het om met sy skepsels te kommunikeer nie. Die hoogtepunt van hierdie kommunikasie vind in Christus deur die Heilige Gees plaas. God kom steeds pratend deur sy Woord na die gemeente en deur die gemeente na die wêreld. In ŉ sekere sin is die kerk juis die *vleeswording* van die Heilige Gees. Die gemeente is gemeente omdat God kommunikeer. Deur God se voorgaande kommunikasie word dit in stand gehou. Sou God swyg, sou die kerk ophou bestaan. Die gehalte van gemeentewees is direk eweredig aan die kwaliteit van die kommunikasie tussen God en die gemeente (Nel 1994:25). Dit gaan dus in die ontstaan en voortbestaan van die gemeente om die kommunikasie van die spreke van God. Elke gemeente is derhalwe geroep om die evangelie met woord en daad te kommunikeer (vgl. Firet 1987:260). Die gemeente doen dit deur die totale bedieningsveld, soos in figuur 1.2 uitgebeeld as bedieningswyses of *modi*, kommunitatief-handelend in diens van die evangelie te kommunikeer (Nel 1994:26). Pieterse (1993:7) sê: "Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie druk dus die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit." Hierdie bedieningsmodi is die een nie belangriker as die ander nie, sekeres saam is nie beter nie, want dit is nie ŉ optel-, ŉ maal of aftreksom nie. Dit gaan in die gemeentebou oor die integrering en koördinering van al hierdie bedieningsmodi. Elkeen van hierdie bedieningsmodi staan direk in diens van die kommunikasie van die evangelie. Elkeen van hierdie bedieningsmodi en ook almal tesaam is driedimensioneel. Hiermee word bedoel, dat elkeen altyd: diens aan die drie-enige God, diens aan mekaar onderling en diens aan die wêreld moet wees (Nel 1994:26-27; Pieterse 1993:6). Die voorwaarde van hierdie kommunikatiewe handelinge is, dat dit vanuit die gesigspunt van God, die Skrif en die verstaan van geïdentifiseerde subjek sal plaasvind en nie vanuit die begrip en verstaan van die empiriese subjek nie.

### 1.2.10.1 Wat is Kommunikatiewe Geloofshandelinge?

Die verstaan van die begrip ***simmetriese kommunikatiewe geloofshandelinge***, kan makliker tot eienaarskap gebring word, as dit opgebreek word in mikrobegrippe:

- Simmetriese – Om iets so te verdeel, dat die twee helftes mekaar se spieëlbeeld is. Dis nie-outoritêr, nie-manipulerend en het 'n vrye wisseling van dialoogrolle. Uit 'n gelyke dialoog tussen mense word vanuit geloof, 'n trialoog. Tussen mens en mens en mens en God – Woord en Gees (Van der Merwe 1999:17-18; vgl. ook Dreyer 1995:796-797).
- Kommunikatiewe – Beteken wederkerige kommunikasie. Hierdie wederkerige kommunikasie vind plaas tussen God en mens en mense onderling. Dis die totale omgang, verhouding, reaksie en optrede in woord en daad (Smuts 1995:101).
- Geloofs – Dis die funksionering van die kerk as gelowiges. Dit word genormeer vanuit die geloofsreaksie tussen mens en God en tussen gelowiges en die wêreld soos betuig in die Skrif (Van der Merwe 1999:17).
- Handelinge – Handelinge waaraan in die praktiese teologie aandag gegee word, is prediking, onderrig, viering, sorg en diens. 'n Ryke verskeidenheid van handelinge soos: gebed, Bybelstudie, getuienis ens. kan bygevoeg word, maar om die studieveld nie te veel te laat oorvleuel nie, word die studieveld tot eersgenoemde beperk (Heyns & Pieterse 1990:14; vgl. ook Pieterse 1993:6).
- Handelingsvelde – Beskryf die ruimtes waarbinne die handelinge plaasvind. Dit kan wissel van binne die gemeente soos wyke, huisbesoek, spreekkamer tot buite gemeentelike aktiwiteite soos by die skool, werksplek en sosiale verkeer. Die vertrekpunt is die handelinge en vandaar word beweeg na handelingsvelde (Heyns & Pieterse 1990:17).

Firet (1980:12) skryf op die spoor van Schelsky, dat die term handelingswetenskappe sy wortels in die geesteswetenskappe te vind het en wel in die sosiale handelingswetenskappe. Hierdie *soziale Handelungswissenschaften* is wetenskappe, wat hulle besig hou met die bestudering van die tegnieke en metodes wat nodig is vir die beïnvloeding van mense wat met mekaar in ŉ persoonlike verhouding verkeer. ŉ Goeie voorbeeld hiervan is die ***agogiek***, wat die vraag wil beantwoord hoe ŉ mens innerlik ten goede verander kan word, as resultaat van sy kontak met ŉ ander persoon in ŉ verhouding wat sodanige verandering in die oog het. Firet het veral in die agogiek groot moontlikhede gesien vir ŉ verdieping en verryking van pastorale optrede (Jonker 1981:21-22). Heitink (1999:126) vermeld dit, dat die vakgebied van die handelingsteorie homself in twee handelinge of aksies verdeel:

i. Wat die menslike realiteit beskryf en verklaar.
ii. Wat die menslike realiteit beïnvloed en verander.

Heitink verkies egter die kombinasies van beide tot een teorie van aksie en sluit uiteindelik aan by ŉ baie sinvolle verklaring van die handelingswetenskappe deur Geulen (1982): ŉ Aksie veronderstel ŉ doel, om by die doel uit te kom veronderstel die intensie en ontwerp van spesifieke planne, deur die spesifieke omstandighede waarbinne die aksie moet plaasvind in ag te neem. Aksie vind altyd binne ŉ spesifieke konteks plaas, hetsy sosiaal of kerklik.

Firet (1980:13) brei daarop uit en sê, dat om as ŉ handelingswetenskap te kwalifiseer en bruikbaar te wees vir gemeentebou, moet dit die volgende elemente bevat:

a. Gerig is op konkrete handelinge.
b. Dit moet die konteks waarbinne die handelinge gaan plaasvind analiseer. Binne die huidige en toekomstige of potensiële omstandighede.
c. Hierdie analise moet empiries-krities wees, met die doel om modelle en strategieë te ontwerp vir die handeling waarvolgens opgetree sal word.

Firet (1980:13) beskryf die handelinge waarom dit hier gaan, as die optrede van die pastor of van iemand anders waardeur hy as "intermediair" kan dien vir die koms van God tot die mens in sy situasie en wêreld. Dit lê in die verlengde van hierdie siening

op die praktiese teologie om dit ook te sien as die wetenskap wat tot doel het, om hom met die kommunikasieverskynsel as sodanig besig te hou vir sover dit op die godsdienstige beïnvloedingsituasie van toepassing is. Firet omskryf dan ook die taak van die praktiese teologie as die ondersoek na die struktuur en die funksie van die kommunikasie-sisteme wat die koms van God na die mens in sy wêreld intermediërend kan dien (Jonker 1981:22).

Firet (1980:13) stel dit duidelik, dat die praktiese teologie hom nie besig hou met algemeen-menslike handelinge nie. Ook nie handelinge van die gelowige of die handelinge in diens van God in die algemeen nie, maar met handelinge wat gerig is op die aktualisering en die onderhouding van die verhouding tussen God en mens asook mens en God. Derhalwe is dit vir die navorser beter in die lig van die geloofsbou-aspek van gemeentebou, om van *geloofsaksies* of *geloofshandelinge* te praat, eerder as net handelinge, wat geassosieer kan word met geesteswetenskaplike terme. Dreyer (1995:796) sê, die feit dat die studieveld van die praktiese teologie in terme van kommunikatiewe geloofshandelinge beskryf word, is ŉ wins – veral as dit gesien word vanuit kerklike *praxis*. Bisschoff (1991:26) akklameer: "Die praktiese teologie as handelingswetenskap kan inderdaad verval in die slaggat, dat dit as kritiese wetenskap die funksie van die geloof en veral die vernuwende krag van God van die geloof ignoreer of verbyloop. Hierdie handelinge het met die gemeente te doen. Hierdie handelinge is gerig op die koms van die Koninkryk van God. Omdat dit ook aan die gebrokenheid van hierdie lewe onderwerp is, is daar in hierdie handelinge ook ŉ strewe om die werklikheid waarbinne dit plaasvind, te verander na die ideaal soos uiteengesit in die basisteorie. Hierdie ideaal word geformuleer met insigte uit die Skrif en insette uit die ander wetenskappe. Daar is ook ŉ interaksie tussen die *teorie* en die *praxis*, soos reeds beskryf." Nel (1994:83): "Alle handelinge is ten diepste dienshandelinge – in diens van God, die gemeente en die wêreld."

Hierdie handelingsteorie verval in ŉ ideologiese afgeslotenheid, indien dit nie na die praktyk geneem word nie. Die teorie van aksie, word aksie of handeling deur die geloof vanuit die kerklike perspektief, alleen wanneer dit gekommunikeer word. Hierdie kommunikasie is kommunikatief, aangesien dit hermeneuties-teologies van aard is.

Dreyer (1995:795-796) gee ŉ duideliker perspektief op kommunikatiewe geloofshandelinge:

1. Die Praktiese Teologie hou hom besig met die verstaan en verklaar van kommunikatiewe geloofshandelinge in diens van die evangelie – geloofshandelinge wat Christene uitvoer omdat hulle in Christus glo; hierdie handelinge kan omskryf word aan die hand van ŉ paar trosbegrippe soos: prediking, onderrig, sorg, viering en diens.
2. Daar is een handeling wat grondliggend aan alle ander handelinge funksioneer en dit is kommunikasie; die handelinge van prediking, onderrig, sorg, viering en diens is wesenlik kommunikatief, omdat die Christelike geloof daarin oorgedra en opgebou word.
3. Die kommunikatiewe handelingsteorie vereis ŉ simmetriese kommunikasiepatroon. Dit lê klem op vrye, gelykwaardige, nie-outoritêre optrede wat mense vrywaar teen magsmisbruik en instrumentele manipulasie.
4. Die gees van hierdie metateorie is ŉ liefdevolle, offervaardige, solidêre, diensvaardige omgang van gelowiges met mekaar.
5. Kommunikatiewe handelinge het dus ten doel om onderlinge begrip en konsensus oor die normatiewe betekenis van die Skrif en die optrede daarvolgens te bewerk.
6. Bäumler (1974) gaan selfs so ver om die Koninkryk van God te verstaan as die ryk van heil waarin vrede, geregtigheid en vryheid heers as die teologiese siening van onverstoorde kommunikasie tussen mense. Hierdie siening van die Koninkryk bied genoegsame ruimte vir die emansipatoriese belang van kommunikatiewe handelinge. Dit het die doelwit van verandering ter bereiking van die ideaal van ŉ samelewing vry van verwronge kommunikasie. Sodoende word die blokkades in kommunikatiewe handelinge blootgelê en opgehef binne ŉ emansipatoriese *praxis*.
7. Die werk van die Heilige Gees binne ŉ handelings-teoretiese opvatting maak die blootlegging van die grense van die kommunikatiewe vaardigheid in die rigting van ŉ oop, regverdige en kommunikatiewe gemeenskap veel moontliker.

8. Die affektiewe dimensie van menswees in relasie met die kognitiewe, asook ŉ doelbewuste werklikheidsbetrokkenheid, sal in die kommunikatiewe geloofshandelinge weerspieël moet word.

Die volgende samevattende opmerkings aangaande die kommunikatiewe geloofshandelingsteorie kan ook vanuit Bisschoff (1991:27-28) gemaak word en vat dit wat oor kommunikatiewe geloofshandelinge gesê is, goed saam:

a. Die handelinge is gerig op die verbetering van die *praxis* van die gemeente. In die verbetering word die ideaal nagestreef, wat bepaal word deur die wese en doel van die gemeente.
b. Hierdie praktykgerigtheid vereis ŉ strategie vir die handelinge.
c. In die proses van die verbetering van die *praxis* word interdissiplinêr te werk gegaan.
d. Die *praxis* moet reg verstaan en beoordeel word. Dit vereis empiriese navorsing. Hierdie kennis van die *praxis* help om die teorie waarmee die verbetering van die *praxis* aangepak word, te verbeter en te verstel waar nodig.
e. Daar is ŉ kritiese interaksie tussen die *teorie* en die *praxis* wat aangehelp word deur die empiriese navorsing.
f. Hierdie handelinge is geloofshandelinge en kommunikatief van aard.

Kommunikatiewe geloofshandelinge neem afskeid van die diakonologiese benadering of amptelike vakke, wat die gemeente se funksionering laat opgaan in die funksionering van die ampte. In hierdie benadering geld die Skrif as die enigste kenbron. Die klem val dan op die bestudering van die ampte en die dienste wat deur die ampsdraers uitgevoer moet word. Die gewone lidmate en hulle rol in die kerk het nie in die verlede genoegsaam in die fokus gekom nie. Kommunikatiewe geloofshandelinge open die veld vir die funksionering van die kerk as geloofsgemeenskap – wat alle lidmate insluit, binne die ruimte van die erediens en ander kerklike aktiwiteite, met die oog op die lewe van die gelowiges in die kader van die breë gemeenskap (vgl. Van der Merwe 1999:17).

## 1.2.11 Sisteemteorie

Die sisteemteorie val binne die verstaan van *Ekologie* – die essensiële interafhanklikheid van alle aspekte van die lewe op aarde (vgl. Hendriks 1992:278). Heitink (1999:217-218) veronderstel naas, maar tog ook integrerend en komplementêr deel van die kommunikatiewe geloofshandelinge, ŉ sisteemteorie as essensieel in die verstaan van gemeentebou. Heitink (:217) verwys na die bydrae van Firet (1987) en Pasveer (1992) in verband met die sogenaamde *oop sisteemteorie* (ekosisteem) as ŉ model vir gemeentebou, as rigtinggewend vir die sisteemteoretiese denke in kerklike verband. Heitink tipeer sisteemdenke as ŉ beklemtoning van die samehang van dit wat bestudeer word. Teenoor ŉ enkelvoudige gereduseerde bestudering van oorsaak en gevolg, word erken dat ŉ verskeidenheid faktore, wat nie almal verreken kan word nie, dikwels op onvoorspelbare wyse in ŉ oorsaaklike verband met mekaar staan. Die kompleksiteit van die sisteem word erken en daar word gestreef na ŉ meer omvattende verstaan van die werklikheid en die onderskeie elemente daarvan. Bisschoff (1995:28) sê: "Die gemeente kan as ŉ sisteem beskou word waarbinne die verskillende elemente (soos koinonia, diakonia, kerugma, ensovoorts) van mekaar afhanklik is en in ŉ ewewig (ekwilibrium) tot mekaar verkeer. Hierdie interafhanklikheid word verder versterk deur invloede van buite die gemeente, omdat die gemeente ŉ oop sisteem is waarop samelewingsgebeure besliste impak het. Elke sisteem het ŉ spesifieke gerigtheid wat aansluit by die handelingsteorie se 'ideaal'. Dit geld ook vir die gemeente wat ŉ duidelike missie (rede vir bestaan) het. Hierdie ideaal word in die basisteorie oor die gemeente omskryf."

Firet (1980:22-24) noem twee punte van belang vir sy siening van die sisteemteorie:

- Interrelasie – Dit is ŉ begrensde geheel waarbinne die dele in sekere rangskikking tot mekaar staan. Hierdie verhouding of relasies van die dele binne die geheel is belangrik.
  Dit is nie toevallig nie, maar staan in koördinasie tot mekaar.
  Die dele binne die sisteem beïnvloed mekaar.
- Uitwisselingsrelasie – Dit is die invloed, wat die sisteem en die omgewing op mekaar het. Dit word ŉ oop sisteem genoem.

> So ŉ oop sisteem, wat invloede van buite toelaat, is ŉ gesonde sisteem. Dit bevorder die interaksie tussen die sisteem en die omgewing. ŉ Ongesonde sisteem is egter geslote vir die invloede van buite. ŉ Oop sisteem is doelgerig. Dit is van belang, omdat praktiese teologie juis te maak het met sisteme, wat met die oog op spesifieke doeleindes ontwerp is.

Pasveer (1992:33-34) sluit by Heitink en Firet aan en praat ook van ŉ oop sisteemteorie. Hy spits die sisteemdenke spesifiek toe op gemeentebou. Terwyl sisteemdenke die kompleksiteit van die werklikheid erken, beoog dit terselfdertyd om hierdie komplekse samehang verstaanbaar te maak deur dit as sisteme te bestudeer, sonder om voor te gee dat die volle omvang van die samehang in een teorie saamgevat kan word. ŉ Verdere voordeel van die sisteembenadering is dat dit op meer as een wetenskap van toepassing is en dat dit ŉ intermediêre rol tussen die verskillende wetenskappe speel. So word die insigte van ander wetenskappe vir mekaar toeganklik en ter sake, ook vir die praktiese teologie. Teenoor die analitiese beoefening van die wetenskap wat verskynsels binne die verband van oorsaak en gevolg bestudeer, laat val die sisteemteorie die klem op die sintese van die geheel. Pasveer praat ook van die onderlinge relasies en noem die ordening van hierdie relasies *struktuur*. Hy sê: “Wanneer er veranderingen optreden in deze structuur, is er sprake van een *proces* ( Pasveer 1992:36).

Omdat sisteme op hulle beurt weer aan voortdurende beïnvloeding van die omgewing onderhewig is, word van *oop* sisteme gepraat (Pasveer 1992:45). Pasveer (1992:57-59) sê, dat elke gemeente ŉ unieke sisteem vorm en ook deel van ŉ unieke omgewing vorm. Binne die benadering van die sisteemteorie kan die gemeente as sisteem gesien en benader word; ŉ oop sisteem wat onder voortdurende beïnvloeding van sy omgewing verkeer. ŉ Oop sisteem is doelgerig. Vanuit die doel kan die sisteem beoordeel word. So byvoorbeeld kan die sisteem *gemeente* vanuit die doel van die gemeente beoordeel en strukture wat in die loop van tyd gegroei het, getoets en moontlik as nie-funksioneel en as uitgewerk beoordeel word. In sisteemterme, word die doel ook soms die streefwaarde genoem.

Pasveer (1992:236) illustreer dit aan die hand van die volgende diagram:




**Figuur 1.3: Sisteemteorie**

Die bogenoemde diagram stel ŉ uurglas voor waarin die invloede vanuit die omgewing die gemeente se *praxis* toets. Dit lei tot ŉ leerproses vir die gemeente wat bedoel is om tot ŉ verbeterde *praxis* te lei. Die uurglas word voortdurend omgekeer, wat ŉ deurlopende en onophoudelike proses veronderstel. Die vernouing in die uurglas beeld juis die spanning, wat die leerproses meebring. Die veronderstelling is ook nie, dat een proses eers heeltemal verloop het, voordat die volgende proses begin nie. Modelle vir gemeentebou behoort die element van sistematiese samehang van onderdele (subsisteme) binne die gemeente, asook die beïnvloeding deur die omgewing van die gemeente as ŉ oop sisteem, behoorlik te verreken (vgl. Smuts 1995:54-56).

Samevattend kan die volgende aangaande die sisteemteorie gesê word:


a. Die gemeente as sisteem bestaan uit ŉ aantal elemente wat kenmerkend vir die gemeente is. Handelinge, wat eie aan ŉ spesifieke gemeente is.
b. Die elemente in die sisteem is van mekaar afhanklik, staan in ŉ sekere rangskikking tot mekaar en beïnvloed mekaar. Hierdie insig help om gemeentebou as verandering in die gemeente te verstaan en reg te stuur.

c. Die gemeente is 'n afgebakende eenheid, wat deur sy omgewing beïnvloed word. Hierdie interaksie is gesond en vereis van die sisteem om optimaal te funksioneer.
d. Daar word 'n doelgerigtheid in die sisteem vereis, wat bepaal word deur die gemeente se funksionele werking.

### 1.2.12 Samevatting

Die hele argument, wat in verband met die gedefinieerde subjek (*teorie*) en die empiriese subjek (*praxis*) gevoer is, kan vervolgens opsommend en skematies voorgestel word:

Gemeentebou is 'n handelingswetenskap, wat teologies-krities te werk gaan en gerig is op simmetriese kommunikatiewe geloofshandelinge van die gemeente, met die doel om binne 'n oop sisteembeskouing (ekosisteem) teorieë te ontwerp, waardeur die *praxis* van die gemeente verbeter kan word na die ideaal, wat verkry word in die interaksie tussen die Woord van God – as eerste en normatiewe openbaringsbron en die empiriese of werklikheid, as kontrole onder die gesag en leiding van die Heilige Gees waarbinne die gemeente bestaan en sy doel moet bereik.
Hierdie definisie word in *figuur 1.4* skematies uitgebeeld:




**Figuur 1.4: Gemeentebou**

# Hoofstuk 2

# Teologiese Perspektiewe

## 2.1. Gemeentebou

### 2.1.1 Bybelse Begrip

Besinning oor gemeentebou en nadenke oor 'n definisie van wat gemeentebou is en behoort te wees, moet vanuit die Woord van God begin. Die perspektief wat die Skrif gee sal uiteindelik bepaal, waartoe die gemeente opgebou moet word en wat die doel van 'n gemeente is en daarom behoort te wees.

#### 2.1.1.1 Ou Testament

Die stam van die werkwoord בנה (*bana* – om te bou) kom ongeveer 390 keer in die Ou Testament voor (Goetzmann 1986:251). Van belang in terme van die gebruik van die woord בנה in die Ou Testament is:

a. Dit dui, ook in samehang met ander begrippe, oorwegend op die subjek wat *bou, maak, oprig, tot stand bring, regmaak, om te skep* en selfs *om te plant* beteken.
b. Die woord vind in die profetiese geskrifte van Jeremia en Sagaria 'n meer metaforiese toepassing. In dié verband hang *plant* en *bou* saam en vind dit terminologiese teenoorgesteldes in die begrippe van God se oordeel – *om af te breek* en *om uit te pluk.*
c. God is altyd die subjek van die bouwerk. Niemand kan sonder sy hulp bou of opbou nie. Die Heilige Gees speel 'n belangrike rol in die bouproses.
d. God bou deur die diens van mense.
e. Die woord dra dikwels 'n toekomsgerigtheid met hom saam.
f. Die woord word ook gekoppel aan 'n definitiewe Messiasverwagting (Jer. 31:31-34).

g. Die woord is ook baie missionêr gerig – deel van God se opbouwerk is die inbouwerk van heidene in die volk van God (Goetzmann 1986:251-252; Hendriks 1987:1-25; Nel 1994:2-4).

In wese verwys die boubegrip in die Ou Testament na daardie aktiwiteit waardeur die wêreld volgens die wil van God herstel of herskep word (Nel 1994:4). Die Ou Testament berei in 'n sekere opsig die pad voor vir die Nuwe Testamentiese gebruik van die beeld. In die Nuwe Testament funksioneer die boubeeld baie gereeld en kom dit veral in die volgende Skrifgedeeltes voor:

| | |
|---|---|
| 1 Korintiërs 3:9-17 – | Die trinitariese aard van die bouwerk word hier beklemtoon. God is die bouer en Jesus Christus is die fondament, met die Heilige Gees midde inwonend in die gebou – die kerk en gelowiges individueel. Slegs onder die bewind van die Heerser (Die Vader) is die tempel, 'n tempel van God.<br>En slegs onder die werking van die Heilige Gees groei die bouwerk na sy eskatologiese voltooiing. |
| Efesiërs 2:19-22 – | God in die trinitariese eenheid is die subjek van die bouwerk. God is die bouer en is direk betrokke by die groei van die gebou (sy kerk). |
| Efesiërs 4:11-16 – | God skenk die gawes vir die opbou van die gemeente. God rus gelowiges toe vir hul dienswerk wat hulle moet verrig tot opbou van die gemeente.<br>Die naamwoord wat in vers 12 gebruik word (*katartismos*), dui op die bekwaammaking van die gelowiges vir hulle dienswerk. |
| 1 Petrus 2:1-10 – | Liefde en eensgesindheid is noodsaaklike vrugte van elkeen in wie die Gees woon. God is die Bouer, maar gelowiges moet as instrumente van die Bouer beskikbaar en bereidwillig wees. |

Vanuit hierdie tekste kan die gevolgtrekking gemaak word, dat gemeentebou die opbou van die gemeente behels, met die drie-enige God as subjek en bouer, terwyl gelowiges medewerkers is.

### 2.1.1.2 Nuwe Testament

Die Nuwe Testament vind 'n ekwivalent vir בנה in die term *οἰκοδομειν (oikodomein)*. Wat die gebruik van die term in die Nuwe Testament betref, die volgende:

a. Volgens Liddell & Scott (1968:1204); Louw & Nida (1989:519, 677) beteken die woord: *om te bou, om gebou te word, om in staat te stel.* In metaforiese betekenis: *Bou op, iets te vermeerder met inagneming van die prosesse daarby betrokke, om ander in staat te stel.*
b. God is altyd die subjek van die bouwerk en gemeentebou is uitsluitlik die werk van God in Christus, deur die Heilige Gees.
c. Jesus Christus is die hoeksteen en alles is deur Hom en vir Hom.
d. Dit dui 'n sterk Messiaanse konsep aan – die Messias bou die nuwe tempel en die nuwe gemeenskap.
e. Hier is ook sprake van 'n toekomsvervulling – die Messiasverwagting in Jesus Christus. (Hebr. 8:7-13; 10:11-18)
f. Paulus is die Nuwe Testamentiese skrywer wat die begrip opbou die meeste gebruik. Paulus koppel *οἰκοδομειν* aan die groei en uitbreiding van die geloofsgemeenskap deur die Gees.
g. Die woord dra 'n sterk missionêre perspektief. Dit gee uitdrukking aan: Die werk van God deur mense aan mense tot eer van God.
h. Dit dui ook op die toerusting van gelowiges in die korporatiewe verband van die gemeente om die werk van God meer effektief te doen.
i. Gemeentebou is 'n proses – dinamies en gekwalifiseerd.
j. Gerig op die kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou van 'n gemeente.
k. Gaan oor die verheerliking van God.

(Goetzmann 1986:252-253; Hendriks 1987:22-23; Te Velde 1989:7ev; Nel 1994:4-5).

Bisschoff (1991:40) maak die volgende gevolgtrekking rondom die werkwoord *bou*: Gemeentebou behels die opbou van die gemeente met die drie-enige God as subjek en bouer, terwyl gelowiges medewerkers is. Gelowiges word vir hierdie medebouwerk deur die Heilige Gees toegerus met bepaalde gawes en leidende persone. Die uiteindelike doel van God se bouwerk is die interne opbou van die geloof en die

eksterne uitbou van die geloofsgemeenskap, tot die eer van God. Hendriks (1987:1) sê, dat hierdie begrippe vanuit die Bybel, gemeentebou beskryf as 'n aksie of handeling wat betrekking het op die gemeente se funksionering. Gemeentebou is die handeling; die fokuspunt is nie die aksie of handeling nie, maar die gemeente wat moet wees soos God dit bedoel het en ook so moet funksioneer.

Die doel van die bouwerk is altyd tot eer van God. As koepeldoel kan dit met die volgende drie onderskeidings beskryf word (Nel 1986:52):

a. Die bekendmaking van God – die drie-enige God moet as enigste ware God in die wêreld bekend word.
b. Deur die gemeente as dinamiese getuie – om God so bekend te maak, moet die gemeente opgebou word tot 'n volwasse organisme ten einde 'n dinamiese getuie in die wêreld te wees. Om die gemeente as dissipelsgemeenskap tot getroue dissipelskap van Jesus Christus, die Here te begelei.
c. Intensiewe en ekstensiewe doel – bewaar en vermeerder. Dit beteken die wen van mense vir Christus en dat hierdie mense opgebou en toegerus sal word.

## 2.1.2 'n Definisie

In die definiëring van gemeentebou, word die volgende definisies onder sig geneem. Die definisies word vanuit die Suid-Afrikaanse konteks beskou, aangesien gemeentebou hermeneuties in verhouding met die praktyk funksioneer en die definisies *sitz im leben* (Deist 1984:158) geformuleer is – vanuit 'n Suid-Afrikaanse kerklike opset. Hendriks (1992:26) sê dat gemeentebou wêreldwyd nog in sy kinderskoene staan, aangesien daar nog geweldig baie verskillende definisies en sieninge rondom die onderwerp is, sonder 'n duidelik afgebakende sistematiese benadering.

Nel (1986:3) gee 'n aanvanklike definisie van gemeentebou:

> Gemeentebou is daardie bediening – **naas** en **met integrering** van alle ander gestaltes van die bediening soos die prediking, lering, pastorale sorg, evangelisasie, sending ens. – waar:
>
> a. God drie-enig deur sy Woord en die ampte sy gemeente oplei om
> b. sy wese en doel te verstaan;
> c. gemotiveerd self (as gemeente) sy funksionering te evalueer en doelwitte vir sy opbou (intensief en ekstensief) te formuleer en op beplande wyse te bereik;
> d. soos nodig op 'n voortgaande basis strukture van gemeentelike lewe te ontwikkel wat die heilshandelinge van God-drie-enig in kerk en wêreld dien.

Bisschoff (1991:40-41) gee sy definisie van gemeentebou: Gemeentebou is die toegespitste aktiwiteit naas en saam met die ander fasette van die geesteswerksaamhede waardeur die gemeente begelei word om:

a. Al meer te verstaan wat hy moet wees volgens die Woord.
b. Om self mee te werk aan die bereiking van die Bybelse ideaal deur doelgerigte ingryping in die huidige stand van sake.

Hendriks (1992:85) verreken gemeentebou as volg:

a. Dit is gefundeer in die uitverkiesende genade van die Almagtige God wat Hom heilshistories-verbondsmatig aan die mens openbaar.
b. Dit is gebaseer op kruisversoening en opstandingsoorwinning van Jesus Christus wat as Hoof van die kerk, sy kerk regeer.
c. Dit is handelend aanwesig deur die lewegewende, kragdadige werking van die Heilige Gees.
d. Die drie-enige God bou sy gemeente deur die dienswerk van gelowiges, wat Hy met gawes vir hierdie werk toerus. Die leidinggewende bedienings speel hierin 'n grondliggende rol.

e. Die dienswerk van gelowiges geskied in die konteks van liefde, *koinonia*, gehoorsaamheid, kennis, vrede, orde, vreugde, gebed, getuienis, onderrig, die erediens, geregtigheid, dade van barmhartigheid en die voortgaande proses van stryd.

Smit (1997:7) veronderstel die volgende definisie:

a. Die aard en wese van die kerk is onlosmaaklik verbonde aan die Woord van God. Die Bybel dien as primêre openbaringsbron, waarvolgens gemeentes as dinamiese geloofsgemeenskappe funksioneer.
b. Die bestaansdoel en wese van ŉ gemeente aktualiseer alleen binne ŉ bepaalde gemeenskap, wanneer dit deur doelgerigte en beplande bediening begelei word.

Nel (1994:14, 216) maak sy aanvanklike definisie (1986) meer vaartbelyn en dinamies. Gemeentebou is die bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om:

a. Sy eie wese en bestaansdoel te verstaan.
b. Self, as gemotiveerde gemeente, hul eie funksionering te evalueer, doelwitte vir ŉ doelgerigte funksievervulling te formuleer en op beplande wyse te bereik.
c. Self, soos nodig, op ŉ voortgaande basis, strukture wat die heilshandelinge van die drie-enige God in kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel.

Vanuit hierdie definisies kan die volgende interpretasies of poging tot ŉ eie definisie aangaande gemeentebou gemaak word:

a. Die gemeente vind sy bestaansdoel in die wil van God drie-enig. Gemeentebou kan nie buite die openbaring van God, soos dit in die Skrif gefundeer word, bestaan nie.
b. Die gemeente moet sy bestaansdoel begryp, maar derhalwe ook besef dat hierdie doel alleenlik kan bestaan in lyn met God se die doel vir die gemeente.

c. Die gemeente gedurig sy eie funksievervulling ten opsigte van sy bestaansdoel sal evalueer en dienooreenkomstig doelwitte sal formuleer ter vervulling van sy bestaansdoel.
d. Die gemeente voortdurend strukture en bedieninge doelgerig sal koördineer, begelei, integreer en ontwikkel in diens van God, mekaar en die wêreld.

Vir die doeleindes van hierdie studie, sal daar hoofsaaklik op die definisie van Nel (1994:14) gekonsentreer word. Hierdie definisie is *continuare* in sy wese, wat 'n proses veronderstel, wat nooit afgehandel word nie. Dit bring gevolglik voortdurend 'n spanningsveld tussen die *teorie* en *praxis* na vore.

# 2.2. Ekklesiologie

## 2.2.1 Skryfwyse en Begripsverklaring

Ekklesiologie is afgelei van die Griekse woord *Ekklesia*, wat met kerk of gemeente vertaal word. In die Afrikaanse skryfgebruik, word die woord gemeente gebruik om die plaaslike gemeente aan te dui. Die woord kerk (met 'n kleinletter), word gebruik om die kerk in die algemeen aan te dui. Terselfdertyd kan dit ook – binne konteks – die gemeente beskryf, maar ook 'n gebou waarin Christene godsdiens beoefen. Terwyl Kerk (met 'n hoofletter), 'n spesifieke denominasie aandui (sien Müller 2003:89, 329).

Die begrip gemeente word verder in teologiese terme verklaar as: 'n Gemeenskap van gelowiges wat selfstandig georganiseer is en deur die eenheid in geloof en belydenis saam met al die ander gemeentes die Kerk is; die wyse waarop die Kerk op 'n bepaalde plek bestaan.
Die begrip Kerk is: 'n Gemeenskap van gelowiges wat God deur sy versoening in Christus tot stand bring en in stand hou, deurdat Hy mense in Christus in genade uitkies en deur die werk van die Heilige Gees saambring om deur die Woord en sakramente 'n heilige volk (1 Petrus 2:9) te wees en dienswerk in die wêreld te verrig (Kommissie van AKV 2006:1).

## 2.2.2 Ekklesiologie en Gemeentebou

Volgens Getz (1988:29) kan ’n gemeente nie sonder ’n ordentlik geformuleerde ekklesiologie, volgens Bybelse beginsels funksioneer nie. Volgens Heyns en Jonker (1977:286) bestudeer ekklesiologie die kerk as voorwerp. Ekklesiologie, as die vakdissipline binne die teologie, kan gedefinieer word as: dit wat handel oor die kerk, sy wese, geskiedenis en ordeprosedure (Hendriks 1992:278). Ekklesiologie kan dus vanuit verskeie invalshoeke benader word: dogmaties, kerkregtelik, histories en empiries. Derhalwe is ekklesiologie nie ’n term wat slegs deur een vakdissipline toegeëien kan word nie, maar is eerder ’n sambreelterm vir die verskeidenheid wyses waarop die kerk as objek van studie benader word. Die ekklesiologie van een vakdissipline sluit ook nie die ekklesiologie van ’n ander uit nie, maar moet die ander insluit en volkome verreken (Smit: 1997:35). In die woorde van Pieterse (1991:37) beteken dit prakties:

a. Die ekklesiologie vanuit die prakties-teologiese perspektief sal besin oor die ontmoetingsgebeure van God se koms na die mens in die Woord, omdat die dogmatiek die hoe en die waar van die ontmoeting uitgelig het.
b. Die ekklesiologie vanuit die prakties-teologiese perspektief sal nadink oor die heilsbemiddeling, omdat die dogmatiek besin het oor die heil.
c. Eers as die dogmatiek besin het oor die evangelie, sal die praktiese teologie besin oor die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, sonder dat die een die ander oorneem en sonder dat die een deur die ander toegepas word.

Wanneer daar vervolgens gevra word na ’n ekklesiologie vir praktiese teologie, tree die siening van Bisschoff sterk na vore:

a. Dit help die formulering en toetsing van teorieë vir gemeentewees en gemeentefunksionering op die terrein van die gemeentebou.
b. Dit gee ’n duidelike uitsig op die gemeente, naamlik wat die doel van die gemeente is vanuit sy wese.

c. In die dogmatiek word gepraat in breë terme oor die kerk. Die praktiese teologie praat in spesifieke terme oor die gemeente, naamlik die plaaslike gemeente in ’n spesifieke konteks.
d. Dit is noodsaaklik om die ideaal vir ’n gemeente uit te spel in terme van ’n bedieningsfilosofie. Op die manier is die ekklesiologie gemeentegerig en nie kerkgerig nie.
e. Gemeentebou is gemeentegerig: ’n spesifieke gemeente is in die oog en dit roep na gemeentebeskrywing en gemeentenadenke binne die veld waarin gemeentebou hoort, naamlik praktiese teologie.

(vgl. Bisschoff 1991:62).

Die ekklesiologie van gemeentebou, as deelvak van die praktiese teologie, is verweef en word gedra deur die ekklesiologie vanuit ’n prakties-teologiese perspektief. “Die ekklesiologie waarbinne gemeentebou funksioneer, moet vanuit ’n prakties-teologiese toespitsing geformuleer word” (Bisshoff 1991:58). Dit gaan in die ekklesiologie vanuit ’n gemeentebou-perspektief ten diepste om die bestudering van God se openbaring, maar dan die openbaring soos dit die kerk as gemeenskap van gelowiges tot effek gehad het en nog steeds het. Dié ekklesiologie ontwikkel nie ’n leer aangaande die kerk nie – dit word deur die dogmatiek oorgeneem as voorveronderstelling – maar bestudeer die empiriese kerk binne sy ekologiese omgewing. Die ekklesiologie, vanuit ’n gemeentebou-perspektief, is sowel deskriptief van aard as normerend vir wat die kerk is en wat die vrug van die kerklike verkondiging en handeling in die wêreld behoort te wees (vgl. Heyns en Jonker 1977:286-287). Goedhart (1984:10) sê dat gemeentebou die gemeente sistematies wil help om werklik gemeente van Jesus Christus in hierdie tyd te word en dat hierdie opbouwerk in die praktiese teologie soms *praktische ecclesiologie* genoem word.

Moltmann (1977:66) stel dit onomwonde dat die ekklesiologie van enige dissipline, alleenlik bedink en gevorm kan word, vanuit die Christologie. “The doctrine of the church, therefore, where it concerns the foundation of the church and the conditions in which it exists, is indissolubly connected with the doctrine of Jesus, the Christ of God. The name the church gives itself – the church of Jesus Christ – requires us to see Christ as the subject of his church and to bring the church’s life into alignment with him”. Bijlsma (1981:25) sluit hierby aan en sê dat die gesig van die kerk alleenlik

deur die evangelie van Jesus Christus bepaal mag word wanneer daar oor die kerk en die formulering van 'n ekklesiologie gepraat word, wat as grondslag van die gemeentebou-teorie dien. Daarom pleit hy vir die moed om die evangelie in elke situasie te laat geld. Ook Van der Merwe (1999:19-21) akklameer hierdie standpunt, dat die Skrif die enigste norm vir die ontwerp van 'n ekklesiologie vir gemeentebou is. Hy benader die ekklesiologie vir gemeentebou vanuit die Bybelse metafore oor gemeente-wees (liggaam-van-Christus, herder-kudde, gebou van God, wingerdstok en lote, familie, arbeiders in die wingerd, sout, suurdeeg, lamp en talle ander). Hy pleit egter dat Bybelse metafore nie eensydig verhef moet word nie, maar komplementêr tot mekaar gebruik moet word. "Elkeen van hierdie metafore – met die gebruikmaking van 'n bepaalde, bekende beeld – het ten doel om 'n belangrike faset van kerkwees te belig. In 'n ekklesiologiese perspektief, vanuit die funksionering van die kerk sal daar dus gepoog word om al die fasette, wat deur die verskillende metafore aangedui word, te inkorporeer" (Van der Merwe 1999:21).

Smit (1997:37-39) noem dat daar tussen twee benaderings onderskei kan word in die vestiging van die ekklesiologie vir gemeentebou. 'n Beduidende groep praktiese teoloë verkies om hulle verstaan van die kerk te baseer op 'n gekose Bybelse metafoor. Hierdie metafoor word tot 'n bedieningsmodel geoperasionaliseer en dan prakties toegepas. Die benadering kan uit 'n empiriese uitgangspunt verstaan word: die gekose model is funksioneel ten beste diensbaar aan die behoeftes van die gemeente, om die bedieningsfokus en plaaslike strukture van die gemeente te orden. 'n Ewe beduidende groep praktiese teoloë verkies eerder om uit te gaan van die funksies en eienskappe van die kerk vir die praktiese verstaan van kerkwees. Dit word omskep tot 'n ekklesiologiese teorie. Hierdie benadering kan op sy beurt vanuit 'n normatiewe uitgangspunt verstaan word. Burger (1991:18) som die gedagte in sake hierdie standpunt mooi op: "Die oogmerk van hierdie boek is... om die werking of funksionering van 'n gemeente of geloofsgemeenskap te probeer verstaan en 'n voorlopige teorie op die tafel te plaas." Die benaderings sluit mekaar nie wedersyds uit nie, maar funksioneer ten opsigte van mekaar. Die normatiewe benadering kom veral aan die orde in die vraag na die legitimiteit van die gemeente. Die empiriese benadering kom aan die orde in die vraag na die effektiwiteit van die gemeente. Die probleem wat Hendriks (1992:26) met hierdie benaderings het, is die feit dat navorsers hulle nie met die sisteem – gemeente-as-geheel – besig hou nie, maar met

een of enkele aspekte daarvan. So gebeur dit dat een praktiese teoloog hoofsaaklik met die vraag na die doel, wese en identiteit van die gemeente bemoeid is, terwyl 'n ander met strukture en prosesse besig is. Dit lei tot ongeldige kontrasterings en uiterstes in die besinning oor die gemeente.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die ekklesiologie, wanneer dit in gemeentebou teorievormend aangewend word, diensbaar moet wees aan die korrekte verstaan van die kerk – vanuit die Skrif as enigste norm – maar ook aanpasbaar genoeg vir die ontwikkeling van korrekte teorieë oor die funksionering van die kerk. Dit gaan daaroor dat die *praxis* van 'n gemeente onderwerp moet word aan 'n *teorie* oor die funksionering van die hele gemeente. Spesifiek ten opsigte van wat 'n gemeente veronderstel is om te doen; hoe 'n gemeente behoort te funksioneer en homself daarin verstaan en wat die rol en funksie van die gemeentelede en ampsdraers behoort te wees. 'n Gemeentebou-teorie moet die onderskeie aspekte in 'n kreatiewe en gefundeerde sintese integreer en hierin dien die dogmatologiese perspektief op die ekklesiologie as konfessioneel-teologiese kontroleringsmeganisme. Om derhalwe tot 'n begrip van die ekklesiologie van gemeentebou te kom, is dit vervolgens nodig om na die wese, doel en die funksionering van gemeente-wees te kyk.

## 2.3. Die Wese en Doel van 'n Gemeente

Die wese en doel word onderskei van die taak of funksie van die gemeente. Die wese en doel bepaal die funksie en uiteindelik die strukture waarbinne hierdie funksie vervul word. Die funksie is 'n uitvoering van die wese en die doel. Hoe die wese en doel verstaan word, sal bepaal hoe die funksie en die bedieningstrukture lyk. In die funksievervulling, word die wese en doel van 'n gemeente sigbaar. Hier is dit egter van belang om te meld, dat die doel van die gemeente uit die wese van die gemeente afgelei word. Die identiteit van die kerk in die lig van die Skrif gee insig in die taak van die kerk. In die kerk is dit dus waar, dat insig in die identiteit tot die verstaan van haar bestaansdoel of missie lei. Dit gaan in gemeentebou allereers om doelgerigte begeleiding van die gemeente tot insig in haar identiteit. Dit sou identiteitsvinding genoem kon word. Hieruit vloei dan die formulering van die identiteit en missie van 'n bepaalde gemeente op 'n bepaalde plek, konkrete situasie en tyd in die geskiedenis

(vgl. Nel 1994:22). Die gemeente bestaan ter wille van die Een wat dit tot stand gebring het (Nel 1986:9; Nel 1994:22). Ons is, omdat God is. Ons kan gemeente wees (wese), omdat God is. (Ex. 3:14) Derhalwe het ons net een doel op aarde en dit is om God – wat is – te verheerlik, omdat ons mag wees. Was dit nie vir God nie, was ons nie (vgl. Heitink 1999:262). "*Buite* die verhouding met God om, bestaan die kerk nie, maar eers *in* hierdie verhouding word die kerk tot aansyn geroep" (Heyns 1978:363).

Heyns (1978:226-228) gaan verder en belig hierdie verhouding vanuit die verbond. "Elke besinning oor die kerk sonder die verbond, die kerk tot 'n inhoudlose historiese gestalte degradeer. Die passiewe mens in die uitverkiesing, word die aktiewe mens in die verbond, en die georganiseerde mens in die kerk" (:226). "Dit beteken, dat die boodskap van die kerk niks anders is as die boodskap van die verbond nie" (:227). Gibbs (1990:33) akklameer: "This covenent relationship also serves as a constant reminder to the Church that she herself is subject to him. She has no monopoly on God, and she has no magical power with which to manipulate him. Her task is to bear faithful witness to a covenant relationship which she has neither earned nor deserved. Her witness is at best partial and approximate. In drawing people to herself she points beyond herself to a covenant-keeping God who grieves over, struggles with and yet delights in his people." Heitink op die voetspore van Berkhof redeneer dat die verbond die belangrikste bron vir die verstaan en bestaan van die praktiese teologie is. "I chose the covenant as my key concept in the pastoral theology I proposed" (Heitink 1999:199).

Hendriks (1987:10): "God bou sy volk omdat Hy hulle met 'n ewige liefde liefhet. God se liefde dra sy verbondsgenade. Dit is 'n liefde waar God Homself gee selfs al verdien sy volk niks." Omdat God ons geskape het, omdat Hy ons eerste lief gehad het, omdat God ons terug geneem het na die sondeval, omdat God aan die kruis vir ons gesterf het, omdat God die dood oorwin het, kan die verbondsmens nie anders as om gedring te word om met lof, blydskap en dankbaarheid dit vir die wêreld op 'n verantwoordelike manier te gaan wys en vertel nie. Berkhof (1979:4) verstaan dit so: "Divine salvation and earthly reality are complementary concepts; it is only in relation to each other that they can become visible."

Dit bring ons terug by die wese van die mens, kerk en gemeente, waaruit die doel van ons bestaan, verstaan word. God is, daarom is ons. God doen, daarom doen ons. God is liefde, daarom is ons liefde. Die doel van ons bestaan, is God. Alles gaan net oor God. König (1972: 92-98) in Nel (1994:23) sê dat die kerk en elke plaaslike gemeente binne die kerk as nuwe en eiesoortige eiendomsvolk – *verbondsvolk* **(**kursivering JT**)** van God, moet God s'n wees en só leef dat die bestaan (die wees) van die kerk eer bring aan God die Vader, Seun en Heilige Gees. Gemeentebou het ten diepste hiermee te doen: om die gemeente te begelei om só te wees en só te leef dat die Naam van God verheerlik word. Vader, Seun en Heilige Gees (die drie-enige Skepper van die Kerk) deur die bestaan en lewe van die gemeente eervol bekend, as die enigste ware God in hemel en op aarde. In hierdie verbondsverhouding, in navolging van Christus, uit dankbaarheid vir die verlossing uit genade alleen, is die gemeente 'n teken van die Koninkryk: 'n Ryk waar geregtigheid en vrede mekaar onder die koepel van die Koning se genade in Christus ontmoet. Die navolging van Christus, die Hoof van die gemeente, is noodsaaklik vir die verstaan van kerkwees in die perspektief van die Koninkryk. Juis hierdie *indikatief (gegewendheid)* maak gemeentebou as *imperatief (God se opdrag)* sinvol (Nel 1994:19). Die bestaansdoel van die kerk en elke plaaslike gemeente kan nie anders verduidelik word nie. Omdat Christus die groot Apostel is, is die gemeente gestuurdes, omdat Christus die Hoëpriester is, is die gemeente offervaardig, omdat Christus die Dienaar is, is die gemeente dienend (:24). Om 'n teken van hierdie liefdevolle Koninkryk te wees is die alles omvattende bestaansdoel van 'n gemeente. Die gemeente is gemeente in perspektief van die Koninkryk – anders is dit geen gemeente nie (:25).

Dit vergroot egter die taak van die kerk om 'n teken van die Koninkryk te wees. As teken van die Koninkryk is die kerk gerig op die verandering van die wêreld. Die kerk se bestaansdoel is om mense te help om die Koningskap van God te erken, die gawe van die Seun te aanvaar en onder leiding van die Heilige Gees God te dien uit dankbaarheid (:23). Die gemeente moet ook gedurig hieraan herinner word, dat die gemeente ter wille van die Koninkryk bestaan. "Die kerk is nooit 'n doel in sigself nie, dit is nie die laaste toevlugsoorde vir sielsaliges op 'n eiland nie; dit is nie die ghetto vir enkele armoediges van gees nie, maar 'n uitstralende, atomiese kern wat op 'n dinamiese en energieke wyse die omgewing verander (Louw 1980:151).

Moltmann (1977:68) stel dit, dat die vraag na die wese en doel van die kerk en gemeente nie maklik is om te beantwoord nie en dat dit in die verloop van die geskiedenis al op vele en verskillende wyses beantwoord is (sien ook Nel 1994:22). Moltmann (1977:68) is egter van mening, dat dit nêrens beter beantwoord word, as deur die *Heidelbergse Kategismus* Sondag 21 vraag 54 nie. Die vraag is: Wat glo jy van die kerk? Die antwoord: "Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe verkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou" (Oberholzer 1986:79). Hieruit kan afgelei word, dat die kerk sy wese vind in Christus. Omdat Christus is, is ons. Hy het die kerk byeengeroep en versamel en derhalwe kan ons wees, omdat God in Christus dit gewil het. Hy gebruik vervolgens sy Gees en sy Woord om hierdie wesenlike te onderhou en uit te bou (vgl. Smit 1997:52). Barnard (1988:199): "Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe verkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van ware geloof van die begin van die wêreld af tot aan die einde vergader, beskerm en onderhou." Drie gedagtes kom na vore in verhouding met die kerk: Jesus Christus, Gees en Woord.

### 2.3.1 Jesus Christus

Jesus Christus is die doel van die kerk. As ons in navolging van Christus, doen wat Christus gedoen het, sal ons die doel van die kerk verstaan. "The body of Christ only exists to carry out the continuing mission of Jesus" (Richards & Hoeldtke 1980:60). Die navolging van Christus, die Hoof van die gemeente, is noodsaaklik vir die verstaan van kerkwees. Die bestaansdoel van die kerk en elke plaaslike gemeente kan nie anders verduidelik word nie. Dit is belangrik vir die verstaan van die wese en doel van 'n gemeente, aangesien die identiteit van 'n gemeente bepaal word deur die Here Jesus Christus. Soos Noordegraaf (1990:128) dit stel: "De christologie bepaalt de ecclesiologie. Jezus Christus is Hoofd en Heer van zijn gemeente, die zijn lichaam is, geroepen tot gemeenskap met Hem en met elkander. Jürgen Moltmann (1977:66) druk dit veel sterker uit: "Without Christ, no church! There is only a church if and as long as Jesus of Nazareth is believed and acknowledged as Christ of God. But the

sentence also raises the question of the reciprocal relationship between knowledge of Christ and acknowledgement of the church. The way one thinks about Christ is also the way one thinks about the church. What one believes about him and expects from him also gives interest in the church its stamp."

Samevattend kan dus gesê word, dat aangesien die Christologie die ekklesiologie bepaal en vorm, sal ons, wanneer ons doen wat Christus gedoen het, wees wat die kerk veronderstel is om te wees. "Thus ecclesiology can only be developed from christology, as its consequence and in correspondence with it" (Moltmann 1977:66). Daarin lê die kern van kerkwees. Om kerkwees en doelvervulling te verstaan, moet ons Christus navolg in afhanklikheid, gehoorsaamheid, liefde, geloof, lojaliteit en vreugde.

## 2.3.2 Die Heilige Gees

Alles in die skepping is geskep om God te verheerlik en heen te wys na God in Jesus Christus. Christus is die middelpunt en alles is gemaak om die liefdesuitdrukking van God – naamlik Christus – te verheerlik, op te fokus en daaraan te herinner. Dit sluit die Heilige Gees in. Die Gees in sy verhouding met die kerk gaan van God die Vader en Jesus Christus uit om die kerk tot begrip van sy bestaansdoel in Christus te bring. Heyns (1987:300) sê: "Deur die arbeid van die Gees aan en in die kerk, word die kerk tot volle identiteit gelei. ...Hierdie onderhouding en werk deur die Heilige Gees is nie net bloot 'n bewaring van die bestaande nie, maar 'n proses van voortdurende veranderinge en voortgaande ontwikkeling gerig op 'n doel" (Heyns 1987:297). Daardie doel is Christus. Die kerk soek nie na Christus nie, Christus soek die kerk en deur die werking van die Heilige Gees word die kerk voorberei om ontvanklik te wees vir haar verstaan van haar wesensdoel in Christus. Derhalwe kan daar nooit in gemeentebou vanuit die kerk gedink word in haar verstaan van haar lewensdoel nie, maar altyd en slegs vanuit Jesus Christus.

## 2.3.3 Die Woord

Die Woord van God, is presies wat dit sê, God se gesprek met die mens en dan in die besonder met die kerk en die gemeente om die kerk tot die verstaan te bring van haar wesensdoel en waarom dit geskep is: tot eer van God. Die Woord se primêre taak is nie om modelle en resepte te bied nie, maar om die kerk te bring tot die verstaan van haar roeping. Die Skrif bied nie kerklike struktuurmodelle nie, maar wel insig in die roeping, wese en karakter van die kerk (vgl. Smuts 1995:73). Derhalwe is daar nie een model, wat beter is as die ander nie, nog minder is daar ***dié beste*** model. Elkeen is 'n unieke uitdrukking van die verstaan van God se liefde en genade en hoe die kerk probeer het om dit tot verstaan vir hulleself, mekaar en die wêreld om hulle te bring. "As ons uit die lesse van die geskiedenis wil leer, moet ons nie weer in dieselfde slaggat trap om in 'n nuwe eensydigheid te verval nie. Bybelse metafore is komplementêr tot mekaar en moenie op grond van 'n sekere gegewe konteks van die kerk teen mekaar afgespeel word nie" (Dreyer 1995:799). Ook Te Velde (1992:84): "Uit de boeken van het Nieuwe Testament, zegt men, rijst voor ons beslist geen uniform beeld op van de vroeg-christelijke gemeente en haar organisatie-vormen. Integendeel, je komt er geheel verschillende organisatie-patronen tegen." God se doel is om die kerk tot die verstaan van haar wese te bring: **"God is liefde!"** (Joh. 3:16). Dit is die basisteorie van alles in die kerk. God roep die kerk op om dit te verstaan en dit ook vir die wêreld in woord en daad te vertel. Hoe die kerk dit doen, laat God aan die kerk binne sy eie kultuur, tyd en plek oor. God het wel vir ons riglyne nagelaat in die vroeë kerk en hoe hulle gedink, gewerk en beplan het, maar dit is net riglyne. Uiteindelik gee God aan die mens die vryheid, om binne sy eie konteks, God te eer en te dien en dit aan ander oor te dra. Dit is om binne die spanningsveld van die *teorie* en die *praxis* 'n eie bedieningspraktyk te bemiddel. Te Velde (1992:86-87): "In de Heilige Schrift ontvangen we geen kant en klaar concept voor hoe we in de gemeente moeten werken. Dat is niet de manier, waarop de Here Zich aan ons bekend maakt en met ons omgaat! ...Wanneer de Geest van God met het Woord in ons werkt en wij Hem goed hebben leren kennen, komt er bij ons een waardevolle 'sensus pro loco et tempore', een gevoel voor plaats en tijd. Dat wil zeggen, dat we door zulke fijngevoeligheid gaan zien, hoe we in een bepaalde plaats en situasie en in een bepaalde tijd de dingen het beste kunnen doen."

Saamgevat word enkele opmerkings oor die gemeente se doel en wese gemaak:

a. Die gemeente bestaan om God te eer en te aanbid.
b. Christus is die hoof van die gemeente. Hy is die basis van alles. Hierdie verhouding met sy gemeente is egter ŉ gekwalifiseerde verhouding: eers Christus en dan die gemeenskap met mekaar.
c. Die Woord van God is die grondslag van ons lewe. Dit bring en lei ons tot die doel van ons bestaan.
d. Die Heilige Gees gee insig, onderrig en bring ons tot strewe na die bestaansdoel.
e. Die wese en funksie van die kerk, word deur God in sy Woord bepaal. Ons glo dat die wese van die Kerk, as gemeenskap van gelowiges, asook die funksie van die kerk, as aanbiddings-, uitreikings- en diensgemeenskap, daadwerklik uitgeleef moet word.

## 2.4. Die Funksie van die Gemeente

Naas die wese van die kerk of gemeente, wat sy wese in Christus vind as gemeenskap van gelowiges, moet die funksie van die gemeente ook uitgespel word. Die funksie van die gemeente hang van die verstaan van sy wese af. Christus is die wese van die gemeente en derhalwe moet die gemeente funksioneer soos Christus gefunksioneer het. Die funksie is die uitvoering van die wese (vgl. Nel 1994:15). Oor die wese en doel, wat in ŉ bepaalde funksionele uitvloei, word die volgende rigtinggewende opmerkings gemaak:

i. Van der Westhuizen (1990:543) maak die volgende stelling: "Die wese van die kerk van die Here is die Heer van die kerk. Die kerk is die aardse liggaam van Jesus Christus, wat sy hemelse Hoof is. Die kerk is Christelike kerk of dit is nie kerk nie. Omdat Christus die wese van die kerk is, is die wesenskarakter van die kerk tweeledig: Dissipelmatig en Missionêr."
ii. Callahan (1995:1) het presies dieselfde siening as hy die basis van kerkwees bespreek: "As we search for meaning beyond the glitter and glitz and the flimsies of life, God, with amazing compassion and infinite wisdom, gives us

this marvelous purpose – to *serve*, to *reach out*, to *share* life with others and help them fulfil their destiny in God" (kursivering JT).

In hierdie twee begrippe word die wesenskarakter van Christus saamgevat en word dit die funksie van die kerk om binne die kader van hierdie begrippe te funksioneer. Die bediening van die Woord aan mense deur mense, moet met goeie woorde en goeie dade bedien word, net soos Jesus Christus. Hierdie begrippe sal onder ***missio Dei*** en **dissipelskap** beredeneer en beskryf word in hierdie studie. Hierdie begrippe is ook baie belangrik vir die onderbou van die studie, aangesien dit absoluut essensieel in die verstaan en die oprigting van kerkgeboue is.

## 2.4.1 *Missio Dei*

### 2.4.1.1 Gee Identiteit

Christus het dit die kerk opgelê om die objek van sy liefde, die wêreld, van Hom te leer, hulle te versorg, te versterk en hoop te bring. Kerklike identiteit kan en mag dus nooit los gedink word van hierdie missionêre roeping nie. "In mission we find purpose" (Callahan 1995:144). Guder (1998:11-12) sê, dat die *missio Dei* – die sending van God – dié belangrikste en ook die mees sentrale tema van die Bybel is, waarin die doel van God se handeling in die menslike geskiedenis beskryf word en waarin die kerk sy identiteit vind. Die Kerk is God se geskenk aan die wêreld om van die wêreld te maak, wat dit in Christus is: die volk van God. "God wills, therefore, to bring everything under the authority of Christ, that all things might be united and restored in him. To accomplish his great plan, God has chosen his church to be his agent" (Watson 1981:37). In hierdie bestaansdoel is God nie die objek en die kerk die subjek nie. God is die spreker en die opdraggewer. Die kerk is die posbode en die wêreld is die adres (vgl. Peterson 1997:27). Wanneer ŉ kerklike gemeenskap dus nie in die missionêre uitmond nie, is dit nie kerk nie. Gelowiges, as gemeenskap, vind hulle bestaansdoel juis in die *missio Dei*. "The *missio Dei* is a movement from God in which the church has its origin and arrives at its own movement, but goes beyond the church, finding its goal in the consummation of all creation of God. It follows from

this that the church understands its *missio Dei* in the trinitarian history of God's dealings with the world" (Moltmann 1977:11).

Nel (1994:28) sê, dat gemeentebou die sending van die kerk herevalueer. Die kerk verander van die een wat stuur na die een wat gestuur is. Apostolisiteit van die kerk is nou meer as net 'n eienskap van die kerk. Dit is ook nie maar net 'n gevolg van kerkwees nie, dit is inderdaad 'n *voorwaarde* vir kerkwees. Die kerk neem deel aan die missie van God. Dingemans (1986:61) sê, dat die gemeente nie primêr vir homself bestaan nie, maar vir die wêreld. "Wij hebben een instrumentele opvatting van gemeente en niet een intrinsieke." Die gemeente het homself geen bestaansgrond nie. Die gemeente is gerig op die heil van die wêreld. Hierdie deelneming roep die totale betrokkenheid van Christus by die wêreld na vore. Die kerk wat deur die heilshandelinge van God tot stand gekom het, het nou die voorreg om ingetrek te word en deel te neem aan die voortgaande heilshandelinge van God met sy kerk en met sy wêreld.

Bosch (1991:370) maak hier die onderskeiding tussen *missio Dei* en *missio ecclesiae*: *missio ecclesiae* het met die sending van die kerk te doen en *missio Dei* met die sending van God. Hy sê: "It recognize that the church could be neither the starting point nor the goal of mission. God's salvific word precedes both church and mission; both should, rather, be taken up into the *missio Dei*, which now become the overarching concept. The *missio Dei* institutes the *missiones ecclesiae*. Die kerk en gemeente het nie sy eie sending nie, maar val altyd net by die sending van God in, gevolglik word dit die kerk/gemeente se sending.

### 2.4.1.2 Is 'n Opdrag

Elke gemeente moet tot die verstaan kom, dat hulle deel is van die Koninkryk van God wat die hele wêreld omvou. Moltmann (1978:35) skryf: "A closed human being no longer has any hope. Such a person is full of anxiety. A closed society no longer has any future. It kills the hope for life of those who stand on its periphery, and then it finally destroys itself. Hope is lived, and it comes alive, when we go outside of ourselves and, in joy and pain, take part in the life of others." Binne hierdie verstaan

moet die kerk God se Ryk biddend en dienend gaan soek en bevorder. Nie tot bevordering van die eie nie, nie om te sit en te vervet in die oorvloed van God se genade nie, maar om uit te gaan en hoop te bring. *Missio Dei* is 'n opdrag, 'n sending van God, wat begrens word nie deur willekeurigheid of keuse nie, maar in geloof wat in gehoorsaamheid uitmond. Bonhoeffer het gesê: "Only he who believes is obedient, and only he who is obedient believes... . When people complain that they find it hard to believe, it is a sign of deliberate or unconscious disobedience" (Bonhoeffer 1959:54, 58). Jim Wallis (1976:23) sluit hierby aan as hy sê: "The great tragedy of the modern *missio Dei*, is in calling many to belief but few to obedience."

Albert Camus, soos aangehaal deur Steenkamp (2004:27), akklameer en vat dit mooi saam, as hy sê: "Die wêreld is moeg van Christene wat in abstrakte terme oor hulle geloof praat. Die wêreld verwag van hulle om hard en duidelik te sê wat hulle glo... wat ons nodig het, is Christene wat duidelik sê waarvoor hulle staan en persoonlik daarvoor verantwoordelikheid aanvaar."

#### 2.4.1.3 Omsluit alle Bedieninge

Die funksie van die gemeente moet geskied vanuit die wese van die gemeente. Die gemeente is as verbondsgemeenskap gerig op die Koninkryk van God. Die gemeente is deel van God se handelinge in ontmoeting met die mens, daarom is die funksie van die gemeente om weg van haarself na God te wys (vgl. Gibbs 1990:69). Dit beteken dat die gemeente moet vra wat God se bedoeling met die gemeente is. In die lig van bogenoemde is dit om heil aan die wêreld te bemiddel. Die gemeente se funksievervulling moet dus binne die *missio Dei* geskied. Nel (1986:10) dui die missionêre blikpunt as een van die teologiese perspektiewe wat gemeentebou ten grondslag lê. Hy skryf: "Dit kan egter moeilik ontken word dat die kommunikasie van die goeie nuus aangaande Jesus Christus die Here wesenlik, primêr in die *missio Dei* is." Anders gestel: alle bedieningswyses is per definisie ook missionêr in karakter (Nel 1994:28). "Die missie van die gemeente is meerdimensioneel. Alle perspektiewe van kerkwees is ten nouste by die *missio Dei* betrokke. Een saak moet onvervals gehandhaaf word: die kommunikasie van die goeie nuus aangaande Jesus Christus die Here is wesenlik en primêr *missio Dei*" (:29).

Die evangelie is in sy wese universeel en kan nêrens net op een punt of lokasie vasgevang of verbind word nie. Die evangelie is vir almal, want Christus is vir almal. Die wese van die evangelie roep dus elkeen, wat daaraan deel het om dit met ander te deel. Jy is vandag 'n Christen omdat iemand jou vertel het. Nou is dit jou beurt. Alles van die *missio Dei* is gerig op die wêreld daarbuite. Alle bedieninge val onder die koepeldoel van die *missio Dei.* Die kerk is geroep, word deur God drie-enig opgebou en onderhou met net een doel: om die wêreld van sy liefde te vertel. Alles in gemeente-wees word bekyk deur die bril van die *missio Dei.* Dit is hierdie gerigtheid op die wêreld wat die gemeente as gemeente van Christus waarmerk (:31).

Dit beteken dat die evangelie van Jesus Christus in alle bedieninge moet deurdring soos water in 'n spons (vgl. Nel 1994:30). Dit is nie maar net woordverkondiging nie, maar werklik ook daadverkondiging. Die Nuwe Testament is baie duidelik, dat die blote bestaan van die gemeente, die woorde en die dade van die gemeente hulle getuienis is (:30). Hierdie woord- en daadgetuienis dra 'n spanning met hom saam. 'n Spanning, wat een van die kenmerke van gemeentebou is. Die spanning tussen *teorie* en *praxis.* Omdat die gemeente deel is van 'n verbondsverhouding, deur die doop deel gekry het aan Christus, het die gemeente uiteraard ook deel aan Christus se roeping. Hierdie roeping is 'n woord- en daadroeping. Hoe meer en duideliker 'n gemeente haar identiteit besef, hoe meer sal haar identiteit sigbaar word, want haar geloofsintegriteit maak haar woorde en dade geloofwaardig en deursigtig. Die ware kerk word gekenmerk in sy visie, missie en beplanning deur 'n diepe empatie, met wat daar buite is (:31).

Die *missio Dei* beteken dat elke bediening van die gemeente afsonderlik en geïntegreerd saam, die liefde van God in Christus deur die Heilige Gees moet dien. Hierdie diens is aan God, aan gelowiges onderling en aan die wêreld.

#### 2.4.1.4 *Missio Dei*: Perspektief op die oprigting en uitbreiding van Kerkgeboue

Die Agenda vir die 67ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gee in sy finansiële verslag die volgende deur:

- Gemeentes se spandering aan die onderhouding en uitbreiding van fasiliteite vir die verslagjaar 2002 – R12 miljoen (Agenda AKV 2004:542).
- Uitgawes ten opsigte van sendingwerk in 2002 – R970 000 (Agenda AKV bylae J:6).

Die verslag sê alles. Gemeentes is eerder op hul geboue en die onderhouding daarvan, as op hul sendingwerk gefokus. Bosch (1979:242) vermeld, dat alle sending altyd *missio Dei* is. Die gevolgtrekking is, dat die Nederduitsch Hervormde Kerk erg tekort skiet in die *missio Dei* opdrag. ʼn Instituut, wat totaal en al na binne gerig is. Van Wyk (1996:159): "Daar moet ʼn gerigtheid kom op die wêreld en die nasies. Kerklike strukture en bepalings wat hinder, moet opgeruim word. Die kerk moet in gehoorsaamheid aan Christus se bevel met die Evangelie na die nasies gaan." Die Kerk se missionêre gerigtheid moet voortvloei uit ʼn besorgdheid oor die vraag of en hoe ʼn bepaalde instituut beantwoord aan God se doel daarmee. Dit impliseer, dat elke gemeente sal moet leer om radikaal anders oor haarself te dink (Van der Merwe 1999:46). Nel (1994:28) stel dit duidelik: "... alle bedieninge is per definisie ook missionêr in karakter." Die gemeente kan nie op die uitsluitlike instandhouding van die bestaande gerig wees nie, maar moet deelneem aan die *missio Dei.* Die oogmerk is die wêreld en die bekendmaking van God se liefde en nie onderhouding of oprigting van geboue wat leegstaan deur die week nie. "Churches of the future will be more concerned with the size of the harvest than with the capacity of their facilities" (George 1992:154).

Dit gaan nie oor getalle nie, dit gaan oor die roeping van God en of die kerk sy identiteit in dié roeping vind. "We must always look beyond numbers. The issue is not who can attract the biggest crowd but who is making the biggest impact on society" (Gibbs 2000:42). Die Kerk sal opnuut aandag moet begin gee aan haar ware

identiteit volgens die ideaal – wat die Skrif wil deurgee om te bepaal of dit nog kerk is – soos Christus dit bedoel het om te wees. "One of the most encouraging signs has been a growing realization by many mainline congregations of their need to become *missio Dei* churches in their own contexts. This realization has been heightened with growing economic woes, and the burden of maintaining historic church buildings" (Gibbs 2000:78).

Christus se roeping, waarin die kerk sy identiteit kon vind, het nooit rondom institusies gewentel of opgegaan in geboue of die kerk as sulks nie, maar het primêr gegaan oor sy liefde vir mense sonder hoop. Dit is nie te vind in kerklike dogmas nie, maar word direk gevind by God drie-enig in 'n dinamiese verhouding met sy liggaam, die kerk en word deur die Triniteit in al die kerk se bedieninge gekommunikeer. Daar is 'n *missio Dei,* omdat God mense liefhet (vgl. Bosch 1991:389-393). "No one should have been particulary suprised that Jesus shared this sciptural emphasis as a first priority of his own ministry. Luke 6:20: 'Blessed are the poor, for yours is the Kingdom of God'" (Dunn 1992:44).

## 2.4.2 Dissipelskap

Die klem op elke gelowige as subjek in gemeentewees, plaas die saak van dissipelskap in die middelpunt van die bespreking. Hiermee word 'n kernsaak in Christenwees aangeraak. Dissipelskap beteken in sy wortel net een ding: volgeling van Jesus Christus. Niks en niemand in jou lewe is vir jou meer belangrik as Jesus Christus nie. Watson (1981:66): "A disciple is a follower of Jesus. He has committed himself to Christ, to walking Christ's way, to living Christ's life and to sharing Christ's love and truth with others." In ware dissipelskap word funksievervulling 'n werklikheid. Dit is dus verstaanbaar waarom daar in gemeentebou so sterk klem geplaas word op dissipelskap.

### 2.4.2.1 Identiteit

Daar kan nie van dissipelskap gepraat word, buite die begrip van die drie-enige God om nie. Dissipelskap vind juis sy identiteit in die drie-eenheid en is, omdat die drie-

eenheid is. Sonder die Vader se onderhouding, die navolging van Jesus Christus en die genadegawes van die Heilige Gees, is dissipelskap nie moontlik nie. Vanuit hierdie identifikasie, word dissipelskap verstaan. In hierdie disposisie is Christus die hoeksteen van die kerk. "The church, wrote Paul, is built upon the foundation of the apostles and the prophets; Christ himself being the cornerstone (Mark 7:6). He does not say that it was their doctrine, institution or religious activity that become the foundation of the church" (Watson 1981:36).

### 2.4.2.2 Koninkryk van die Hemele

Dissipelskap kan net in sy volheid verstaan word, wanneer dit binne die raamwerk van die koms van die Koninkryk van die Hemele verstaan word. Die Koninkryk van die Hemele is nie net 'n eskatologiese gebeure nie, maar veral gebeure in wording. Dit is gebeure wat was, is en sal wees (vgl. Hendriks 1992:86). Dit is ook 'n Koninkryk vir die hier en nou. Dit is belangrik om daarop te let, dat Christus die Koninkryk verkondig het, as alles, wat onder God se regering val (Watson 1981:9). God regeer oor almal, dit wil sê, gelowiges en nie-gelowiges. God is dinamies betrokke by sy skepping en onderhou, versorg en bestuur dit. Almal op aarde is kinders van God, al besef en erken sommiges dit nog nie. Dissipelskap beteken in die lig hiervan, om almal wat onder God se regering val bewus te maak van sy liefde. Dit is nie maar net 'n *logos* gebeurtenis nie, maar werklik 'n *manthanein* gebeurtenis (Nel 1994:86) – 'n werklike oorgawe aan die wil van God, om dit te ken en te doen (sien in die verband ook Burger 1991: 73-96). Dit word alles saamgevat in Christus se woorde: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt 22: 35-40). Nee, eintlik meer as dit: "Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is" (Joh. 13:34-35). Om die wêreld lief te hê soos jouself, lê beperkinge op *dié* liefde, dit konsentreer op die self, die ek. Johannes neem die self uit die liefde en konsentreer absoluut net op die liefde van Christus – ons moet liefhê, soos Christus liefhet (Ortiz 1975:52). Dissipelskap is nie die nabootsing van beperkte menslike liefde nie, maar die nabootsing van die onbeperkte Christus liefde. Om God

lief te hê, is om sy liefde vir die wêreld te deel en tot *praxis* te bring. Dit is dissipelskap in sy wortel.

### 2.4.2.3 Dissipelskap en Lidmaatskap

Dissipelskap is uniek in sy Bybelse verstaan, dat ons deur die Gees van God byeengeroep is. Uitgeroep uit die wêreld, los van Christus en ingeroep in die volk van God met sy baie Nuwe Testamentiese name (Nel 1994:89). Dissipelskap en lidmaatskap is nie te onderskei nie. Dissipelskap is nie ŉ meerdere begrip, wat homself hoër ag, as lidmaatskap nie. Die een is nie verhewe bo die ander nie. Dit is ook nie ŉ beskrywing van iemand, wat ŉ beter gelowige is, as ander lidmate nie. Om ŉ lidmaat te wees, is om ŉ dissipel te wees (vgl. Nel 1994:90). Sien ook Watson (1981:231): "Church-membership therefore necessarily involves discipleship, and that means accepting the full demands that Jesus clearly made."

Miskien sou dit beter wees om nie van lidmate te praat nie, maar eerder van ledemate. Aangesien die roeping van dissipels nie gegrond is in die openbare belydenisaflegging van die geroepene nie, maar juis in die pneumatologie binne in ŉ verbondsgemeenskap. Daarmee word bedoel, dat die Gees se werking nie net beperk word tot lidmate nie. Lidmaat, as begrip: hulle, wat openbare belydenis van geloof afgelê het. Dissipelskap is alle lidmate binne die verbondsvolk van God. Hierdie is ŉ begrip, wat sterk deur Nel (1998:12–17) onderskryf word, dat dissipelskap holisties in sy verstaan en uitlewing moet wees en nie net beperk moet word tot hulle, wat belydenis afgelê het nie, maar almal – veral ook kinders en jongmense – wat deur die Gees van God na goeddunke gebruik word.

Dissipelskap word ondervang deur die hermeneutiese gebeure van wedergeboorte – om te besef wat ek in Jesus Christus is en uitgebou deur bekering – ŉ voortdurende terugkeer na Christus toe. Dissipelskap is nooit afgehandel in sy proses nie, dit is wordingsgebeure. Dit is ŉ voortdurende ontvouing van wat jy in Jesus Christus is. Dit is ŉ kom na Christus toe, wat jou reeds geroep en uitgekies het. (1 Petrus 2:4)

Die wese van dissipelskap is *akolouthein* – om te volg. Dissipels hou die gedagte onder mekaar lewend, dat hulle besig is om saam met mekaar en individueel die Koning te volg (Nel 1994:93). Dit is ŉ lerende navolging van Jesus Christus, wat nooit afgehandel word nie (Nel 1994:86). Hierdie navolging van Jesus is nie net bloot om inligting oor te dra nie, maar vra ook om ŉ onvoorwaardelike oorgawe en verbondenheid met Christus. Dit is ŉ aanvaarding van ŉ persoonlike verhouding met Hom, wat jou tot hierdie verhouding roep. ŉ Roeping wat beteken, dat jy navolger en leerling is en altyd sal bly van die Een, wat jou hiertoe geroep het, naamlik God in Christus.

### 2.4.2.4 Dissipelskap is Relasioneel

Dissipelskap staan as begrip nooit in isolasie nie. ŉ Suiwer individuele benadering is nie Bybels nie (Watson 1981:40). Om ŉ dissipel te wees, is om ŉ lidmaat te wees. Lidmate is afhanklik vir hulle funksionering van ander lidmate tot werking van die liggaam. Christus se roeping is om in die nuwe gemeenskap van God se mense te deel (Watson 1981:35). Hierdie roeping vind sy voltooiing, in diens van mekaar, met die gawes van die Heilige Gees soos wat die Heilige Gees die liggaam toerus na sy behoefte. Dunn (1992:119) praat van die "Sirkels van Dissipelskap". Dit is diens aan mekaar en ander, met die toegedeelde gawes van die Heilige Gees. Die bron van hierdie gemeenskaplikheid is die navolging van Jesus Christus (Ogden 1998:217). "Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap" (1 Joh. 1:7). Deur die werking van die Heilige Gees, word hierdie ŉ gemeenskap, wat dinamies en kreatief in ŉ verhouding met mekaar te staan kom (Nel 1994:92). Die handhawing van die eise van dissipelskap, is egter essensieel in hierdie gemeenskaplikheid, anders word dit net maar ŉ klub van eendersdenkendes. Dissipels is in ŉ Bybelse sin kuddemense (Nel 1994:93). Dit is ŉ korporatiewe gemeenskap wat in sy navolging van Christus, die liefde van God, in al sy fasette aan mekaar moet demonstreer en sy roeping is: om die wêreld tot die besef van God se liefde te bring. Deur hierdie inter-skakeling is die dissipels dan ook voortdurend in ŉ lerende en navolgende interaksie met mekaar betrokke (vgl. Ogden 1998:218). In hulle verbondenheid aan mekaar en aan Christus, word hierdie gemeenskap van dissipels ŉ sigbare manifestasie van die liggaam van Christus. Die krag van

dissipelskap lê juis in sy veelheid van gelowiges, omdat die liggaam afsonderlik en gesamentlik homself opbou tot 'n dinamiese eenheid (Banks 1994:64). "Twee vaar beter as een" (Prediker 4:9). Bloot die bestaan en funksionering van die dissipelgemeenskap, het groot evangeliserende waarde en krag. Die voorwaarde tot effektiewe uitreiking na die wêreld, word gegrond in die sterkte van die uitreiking na mekaar, binne die liggaam van Christus. Hierdie onderlinge uitreiking en omgee sluit veral ook dissipline in. Nel (1994:94) sê na aanleiding hiervan: "Waar gelowiges vanuit hulle verbondenheid met Christus 'n dissipelverbondenheid met mekaar ontwikkel het en ontwikkel, ontwikkel ook 'n egte empatie wat sorg en vermaning insluit." Groepe en daarmee saam 'n gemeente, kan net sterk wees, as hy relasioneel sterk is. Voordat daar nie na volwassewording in die navolging van Christus binne die gemeenskap van gelowiges beweeg word nie, word dissipelskap individuele pogings, wat dikwels gou sy krag verloor. "We don't have it all together, but together we have it all" (Ogden 1998:180). Watson (1981:22) skryf hieroor die volgende: "Alongside the inward power of the Holy Spirit, God wants us to experience the encouraging, supportive love of other disciples of Jesus. It is in the strength of our relationships together in Christ that we can win the battles against the powers of darkness and help one another to fulfil the task that God has given us."

### 2.4.2.5 Dissipelskap is Missionêr

God werk in die wêreld, en Hy wil hê jy moet by Hom aansluit. "We join Jesus in help and healing and compassion. We don't drag him in to help us; he is already present and active on the job" (Peterson 2005:73). Hierdie opdrag word ons *sending* genoem (vgl. Warren 2003:247). Die laaste opdrag van Christus, voordat Hy na die hemel opgevaar het, was die afsluiting van een hoofstuk, maar ook die begin van 'n nuwe. "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matteus 28:19-20). "Why does the church exist? What is its ultimate purpose? Why has God left it in the world in the first place? Jesus Christ, before ascending to the Father, spoke directly to these questions. He spoke clear and simple in one sentence when He spoke the language of Matthew 28:19-20" (Getz 1984:47). Christus se opdrag tot die bestaansdoel van die kerk was tweeledig: om van die

wêreld dissipels te maak van Jesus Christus, wat weer kan gaan om ander dissipels te maak; om die wêreld op te bou – ken, leer, deel, heel (vgl. Nel 1994:95). Christus het die dissipels geleer om te gaan leer. Dissipelskap kan en mag dus nooit los gedink word van die missionêre nie. Die Kerk is God se geskenk aan die wêreld om van die wêreld te maak, wat dit in Christus is: die volk van God. "God wills, therefore, to bring everything under the authority of Christ, that all things might be united and restored in him. To accomplish his great plan, God has chosen his church to be his agent" (Watson 1981:37). Wanneer dissipelskap dus nie in die missionêre uitmond nie is dit nie dissipelskap nie. Gelowiges, as gemeenskap, vind hulle bestaansdoel juis in die *missio Dei*. Elke gemeente moet tot die verstaan kom, dat hulle deel is van die Koninkryk van God wat die hele wêreld omvou. Binne hierdie verstaan moet hulle sy Ryk biddend en dienend gaan soek en bevorder. Dissipelskap is nie net bloot die bekering van soveel mense moontlik nie, maar is om werklik dissipelskap te laat grondvat, soos wat Christus dit geleer het: die navolging van Christus in alle fasette van die gemaakte dissipel se lewe (vgl. Callahan 1995:5). Dit word dus ŉ navolging en lerende aksie, wat geleer om aangeleer te word en wat altyd in wording bly.

### 2.4.2.6 Dissipelskap en Gemeentebou

Dissipelskap is gemeentebou. Buite gemeentebou om, kan daar nie oor dissipelskap gepraat word nie. Om die evangelie van Jesus Christus te kommunikeer is: om in diens van God, mekaar en van die wêreld te staan. Dit is wat Jesus Christus bedoel het, toe Hy aan alle dissipels gesê het: "Volg My!" (Matt 16:24). Dissipelskap is in sy hele verstaan holisties. Dit beteken, dat nie net sekere lidmate van die liggaam van Christus daarby ingesluit is nie, maar almal wat God deur die doop by sy kudde ingesluit het – jonk en oud. Dit gaan verder en deursyfer al die bedieninge in die gemeente. Dissipelskap is teenwoordig en betrokke by al die bedieninge. Dit is nie ŉ aftrek-, deel- of minussom van die bedieninge nie, maar die somtotaal van al die bedieninge. Vanuit hierdie verstaan van dissipelskap groei ŉ visie vir die Koninkryk van God (Nel 1994:93). Dit is nie ŉ visie, wat *per se* afgehandel is nie, maar altyd lerend en ontdekkend van wie God is, deur die werking van die Heilige Gees. Dit is egter belangrik dat dit nie net bloot ŉ intellektuele ontdekking sal wees nie, maar werklik ŉ emotiewe handeling – om in ŉ lewende verhouding met God te staan. Dit

gaan dus nie bloot om die maak van bekeerlinge nie, maar werklik om die maak van navolgelinge van Jesus Christus – werklike *voetspoorlopers*. Dit is om die kinders van God te leer om sy opdrag van navolgingskap uit te voer. 'n Opdrag, wat eers afgehandel sal wees, wanneer Christus weer op die wolke verskyn. Gemeentebou in al sy konsekwensies vir die gemeente is: dat mense uit die wêreld na Christus geroep word en dissipels mekaar moet dien en diensbaar aan die wêreld moet wees, omdat God hulle liefhet.

Dissipelskap is 'n lewenslange opdrag. Almal moet onderrig word en deel van hierdie onderrig is opleiding tot deelname aan die maak van dissipels. Diegene wat geantwoord het op Jesus se dissipelsroep – "Volg My!" word begelei tot Woordgehoorsame en Woordwaardige navolgers, wat in staat is om toenemend effektief deel te neem aan die opdrag: "Maak mense my dissipels" (Nel 1994:96). Hierdie is 'n roeping van God aan sy kinders, maar dis ook 'n roeping na God se toekomstige glorie waarin die opdraguitvoerders sal deel. Dit is nie 'n maklike roeping nie, dit is 'n kruisdraroeping, maar soos Watson (1981:259) sê, die dissipel van die Here kan nie verloor nie, want as hy alles weggee, wen hy alles. As hy sy lewe verloor, vind hy dit.

## 2.4.2.7 Dissipelskap en Kerkgeboue

Dissipelskap is diens. Dit beteken dat die gemeente 'n dienskarakter moet aanneem in sy navolging van Christus. Nel (1994:28) se siening dat alle bedieninge in diens van sy roeping aan God moet staan, het veral op die kerksentrum van die gemeente betrekking. In watter mate is die kerkgeboue beplan en ingerig om aan die gemeenskap diensbaar te wees? Is die kerkkompleks nie alleenlik en uitsluitlik vir die gemeente se behoeftes ontwerp nie?

Dissipelskap is navolging. Dit veronderstel om na Christus te gaan, wat alreeds in die wêreld is. Net soos by die *missio Dei* is die fokus op die wêreld. "The 'ordinary' members of the first Christian communities cannot appropiate the term 'disciple' to themselves unless they are willing to be enlisted in Jesus' fellowship of service to the world" (Bosch 1991:37). Die kerk kan derhalwe onder geen omstandighede op homself gerig wees nie. Die kerk is die instrument, die boodskapdraer van Christus se

liefde. God is alreeds in die wêreld en dit is ook waar die dissipels as navolgers van Christus moet wees: sy hande, sy stem, sy tasbare aanraking, sy vertroosting.

Miskien sê die woorde van Callahan (1995:4) alles: "God invites us to serve, not preserve. Sometimes we allow ourselves to be distracted by issues of institutional survival. We may find ourselves drawn to this procedure or that technique as a way to stave of institutional decline. Yet we have not been called to a theology of survival; we are invited to a theology of service." Ook Watson (1981:231) sluit hierby aan: "Jesus came to build his church. Far from being a comfortable club existing entirely for the benefits of its members, the church is to be God's agent for the healing of the whole of creation, existing mainly for the benefits of its non-members."

## 2.4.3 Samevatting

God kan nie teen sy eie wese optree nie. God is in sy hele wese liefde en daarom is Hy in sy totale optrede in liefde gehul. Indien hierdie verstaan in menslike begrip vasgevang kan word, sou daar geredeneer kan word, dat indien God teen sy bestaansdoel en wese kon optree Hy in 'n *βασίλεια απωλώλειν* sou wees, 'n Koninkryk wat disintegreer en tot niet gaan. As dit 'n redenasie aangaande die *gans Andere* kon wees, sou die redenasie juis waar wees van die kerk. Die kerk kan nie teen sy eie identiteit en roeping ingaan en voortbestaan nie. God se doel is die kerk se doel. God se doel val in die *missio Dei* en in dissipelskap en die kerk se roeping is om hierdie doel te vervul. Indien die kerk nie hierdie doel vervul, waarvoor God hom geroep en geskape het nie, word dit inderdaad 'n *βασίλεια απωλώλειν,* 'n koninkryk wat sal disintegreer en tot niet gaan. Die kerk kan net vervulling en seën kry, as sy in haar skeppingsdoel slaag. Enige ander placebo-roeping lei tot vernietiging. "If the church don't find its God-given purpose, satan will supply one for them" (Munroe 1992:135). Die kerk en elke mens is geskape met 'n doel en dit is om God te verheerlik en die wêreld van sy liefde te leer. "The church exists to glorify God and it glorifies God by being his witness, a light to the world. In the Sermon on the Mount, Jesus said, "Let your light so shine before men, that they may see your good works and give glory to your father who is in heaven" (Amstrong 1979:39).

God is die outeur en bron van hierdie doel (Nel 1986:8) en die kerk sal bly soek om vervulling en bedieningsatisfaksie, totdat die kerk weer inval, by dit waarvoor God die kerk geroep het (Munroe 1992:110-124). "A congregation begins to disintegrate when it allows its way of living and acting to depart radically from its beliefs and values, when this happens in an individual, a psychological professional would say the person has dissociated (has departed from reality or is suffering from schizophrenia). Such dissociation is just as unhealthy in an organization as in an individual" (Oswald & Friedrich 1996:76).

Watson (1981:95) gee die beskrywing van 'n menslike liggaam wat aan asma lei. Die probleem met asma, is nie dat lug nie ingeasem kan word nie, maar juis nie uitgeasem word nie en dan in homself versmoor. Die liggaam van Christus, die kerk, sterf en disintegreer op dieselfde wyse, indien dit net inasem en nie uitasem nie. Die kerk is nie daar ter wille van homself nie, maar ter wille van God. Die kerk het te lank teen sy eie skeppingsdoel ingewerk en te veel geld aan geboue, as evangelisasiemedium spandeer. "The church building is too often viewed simply as a tool for effective evangelism or the place to which evangelism will draw people" (Pickard 1999:62).

Bowman en Hall sê dat daar te veel tyd in onnodige bouprogramme belê is en dat finansies verkeerd geïnvesteer is in fasiliteite wat leeg staan. Menslike hulpbronne en mannekrag is vermors met fondsinsamelings, om te oorleef en monumente af te betaal. Die kerk se roeping word *missing Dei* en nooit *missio Dei* nie. Die uiteinde was dit wat gevrees is: duur geboue wat leegstaan en *huise van God*, wat sonder God is. Die kerk was daar ter wille van haarself en het versmoor (vgl. Bowman & Hall 2000:19-27). "Yet we are all too aware of the downside of institutions. They usually end up being self-serving, because at an unconscious level, all institutions seek first to preserve themselves. But the determination to survive leads a group far from the original movement they had hoped to preserve in the first place. Some congregations have followed this path, straying far from the movement from which we were born" (Oswald & Friedrich 1996:39).

Matteus 6:21: "Daar waar jou skat is, daar sal jou hart wees." Groot geboue is die gevolg van klein geloof. Afname in visie na buite bring 'n toename in 'n visie na

binne (vgl. Turner 1979:335). Niemand kan twee gode gelyk dien nie. Indien die gemeente fokus op duur en uitspattige kerkgeboue, hulleself in skuld dompel, kerkgeboue oprig sonder werklike beplanning, sal hulle harte daarin vasgevang wees. Bonhoeffer (1959:154-157): "What Jesus spoke strongly against in Matthew 6:19-24 was hoarding up treasures *'for yourselves'*. ...Wordly possessions tend to turn the hearts of the disciples away from Jesus. What are we really devoted to? That is the question. Are our hearts set on earthly goods? Do we try to combine devotion to them with loyalty to Christ? Or are we devoted exclusively to him? ...Where our treasure is, there is our trust, our security, our consolation and our God. "For several decades, the Church has relied upon greater sums of money, bigger facilities, and more impressive credentials as the means to influence society at large. These elements have failed us; in our efforts to serve God, we have crowded out God Himself" (Barna 1998:99).

Dit is soos ’n man wat by ’n venster uitkyk. As hy deur die glas kyk is sy fokus na buite, maar die oomblik as daar silwer voor die glas geplaas word, dan word dit ŉ spieël waarin hy net homself sien. Die kerk is ook so, die oomblik as die kerk nie meer na die wêreld buite kyk nie, nie gerig is op die mense van God nie, dan begin die kerk na haarself kyk en sien net silwer sake. Geld word later al waaroor daar gepraat word. "A Church may never reach out to the non-Christian people in the community because its people are too busy pouring their money and time into building programs and other programs for themselves" (Malphurs 1993:96).

Saamgevat kan die volgende gesê word:

a. Die Kerk of ŉ gemeente is ŉ teken van die Koninkryk en bestaan uitsluitlik ter wille van die Koninkryk.
b. Die doel van ŉ gemeente is om soos Christus te wees.
c. Die funksie van ŉ gemeente is om te doen soos Christus gedoen het, deur uit te reik en te dien – dit word gewaardeer in die *missio Dei* en dissipelskap.
d. Die gemeente is die agent van Christus op aarde en is daar om tasbaar hoop te bring.
e. Die gemeente vind identiteit in sy bestaan, as hy Christus na die wêreld volg, waar Christus alreeds aan die werk is.

f. Die bestaansgrond vir ŉ gemeente, lê in die heil vir die wêreld.
g. Die gemeente se hele visie moet primêr na buite gerig wees. Die oomblik as dit na binne gerig word, tree ŉ gemeente teen sy eie skeppingsdoel op en disintegreer.
h. Die gemeente is nie daar ter wille van homself nie, maar uitsluitlik ter wille van die wêreld.
i. Die ontmoeting van Christus vind nie in tempels plaas nie, maar in die wêreld. Derhalwe moet die fokus van alle bedieninge in sy beplanning, fondse en oprigting van kerksentrums op die wêreld wees. Die oprigting van enige kerklike gebou moet altyd deur hierdie bril bejeën word, om sy wese en doel te vervul.

Callahan (1995:145) sê: "With humility and compassion, we give ourselves to serve the community, the world that God gives us to serve. We pray that we will share well the strengths with which God blesses us. We consecrate the mission to which God invites us and the mortar that serves the mission." Hierdie woorde vat alles saam. Ons is hier om te dien en dit sluit ons geboue in. Derhalwe sal die kerk nuut moet dink, binne hierdie teologiese verstaan van sy roeping, in watter mate sy haar geboue so kan inrig en ontwerp om sodoende sy wese en doel te vervul. Vervolgens sal ondersoek gedoen word na riglyne vanuit die ideaal – die Bybel – om die grondbeginsels van hierdie roeping vas te lê, waarop voortgebou kan word.

## 2.5. Die Gemeentebouproses

Dit is noodsaaklik om eers die gemeentebouproses wat binne ’n gemeente kan en moet plaasvind te beskryf, voordat daar enigsins by kerkgeboue uitgekom kan word. Nuwe denkrigtings aangaande kerkgeboue, sal nie in ’n oogwink verander nie, maar sal stelselmatig gevestig moet word (Richards 1970:208). Om nuwe wyn in ou wynsakke te gooi, gaan nie ’n verandering meebring nie. "We rearrange rather than change, and in so doing, we never become what God calls us to be" (Crabb 1988:31). Vir ’n paradigmaskuif om plaas te vind, word die behoefte aan ’n gemeentebouproses op die voorgrond gebring. "Gemeentebou as bediening is prosesmatig. Dit is ’n

bediening wat gerig is op die voortdurende vernuwing van die gemeente" (Nel 1994:112; vgl. ook Crabb 1988:202).

Alhoewel daar verskeie modelle vir die gemeentebouproses in die mark is, wil die navorser in die voetspore van Van der Merwe loop, om die model van Nel as primêre model na te volg. "Die model van Nel, skyn die bruikbaarste te wees om te benut in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika" (Van der Merwe 1999:139).

## 2.5.1 Die Aanvang van die Proses

Die proses neem meesal 'n aanvang, deurdat 'n persoon of persone in die leierskorps 'n visie vir gemeentebou ontwikkel. Hierdie visie – wat die gemeente is en wat God wil hê sy moet wees – word daarna met rigtinggewende leiers en uiteindelik met die kerkraad gedeel. Daar word meegedeel, wat gemeentebou in teorie en praktyk behels. Die verantwoordelike leierskorps besluit dan in beginsel om die proses aan te pak. Een van die ononderhandelbare beginsels, wanneer daar met die gemeentebouproses begin word, is dat daar volgens die "leitmotiv" gewerk móét word. Dit wil sê, die hele gemeente moet sover as moontlik by die hele proses betrek word. Nel is baie sterk in sy uitspraak as hy sê: "Onder geen omstandighede mag 'n aantal bekwame leiers namens die gemeente dink en beplan nie. Dit sou in stryd met die uitdruklike bedoeling van gemeentebou wees" (Nel 1994:123). Die groot vraag in hierdie proses is daarom nie, wat leiers met die gemeente kan doen nie. Die vraag bly wat God in, met en deur sy gemeente wil doen. Die vraag na die wil van God, bly dus die bepalende vraag in hierdie bediening (vgl. Nel 1994:113; vgl. ook Goedhart 1984:39-40; Van der Merwe & Marais 2001:29).

Die taak van die begeleiers in hierdie proses, sal wees om die gemeente te begelei tot identiteitsvinding. "Die identiteit van die kerk in die lig van die Skrif gee insig in die taak van die kerk. In die kerk is dit dus waar, dat insig in die identiteit tot die verstaan van haar bestaansdoel of missie lei" (Truter 2005:17). Hierdie vinding van die identiteit lê primêr in die roeping van Christus gesetel. Hierdie roeping behels die navolging van Christus na die wêreld, waar Hy reeds in die wêreld aan die werk is. Dit is 'n proses om die gemeente, as werksvolk van God, te help om planmatig en

ordelik te laat inval by dit wat God reeds besig is om te doen. Dit gaan daarom om die gemeente te begelei om:

a. Sy wese en doel te verstaan.
b. As gemotiveerde gemeente, sy eie funksionering te evalueer en doelwitte vir sy eie doelgerigte funksionering te formuleer en op beplande wyse te bereik.
c. Self, soos nodig, op 'n voortdurende basis strukture, wat die heilshandelinge van die drie-enige God in kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel.

(Nel 1994:116).

Sodra die kerkraad in beginsel 'n besluit geneem het, om die gemeenteboupad te verken, kan die model van Nel prosesmatig nagevolg word.

## 2.5.2 Motivering

Hierdie fase is nie net belangrik nie, dit is onmisbaar. "Lidmate wat nie vir gemeente-wees – volgens God se bedoeling – gemotiveer is nie, het gewoonlik min of niks aan gemeentebou nie" (Nel 1994:125). Firet sê dat motivering 'n agogiese proses is: 'n mens kan innerlik ten goede verander, as resultaat van sy kontak met 'n ander persoon in 'n verhouding, wat sodanige verandering in die oog het (vgl. Firet 1977:298). In die motiveringsproses is dit derhalwe nodig, dat die motiveerder en die objek van sy motivering (die lidmaat) se verhouding so ontwikkel, dat die lidmaat se geestelike denke en aksies verander, sodat hy aktief by sy voortdurende vernuwing en die van ander betrokke raak. Dit is nie 'n eenmalige gebeurtenis, wat slegs aan die begin van gemeenteboufases plaasvind nie, maar lidmate benodig voortdurende motivering tot vernuwing, in lyn met God se wil. Die doel van aanhoudende motivering is om die gemeente se gedagtes omtrent haarself te vernuwe (vgl. Oswald & Friedrich 1996:5).

Van der Merwe (1999:140) sê, dat mense altyd in terme van *iets* gemotiveer word. Derhalwe is dit noodsaaklik dat die gemeenteleier/s eers self 'n helder visie van die gemeente se skeppingsdoel het, voordat hulle die gemeente begin motiveer. Die vraag is: Waartoe moet gemotiveer word? Nel (1994:127) sê: "Motivering is ten

diepste 'n begeleiding tot 'n identiteitsbewussyn." Die identiteitsbewussyn, doel en wese van gemeente-wees is reeds intensief in hoofstuk 2 van hierdie verhandeling bespreek en daarom sal daar nie in diepte hierop ingegaan word nie. Wanneer die leierskorps hulle identiteit en roeping in Christus duidelik verstaan, kan dit aan die gemeente oorgedra word.

Die volgende kan nou gevra word: Wat motiveer mense? Callahan (1987:76) sê, dat daar vyf motiveringsbronne (motivational rescources) in 'n gemeente is. Die navorser van hierdie verhandeling noem dit eerder emosies. Al is die emosies almal oor die breë spektrum van die gemeente aanwesig, word slegs twee van die vyf emosies prominent by bepaalde groepe gevind (vgl. ook Callahan 2002:32-33). Hy noem die emosies as volg:

1. Medelye en empatie – omgee, deel, ondersteun.
2. Gemeenskap – gelukkige saamwees, saamhoort, bewus word van familie en tuiste.
3. Uitdaging – bereik, volvoer, behaal.
4. Redelikheid – logies dink, analiseer, goed oordeel.
5. Verbintenis – betroubaar, lojaal en toegewyd aan 'n saak wees.

Volgens Callahan word leiers gewoonlik deur emosies van uitdaging en verbintenis gemotiveer, maar dit is oorheersend emosies van gemeenskaplikheid, medelye, empatie en redelikheid wat lidmate motiveer. Daar moet dus seker gemaak word, wat mense op grondvlak motiveer. Verskillende emosies moenie teen mekaar afgespeel word nie, maar dit is eerder belangrik om bepaalde groepe se emosies te probeer sinkroniseer (sien in die verband ook Miller 1994:41). Mense word in hulle soeke na 'n gees van omgee, gelok deur mededeelsaamheid en 'n gemeenskap waarin hulle ontvang en ook kan deelneem. Wanneer daar in die lig van 'n gemeente se identiteitsvinding gehandel word, sal dit wys wees om aan lidmate die missionêre- en dissipelskapsroeping van omgee en die visie van hoop te verdiskonteer. Rendle (1998:107) sluit hierby aan: "In a situation of change, leaders need to measure the emotional intensity of feelings being expressed. It is important for leaders to know what they and their congregation are feeling."

Hoe vind motivering plaas? Alles wat in ’n gemeente in terme van al die bedieninge gebeur, behoort motiverend vir die gemeentelike funksievervulling te wees. Daar moet egter planmatig saam, in al die bedieninge, na ’n oorkoepelende doel gewerk word en die bedieninge moet nie doeleindes op sigself word nie. Daar is meermale ’n gebrek aan planmatigheid en doelgerigtheid in die opbou van die gemeente. Wat ontbreek, is ’n omvattende gemeenteboustrategie, waar alles wat gebeur doelgerig meewerk aan die opbou van die gemeente (vgl. Nel 1994:139).

Dit moet in gedagte gehou word, dat die hele proses van motivering, nie sonder konflik sal verloop nie. Inteendeel, geen gewaardeerde proses verloop sonder konflik nie. Konflik is ’n gegewe werklikheid in enige vernuwingsproses – by die wat nie wil verander nie, sowel as by die wat wel wil verander. Enige groeiproses verloop langs die weg van konflik (Nel 1994:133). Rendle (1998:107) stel ook dié standpunt: “One of the dilemmas of leading change in a congregation is that it naturally engages negative and angry feelings.” Volgens Van der Merwe (2004:5) kan konflik op vyf maniere of style hanteer word:

***i. Kompetisie***

Dit is die aggressiewe strategie waarin een of beide konflikpartye hulle eie doel probeer bereik, terwyl die ander partye probeer om dit te verhinder.
Kompetisiestyl is *toepaslik*: wanneer populêre aksies afgedwing moet word; in ’n noodgeval waar vinnige optrede vereis word; wanneer almal weet wat die regte ding is om te doen, maar die ander partye weier om te luister.
Kompetisiestyl is *ontoepaslik*: wanneer ’n party/e se gedrag aanmatigend en ontoeskietlik is; wanneer die persoon wat die styl gebruik, die mag het; wanneer die kommunikasie twisgierig en dreigend is; wanneer elke party eerder hulle eie belang probeer bevorder en nie die van die groep as geheel nie.

***ii. Akkommodering***

Dit is die benadering van vrede tot elke prys.

Die akkommoderende styl is *toepaslik*: wanneer jy weet jy was verkeerd; wanneer verhoudinge in die gemeente bedreig word, omdat ’n ooreenkoms nie bereik word nie; wanneer die kwessie waaroor die konflik bestaan belangriker as die persoon is.
Die akkommoderende styl is *ontoepaslik*: wanneer ’n persoon terughoudend en ontoeskietlik is; wanneer ’n persoon se behoeftes totaal genegeer word om ander se selfsugtige behoeftes te bevredig; wanneer gevoelens van ontevredenheid en gierigheid steeds daar is; wanneer ooreenkomste wat bereik word oppervlakkig is.

***iii. Vermyding***

Dit is wanneer konflik vermy word, deur aan die konflik te onttrek of dit te systap.
Vermyding is *toepaslik*: wanneer die kwessie waaroor die konflik gaan beuselagtig is; wanneer die skade wat die konflik kan veroorsaak groter is as die voordele van die oplossings; tyd nodig is om spanning te verminder, perspektief en kalmte te herwin en/of om inligting te bekom.
Vermyding is *ontoepaslik*: wanneer die partye terughoudend en ontoeskietlik is; wanneer toegelaat word, dat die konflik manifesteer en die kwessie vergroot; wanneer die konflik spanning vir al die partye veroorsaak.

***iv. Toegewing***

Toegewing is wanneer partye ooreenkom om iets wat vir hulle van waarde is, op te gee bloot om ’n vinnige oplossing te kry. Hierdie styl neem die vorm aan van: elkeen gee iets toe.
Toegewing is *toepaslik*: wanneer elke party iets wen; wanneer partye hulle verbind tot dieselfde doelwitte.
Toegewing is *ontoepaslik*: wanneer onderhandelinge halfpad tot stilstand kom; wanneer ooreenkomste, wat bereik word korttermynooreenkomste is; wanneer dit die moontlikheid van ’n beter oplossing afsny; wanneer een of beide partye met die gevoel gelaat word, dat hulle iets wat werklik van belang is verloor het.

***v. Probleemoplossing***

Probleemoplossing vind plaas wanneer partye ooreenkom om as gelowiges en soos gelowiges saam te werk om ’n wedersydse aanvaarbare ooreenkoms te bereik. Hierdie benadering behels die verkenning, met die regte Christelike gesindheid van beide partye se belange en behoeftes, met die oog daarop om kreatiewe alternatiewe te vind, wat die koninkryk van God die beste dien. Die verhouding tussen die partye moet van samewerking eerder as van opponering getuig.

## 2.5.3 Missieformulering

In gemeentebou vloei missieformulering logies voort uit die motiveringsfase. Dit is deel van die eerste fases van gemeentebou. Die missie is immers grootliks die omskrywing van ’n organisasie se identiteit, met ander woorde, die bestaansrede van ’n gemeente word verwoord. As ’n gemeente haar identiteit in Christus verstaan, is dit nou vir elke gemeente nodig om haar bestaansdoel in haar eie woorde te bring. Derhalwe sal elke gemeente haar unieke missie formuleer, soos sy haar identiteit verstaan, binne haar eie ekosisteem in ’n bepaalde tyd en plek. Nel (1994:145) sê: “Die punt is, dat die bestaansrede van die gemeente verwoord moet word. Die missie word daarom gesien as die eerste stap en as die fondament vir die bepaling van prioriteite, doelstellings, doelwitte, strategieë, planne, werksaktiwiteite en organisasiestrukture.” Nel (1994:147) sê verder, dat die skryf van ’n missie vir ’n bepaalde gemeente geen maklike taak is nie. Hy beveel verder aan dat ’n gemeente die hulp van ’n konsultant sal inroep in die formulering van sy missie en verdere beplanning en uitvoering van die gemeentebouproses (sien ook Goedhart 1984:29).

Om ’n missie te formuleer word soveel as moontlik leiers en lidmate benodig (sien Covey 1989:139). Om ’n missie te skryf, kan die gemeente haar deur die volgende vrae laat lei:

a. Wie se gemeente is dit en wie bepaal die gemeente se bestaansdoel?
b. Wie is God, wie se gemeente dit is?

c. Waarmee word hulle bedien? Wat is die hart van die evangelie, wat God aan sy gemeente toevertrou het?
d. Wie gaan deur die gemeente bedien word en wat is hulle behoeftes, nood, seer en verwagtings?
e. Wie is die wêreld na wie die gemeente gestuur word? Hoe dink die gemeente oor sy bediening? Is dit selfgerig of is dit gerig op die diens aan ander?

(vgl. Nel 1994:146-147).

Opsommend word gesê, dat die gemeente se geskrewe missie drie dinge sal vervat:

a. Dit sal iets sê oor God.
b. Dit sal iets sê oor die geloofsgemeenskap.
c. Dit sal iets sê oor die getuienis van daardie geloofsgemeenskap.

(Van der Merwe & Marais 2001:48).

## 2.5.4 Gemeente-analise

Net so min as wat ’n gemeentebouproses sonder motivering kan verloop, net so min kan daar sinvol en doelgerig met gemeentebou gevorder word, sonder eerlike gemeente-analise. Nel (1994:148) gaan so ver om te beweer, dat dit die enkel belangrikste fase in die gemeentebouproses is. In dié fase van gemeentebou gaan dit om ’n voortsetting van die sentrale vraag in gemeentebou, naamlik: die vraag na die gemeente. In gemeente-analise is die empiriese subjek – die gemeente – ter tafel en moet die vraag empiries beantwoord word. Die subjek word dus nie net gedefinieer soos in die vorige twee fases nie, maar deur die subjek self ontleed en geëvalueer (Nel 1994:149). Die proses van gemeente-analise veronderstel dus, dat die gemeente na haarself kyk om te sien hoe sy vir haarself lyk en hoe sy volgens haar eie oordeel funksioneer. Die doel van so ondersoek is nie om ’n gemeente se foute en gebreke uit te wys en aan die groot klok te hang nie. Die doel daarvan is om tot aktiwiteit en beter funksionering te kom. Die uiteindelike doel van so ’n analise is dat die huidige situasie gemeet en daarna getoets word, aan die ideale situasie soos in die Skrif beskryf. ’n Gemeente-analise sluit die volgende drie komponente in:

a. ’n Gemeenteprofiel.
b. ’n Omgewingsprofiel.
c. ’n Gemeentediagnose en gemeente-evaluering deur die gemeente self.

### 2.5.4.1 Gemeenteprofiel

Die gemeenteprofiel het te doen met die versameling van saaklike gegewens ten opsigte van die gemeente. Van der Merwe (1999:147) noem dat dit volgens alle aanduidings, die eenvoudigste prosedure in die gemeente-analise proses is. Die gegewens waarmee meesal gewerk word, is staties van aard en daarom kan een persoon dit versamel en verwerk. Die opbou van ’n gemeenteprofiel begin met dataversameling met die oog op ’n databasis. Die data wat versamel word sluit gewoonlik die volgende in: ouderdomsgroepe, inkomstegroepe, die grootte van gesinne, huwelikstatus, beroepsgroepe, eredienste, kategese, jeugbediening, werksgroepe, diensgroepe, offergawes en nog meer. Alle relevante gegewens word versamel om later te evalueer hoe effektief die gemeente in ’n bepaalde omgewing funksioneer. Nel (1994:150) sê daar lê agter die opbou van ’n gemeenteprofiel, ’n teologiese motief – die gemeente bestaan en funksioneer in direkte verhouding tot die samelewing van waaruit God vir Hom ’n gemeente versamel. Die profiel moet hierdie dinamiese verhouding of gebrek daaraan reflekteer.

Hoe word so ’n analise gedoen? ’n Goed ontwerpte vraelys, waarin die belangrikste gegewens gevra word, is beslis die aangewese manier (Nel 1994:163). Hoe dit verkry word, sal elke gemeente self binne sy eie samestelling koördineer. Dit is egter belangrik om al die lidmate se gegewens te verkry, sodat die huidige stand van sake in die gemeente weerspieël word.

### 2.5.4.2 Omgewingsprofiel

Die gemeenteprofiel en die omgewingsprofiel val in by die sisteemdenke en staan in interrelasie en uitwisselingsrelasie tot mekaar. Daarmee word bedoel, dat die gemeente en sy omgewing deel is van ’n begrensde geheel en in ’n sekere rangskikking en koördinasie tot mekaar staan. Hierdie relasie beteken dat die

gemeente en sy omgewing bepaalde invloede op mekaar het. In 'n oop en gesonde sisteem laat die gemeente invloede van buite toe, maar 'n ongesonde sisteem, is geslote vir die invloede van buite (vgl. Firet 1980:22-24; Pasveer 1992:45, 57-59). Die optrek van 'n omgewingsprofiel is van uiterste belang vir gemeentebou, aangesien 'n gemeenteprofiel eers werklik geteken kan word, wanneer dit in gesprek tree met die omgewingsprofiel van die betrokke samelewing, waarbinne die gemeente bestaan. Deur die twee met mekaar in verband te bring, word 'n profiel van die gemeente in sy samelewing ontwikkel.

Dieselfde wyse waarop 'n profiel van die gemeente saamgestel is, word die omgewingsprofiel ook saamgestel. Dit maak dit net soveel makliker om met mekaar te vergelyk. Inligting moet bekom word aangaande: die demografiese-, sosiologiese-, ekonomiese-, ekumeniese-, godsdienstige- en politieke faktore. Dit gaan nie hier oor die versameling van data, ter wille van data nie. Die data moet in gesprek geplaas word, met die doel waarvoor dit ingesamel is (vgl. Nel 1994:152).

Hoe word 'n omgewingsprofiel saamgestel? Enersyds kan die detail van die genoemde faktore onder leiding van 'n fasiliteerder in groot- of kleingroepe bespreek word. Andersyds kan vraelyste gebruik word om hierdie faktore te toets.

#### 2.5.4.3 Gemeentediagnose en Evaluering

In die faset van die gemeente-analise word veral bedieninge, verhoudings, programme, die wese, funksionering en strukturering aan diagnose en evaluering onderwerp. Daar is verskeie metodes, wat aangewend kan word om hierdie evaluering te doen, maar die twee vrae wat wel beantwoord moet word is: Wat wil ons met die diagnose bereik en wat wil ons evalueer? (Nel 1994:166). Nel (1994:159; 173) beveel die evalueringsmetode van Kennon L Callahan baie sterk aan, omrede hierdie metode drie baie belangrike momente en komponente kombineer in die analisefase: die benutting van omgewingsdata, die benutting van 'n beproefde diagnosevraelys en die benutting van die interaksie tussen lidmate (vgl. Nel 1994:173). Oswald & Friedrich (1996:46) het ook 'n baie hoë agting vir Callahan se

werk op hierdie gebied en beveel dit as rigtinggewend in die beplanning van gemeentes se strategieë aan.

Gedurende Callahan se jarelange navorsing en konsultasie aan gemeentes het hy opgemerk dat twaalf sleutelkenmerke of karaktertrekke op ’n gereelde en vaste basis by effektiewe missionêre gemeentes voorkom. Daar is ses *relasionele* kenmerke wat met verhoudings binne die gemeente te doen het – dit is die persoongesentreerde kenmerke van ’n bepaalde gemeenskap van gelowiges. Die ander ses kenmerke is *funksioneel* van aard – dit behels die institusionele en organisatoriese hulpbronne van die gemeente (vgl. Callahan 1993:11).

Die ses *relasionele* kenmerke, wat van primêre belang is in die missionêre roeping en opbou van die gemeente, is as volg:

1. Spesifieke, konkrete missionêre doelwitte.
2. Pastorale besoeke deur pastors en lidmate in die gemeenskap.
3. Gemeenskaplike, dinamiese eredienste.
4. Betekenisvolle relasionele groepe.
5. Sterk leierskapshulpbronne.
6. Vaartbelynde strukture en deeglike, deelnemende besluitneming

(Callahan 1993:12).

Die ses *funksionele* kenmerke, wat sekondêr in Callahan se model is, is as volg:

7. Verskeie toereikende programme en aktiwiteite.
8. Oop en toeganklikheid van fasiliteite.
9. Opvallende sigbaarheid.
10. Voldoende parkering, grond- en landskapsontwikkeling.
11. Voldoende ruimte en fasiliteite.
12. Gesonde finansiële hulpbronne

(Callahan 1993:24).

Callahan se model plaas nie die kenmerke in volgorde van belangrikheid nie, maar glo tog indien die relasionele kenmerke in plek is, dit ’n direkte invloed op die

funksionele kenmerke sal hê (vgl. Callahan 1983:xiv). "Die wese en doel bepaal die funksie en uiteindelik die strukture waarbinne hierdie funksie vervul word. Die funksie is 'n uitvoering van die wese en die doel. Hoe die wese en doel verstaan word, sal bepaal hoe die funksie van die bedieningstrukture lyk" (Truter 2005:17). Die langtermynbeplanning van die relasionele kenmerke sal derhalwe 'n direkte invloed op die funksionele kenmerke hê. "When planning to build a church facility each task force will be guided by their long-range plan, including the key objectives for mission, shepherding, worship, groupings, leadership, and staffing" (Callahan 1995:98).

In dié afdeling van die gemeente-analise – diagnose en evaluering – sal daar gevra word na:

a. Die gemeente se verstaan van sy wese en bestaansdoel.
b. Die gemeente se doelgerigte en doeltreffende funksievervulling – of die gemeente sy roeping (funksie) ter uitvoering van sy bestaansdoel effektief vervul.
c. Die gemeente se strukturering in diens van die heilshandelinge van God deur sy gemeente in die wêreld – dien die gemeentestrukture die heilshandelinge van God in die gemeente en die wêreld.

(Nel 1994:160).

Hoe vind hierdie analise en diagnose van Callahan plaas? Nel (1994:174) sê, dat 'n gemeenteboukonsultant waardevol is in die hele proses van gemeentebou, maar hy is beslis onmisbaar in die evalueringsproses. Dit word dus aanbeveel dat so 'n evaluering en diagnose onder die bekwame leiding van 'n konsultant sal plaasvind. Van der Merwe (1999:150-151) het 'n opsommende beskrywing en uitleg van die verloop van die analise gemaak en die navorser wil hom hierin navolg (vgl. ook Callahan 1987:1-24). Van der Merwe beskryf dit as volg:

In hierdie diagnose van die gemeente word 'n beduidende aantal lidmate betrek. Callahan (1987:58) beveel aan dat omtrent 20% van die gemiddelde oggenderediensbywoners gemotiveer moet word om aan die diagnose deel te neem. Die gemeentediagnose kan op 'n paar maniere aangepak word:

1. Een sessie per week oor die benodigde weke.
2. Oor ’n naweek.
3. Elke aand, vir ’n week lank.

Die evaluasie word d.m.v. ’n diagnose- en evaluasievraelys gedoen, wat individueel en ter vergadering ingevul word. Callahan se beplanningswerkboek word met die diagnose- en evalueringsproses gebruik en elke lidmaat wat meewerk, ontvang ’n kopie van die boek. Die boek is so ontwerp dat elke individu sy/haar eie evaluering doen d.m.v. die toekenning van ’n punt – in ’n graderingsgids – waarin ’n bepaalde kenmerk van ’n sleutelwaarde geëvalueer word. Elke individu het ’n beplanningsmaat, met wie hy/sy die evaluasie bespreek. Die beplanningspaar se bevindinge word vervolgens in ’n kleiner groep bespreek, waarvan die grootte van die groep wissel tussen agt en tien. Elke individu bespreek sy/haar bevindinge in die kleingroep, sonder dat die toegekende waardes en punte verander word. Daar is twaalf sleutelwaardes en bogenoemde proses word herhaal, totdat al die kenmerke onder al die sleutelwaardes geëvalueer is. Daarna word groepevaluering gedoen, sodat elke individu uiteindelik ’n volledige stel gegewens van die kleingroep, asook van die grootgroep as geheel beskikbaar het.

Die beplanningspare, tafelgroepe en die grootgroep kies saam watter van die twaalf sleutelkenmerke dringend aandag moet kry. Slegs vier of vyf kenmerke is vir eers voldoende. Daarna word voorlopige datums vir die komende jare vasgestel, waarop die implementering en uitvoering van die aksies moet geskied. Na afloop van die diagnose, evaluering en die suggesties vir doelwitte, word ’n langtermynreëlingskomitee vanuit die grootgroep aangewys. Hulle word dan getaak om namens die grootgroep die beplanningsproses verder te koördineer en te begelei.

So ’n gesamentlike diagnose en evaluering is van groot belang vir gemeentebou. Dit is nie net ’n diagnose deur ’n klomp lidmate nie, dit word ’n opbougeleentheid in sigself. Dit bied aan die begeleiers en lidmate die geleentheid om met die diagnose op ’n teologiese en eg gemeente-eie wyse om te gaan. Die kenmerke, wat gediagnoseer en geëvalueer word, het te make met die hart van die gemeente se verhoudinge en funksionering en is beslis meer as net die versameling van feite en uitsprake op grond

van statistiek. Lidmate het dikwels 'n subjektiewe belewenis waarvolgens hul die gemeente beoordeel. Tydens hierdie proses word objektiewe feite met subjektiewe belewenis van lidmate in gesprek geplaas en word hul ervaring in perspektief gebring.

Callahan se metode hou volgens Nel (1994:174) die volgende voordele in:

a. Die evaluasie word deur individue én 'n kleingroep gedoen.
b. Kreatiewe idees ontstaan vanuit groepsdinamiese gesprekke.
c. Lede motiveer mekaar d.m.v. onderlinge gesprekke om die proses voort te sit.
d. Die kleingroepe sowel as die grootgroep kontroleer eensydige onkritiese of oorkritiese evaluerings deur individue.
e. Misverstande, wanopvattings of valse verwagtings wat moontlik by lidmate kan bestaan word uitgeklaar.
f. Die gemotiveerde groep gelowiges werk vir ongeveer nege ure saam onder leiding van 'n konsultant en word geestelik versterk soos hulle in die praktiese gemeentebouproses ingroei.

### 2.5.5 Doelgerigte Aksie

Nadat die gemeente-analise plaasgevind het en die langtermynreëlingskomitee of strategiese beplanningskomitee daar gestel is, kan nou oorgegaan word om planne van aksie te implementeer om die gemeentebouproses te volvoer. Oswald & Friedrich (1996:22) meld, dat hierdie komitee verkieslik nie kleiner as vyf, maar ook nie groter as twaalf moet wees nie (vgl. ook Callahan 1987:3). Die volgende drie fases volg:

1. Strategiese beplanning.
2. Implementering van die strategiese plan.
3. Evaluering, stabilisering en herhaling.

Een van die mees kritiese faktore in hierdie proses is kommunikasie. Aangesien kommunikasie die hele gemeentebouproses moet saambind, is dit van uiterste belang, dat die proses se vordering en beplanning met die gemeente gekommunikeer word. "Geen groep of gemeente neem eienaarskap van 'n saak, sonder dat hulle in die

kommunikasieproses betrek word nie" (Hendriks 1992:158; vgl. ook Goedhart 1984:39; Rendle 1998:124; Van der Merwe & Marais 2001:57). Oswald & Friedrich (1996:xiv) beklemtoon die noodsaaklikheid van gebed om die hele proses te ondervang. Hoewel gebed en kommunikasie deurgaans in die gemeentebouproses teenwoordig moet wees, is dit veral belangrik dat dit in die beplanningsproses prominent moet wees. Die noodsaak van 'n fasiliteerder kom veral ook hier na vore. "The planning process usually proceeds best when a consistent facilitator is present for all sessions" (Oswald & Friedrich 1996:19). Callahan (1983:22) beskou die volgende hulpbronne as kardinaal vir strategiese beplanning: wysheid, onderskeidingsvermoë, visie en gesonde verstand.

### 2.5.5.1 Strategiese Beplanning

Volgens Lukas 14 vers 25 – 33 gaan dissipelskap (gemeente-wees) hand aan hand met goeie beplanning. Niks in die Koninkryk van God kan sonder goeie en ordelike beplanning plaasvind nie. Inteendeel, die hele skepping getuig van God se deeglike beplanning vir die ordelike verloop van die ganse wêreld. Ongelukkig gaan die kerk dikwels mank aan ordentlike beplanning. Knudsen (1979:29) skryf vanuit sy kennis van die koöperatiewe wêreld dat daar min organisasies in die wêreld is, wat so tekort skiet in sy beplanning, as juis die kerk. Strategiese beplanning is derhalwe onmisbaar en vloei eintlik logies uit die diagnose voort. Langs die weg word die versoeking gekeer, om jaarliks dieselfde dinge, net op ander datums te doen. Dit help die gemeente om doelgerig vorentoe te beweeg en nie in sirkels te dwaal nie. "The purpose of planning is action, not planning. The purpose of planning is mission, not meetings. The purpose of effective long-range planning is accomplishments and achievements, not more activities and longer planning reports" (Callahan 1987:1). Beplanning, met 'n sentrale doel voor oë, help bedieninge om insluitend te werk en nie elkeen in sy eie rigting nie.

Hoe en wanneer vind beplanning in 'n gemeente plaas? Hendriks (1992:158) en Nel (1994:183) is dit eens, dat beplanning plaasvind, as daar 'n doel en doelwitte gestel word en aksieplanne geformuleer word, om dit te bereik. Nel (1994:183) stel dit verder, dat strategiese beplanning die volgende behels:

a. Dit volg nadat ’n gemeente-analise gedoen is.
b. Dit begin met die vasstelling van ’n gemeente se sterk- en swakpunte.
c. Dit sluit die omskrywing van geïdentifiseerde probleme en behoeftes in.
d. Dit sluit die formulering van ’n breë doel in – verfyning van die gemeente se missie.
e. Dit sluit die formulering van doelwitte op pad na die bereiking van die breë doel in.
f. Dit kies aksiestappe ter bereiking van die doelwitte.
g. Dit stel ’n strategiese program met tydskedules, metodes, bronne en verantwoordelike persone in.

Wie is almal by die strategiese beplanning betrokke? Die hele gemeente sover as moontlik (Van der Merwe & Marais 2001:29). Wanneer die gemeente-analise gedoen is, word die bevindinge aan die gemeente gekommunikeer (Van Schalkwyk 1988:39). Hulle word vervolgens uitgenooi om enige idees, voorstelle en suggesties aan die verkose langtermynreëlingskomitee deur te gee, wat dit verfyn en verwerk en dan die gemeente se doelwitte skryf.

#### 2.5.5.1.1 Doelwitformulering

Die formulering van ’n doel en doelwitte speel ’n belangrike rol in die strategiebeplanning. Daar word te dikwels veronderstel dat almal weet waarom dit in die gemeente gaan. Derhalwe is dit nodig om die rigting van die gemeente duidelik te omskryf.

**1. Doel**

Die doel vloei voort uit die missie van die gemeente. “Tereg word dit gestel, dat *missie* sinoniem is met die *bestaansdoel* van ’n gemeente” (Nel 1994:185). Met die skryf van die doel van die gemeente, word die missie verfyn – in ’n kort bondige, amper slagspreukvorm – om die gemeente in verband te bring met die spesifieke gemeente en sy taak in ’n spesifieke gemeenskap (Hendriks 1992:184). Dit sê iets van die bestemming waarna die gemeente in sy beplanning oppad is. Stephen Covey

sê hiervan: "Begin with the end in mind. That means to start with a clear understanding of your destination. It means to know where you're going so that you better understand where you are now and so that the steps you take are always in the right direction" (Covey 1989:98). Om dus 'n doel vir die spesifieke gemeente te vind, moet die bevindinge van die gemeente-analise in berekening gebring word (vgl. Hendriks 1992:184-185).

## 2. Doelwitte

Doelwitte is spesifieke gedetailleerde stappe wat tree vir tree die rigting waarheen gewerk word beskryf, ten einde die doel te bereik. Die doel is dus die eindresultaat (vgl. Nel 1994:186). Nadat die sterk- en swakpunte geïdentifiseer is en spesifieke behoeftes en probleme vasgestel is – wat uit die gemeente-analise voortvloei – besluit die langtermynbeplanningskomitee waaraan gewerk moet word. Doelwitte word dan ten opsigte van die geïdentifiseerde areas geformuleer. In die formulering van doelwitte, moet daar met die volgende rekening gehou word: die geformuleerde doel van die gemeente; die gemeente- en omgewingsprofiel en die verskillende funksies en handelinge van die gemeente (vgl. Hendriks 1992:186; Van der Merwe 1999:153).

Beukes (1983:191-192) maak nuttige voorstelle in die skryf van doelwitte:

a. Dit moet realisties wees.
b. Dit moet bereikbaar wees.
c. Dit beskryf die beoogde uitkoms.
d. Dit moet spesifiek wees in terme van wie, wat, waar en hoeveel.
e. Dit moet kontroleerbaar wees.
f. Dit moet in duidelike, eenvoudige taal geskryf word.
g. Dit moet iets van die handelinge en gesindheid van die gemeente sê.

Callahan (2002:158) gee ook bruikbare wenke in die skryf van doelwitte. Hy sê, die volgende vyf vrae moet gevra word, in die skryf van doelwitte:

a. Sal die doelwit werklik 'n verskil maak en is dit 'n kreatiewe en bepalende moontlikheid?

b. Sal dit entoesiasme by lidmate wek, as hulle dit uitvoer?
c. Sal hierdie doelwit op ons sterkpunte bou?
d. Sal hierdie doelwit waardevol vir die wêreld wees en dra dit tot die karakter en kwaliteit van mense se lewens by?
e. Sal die doelwit belofte toon om God se sending te doen en uit te bou?

Die volgende beginsels word deur Nel (1994:187-192) voorgestel om goeie doelwitte te skryf:

***i. Wil van God***

In die formulering van doelwitte, moet daar allereers gevra word na die wil van God. Dit is ’n vraag na die wese en bestaansdoel van die gemeente. Dit staan nie teenoor die behoeftes van die gemeente nie, maar is juis ’n soeke na die vervulling van die mens se diepste behoeftes. God het die mens gemaak om Hom te dien en te verheerlik en die mens word eers werklik vervul, as hy volgens sy skeppingsdoel begin leef. “To discover how to live with purpose we must return to God, who is the Author of purpose” (Munroe 1992:111). In die skryf van doelwitte is dit dus nodig om die gemeente uiteindelik by hulle skeppingsdoel uit te bring. Callahan (2002:161) evalueer doelwitte deur die volgende te vra: Lei die doelwit ons na nuwe maniere en moontlikhede om God se sending te volvoer?

***ii. Bereikbaar en Konkreet***

Callahan (1987:28) sê: “The mistake many churches make is that they set unrealistic and unachievable objectives. Some people have a theological perspective that has a built-in compulsiveness toward perfectionism, and when they set objectives with a group, others may procrastinate and hang back from working. Compulsive, perfectionistic persons tend to set objectives that are too high and will never realistically be achieved. And since the others in the group innately sense that the objective has set them up to fail, they postpone action because they are seeking to postpone failure.” Waak teen doelwitte, wat mense by voorbaat moedeloos gaan maak, nog voordat hulle eers begin het. Dit is nodig om die beplande doelwitte sover

moontlik aan ander gelowiges te toets, om seker te maak dat daar eenstemmigheid is en of die bepaalde doelwitte binne bereik is (vgl. ook Callahan 2002:161).

Konkreetheid is net so belangrik soos bereikbaarheid. Doelwitte moet so spesifiek moontlik uitspel wat die gemeente ten opsigte van 'n bepaalde saak op 'n gegewe tyd wil bereik. Vaaghede moet tot elke prys vermy word. Goedhart (1984:41): "Deze doelstellingen moeten dan niet in algemene termen geformuleerd worden, maar in operationele, werkbare termen." Om te bepaal of 'n doelwit op 'n spesifieke tyd bereik is en/of in watter mate dit bereik is, moet doelwitte ook meetbaar wees (Callahan 2002:162). 'n Doelwit wat spesifiek en konkreet is, se vordering kan maklik gemeet word (vgl. Callahan 1987:27). Callahan meld dat doelwitte wat die woorde *meer* en *beter* bevat, nie doelwitte is nie, aangesien dit onrealistiese, vaag en onbereikbare waarhede beskryf (Callahan 2002:162). Hy sê: "We can never achieve more. More is always one more over the horizon. It is a never-ending horizon of failure" (:162).

***iii. Konsoliderend en Missionêr***

Dit waaroor die gemeente beskik word versterk en uitgebou en dit wat die gemeente nie het nie, word geskep.

- Konsoliderend - Dit het te doen met die basiese dinge in die bestaan of oorlewing van die gemeente. Dit raak sake soos eredienste, kategese, pastorale versorging van lidmate, diakonaat, Bybelstudies ens.
- Missionêr - Dit is die missionêre uitbreiding van die bestaande basiese, maar veral om bedieninge te skep wat nog nooit voorheen bestaan het nie. Veral ter sprake is: immigrante, verslaafdes, gevangenes, kindersorg, ekonomies afhanklike inwoners, ongeletterdes ens.

(vgl. Roberts 1983:117-119)

’n Gemeente wat nie aan die basiese konsoliderende bedieninge aandag gee nie, beplan om te misluk. Doelwitte moet daarom gerig wees daarop, om die konsoliderende bedieninge so effektief moontlik te maak en te behou. ’n Gemeente word deur God geroep om missionêr na sy gemeenskap uit te reik en nie net op oorlewing te fokus nie. Om doelwitte vir ’n spesifieke gemeente met unieke omstandighede, binne ’n spesifieke gemeenskap te skryf, moet die langtermynbeplanningskomitee na geleenthede soek of voorstelle vanuit die gemeente ondersoek, waar hulp en nood verleen kan word. Callahan (1983:xxi) akklameer: “We need more persons who are willing to be active in the world in mission and fewer who are willing to be only reactive within the programs and activities of the local church.

***iv. Sterk- en swakpunte***

Doelwitte moet so geskryf word, om bestaande sterkpunte verder uit te bou en swakpunte – wat na die gemeente-analise geïdentifiseer is – in toekomstige sterkpunte te omskep. Dit is strategies belangrik om eerstens op die bestaande sterkpunte te fokus, om dit wat die gemeente reeds goed doen, te verbeter. Callahan (1983:xvi): “Power for the future is found in claiming our strengths, not in focusing on our weaknesses and shortcomings.” ’n Gemeente wat eerstens op sy swakpunte konsentreer verloor sy sterkpunte, omrede sterkpunte wat nie benut en uitgebou word nie, swakker word en verval. Indien een van ’n gemeente se basiese bedieninge vir gemeente-wees, soos erediens en kategese, as ’n swakpunt geïdentifiseer word, mag dit geensins geïgnoreer word nie. Daar mag dus wel swakpunte in ’n gemeente teenwoordig wees, wat so kardinaal van belang is, dat dit vir ’n gemeente noodlottig sal wees om slegs op die sterkpunte te konsentreer en dit te ignoreer. Volgens Bybelse voorskrifte vir gemeente-wees, is daar reeds ’n sekere prioriteitskeuse, wat aandag moet geniet in die formulering van doelwitte.

***v. Verhouding: Relasionele en Funksionele kenmerke***

Daar is reeds verwys na Callahan se onderskeiding in relasionele en funksionele kenmerke van effektiewe gemeentes. Callahan (1983:xiv) sê vervolgens:

a. "The relational characteristics are the sources of satisfaction in a congregation.
b. The functional characteristics, if they are not in place, are the sources of dissatisfaction in a congregation.
c. There is no direct correlation between the two."

Daarmee bedoel hy die volgende: die relasionele kenmerke word aan satisfaksie gekoppel en die funksionele kenmerke word aan dissatisfaksie gekoppel. Die relasionele kenmerke is die hoofbron van satisfaksie en tevredenheid in 'n gegewe gemeente. Die ses rasionele- en ses funksionele kenmerke – twaalf sleutelkenmerke – het dieselfde uitwerking op 'n gemeente naamlik: hoe meer daar van die kenmerke teenwoordig is en hoe beter hul funksioneer, hoe hoër is die vlak van satisfaksie. Daar is egter ***geen*** direkte verband tussen die twee nie en die vlakke van satisfaksie en dissatisfaksie styg en daal onafhanklik van mekaar. Dit werk nie soos 'n weegskaal wat 'n daling in die vlak van dissatisfaksie, met 'n styging in die vlak van satisfaksie sal uitbalanseer nie. Hieruit vloei 'n waarheid wat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika waar is. Gemeentes glo dat dit geluk en satisfaksie bring om kerkgeboue op te rig, maar die teendeel is egter waar, omrede dit net die vlakke van dissatisfaksie verlaag. Lidmate ervaar nog steeds geen satisfaksie in hulle diens aan God nie. Dit is belangrik dat 'n gemeente eerstens aan die relasionele kenmerke moet aandag gee en nie op die funksionele kenmerke moet konsentreer nie. Callahan sê: "Mission shapes mortar. Mortar follows mission, not the reverse (Callahan 1995:46). Volgens Callahan (1983:xii) vertoon effektiewe gemeentes gewoonlik minstens nege van die twaalf sleutelkenmerke, waarvan die meeste op die relasionele vlak moet lê.

### *vi. Sisteembenadering*

Die sisteembenadering val onder die sisteemteorie, wat op sy beurt weer onder die verstaan van *Ekologie* val – die essensiële interafhanklikheid van alle aspekte van die lewe op aarde (vgl. Hendriks 1992:278). Bisschoff (1991:28) sê: "Die gemeente kan as 'n sisteem beskou word waarbinne die verskillende elemente (soos koinonia, diakonia, kerugma, ensovoorts) van mekaar afhanklik is en in 'n ewewig (ekwilibrium) tot mekaar verkeer. Hierdie interafhanklikheid word verder versterk deur invloede van buite die gemeente, omdat die gemeente 'n oop sisteem is, waarop samelewingsgebeure 'n besliste impak het."

Pasveer (1992:57-59) sê elke gemeente vorm ŉ unieke sisteem en is deel van ŉ unieke omgewing. Binne die benadering van die sisteemteorie kan die gemeente as sisteem gesien en benader word. Pasveer (1992:236) illustreer dit aan die hand van die volgende diagram:




**Figuur 2.1: Sisteemteorie**

Die bogenoemde diagram stel ŉ uurglas voor waarin die invloede vanuit die omgewing die gemeente se *praxis* toets. Dit lei tot ŉ leerproses vir die gemeente wat bedoel is, om tot ŉ verbeterde *praxis* te lei. Die uurglas word voortdurend omgekeer, wat ŉ deurlopende en onophoudelike proses veronderstel. Die vernouing in die uurglas beeld juis die spanning uit, wat die leerproses meebring. Die veronderstelling is ook nie dat een proses eers heeltemal verloop het, voordat die volgende proses begin nie.

Dit kan soos volg verduidelik word. Die gemeente is ŉ afgebakende eenheid – ŉ sisteem – wat deur sy omgewing (samestelling van ander sisteme) beïnvloed word. Die gemeente bestaan as sisteem, uit ŉ aantal subsisteme wat kenmerkend vir daardie spesifieke gemeente is. Onder subsisteme word verstaan: elke lidmaat afsonderlik en ook elke bediening in die gemeente. Die subsisteme in die sisteem (gemeente) is afhanklik van mekaar, staan in ŉ sekere rangskikking tot mekaar en beïnvloed mekaar. Die sisteem en die subsisteme is afsonderlik en in samehang met mekaar op die gemeente se bepaalde doel (rede vir bestaan) gerig. In die dinamiese leerproses –

spanning tussen die gemeente en sy omgewing – soos deur Pasveer beskryf, is daar 'n aantal invloede, wat meewerk. Nel (1994:191) stel dit as volg:

- Beslissende veranderlikes - Dui op die veranderlikes in die samelewing, wat altyd weer die beslissings van die gemeente beïnvloed.
- Randvoorwaardes - Beperkende faktore, wat bepaalde oplossings vir probleme kortwiek en bemoeilik.
- Doelstellingsfunksie - Verwys na die doelstellings, wat reeds bestaan en wat verder in die diens van die geheel uitgebou, verander of verminder moet word.

In die formulering van doelwitte moet daar met: die omgewing – as saamgestelde sisteem; die gemeente – as sisteem en met die gemeente se subsisteme rekening gehou word. Dit is veral die verhoudings tussen die subsisteme, wat in ag geneem moet word. Dit beteken dat interlidmaatverhoudings en die verhoudings en verbande tussen die verskillende bedieninge in die gemeente ernstig bejeën moet word, sodat die doelwitte van die subsisteme, die doel van die sisteem (gemeente) dien. Die belange van elke subsisteem moet ernstig in ag geneem word en terselfdertyd moet die belang van die sisteem as geheel beplan word. Leiers se persoonlike voorkeure kan maklik meebring, dat daar vir 'n subsisteem van hulle voorkeur beplan word, asof dié subsisteem, die sisteem self is.

Doelwitformulering binne 'n sisteembenadering, vra daarom na 'n komprehensiewe uitsig op die gemeente en die belangrikheid van elke bedieningsvorm en lidmaat binne die geheel. Dit vra dat al die dele sinvol in belang van die geheel en die doel van die gemeente mekaar sal aanvul, komplimenteer en integreer.

***vii. Tydsintervalle***

Callahan noem dat tydindeling een van die belangrikste aspekte van doelwitformulering is. "An excellent key objective includes intermediary definite time horizons that build toward the desired end result" (Callahan 1987:27; Callahan 2002:161). Wees versigtig om nie net verwagte sperdatums vir afhandeling daar te stel nie, maar bepaal ook intervaltye om vordering te monitor. Indien daar net 'n sperdatum bepaal word, sal dit eers op daardie datum aan die lig kom, dat geen noemenswaardige werk in terme van die doelwit gedoen is nie (vgl. Nel 1994:193).

### 2.5.5.2 Implementering van die Strategiese Plan

Wanneer die fases van die gemeentebouproses, tot op hede, na die beste van 'n gemeente se vermoë voltooi is en die doelwitte geformuleer is, moet die wyse waarop die proses voltooi gaan word, bepaal word. Die belangrikste vrae wat dié fase in die regte rigting stuur, is die volgende:

a. Watter weë is beskikbaar?
b. Watter metodes is die beste en doelgerigste?
c. Watter werkswyse gaan gevolg word?
d. Oor watter hulpmiddels, helpende faktore en mensemateriaal word beskik?

***i. Implementering***

Doelwitte kan nie hulleself bereik nie. Om doelwitte te bereik, moet dit beplan en bestuur word en deur gemotiveerde lidmate op 'n georganiseerde wyse uitgevoer word. Die langtermynreëlingskomitee gee die doelwitte waarop besluit is, aan die kerkraad deur. Dit bevat die tydskedules en moontlike name van die verantwoordelike persoon of groep, wat verantwoordelikheid kan neem. Die kerkraad dra vervolgens die take op aan die werk- of diensgroepe – wat daarvoor verantwoordelikheid is – en vra die langtermynreëlingskomitee om die implementering en uitvoering te monitor (vgl. Nel 1994:196; Callahan 1987:67-70).

### *ii. Verhoudings*

Wanneer die doelwitte geïmplementeer word, moet besondere aandag aan die volgende gegee word:

a. Die opleiding van leiers om met mense te werk en mense op te bou.
b. Die korrekte verhouding tussen leiers onderling.
c. Die gesonde verhouding tussen begeleiers en die ander lidmate, wat aan die implementering meewerk. Leraars sal goed doen om besondere aandag aan hierdie onderlinge verhoudings te gee.

Die gemeente bestaan verhoudingsmatig en hierdie verhoudings is wesenlik belangrik vir die gemeente om haar in staat te stel om haarself op te bou. In die kerk van Christus is daar nie sprake of plek vir hiërargie nie, maar 'n gelykheid in Christus. Leierskap beteken nie hoofskap oor ander nie. Juis daarom vra die implementering van die doelwitte, dat daar besondere aandag aan verhoudings gegee sal word. Die bestaan van goeie verhoudings bou ook lidmate onderling en werk ondersteunend mee, om lidmate nie moedeloos te laat in die harde realiteit van die implementering nie (vgl. Nel 1994:197; Callahan 1983:xiii; Callahan 1987:71-74).

### *iii. Koördinering*

Die gemeentebouproses kan maklik ná strategiebeplanning weer in chaos verval. Lidmate is dikwels baie geïnspireerd en wil dringend iets doen en dinge sien gebeur (Rendle 1998:114). Met die breë beplanning vars in hulle geheue, begin sommige entoesiaste elkeen op sy eie met iets. Dit lei gewoonlik tot ernstige verhoudingsbotsings. Daarom is dit belangrik dat alle medewerkers in die beplanningsfase sal weet, om nie elkeen sy eie rigting in te slaan nie. Die gemeente as sisteem moet met sy subsisteme saamwerk aan die oorkoepelende doel wat gekoördineerd plaasvind, onder leiding van die langtermynreëlingskomitee (vgl. Van Schalkwyk 1988:39). Dit is noodsaaklik dat implementering gekoördineerd sal plaasvind en daar moet gewaak word dat: besieling nie gedemp word nie, inisiatief nie ontmoedig word nie en kreatiwiteit nie ontneem word nie. In die liggaam van Christus moet begaafdheid gerespekteer word en ruimte vir inisiatief en kreatiwiteit

gegun word. Die eer en wil van God en die belang van die liggaam in sy geheel staan voorop, wat dus grense aan lidmate se kreatiwiteit en inisiatief stel. Daarom is elke lidmaat verbind om konsensus binne die liggaam te soek. Derhalwe is kommunikasie van uiterste belang in hierdie fase (vgl. Nel 1994:198; Van der Merwe 1999:163; Callahan 1987:94-96).

***iv. Volgehoue Leiding***

Om doelwitte te bereik, sterkpunte uit te bou, swakpunte in sterkpunte te omskep, behoeftes te bevredig en probleme op te los, verg harde werk en kom nie vanself nie. Wanneer die opgewondenheid van die beplanning verby is en die harde werklikheid van die implementering insink, raak heelparty begeleiers en lidmate moedeloos. Sommiges verdwyn en ander gee summier moed op. Dit is hier waar leierskap moet intree en hulp verleen, wat voortdurende bemoediging, ondersteuning, troos en ook soms vermaning vereis (vgl. Callahan 1987:76-82; Nel 1994:198-199; Van Schalkwyk 1988:61).

### 2.5.5.3 Evaluering, Stabilisering en Herhaling

***i. Evaluering***

In gemeentebou gaan dit daarom, dat ’n gemeente wat sy identiteit verstaan en waardeer, self sy funksionering evalueer. Dat die vordering van die gemeentebouproses geëvalueer word, is net logies. Evaluering is deel van elke fase, ook nadat aksieplanne geïmplementeer is. Dit moet op ’n deurlopende basis en jaarliks op ’n formele wyse afgehandel word. Dit word gedoen om die vordering in die bereiking van elke doelwit te toets. Die hoofdoel met evaluering is uiteindelik:

a. Om die doeltreffendheid van die aksieprogram te bepaal.
b. Om die bereikbaarheid en die bereiking van doelwitte tot in daardie stadium van die implementeringsfase te bepaal.
c. Om die nodige aanpassings ten opsigte van doelwitte en ten opsigte van die organisasie te maak.

Evaluering bewys dikwels 'n gemeente se erns oor haar eie opbou. Evaluasie is ook bemoedigend en motiverend, omdat daar ervaar word dat doelwitte wel onder die seënende hand van God bereik word. Dit dui ook vir 'n gemeente aan dat sy besig is om op die lang pad van gemeentebou te vorder. Evaluering toets nie net kennis nie, maar bewys ook of die gemeente nou meer effektief is in die vervulling van haar roeping.

Hoe word evaluering gedoen? Gewoonlik skriftelik of mondelings (Beukes 1983:181-182). Die meting van kwantiteite is gewoonlik maklik, soos getallegroei, wat in persentasies gemeet kan word. Indien daar egter 'n kwalitatiewe meting moet plaasvind, is dit beter om dit in kleingroepe te doen. Dieselfde groepe, wat aan die beplanning deelgeneem het, kan ook die vordering of gebrek daaraan evalueer. Die gemeente moet sover as moontlik die belewenis hê dat hulself verantwoordelik is om hul eie vernuwing en doelwitbereiking te evalueer (vgl. Nel 1994:199-201; Hendriks 1992:188-189; Van der Merwe 1999:164).

***ii. Stabilisering***

Wanneer 'n doelwit bereik is, word evaluering gevolg deur 'n bepaalde vorm van stabilisering. Daar word seker gemaak dat die bediening wat geëvalueer is en wat toon dat dit goed funksioneer, nou gestabiliseer word en bestendig voortgaan om goed te ontwikkel. Stabilisering is slegs bedoel om te verseker dat suksesse nie in die lig bly hang en later wortelloos sterf nie. Dit beteken egter nie, dat die proses nou afgehandel is rondom 'n bepaalde suksesvolle bediening nie. Dit sal nog voortdurend geëvalueer moet word om sy doeltreffendheid te toets. Die gemeente behoort van die begin af ingelig te word dat gemeentebou nooit regtig eindig nie. Dit is 'n bediening wat op vernuwing en meer effektiewe roepingsvervulling gerig is. Derhalwe kan geen bediening as afgehandel beskou word nie, al is dit ook hoe effektief (vgl. Nel 1994:201-202).

***iii. Herhaling***

’n Gemeente sal goed doen, afhangende van die tipe samelewing waarbinne hy funksioneer, om die gemeente-analise en al die fases daarna, elke drie tot vyf jaar te herhaal. Indien die beplanning oor vyf jaar strek, dan elke vyfde jaar. Dit sal verhoed dat gemeentes elke tien jaar weer deur die ontvriesing en dergelike motivering gaan. Die ritme in die gemeente bly dus behoue, as sy die fases gereeld herhaal (vgl. Nel 1994:202).

## 2.5.6 Samevatting

Gemeentebou is ’n noodsaaklike proses in die identiteitsvinding van ’n gemeente se bestaan. In hierdie afdeling is die model van Nel (1994) gekies om die gemeentebouproses se verloop aan te toon: motivering, missieformulering, gemeente-analise, strategiese beplanning, doelwitformulering, implementering, evaluering, stabilisering en herhaling. Indien enige gemeente doelgerig vorentoe wil beweeg, volgens sy roeping in Christus, is dit kardinaal om ’n gemeentebouproses te deurloop. Anders, word dit net ’n gemeente, wat in sirkels beplan en beweeg. Die gemeentebouproses is essensieel in ’n gemeente se fokus op sy sterkpunte, swakpunte, behoeftes en probleme. ’n Gemeente word op die pad van vernuwing geplaas en dit bring die essensie van die Goddelike verwagting na vore asook die weg waarlangs hierdie verwagting uitgevoer kan word. Sonder ’n goeie gemeentebouproses kan ’n gemeente nie werklik bestaan nie.

# Hoofstuk 3

# Bybelse Begronding

## Ideaalstelling

## 3.1. Inleiding

Die oogmerk van hierdie hoofstuk is:

a. Om in die lig van hierdie ondersoek na plekke van aanbidding te kyk.
b. Wat God se bedoeling en handelinge daarmee was.
c. Wat die mense se gedagtes en bedoelings was.
d. Hoe God dit uiteindelik in Jesus Christus tot werklikheidsverstaan gebring het.

Dit is die stelling van die ideaal, soos God drie-enig dit deur organiese inspirasie – met die mens se interpretasie daarvan – as maatstaf deurgegee het. Die doel van hierdie hoofstuk is nie om elke teks, wat handel oor die boumetafoor in die Ou en Nuwe Testament na te speur en dit eksegeties te ontleed nie. Die doel is ook nie om na die boumetafoor as sulks te kyk en vanuit die hoek van die metafoor, God se bedoeling met die boubeeld te verstaan nie.

## 3.2. Ou Testament

Foley (1991:3) het gesê: “Jesus’s message and the Christianity that emerged from those who accepted that message can be understood only in the context of the Jewish culture in which they originated. ... Pope Pius XI said, that in order to understand his or her faith, every Christian needs to become a spiritual Semite.” Om derhalwe te begryp wat God se bedoeling met kerkgeboue was en hoe die mens dit verstaan het, sal ons by die begin moet begin.

### 3.2.1 Heiligdomme - Aartsvaders

Die eerste kennismaking met plekke van aanbidding in die Ou Testament, kan alreeds tot sover as die tydperk voor die aartsvaders teruggevoer word. Dit het by Kain en Abel begin, wat offers op altare gebring het. (Gen. 4:3-4) Ook Noag het vir die Here ŉ altaar gebou en God het dit goedgevind. (Gen. 8:20) Die aartsvaders het egter meer permanensie aan sekere heiligdomme verleen, deur herhaaldelik na sommige heiligdomme terug te keer. Hierdie heiligdomme van die aartsvaders het ook by die gebruike van die Semitiese wêreld van die dag ingeval (vgl. Castel 1985:26). Indien ŉ heidense land ingeneem was, het die aartsvaders dikwels die reeds bestaande heidense heiligdomme vir eie gebruik ingespan. Die lokasie waar hierdie heiligdomme gewoonlik gevestig was, word deur die volgende gekenmerk:

a. Teofanie, waar God aan die mens op ŉ spesifieke plek verskyn het.
b. Heilige waters, wat gesien is as ŉ manifestasie van God, waaruit die wêreld vrugbaar gemaak word.
c. Heilige bome, wat as ŉ teken van vrugbaarheid gesien is.
d. Hoogtes, om sodoende so naby as moontlik aan die godheid te kom.

"The Israelites attributed the foundation of certian sanctuaries to the Patriarchs. Sanctuaries were erected where nature manifested the presence of the God of Abraham, Isaac and Jacob – near a tree, for example, or on a natural height, or by a water-source: but they were erected principally in places where God had shown himself in a theophany. Sanctuaries of this kind are found all along the route the Patriarchs travelled" (Clemens 1978:67). Dit is belangrik om daarop te let, dat God nie aan ŉ spesifieke heiligdom gebonde was nie. Hy kon ook nie deur menslike optrede of aandrang na ŉ spesifieke heiligdom gedwing word nie. "The Hebraic theology of presence preserves the freedom of the Deity from human manipulation. The various epiphanic speeches are consequently linked together, not by requirement of cultus, sacerdotal college, or ritual act related to sacred place" (Terrien 1978:94). Daar is geen aanduiding dat daar geglo was dat hierdie heiligdomme deur God bewoon was nie – in statiese terme die *domus dei*. "While the Canaanite city-states worshipped deities attached to a *hieros topos* (sacred place), the patriarchs were

pictured as nomads who worshipped a travelling God" (Terrien 1978:93). Alle indikasies dui dus eerder op ŉ dinamiese verhouding tussen God en mense, wat by verskeie plekke plaasgevind het. "The memories of patriarchal travels point to a single motivation: the peculiar summons of a "nomadic" Deity that appears at first to have been completely independent of a localized shrine or priesthood" (Terrien 1978:67).

Die volgende heiligdomme word vermeld:

#### 3.2.1.1 Sigem

Die eerste van hierdie heiligdomme vind ons in Genesis 12:6-7. Hier het ŉ teofanie plaasgevind en Abraham het by die waarsêersboom, ŉ Kanaänitiese heiligdom (Vosloo 1993:31), ŉ altaar vir die Here gebou om die nuwe land aan die Here te wy. Hierdie heiligdom het ook ŉ sentrale rol by Jakob gespeel. Jakob het by Sigem ook ŉ altaar vir die Here gebou, wat hy *Die God van Israel is God* (Gen. 33:18-20) genoem het, nadat hy Gamor se seuns se grond gekoop het. Nadat Josef se oorskot uit Egipte na Sigem gebring is, is dit ook daar begrawe. (Jos. 24:32) Van belang, vir hierdie studie, is dat Sigem as heiligdom sy waarde in die oë van die volk en God verloor het, weens heidense gebruike wat daar plaasgevind het. "The Deuteronomic redactors of the canonical books drew a veil over the survival of a sanctuary where the worship, to them, seemed stained by pagan practices. In the book of Deuteronomy itself, the name of Shechem is not even mentioned" (De Vaux 1961:290; sien ook Fensham & Oberholzer 1985:272).

#### 3.2.1.2 Bet-El

Alhoewel Abraham ook hier ŉ altaar gebou het (Gen. 12:8), word die vestiging van hierdie heiligdom hoofsaaklik aan Jakob toegedig. "Both the Yahwistic and Elohistic traditions, attributes the founding of this sanctuary to Jacob" (De Vaux 1961:291; vgl. ook Gispen 1977:104). Net soos by Sigem was hierdie ook aanvanklik ŉ Kanaänitiese heiligdom, maar is deur die Jahwistiese tradisie oorgeneem. Bet-El het ŉ belangrike rol gespeel in die vroeë geskiedenis van Israel, soos die naam Bet-El,

Huis van God ook aandui. (vgl. Am. 4:4 en 1 Sam. 10:3) Selfs die verbondsark is vir ŉ ruk daar bewaar. Na die politieke skeuring het Jerobeam, Bet-El as koninklike heiligdom gevestig (vgl. Hinson 1990:112). Wat hier van belang is, is dat die Jahwistiese tradisie ook Bet-El eksplisiet as ŉ heiligdom verwerp het. "These sanctuaries were condemned by the spokesman of Yahwism – Bethel explicitly" (De Vaux 1961:293).

### 3.2.1.3 Mamre

Mamre word net in Genesis as ŉ heiligdom aangedui (Gispen 1977:434). Nêrens buite die boek Genesis word na Mamre verwys nie. Abraham het hier by die groot bome van Mamre ŉ altaar vir God gebou, nadat sy weë met Lot geskei het (Bucke 1962:235). Mamre se waardevolheid lê veral daarin dat God tweekeer aan Abraham by Mamre verskyn het. In Genesis 15, waar die verbondsluiting plaasgevind het. "Mamre is the best scene of the Covenant in Gn 15" (De Vaux 1961:262). Die oordeel oor Sodom en Gomorra is in Genesis 18 ook daar aangekondig. Mamre is egter gekenmerk deur sinkretisme – waar die godsdiens versmelt geraak het met die omliggende invloede – en het ook sy waarde as heiligdom verloor. "In all probability, a syncretist cult was practised there, and was regarded with disfavour by orthodox Yahwism. This would explain why Mambre was ostracized, and why it is never mentioned in the Bible outside Genesis; in Genesis itself, the text seems to have been deliberately obscured whenever Mambre is mentioned" (De Vaux 1961:292; vgl. ook Hinson 1990:41).

### 3.2.1.4 Berseba

Berseba is as heiligdom veral gekenmerk deur die teofanie tussen God en Isak. Die fondasie van die heiligdom word egter aan Abraham verleen, wat die heiligdom by ŉ Tamariskboom gevestig het (Gispen 1977:102). Die heiligdom volg egter dieselfde patroon, as al die ander drie genoemde heiligdomme, deurdat dit as heiligdom genegeer word, as gevolg van heidense vermenging. Die profeet Amos is baie duidelik hieroor as hy sê: "So seker as daar ŉ pelgrimspad na Berseba toe is, hulle sal val en nie weer opstaan nie!" (Am. 8:14).

#### 3.2.1.5 Aantekeninge i.v.m. die Aartsvaders se Aanbiddingsplekke

a. Dit was nie belangrik waar die plek van aanbidding was nie – selfs die heidene se aanbiddingsplekke is gedeel – die plek is egter geheilig deur God, wat teenwoordig is of was.
b. Die heiligdom kon by ŉ boom, waters of op ŉ hoogte gewees het en het dus nie oor die voorkoms van die heiligdom gegaan nie. Dit was wel belangrik om alleenlik God daar te aanbid.
c. God het Hom openbaar waar en wanneer Hy verkies het om dit te doen en was nie aan ŉ plek gebonde nie.
d. Die verhoudinge wat God met die aartsvaders of sy volk gebou het, was vir Hom belangriker as die plek waar dit plaasgevind het.
e. Die veelvoud van heiligdomme langs die aartsvaders se roetes, het daarop gedui, dat God ŉ nomadiese God was en in hul teenwoordigheid gebly het, deur saam met sy mense te trek.
f. God het Homself vry van menslike manipulasie openbaar, anders as in die Semitiese wêreld van sy tyd.

### 3.2.2 Die Woestyn Heiligdom – Die Tent

Die Bybel vertel, dat die Israeliete ŉ tent as heiligdom in die woestyn gehad het, voordat hulle hul eie heiligdomme in die beloofde land gevestig het. Hierdie tent was ŉ kerk op voete. Deur die invloed van die Vulgaat, het ons dit leer ken as die tabernakel. “The tabernacle of God in the wilderness of Sinai is the first habitation that the living God ever caused to be built for Him” (Kiene 1976:15).
Die tabernakel het verskeie funksies vervul:

a. Eerstens was dit ŉ plek van goddelike openbaring.
b. Tweedens was dit ŉ plek waarheen offerandes gebring kon word.
c. Derdens was God se teenwoordigheid in die tent ŉ teken van die vervulling van sy belofte, dat Hy by Israel sal bly en hulle God sal wees.

d. Vierdens moes dit eenheid in die midde van Israel kweek, aangesien dit in die middel van die kamp gestaan het (vgl. Koester 1989:7-22).

Dit is die plek waar God van aangesig tot aangesig en van mond tot mond, met mense gepraat het. (Ex. 33:11 en Num. 12:8) "These texts belong to the oldest tradition which stresses the role of the Tent in oracles: everyone who wanted to consult Yahweh went to the Tent, where Moses acted as his spokesman before God" (De Vaux 1961:295). Terrien (1978:90) sluit hierby aan: "The expression 'face tot face' should not be construed as referring literally to visual perception. It is an idiom and it refers simply to the direct, nonmediated character of a manifestation of presence." God se teenwoordigheid is gekenmerk deur 'n wolk wat die tent omhul het. Wanneer God teenwoordig was, was die wolk om die tent en as Hy teruggegaan het hemel toe, was die wolk weg. (Ex. 33:9 en Num. 12:4-10) In Exodus 40:34-38, wat uit die priesterlike tradisie spruit, lees ons dat God die tent die hele tyd wat dit opgeslaan was, deur 'n wolk bedek het. Dit was ook 'n teken vir die volk, wanneer om te trek en wanneer om kamp op te slaan.

Daar is verskillende opinies oor hoe die tent werklik gelyk het. Wat wel belangrik is, is dat dit uitgebeeld word, as die tempel in Jerusalem in die kleine (Clemens 1978:68). "It is only too obvious that much of the description is merely an idealization. The desert sanctuary is conceived as a collapsible temple, exactly half as big as the Temple of Jerusalem. However the authors of this description could not wholly remove it – that the dwelling was a Tent" (De Vaux 1961:291). Dit kan dus met redelike sekerheid gesê word, dat die Israeliete gedurende hulle woestyntog 'n opvoubare, draagbare heiligdom gehad het en dat die heiligdom 'n tent was (Fensham & Oberholzer 1985:273). "The tent was not a portable sanctuary which provided an abode or permanent residence for the divine, but a spatial setting, geographically unattached, to which both Yahweh and Moses would 'go' in order to 'meet'" (Terrien 1978:177; vgl. ook Fensham & Oberholzer 1985:273). Hierdie tent is die laaste keer in die vlaktes van Moab opgeslaan, net voordat die Israeliete Kanaän binnegegaan het. Oorblyfsels daarvan is volgens 1 Konings 3:4 in die tempel van Salomo bewaar. Vanuit 'n Nuwe Testamentiese oogpunt was dit ook dié heiligdom, wat die meeste gesag gedra het, as die heiligdom van God. "Whether at time or in later tradition the tabernacle is regarded as fashioned in accordance with a revealed heavenly model,

and this is endorsed by Stephen in the New Testament in Acts 7:44" (Turner 1979:91). In teenstelling met die tempel waar God as immanent aanwesig verklaar was, staan die tabernakel nou uit, omdat God transendent in die tabernakel aanwesig was. "This particular form of meeting in a cloud theophany declares that the tabernacle is the place of the presence, but in the form of intermittent visiting rather than continuous dwelling" (Turner 1979:92). Dit het derhalwe in kontras met die tempel gestaan, wat God aan 'n spesifieke plek en tyd wou vasmaak. "Here there is no emphasis on a god of soil or on fixed holy places where the deity might dwell. Rather is he a 'most high God'" (Turner 1979:92).

Turner (1979:93) verwys na Cross (The Priestly Tabernacle, *Biblical Archaeologist*, 10 (3), 1947:227) en maak 'n baie interessante onderskeiding tussen twee Hebreeuse woorde wat gebruik is: *yashab,* wat beteken om te bewoon of om in te bly en *shakan*, wat die betekenis dra van om te sit of om in 'n plek te "tent". Beide die Deuteronomiste, sowel as die priesterlike tradisie het *shakan* gebruik as hulle na die tabernakel verwys het. God het in die hemel *yashab*, maar op aarde het God in die tabernakel *shakan*. "How was such a God, who could not be regarded as dwelling in any shrine, yet be present with his people? The answer lay in the tabernacle, where Yahweh did not dwell (*yashab*), but where he 'settles impermanently' (*shakan*) in order to meet with Moses."

### 3.2.2.1 Aantekeninge in verband met die Tabernakel

a. Die tent van ontmoeting of tabernakel, het by die leefstyl van die dag ingepas. Net soos die Israeliete se woonplekke, was die heiligdom van ooreenkomstige standaard.
b. Die uiterlike was nie belangrik nie. Dit het 'n heiligdom geword, as gevolg van die teenwoordigheid van God.
c. Die tent het God se transendensie aangedui in verhouding met plekke van aanbidding.
d. Die tent het 'n nabye intimiteit tussen God en mens veronderstel.

e. Dit was die Bybelse geskiedenis se eerste draagbare kerksentrum, wat gebou is om God se mense tot diens te wees. (2 Sam. 7:7) God was ’n swerwer saam met swerwers.

f. Van al die heiligdomme het die tent die mees eskatologiese karakter gehad. Die tydelike van die aardse teenoor die hemelse permanensie, wat deur God gebou word.

g. Die estetiese is nie vir God van belang nie, maar wel die verhoudinge – God en mens en mens teenoor mens – wat in daardie gebou teenwoordig is.

h. Dit dui ook op die nederigheid van God se karakter, omrede Hy in ’n stal gebore is, nooit ’n aardse huis besit het nie en in ’n tent aanbid wou word.

## 3.2.3 Heiligdomme in die land van Israel – voor Tempelbou

Daar is ook ander heiligdomme gevestig, tussen die tydperk van die aartsvaders se heiligdomme − wat verdwyn het nadat die Israeliete hul in Kanaän gevestig het − die tabernakel en die bou van die tempel in Jerusalem. Vir die doel van hierdie studie, word net na die vorm van die heiligdomme gekyk:

### 3.2.3.1 Gilgal

Gilgal is gekenmerk deur klippe wat in ’n sirkel gepak is. (Jos. 4:20) Die simboliek van die klippe en hulle posisie van plasing, het na die deurtog deur die Jordaan heengewys.

### 3.2.3.2 Silo

Josua 18:1 maak melding dat die tent van ontmoeting hier opgerig was. De Vaux (1961:304) betwyfel dit egter ten sterkste. “It is very questionable whether the Tent was ever at Shiloh.” Eli was die priester by Silo. Die verbondsark is hier gehuisves, maar nadat die Filistyne dit verower het, is dit nooit weer na Silo teruggebring nie

(vgl. Van Selms 1968:45; Hinson 1990:88). Silo word veral verbind met die benaming: Die huis van die Here, wat een of ander geboude struktuur veronderstel. (Rig. 18:31 en 1 Sam. 1:7) "During these years the cult centered round a building, a 'house of Yahweh': in a word, it was the first temple of Yahweh, and the Ark was kept there" (De Vaux 1961:304). Gispen (1977:626): "Uit 1 Samuel 1-4 kry ons die indruk dat 'n vaste gebou daar opgerig is." Turner (1979:48) beweer dat hierdie eerste geboude struktuur by Silo sterk deur die Kanaänitiese heiligdomme se boustruktuur beïnvloed is, soos by die latere tempel van Salomo.

### 3.2.3.3 Mispa in Benjamin

Geen melding van enige struktuur wat opgerig is, word gemaak nie, behalwe dat Mispa van die selfstandige naamwoord afgelei word, wat wagtoring beteken (vgl. De Vaux 1961:305).

### 3.2.3.4 Gibeon

1 Kronieke 21:29 meld dat die tent van ontmoeting hier gestaan het en Josua 9:23 en 27 noem dit die Huis van die Here.

### 3.2.3.5 Ofra

Ofra gryp terug na die aartsvadertydperk in die sin, dat hier 'n teofanie plaasgevind het by 'n boom en Gideon toe 'n altaar vir God daar gebou het. (Rig. 6:11-24) Van 'n geboude struktuur is daar nie sprake nie.

### 3.2.3.6 Dan

1 Konings 12:31 maak melding daarvan, dat Dan 'n heiligdom was wat op die hoogtes gebou was. Die struktuur wat hier ter sprake is, is egter onduidelik. Dan, as heiligdom, het 'n baie twyfelagtige geskiedenis gehad, wat erg met heidense godsdienstige gebruike vermeng het, veral onder Jerobeam (vgl. Hinson 1990:112).

Rigters 18:31 degradeer Dan as heiligdom, aangesien in vergelyking met Silo, die Huis van die Here in Silo gestaan het (vgl. Fensham & Oberholzer 1985:272).

### 3.2.3.7 Jerusalem

In Jerusalem is die tradisie vanaf die tent van ontmoeting tot by Silo saamgevat. "The restoration of a sanctuary for the Ark meant that Jerusalem was heir to the sanctuary of Shiloh and to the Tent in the desert" (De Vaux 1961:309). Jerusalem het ook die kenmerke, wat nodig was om as ŉ heiligdom erken te word, bevat. ŉ Teofanie het naby die dorsvloer van Arauna plaasgevind, met die verskyning van die engel van die Here aan Dawid. Dawid het toe die dorsvloer gekoop en vir die Here ŉ altaar gebou. Dit is hier waar die latere tempel gebou sou word.

Die struktuur waar die ark gehuisves was, was nog steeds ŉ tent (2 Sam. 6:17). ŉ Tent was derhalwe, tot die bou van die tempel, die struktuur waar God aanbid was. "The Tent remained the centre of Yahwistic worship until the temple was built" (De Vaux 1961:311; vgl. ook Bucke 1962:848).

### 3.2.3.8 Aantekeninge i.v.m. die Heiligdomme

a. Alhoewel enkele vermeldings gemaak word van geboude strukture, soos by Silo, het die tent die belangrikste plek van aanbidding en ontmoeting gebly.
b. Die teenwoordigheid van die Here, word dikwels uitgedruk in die teenwoordigheid van die ark. Alhoewel die ark self nooit ŉ heiligdom was nie, het dit ŉ baie belangrike rol gespeel in die benaming: Die Huis van die Here. Dit dui daarop, dat die plek waar God teenwoordig is, ook sy huis word.
c. Heiligdomme was nie gegewenes, wat vir tyd en ewigheid gegeld het nie. Menslike oordele, sinkretisme en egoïsme van konings, het dikwels veroorsaak dat heiligdomme vervang was.

## 3.2.4 Die Tempel in Jerusalem

### 3.2.4.1 *Domus Dei* – Die Huis van God


Daar was drie tempels van die Here in Jerusalem:

1. Die eerste is deur Salomo gebou in die middel van die tiende eeu voor Christus (1 Kon. 5-8) en deur die Babiloniërs vernietig in 586 v.C. (2 Kon. 25:8-17).
2. Die tweede tempel is gebou deur die ballinge, wat teruggekeer het uit Babel (Esra 8-13) en is in 516 v.C. voltooi. (Esra 6:16-18)
3. Die derde tempel is die vergroting en uitbouing van die tweede tempel deur Herodus die Grote en dit is in 20 v.C. voltooi.

Die een uitstaande kenmerk van die Hebreeuse teologie was nog altyd dat God nie tot een plek gemanipuleer kon word nie. "The Hebraic theology of presence preserves the freedom of Deity from human manipulation. Its teleological thrust is without parallel in the ancient world" (Terrien 1978:94). Die volk se voortdurende behoefte om God sigbaar te maak, midde inwonend, het veroorsaak dat die teologie al meer plek begin maak het vir die mite van Sion – die vermenging van Jahwistiese teologie en Kanaänitiese mitologie, om te beweeg van ŉ transendente God na ŉ immanente God. "The elusiveness of presence, which had been until then the cardinal foundation of Hebraic faith, slowly gave way to the myth of Zion. The universal potentiality of a theology that had been unfettered to a sacred place was now going to face the challenge of cultic Zionism" (Terrien 1978:187). Dawid se droom om ŉ huis vir die Here, *domus dei* – woonplek vir God – te bou, is deur Salomo verwerklik in die bou van die tempel. Die geloof en gebruik in die Semitiese wêreld van hierdie tyd was: dat ŉ god ŉ huis móét hê om in te woon. Hierdie geloof en gebruik was ook hier aanwesig toe die tempel gebou is. "In Akkadian, Phoenician and Hebrew, then, the same words are used for house or palace of a god and for the house or palace of a king. And in fact, every temple was built as a home for a divinity; and the god was held to dwell there" (De Vaux 1961:282; vgl. ook Kenyon 1970:247). ŉ Teken vir die Israeliete, dat God nou eienaarskap van sy huis geneem het, was die wolk wat die

tempel by in gebruikneming gevul het, net soos by die tabernakel in die woestyn, volgens die beskrywing van 1 Konings 8:11 en die ark wat daar geplaas was en as die troon van God gesien was. "When David brought the Ark to Jerusalem, his intention was not to confiscate it for his own private chapel, but to make it the centre of worship for all the tribes, and when he first thought of building a temple, it was to give Yahweh a house where he could be at home" (De Vaux 1961:321; vgl. ook Fensham & Oberholzer 1985:278).

Die feit dat die tempel as ŉ Huis vir die Here gesien is, het daartoe gelei dat net die beste materiaal en mensekennis van daardie tyd gebruik is om dit op te rig. Die geloof dat die tempel ŉ replika van God se hemelse tempel moes wees, was 'n gedagte wat voorgekom het by die godsdienste van die Ou Nabye Ooste. Fensham (1981:74) skryf: "By die Jode uit daardie tyd was daar die opvatting, dat die tempel in Jerusalem ŉ replika moes wees van die hemelse tempel van God." Derhalwe is geen moeite ontsien nie. Die tempel was ŉ langwerpige gebou, wat in drie dele verdeel was en oop was aan een van sy korter kante. 1 Konings 6:2 gee die mates as 30 meter lank, 10 meter breed en 15 meter hoog en het twintig jaar geneem om te bou. Dit het bestaan uit ŉ voorportaal, die Heilige en die Allerheiligste, waar die ark gehuisves is. Alhoewel die grootste gedeelte van die bouers Israeliete was, was spesialiste ingevoer: die skrynwerkers, steenmakers en argitek was van Fenicië afkomstig. Die brons gietwerk was deur ŉ Tiriër behartig (vgl. De Vaux 1961:317; Van Selms 1968:51). Die tempel was feitlik oral met goud, silwer en brons beslaan of oorgetrek. Seder- en sipreshout was spesiaal uit Libanon gebring. (1 Kon. 5:29) Marmer en waardevolle edelgesteentes is ook gebruik. Die toebehore in die tempel: gerubs, die ark, dubbeldeur tussen die Allerheiligste en die Heilige, tafels, kandelare, priesterlike gereedskap en die altaar was met goud oorgetrek. Die pilare by die voorportaal – Jakin en Boas – brandofferaltaar, waterbak en waskomme was almal in brons gegiet (vgl. Vosloo 1993:480). Hierdie tempel sou vir vier eeue lank amper onveranderd, met enkele verbeterings staande bly, vanaf sy inwyding tot die einde van die koninkryk, met die val van Jerusalem (vgl. De Vaux 1961:321).




**Figuur 3.1: Die Tempel van Salomo**

Die vraag het egter altyd bly leef of dit werklik nodig was om so 'n gebou op te rig? Het dit werklik gegaan oor 'n huis van God of het dit gegaan oor persoonlike vertoon van koninklike mag. Die skrywer van 1 Konings het veral te velde getrek teen die hoë prys wat Israel moes betaal vir die uiterlike prag en onkoste wat met die bou van die tempel aangegaan was. "The writer of 1 Kings did not favour the monarchy, and records all the details of the terrible price Israel had to pay for the temple" (Barker 1991:21). Hy maak melding van die gewelddadige gedwonge arbeid en mannekrag wat opgeoffer is – twintigduisend man wat na Libanon gestuur is en tagtigduisend wat in die klipbreekgate moes werk (vgl. ook Provan 2003:255). Na twintig jaar van bouwerk was Salomo so in die skuld by Hiram van Tirus, dat hy twintig stede in Galilea aan hom moes afstaan. (1 Kon. 9:10-11) Hierdie skuldlas het later tot die skeuring van Israel in die noord- en suidryk gelei (vgl. Beek 1964:68-71; Hinson 1990:97).

Die teenwoordigheid van die ark en die wolk wat die tempel gevul het, het veroorsaak dat die tempel die religieuse sentrum van Israel gebly het, omdat geglo is, dat God daar gewoon het. Hierdie geloof dat God nou 'n plek het om in te woon, word

uitgedruk by die inwyding van die tempel as Salomo ŉ gedig voorlees, wat opgeteken staan in 1 Konings 8:13: "Die Here het gesê Hy wil in duisternis woon. Daarom, Here, het ek vir U ŉ waardige huis gebou, 'n verblyf waar U altyd kan woon." Hierdie geloof dat God in hierdie mensgemaakte struktuur woon, het bly voortbestaan. Selfs nadat Israel in twee koninkryke opgebreek het en selfs nadat die tempel afgebreek was, het mense nog steeds uit Sigem, Silo en Samaria offers na die tempel gebring. (Jer. 41:5) Hiskia as voorbeeld, druk dit miskien ten beste uit, want nadat hy dreigbriewe van Sanherib van Assirië ontvang het, het hy tempel toe gegaan en dit daar voor die Here uitgesprei, sodat God dit kan lees, asof God alleenlik in sy tempel te vinde is.

Die profete het dieselfde geglo, al het hulle nie altyd saamgestem met die aanbiddingspraktyke, wat daar in die tempel plaasgevind het nie. Amos het geskryf: "Wanneer die Here uit Sion brul, wanneer Hy sy stem uit Jerusalem laat hoor" (Am. 1:2). Jesaja se visioen sien God in die tempel. (Jes. 6:1-4) Jeremia meld dat God se glorie in Sion is. (Jer. 14:21) Dit was juis die profete wat die heropbou van die tempel aangemoedig het, nadat dit afgebreek was en die volk van ballingskap teruggekeer het, sodat God weer kon terugkom om in Jerusalem te woon. (Hag. 1:9 en Sag. 2:12; 8:3)

### 3.2.4.2 Aanwysing van God se Woonplek

Die Israeliete het vas geglo, dat God ŉ huis op aarde wou hê om in te woon en hulle het verder geglo, dat Hy self die plek daarvoor aangewys het. "The Israelites believed that God himself chose to live among his own, and chose to live in *this* city and in *this* Temple" (De Vaux 1961:327). Die terrein is lank voordat die tempel gebou is, gemerk deur ŉ teofanie. (2 Sam. 24:16) Die psalmdigter besing die feit dat God Sion gekies het om in te bly: "Ja, die Here het Sion gekies en dit vir Hom as woning begeer" (Ps. 132:13). Tempels in die Semitiese tyd is gewoonlik op hoë plekke gebou (vgl. De Vaux 1961:279) en Sion word besing as die berg waarop God wil woon. "Waarom, berg met jou hoë kruine, kyk jy met afguns na die berg wat God as woning gekies het, waar die Here vir ewig woon?" (Ps. 68:17). Die volk was nog meer oortuig van die keuse, nadat Jerusalem gered was van die inval van Sanherib van

Assirië in Hiskia se tyd. Die Here het toe sy beloftes gehou: "Ek sal die stad beskut en hom red, om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil" (2 Kon. 19:34).
Dit was vir die Israeliete 'n tasbare bewys, dat die tempel altyd onvoorwaardelik beskerming van God sal geniet met die behoud van die tempel in 701 v.C. "The Israelites went on repeating 'This is the sanctuary of Yahweh, this is the sanctuary of Yahweh, this is the sanctuary of Yahweh!' (Jer. 7:4) and thought they were safe against the world" (De Vaux 1961:327). Hierdie vertroue is egter geskaad met die vernietiging van die tempel in 587 v.C. deur Nebukadnesar. Dit het 'n geweldige geloofskrisis by die volk laat ontstaan, nadat hulle geglo het dat God self die plek van inwoning gekies het en dat niemand Hom daar sou kon uitdryf nie. Die vraag is: Hoekom het God dan in die eerste plek, die plek aangewys waar die tempel moet staan en die planne deurgegee hoe die tempel moet lyk, as Hy nie 'n tempel wou laat oprig of 'n huis wou gehad het om in te woon nie? Congar (1962:49-51) antwoord hierop: "Both originate in a purely human project, with Dawid choosing the site and Solomon and his architects drawing the plan. Only afterwards did Yahweh intervene. Just as he ratified and blessed the institution of the monarchy which he had first refused to do. So too he consecrates and ratifies the building of the temple although he had in a sense rejected the proposal that he should be provided with one." God het later die tempel as aanbiddingsplek goedgekeur, met die verskyning van die wolk by die inhuldiging van die tempel, maar dit sê nie *per se*, dat God dit as sy huis beplan en laat bou het nie. Terrien (1978:191) sluit hierby aan as hy sê: "In postexilic Judaism, stories were told about how, like his royal colleagues of the ancient Near East and elsewhere, Solomon obeyed a vision which revealed to him the celestial prototype of the edifice to be erected on earth. Early sources are silent on this score. The fact that Solomon commissioned a Phoenician architect, Hiram of Tyre, is sufficient to indicate the derivative and alien character of the edifice."

### 3.2.4.3 Heropbou van die "Huis van God"

Die Israeliete het in 538 v.C. by Kores verlof ontvang om na hulle land terug te keer (Gispen 1977:85). Tydens ballingskap en met die terugkeer het 'n droom onder die volk geleef en dit was om vir die Here 'n huis te bou. "Cyrus authorized the Jews to return to Jerusalem and to rebuild their Temple there" (De Vaux 1961:323). "Again,

after the Return, the Prophets encouraged the rebuilding of the Temple: and the reason is that God must come back to live in Jerusalem" (De Vaux 1961:326). Dit sou by voorbaat beteken dat God na sy mense sal terugkeer. Die geloof in die huis, was groter as in God self. Menslike handelinge sou God na hulle toe aftrek. Die voorskrifte tot eleksie, het gemaak dat die mens god geword het en God 'n voorwerp om te kon beheer. "The election would be renewed: after the return from exile, Zacharias proclaimed that Yahweh would once more make Jerusalem his choice. Nehemia's, taking up the formula of Deuteronomy, reminded God that he had promised to reassemble the exiles in the place which he had chosen as home for his Name" (De Vaux 1961:328). Turner (1979:83) sluit hierby aan: "This is what tends to happen when the tension between the transcendent and the immanent presence of God is resolved in favour of the latter; only the human source of contingency then remains, only the human initiative matters, and men can proceed to use their temples and their gods like any other deposit of magic power employed entirely for human ends." Die ballinge wat teruggekeer het, het moeilike tye beleef en die opbou van die huis van God het gesloer tot ongeveer 520 v.C. Vanweë die teenstand van die Samaritane het die tempelbou vir ongeveer 18 jaar tot stilstand gekom. Slegs die fondamente is gelê op die plek waar die vorige tempel was en hulle was erg deur droogtes en peste belemmer. (Hag. 1:9-11 en 2:15-19) Die Jode het egter meer moeite met hulle eie huise gedoen, as met die Here se huis. Haggai het die droogtes, wat hulle geteister het, direk gekoppel aan die Jode se versuim om vir die Here ook 'n woonplek te bou (vgl. Burden & Deist 1986:198). Die Israeliete het vas geglo dat God 'n aardse huis wou gehad het om in te woon. Hoe groter en hoe mooier die huis, hoe meer die seën van God. "Hierdie tempel moes die tempel van Salomo oortref" (Burden & Deist 1986:198). Alhoewel daar nie veel inligting is oor hoe hierdie tempel werklik gelyk het nie, weet ons dat dit heel waarskynlik op die planne van die vorige tempel van Salomo geskoei was. "We know very little about the Temple. Cyrus laid down its measurements (Esra 6:3), unfortunately, the text is corrupt and the way in which it was to be built. It is quite certain that it followed the plan of the former Temple, and it is highly probable that it was exactly the same size" (De Vaux 1961:324). Gesien in die lig van Haggai se teologie van goddelike versorging en opvolgende seën, was dit derhalwe vir die volk 'n skok toe hulle die nuwe tempel aanskou, wat 'n afgewaterde produk in vergelyking met Salomo se tempel was. (Esra 3:12-13 en Hag. 2:3) Alhoewel daar latere verbeterings aangebring was, kon dit nooit

met die tempel van Salomo vergelyk word nie. "Die feit van die saak is dat daar ten einde laaste groot teleurstelling was. Die tempel was nie te vergelyk met die van Salomo nie. Die buitengewoon groot verwagting wat die tweede gedeelte van Jesaja en selfs Haggai geskep het, was nie sigbaar nie" (Hendriks 1992:49). Die belangrikste was egter, dat God daar gedien kon word. "Even if the result did not achieve the legendary splendour of Solomon's Temple, it must have been quite suitable for worship" (De Vaux 1961:324).

### 3.2.4.4 Gaan dit werklik oor 'n gebou?

Die Israeliete het vas geglo dat die tempel die huis van die Here was, waarin God gewoon het. "Israel se geloof was egter onlosmaaklik gekoppel aan en vergestalt in die sigbare tempel in Jerusalem" (Hendriks 1992:56). Hulle het geglo dat God se teenwoordigheid in die tempel hulle sal red. God sal mos nie toelaat dat sy woonplek afgebreek word nie. Jeremia, spesifiek, het die Judeërs aangespreek oor hulle ongeregverdigde vertroue in die tempel. Jeremia 7:4 is van toepassing: "Moenie julle vertroue stel in die leuens nie. Julle sê: "Ons is veilig! Dit is die Here se tempel." Vir God was dit met die tempel in Jerusalem presies dieselfde as met al die ander heiligdomme van die aartsvaders se tyd af; wanneer die volk ontrou aan Hom geraak het, het Hy hom onttrek. "This presence of God amid his people, however, was a grace, and would be withdrawn if the people were unfaithful. It was in the Temple itself that Jeremia preached against the Temple, and against the blind confidence in the building which was unaccompanied by the desire to reform one's life" (De Vaux 1961:326). Om sy argument te onderskryf, verwys Jeremia na Silo wat reeds voor die bou van die tempel in Jerusalem uitgestaan het as die huis van die Here. Silo is verwoes oor die ontrou van die volk. "Gaan na Silo toe, na die plek waar ek voorheen my Naam laat woon het, gaan kyk wat Ek aan hom gedoen het oor die sonde van my volk Israel" (Jer. 7:12).

Die Israeliete was gekonfronteer met hierdie paradoks; hier was 'n mensgemaakte struktuur waarin 'n God woon, die God wat nie eers deur die heelal ingeperk kan word nie. Die Deuteronomistiese nasieners – 'n groep skrywers wat in die suidelike koninkryk gewerk het van die agste tot die vyfde eeu voor Christus en baie deur die

teologie van Deuteronomium beïnvloed is (Deist 1984:44) − wat die boek Konings nagesien het, het die vraag gevra en die antwoord gegee op Salomo se gedig, wat hy as gebed voorgelees het by die inwyding van die tempel. (1 Kon. 8:13) Hulle antwoord in 1 Konings 8:27: "Sou God werklik op aarde kan woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het!" De Vaux (1961:327) sê die Deuteronomistiese oplossing lê in die volgende: "The solution is given in the following verses: the faithful pray at the Temple, and Yahweh hears their prayer from heaven, where he dwells (1 K 8:30-40)."

Die spanning tussen die transendensie en immanensie van God het voortdurend bly voortbestaan; tussen God as onbeperk, ongebonde versus God inwonend, byblywend en aanklewend. "This same period saw an evolution in the notion of the divine presence in the Temple. If God dwelt in his 'house', if he made his voice heard from Sion (Am 1:2; Is 2:3; Mi 4:2), if he acted from his sanctuary (Ps 20:3; 134:3), was there not a risk of limiting, or at least of binding, his presence to the material temple? Theological thought was conscious of the tension between the transcendence of Yahweh, who from the beginning had been recognized as master of the universe, and his historical and human proximity to Israel" (De Vaux 1961:326).

Die spanningslyn is tot 'n hoogtepunt gevoer met die ballingskap. As God in die tempel in Jerusalem woon, hoe sou dit moontlik wees om Hom te aanbid, as hulle in ballingskap sit? "The establishment of Jerusalem alone as the one abode on earth for the Lord created difficulties when the fate befell the people. How could they worship their God if Jerusalem was the only place where he could be worshipped, when they were far away in Babylon?" (Harmon 1954:73).

Ten spyte van hierdie worsteling, wou die Judeërs eerstens weer 'n huis vir die Here bou, toe hulle van ballingskap terugkeer. Sagaria gaan verder en proklameer, dat Jahweh weer opnuut Jerusalem sal kies, as sy woonplek. (Sag. 1:17; 2:16; 3:2) Nehemia 1:9 het selfs teruggegryp na die Deuteronomistiese formule (Deut. 12:11), as bewys dat God opnuut Jerusalem sal kies as huis vir sy Naam.

Die vraag het egter bly staan: Wou God werklik 'n huis gehad het om in te woon? Ons word gekonfronteer met die Natan-uitspraak in 2 Samuel 7:5-7: "Gaan sê vir my dienaar Dawid: So sê die Here: Wil jy vir My 'n huis bou om in te woon? Vandat Ek die Israeliete uit Egipte laat trek het tot nou toe het Ek nog nooit in 'n huis gewoon nie. Ek het in tent en tabernakel rondgeswerf saam met al die Israeliete. Het Ek ooit vir een van die stamme wat Ek beveel het om die leiding van my volk Israel op hom te neem, gesê: Waarom bou julle nie vir My 'n huis wat met sederhout versier is nie?" Sou dit beteken dat God nie Dawid se tempel wou aanvaar nie, maar eerder later Salomo se tempel soos wat die kommentator in 2 Samuel 7:13 dit verstaan het en ook die nasiener van 1 Konings 8: 19 en die Kronieke skrywer in 1 Kronieke 17:12? De Vaux (1961:329) antwoord: "Yahweh did not want a temple to be built at all, but want the desert customs maintained. Nathan's prophecy deliberately omits all mention of the fact that there had previously been a temple built at Shiloh. It would seem then, that certain Israelites viewed the building of a 'house' for Yahweh as an act of infidelity, as a concession to the influence of Baal's religion." Freedman & Wright (1961:174) is van mening dat die tempels van Kanaän die direkte agtergrond verskaf het in die beplanning en bou van die tempel van Salomo en die belewing was dat die Baäl godsdiens die bou van 'n tempel beïnvloed het. Turner (1979:74) sluit ook hierby aan as hy sê: "Both monarchy and Jerusalem temple were copied from pagan peoples and represented a major departure from social and religious structure of Israel's previous formative centuries." Volgens Westermann (1968:412-413) bestaan die vermoede dat selfs die Israeliete ook in die rigting begin dink en besef het, dat hulle, hul verlossing nie in 'n gebou moet soek nie. Die profeet Jesaja het ook teen 'n huis vir God geprotesteer, nadat die volk vanuit ballingskap teruggekeer het en die tempel herbou het. "Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete. Hoe moet die huis dan wees wat julle vir My bou, die plek waar Ek kan woon?" (Jes. 66:1) "The question asked in 1 K 8:27 here receives a different answer from the one in Deuteronomy: Yahweh has no need of any Temple" (De Vaux 1961:330).

God het geen behoefte aan mensgemaakte strukture nie en het nog nooit 'n behoefte gehad om in 'n gebou te woon nie. "Yahweh proved to be an 'onward going God', not anchored in any sanctuary but 'on the move' in history" (Van Leeuwen 1964:82). "He was not like pagan gods of Egypt, Babylon, and Canaanite religion whom the people tied to a sacred mountain or another sacred spot" (Zehr 1981:101). Vir God

gaan dit oor net een ding: sy volk, sy kinders. In die eksegetiese ontleding van die gesprek tussen Dawid en Natan kom dit na vore in 2 Samuel 7:1-29:

1-3: Dawid bied aan om vir God 'n huis te bou − 'n tempel.

4-10: Natan verklaar die Goddelike verwerping van 'n tempel en beklemtoon die genoegdoening van die tabernakeltradisie.

11-16: God bied aan om vir Dawid 'n huis te gee, maar in die sin van 'n familie of dinastie, wat permanent sal wees.

18-29: Dawid aanvaar dit, deur in herinnering te roep hoe God hulle uit Egipte gered het om sy volk te wees vir ewig.

"A conversation that begins with the possibility of a temple ends with the assertion of people, as the true concern of the God of Israel. Thus the initiative was transferred from David to Yahweh, and the subject changed from a sacred place to a holy people" (Turner 1979:75).

Dit is in die Ou Testamentiese tyd besef en verkondig, maar dit sou eers werklik in die koms van die verwagte Messias grondvat. "Dit was egter vir die tempelburokrasie en gewone gelowiges baie moeiliker om afstand te doen van die gedagte van 'n konkrete tempel" (Hendriks 1992:56). Barclay (1975:305) akklameer hierdie gedagte, as hy die Joodse geskiedskrywer Josephus aanhaal, wat geskryf het oor die beleg van Jerusalem in 70 deur die Romeinse generaal Titus. Titus het Jerusalem omsingel en die stad uitgehonger: Toe het die hongersnood uitgebrei en huise vol mense en hele gesinne uitgeroei; die boonste kamers was vol vroue en kinders wat besig was om van die honger te sterf; en die stad se lane was bestrooi met die lyke van bejaardes; die kinders asook jong mans het soos skaduwees op die markpleine rondgedwaal, opgeswel van die hongersnood en het dood neergeval waar hul ellende ook al sy tol geëis het. Die hongersnood het alle natuurlike gevoelens verydel; want die wat sekondes van die dood af was, het droë oë en oop monde na diegene gekyk wat voor hulle na hul rusplek is. 'n Gewyde stilte asook 'n dodelike soort nag het die stad oorval... en elkeen het gesterf met hul oë op die tempel gerig.

### 3.2.4.5 Multifunksionele Tempel

Die tempel in Jerusalem was nie net gebruik vir spesifieke rituele en religieuse funksies soos gebede, offerandes en die groot jaarlikse religieuse feeste nie. Die tempel was vir die meeste Jode die middelpunt van hulle menslike bestaan en het ook gedien as publieke instituut, wat rondom hulle alledaagse lewe gesentreer het. Naas religieuse funksies het die tempel ook ŉ musiekakademie gehuisves. ŉ Biblioteek was daar opgebou – waar baie van die religieuse en juridiese werke, wat op skrif gestel was – bewaar was. Dit was gebruik as ŉ administratiewe- sowel as ŉ juridiese sentrum en dikwels ook ŉ plek van heenkome. Turner (1979:55) skryf: "There were many other aspects of the life not only of Jerusalem but of Israel as a whole that found their focus here. As the centre for festival and ritual it served also as the national conservatory of music; as an administrative centre it was involved in taxation, and as judicial centre it was equivalent to both a college of law and a supreme court, conserving, interpreting, transmitting and applying the laws; for individuals here was the great place of pilgrimage, in its later history attracting Jews from throughout the diaspora, and acting always as a place of asylum or refuge; as literary and liturgical centre it was also a national archive, and from such deposits the Book of the Law that started a reformation was found."

### 3.2.4.6 Aantekeninge i.v.m. die Tempel

a. Die tempel is verkeerdelik gesien as setel van God se teenwoordigheid.
b. Die tempel is onregmatig gesien as teken van God se uitverkiesing.
c. Daar was ŉ absolute en valse vertroue in ŉ gebou geskep.
d. Die tempel het die geloof gevoed dat die huis van die Here, waarin Hy sou kom woon, deur mense hande geskep kon word.
e. Die gebou het valse geloof in die sanksie wat die tempel verleen het, in terme van ewige Goddelike beskerming, geskep.
f. Die tempel het die transendente God immanensie gegee.
g. Die valse geloof, dat die huis van God in prag en praal gehul moes word, as voorwaarde vir Goddelike inwoning, was verkeerd.

h. Die prys wat betaal was om hierdie gebou op te rig, was net te hoog en het ʼn geweldige impak op die mense van God gehad. Dit het daartoe gelei, dat die volk van God verval het in onderlinge rusies.
i. God het nie ʼn aardse huis nodig gehad nie, maar het in sy liefde die huis aanvaar.
j. Die tempel was nie net vir kerklike doeleindes gebruik nie, maar was meerdoelig aangewend tot diens van sy gemeenskap.

### 3.2.5 Die Sinagoges

Die sinagoges, wat naas die tempeldiens bestaan het, het die ruggraat van die Joodse godsdiens gevorm. Dit geld vir Palestina sowel as in die verskillende lande waarin die Jode in verstrooiing (diaspora) geleef het (vgl. Barnard 1981:86). Sinagoges was geboue wat opgerig was, nie vir offerandes nie, maar vir gebed en die voorlees van die wet. Wanneer hierdie sinagoges hulle ontstaan gehad het, is daar verskeie hipoteses, wat nog nie een werklik tot teorie gebring is nie. “The reason for this variety of hypotheses is that there is nothing really explicit in the ancient texts” (De Vaux 1961:343). Wat wel van belang is, is dat hierdie sinagoges die woord van God in die gemeenskappe self laat grondvat het. Daar is as alternatief, van een sentrale plek na verskeie plekke van aanbidding beweeg. Dit is egter eers in die Christelike era, dat ons aangaande sinagoges ten volle ingelig geraak het. Hulle was egter nie werklik instellings van die Ou Testament gewees nie. “In die Ou Testament is daar geen verwysing na die sinagoge of na sy instelling nie” (Barnard 1981:89).

## 3.3. Nuwe Testament

### 3.3.1 Die Tempel

Die tempel as fisiese instelling het in Christus se lewe van sy geboorte tot met sy hemelvaart bly voortbestaan. Die tempel is eers na Christus se dood in 70 vernietig. Dit is dus duidelik dat die tempel ʼn groot rol in Christus se leefwêreld sou speel. Die tempel van Herodus, die sogenaamde derde tempel, wat in 20 v.C. voltooi is, het vir

die Joodse gemeenskap nog steeds as die *domus dei* – statiese huis van God, waarin God gewoon het, voortbestaan.

#### 3.3.1.1 Jesus en die Tempel

Dit is duidelik uit die Nuwe Testamentiese getuienis, dat Jesus nooit die kultus of die tempel as sodanig aangeval het nie. “The absence of any attack upon the temple is quite consonant with Jesus’ teaching” (Turner 1979:109). Lukas, wat volgens Groenewald (1973:5) nie ’n Palestyner of ’n bekeerling uit die Jode was nie, maar eerder iemand uit die Griekse wêreld, kon meer objektief na Jesus en die tempel kyk. Lukas beskryf aan die begin van sy evangelie, enkele gebeure uit Jesus se kinderdae, wat ’n positiewe ingesteldheid ten opsigte van die tempel impliseer. “Nadat Christus besny is, is Hy na die tempel geneem om Hom aan God te wy” (Luk. 2:22-24). Op twaalfjarige ouderdom vertoef Jesus verskeie dae in die tempel en Jesus verwys self na: “... in die huis van my Vader” (Luk. 2:41-52). Sover dit Christus se lewe as volwassene aangaan, is ons net bekend met die laaste paar jaar van sy lewe. Daar is egter nêrens enige verwysing dat Christus negatief teenoor die tempel, as sodanig, gestaan het nie. Turner (1979:107) skryf: “There is no reason to believe that Jesus failed to share in the normal use of the temple for a Jew living as far away as Galilee. During the ministry itself it is clear that Jesus observed the main festivals along with his followers, and this normally meant some involvement in the sacrificial system of the cult.” Hy skryf verder: “If Jesus had publicly dissociated himself from the cultic system he would surely have been charged with this during his frequenting of temple precincts, for it was here that he came to pray and to teach” (Turner 1979:108). Sien ook Barnard (1981:86): “Daarnaas het Jesus ook vir die groot feeste opgegaan na die tempel in Jerusalem.” Voor die hoëpriester sê Jesus: “Ek het altyd in die sinagoge geleer en in die tempel waar die Jode van alle kante vergader het” (Joh. 18:20). Lukas 21:37-38 is ook ’n duidelike getuienis, dat Jesus in die laaste deel van sy bediening daagliks in die tempel was. In Johannes 2:16 – met die reiniging van die tempel – verwys Jesus weer na die tempel: “... as die huis van sy Vader”. Ander Bybelse getuienis onderskryf ook hierdie houding van Christus jeens die tempel. Hy het vir die huttefees na die tempel gegaan (Joh. 7:10) en mense in die tempel geleer. (Mark. 14:49) Die opdrag teenoor die melaatse, nadat Jesus hom genees het, om offers te

bring as teken van dankbaarheid – die tempel was die plek waar offers gebring is (Mark 1:44) – dui op Christus se positiewe aanvaarding van die rol, wat die tempel in die lewe van gelowiges gespeel het. Jesus se aandrang by Petrus om tempelbelasting te betaal (Matt. 17:24-27), dui op Christus se respek vir die tempel. Alhoewel Hy nie saamgestem het met die kultiese gebruike op daardie stadium nie, het Hy nog steeds sy respek getoon. Congar (1962:117) sê in die verband: "Jesus is clearly saying at this point that he is a stranger to the Temple and to its system of worship... Hence at the centre of a respect for the Temple that was in a sense provisional only." Die feit dat Christus eers aan die einde van sy bediening met die Sadduseërs – professionele priesters, wat hoofsaaklik uit Sadokpriesters bestaan het en die tempelowerheid was (Deist 1984:149) – begin verskil en hul as opponente beleef het, is 'n aanduiding van sy algemene positiewe houding ten opsigte van die tempel in feitlik die hele gang van sy bediening (Turner 1979:109). Die reiniging van die tempel (Matt. 21:12-17) verdien ekstra vermelding in die houding wat Christus teenoor die tempel gehad het. Die reiniging van die tempel was nooit gemik teen die tempel, waar God aanbid is nie. Ook nie teen die gebou as 'n plek van godsdiensoefening nie. Malina, Rohrbaugh en Grossan is dit eens dat Christus se optrede tydens die reiniging van die tempel, gemik was teen die ongelykhede in sosiale stand, die onderdrukking en uitbuiting van minder bevoorregtes en die onregverdige ekonomiese infrastruktuur, wat op religieuse en politieke gebied na vore getree het. Die mense in diens van God, wat veronderstel was om die stemlose, onderdrukte en arm objekte van God se liefde te help, het hulle juis uitgebuit. Grossan (1991:360) sê dat Jesus se boodskap van vryheid en gelykheid: "...exploded in indignation at the temple as the seat of all that was non-egalitarian, patronal and even oppressive on both the religious and political level" (sien ook Malina & Rohrbaugh 1998:73; Malina 2001:38-39). Die pyn wat Christus moes verduur oor die uitbuiting en onderdrukking van mense, het tot uiting gekom in die reiniging van die tempel. Dit was nooit teen die tempel as sulks gerig nie maar teen mense.

#### 3.3.1.2 Die nuwe Tempel

Christus het sy respek teenoor die tempel erken, maar Christus het ook besef dat die tyd van die tempel as fisiese instelling en sentrum uitgeloop het. (vgl. Matt. 24:1-2)

"The teaching on the replacement of the temple is all the more convincing when we remember the positive attitudes towards 'his Father's house' revealed in both word and action. Here was no extremist fanatical view unmindful of the contribution of the Jewish temple, and so of all temples, to religious history; indeed some such appreciation was the prerequisite for a genuine replacement" (Turner 1979:114). Christus het geweet wat God se verwagtinge was. Die vermoede wat alreeds in die Ou Testament ervaar was, in die gesigte wat Sagaria gesien het, het begin deurskemer. Omstandighede en harde sigbare feite het iemand soos Sagaria gedwing om die fisiese tempel en sy rol te herevalueer. Die profete kon die teoretiese insig van Jesaja 66:1-2 maklik aanvaar. Dit was egter vir die tempelburokrasie en gewone gelowiges baie moeiliker om afstand te doen van die gedagte van 'n konkrete tempel. Die eis dat die tempel 'n kandelaar moes wees (Sag. 4), 'n lig vir die nasies, was egter ononderhandelbaar. Die ideaal vir die bou van 'n tempel wat werklik 'n lig vir die nasies sou wees, is na die Messias verplaas. In Sagaria 6:12-13 het Sagaria gesê dat diè tempel alleenlik deur die Loot gebou sou kon word (vgl. Hendriks 1992:56-57). Christus vermeld dit in sy gesprek met die Fariseërs in Matteus 12:6, as Hy na die tempel verwys en sê: "Hier is iets wat groter is as die tempel." Hy bedoel daarmee, dat Hy uiteindelik die hele sisteem van die tempel as fisiese instelling sou vervang (Turner 1979:110). Hill (1972:211) gaan verder en beweer dat hierdie *iets* (JT), die gemeenskap van gelowiges aandui en haal E Lohmeyer (*The Lord of the Temple* 1961:67-69) aan wat sê, dat dit die Koninkryk van God is, wat verteenwoordig word deur die eskatologiese gemeenskap in die geskiedenis van die mense van God. Dit is dus 'n verwysing na die gemeenskap van gelowiges wat die tempel as die huis van God sou vervang. Hy beweer verder, dat indien hierdie uitdrukking na die gemeenskap van gelowiges verwys en nie na die Messias nie, daar ook aanvaar kan word, dat die tempel nie Christus se liggaam is nie, maar dat die gemeenskap van gelowiges die nuwe tempel sou wees. Hunter (1979:142) sluit ook hierby aan: "When we recall that Jesus knew himself called to create a new people of God, the words become a veiled forecast that out of the corruption of old Israel would arise a new one in which Gentile as well Jew would have his place."

In Johannes 4:19-26 kom dit baie duidelik na vore in Christus se gesprek met die Samaritaanse vrou, dat die tyd van die tempel sal verbygaan en dat God oral en in die Gees aanbid sal word. In sy verklaring van Johannes 2:21-22 sê Groenewald

(1980:75): "Jesus se bedoeling was dat in sy liggaam die vervulling gegee word van alles wat deur die tempel uitgebeeld word. Sy sterwe sou die offerdiens oorbodig maak, en sy opstanding sou die tempel self eweneens oorbodig maak." Sien in die verband ook McKelvey (1969:71): "It should be noted that John used the word *νάός* (naos), thus referring to the temple proper with its inner shrine as the dwelling place of God, rather than *ίερόν* (hieron) which would apply to the whole complex of buildings. It seems, therefore, that Jesus was promising the replacement of meeting place between God and men by another point of meeting, intimately connected with himself but not evident until after the resurrection." Turner (1979:110) sluit hierby aan, as hy sê: "The day for such sanctuaries, or indeed for any special holy place, was past. This worship in spirit and in truth could occur anywhere, without benefit of shrine." Nel (1994:4) konkludeer hierdie siening: "Jesus verwys self in die bergpredikasie na hierdie bouwerk van God wat, anders as die wetgemaakte huis van die Fariseërs is, ten spyte van die storms en geweld, sal bly staan (Matt. 7). Hy is die Een in Wie en deur Wie die nuwe tempel van God opgebou word." Christus as hoeksteen van 'n nuwe tempel, word geakklameer deur die teofanie wat op die berg plaasgevind het. In die Ou Testament is die verskyning van die wolk, die teofaniese bevestiging, dat 'n spesifieke plek of instelling tot heiligdom verklaar was. Die tent van ontmoeting en die tempel van Salomo verwys. Hier by die berg van verheerliking (Matt. 17:1-8), word Christus as oprigter en bouer in en deur wie die nuwe tempel tot stand sal kom, deur 'n teofanie bevestig. "The physical place of meeting erected 'with hands' was to be replaced by something equally objective but 'not made with hands', by a personal meeting place to be found where both body and spirit united in the totality of his own person" (Congar 1962:133). Die ontmoetingsplek tussen God en mens sou nie meer 'n fisiese instelling wees nie, maar vormloos, subjektief en geestelik. Die tempel het nou 'n geestelike betekenis gekry en dit was maklik om in die Nuwe Testament sinonieme soos huis of liggaam te gebruik of sommer direk van gemeente of kerk (*ekklesia*) te praat (vgl. Hendriks 1992:70; sien ook Van Aarde 1989:4).

Dit staan dus bo alle twyfel vas, dat Jesus die hoeksteen van die nuwe tempel is. Paulus bevestig dit in Efesiërs 2:20 wanneer hy sê: "Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is." Hendriks (1992:70) akklameer: "Jesus is die gebou se fondament.

God gebruik verskillende mense as sy medewerkers om hierdie gebou of tempel te help bou." 'n Tempel vry van mense se handewerk en geboude strukture. 'n Tempel gebou op geloof en nie op fisiese stene nie. 'n Tempel nie vasgevang in tyd en plek nie.

Die manier wat Christus dit laat plaasvind het, was meesterlik beplan. Christus het nooit die ou orde van die fisiese tempel veroordeel nie, maar toegelaat dat die geskiedenis dit self doen. Hy het wel die hoop begin vestig op 'n nuwe tempel wat vir alle nasies bedoel was en vir elke mens beskore was, wanneer die oue vernietig sou word. Die ontmoeting van God en mens wat gemeenskaplik verbind is in Jesus Christus. "At the same time Jesus did not turn his back so completely on the old order as to envisage a formless worship of God. What he did was to unite loyalty to the old traditional hope of Israel to the uniqueness of his own person. The new age would have its temple, and he himself would erect it" (McKelvey 1969:72). Sy liggaam, hetsy individueel geïnterpreteer of korporatief as die kerk, was die nuwe visuele en historiese realiteit van 'n tempel.

### 3.3.1.3 Die vroeë Kerk – Die ou en nuwe Tempel

Die vroeë kerk het die voorbeeld gehandhaaf wat Christus gestel het in sy respek vir die fisiese tempel. In Handelinge 2:46 word dit so beskryf: "Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom". Handelinge 21:26 vertel van Paulus wat na die tempel gegaan het op aandrang van plaaslike Christene om deel te neem aan die reinigingsrituele saam met van die ander lede. Die dissipels het ook gereeld na die tempel gegaan, om te preek en wonders te verrig. (Hand. 3:1 en 5:25) Die tempel het egter al minder 'n rol begin speel by die Christene in die nagenoeg veertig jaar na Christus se dood tot en met die finale vernietiging daarvan in 70 deur Titus. Die redes daarvoor was:

a. Eerstens, was al hoe meer Christene vanuit die heidendom bekeer, wat nie veel erg aan die tempel – nie histories of emosioneel – gehad het nie (Simson 1998:62).

b. Tweedens, het al hoe meer huiskerke as nuwe kerksentra na vore getree (Simson 1998:62).
c. Derdens, het Petrus en veral Paulus al meer die leringe van Christus nagevolg; dat die kerk self die liggaam van Christus is en ook om na die Christelike geloofsgemeenskap te verwys as die huis of tempel van God (Van Aarde 1989:19).

In die vroeë kerk se geskiedenis is daar egter een insident van ŉ direkte aanval op die tempel en dit het plaasgevind tydens Stefanus se verhoor voor die Sanhedrin in Handelinge 7:1-50. Die klag teen Stefanus was: Hy wou nie ophou om ŉ teenstander van die heilige tempel te wees nie; hy sou gesê het, dat Jesus die tempel sou afbreek (Hand. 6:13-14). In sy verdediging is dit nie duidelik of hy gehoop het op ŉ herlewing van die tabernakel en of Jesus die tabernakel sou vervang en die afvalligheid van die tempel moes blootlê nie. Wat egter wel na vore kom, was dat Stefanus ŉ radikale teenstander van die tempel was. Gaston (1970:154-161) argumenteer dat Stefanus die klimaks was van ŉ groeiende opposisie teen die tempel, wat onder verskeie groepe in die Judaïsme geheers het. Hy is egter ook van mening dat Stefanus heel waarskynlik baie meer ekstreem was in sy uitsprake teen die tempel as wat die algemene gevoel in die vroeë kerk op daardie stadium was. Stefanus se argument bereik ŉ hoogtepunt met die uitspraak: "God, die Allerhoogste, woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie" (Hand. 7:48). Gesien in die lig van Stefanus se argument rondom afgodsbeelde in verse 38 – 43, sluit Marshall (1980:146) by Gaston se argument aan dat Stefanus eerder in opstand was teen die verafgoding van God en die immanente beheer, wat die tempelvolk op God wou plaas. Marshall (1980:146) sê verder, dat dit nie duidelik is of Stefanus in hierdie uitspraak aan die nuwe tempel gedink het, wat die Christelike kerk is nie (sien ook Terrien 1978:450; Cole 1950:42). Marshall (1980:146) vereenselwig hom eerder daarmee dat Stefanus in sy argument besig was om die Sanhedrin aan te spreek, omdat hulle deur middel van die tempel, wat met mense hande gebou was, ŉ valse limiet op God geplaas het. Stefanus se uitspraak het eerder met God, as met die tempel self te doen. Alhoewel die interpretasie is dat Stefanus radikaal in sy uitsprake teenoor die tempel was, het hy dit nie soseer teen die tempel as sulks gemik nie. Hy het ingeval by die Ou Testamentiese argument, dat God nie immanent is nie, maar transendent. Die onderbou en Ou Testamentiese aanhalings rondom sy argument

bevestig dit. God kan nie vasgevang word in menslike konstruksies nie, omdat God groter is as die somtotaal van dit alles.

In die lig van hierdie argument kan dus gesê word, dat ook Stefanus ingeval het by die Christus-siening aangaande die tempel en dit in der waarheid nooit as instelling aangeval het nie, soos dikwels die interpretasie is nie, maar dat hy die mense se idee van God, wat hulle in ŉ gebou wou vasvang, weerlê het (vgl. ook Dreyer 2004:666-669).

### 3.3.1.4 Die nuwe Tempel – Paulus tot Openbaring

Die volgorde van behandeling is nie volgens die chronologie van die Nuwe Testamentiese boeke of die ouderdom van die geskrifte gedoen nie, maar volgens die skrywer se interpretasie, dat Paulus die meeste ten opsigte van die nuwe tempel geskryf het en hoe ander skrywers by hom aansluit of hulle eie interpretasie in sake die nuwe tempel weergegee het.

#### 3.3.1.4.1 Die Pauliniese Denke

Die Pauliniese denke het die siening van Christus voortgesit en nie daarop gefokus om die bestaande tempel aan te val nie, maar eerder op die nuwe tempel te fokus. Paulus se denke kom verspreid in sy briewe voor en toon ŉ bepaalde ontwikkeling aan, sonder om dit saamgevat en sistematies in een plek te kry (Turner 1979:119). Die vroegste beskrywing van die nuwe tempel word in 2 Korintiërs 6:16 gegee: "Ons is immers die tempel van die lewende God. Dit is soos God gesê het: Ek sal onder hulle woon en wandel en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees." Hierdie siening van Paulus is in aansluiting by die Ou Testamentiese beloftes in Levitikus 26:12 en Esegiël 37:27 van hoe God by sy volk, sy mense, wil woon. Die verwysing in 1 Korintiërs 6:16-18, na vier Ou Testamentiese gedeeltes, die reeds genoemde, asook 2 Samuel 12:13 en Jesaja 52:11 is ŉ bewys, dat Paulus die nuwe tempel as ŉ vervulling van die Ou Testamentiese beloftes gesien het. Paulus se siening was nie nuut nie, maar slegs ŉ voortsetting van die siening van die profete en die interpretasie van sinagoge en Qumran gemeenskappe (Vermes 1977:180-182).

ŉ Verdere uitbreiding van Paulus se siening staan in 1 Korintiërs 3:16-17: "Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle." Paulus laat die gedagte dat wat hy sê algemene kennis en niks nuuts is nie, aan die begin van vers 16: "...weet julle nie". In hierdie gedeelte val die klem op die inwoning van God, wat meer is as net ŉ besoek soos by die tabernakel van ouds, maar ŉ in-woning, ŉ permanente verblyf of bewoning – in die midde van die volk van God – wat die tempel is. Paulus brei hierop uit en sê dat hierdie inwoning deur die Gees van God geskied. God woon deur sy Gees in die tempel. Hierdie siening dat die tempel die volk van God is, waarin God woon, word ook op ander plekke in Paulus se briewe bevestig: 2 Korintiërs 6:16-18 en 1 Korintiërs 3:16-17.

In 1 Korintiërs 6:19-20 voer Paulus dit nog ŉ stap verder en verwys na die individu as die tempel van God. Hy sê in vers 19: "Of besef julle nie dat julle liggaam die tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie." Hierop lewer Congar (1962:153-154,161) die volgende kommentaar: "Collectively speaking, the church is God's temple, but the principle which makes her a temple exists in each individual believer and makes him also a temple." Hy sê verder: "All Christians as persons are God's temple. Where there is a believer, there also is a temple of God. Yet several believers are not several temples, for one Person dwells in and sanctifies them all."

ŉ Verdere ontwikkeling en uiteindelik die klimaks in die denke van Paulus, word in Efesiërs 2:20-22 gevind. Hier verwys Paulus na die insluiting van Jode en nie-Jode in een gebou vir God. "Julle is ŉ gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en profete, ŉ gebou waarvan Jesus Christus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot ŉ heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as ŉ geestelike huis waarin God woon" (Ef. 2:20-22). In hierdie verse wat teruggryp na die Ou Testamentiese verlange, wanneer alle nasies gesamentlik sal aanbid (Jer. 12:14-17), word God inwonend deur die Heilige Gees geskets en tot ŉ hoogtepunt in die Pauliniese denke gevoer. Paulus gee ook ŉ presiese beskrywing van hoe hierdie tempel lyk: Jesus Christus is die hoeksteen, die apostels en profete is die fondasie en al die gelowiges Jood en nie-Jood is die mure,

en in dié gebou, woon God. In hierdie standpunt van Paulus word Christus die middelpunt. Hy is die hoeksteen vir die apostels en profete om die kerk te bou. Hy is die bron van die kerk se eenheid en Hy is die oorsaak vir die groei van die kerk, as 'n woonplek vir God (vgl. Roberts 1983:71-77).

Saamgevat kan Paulus se denke en die ontwikkeling soos volg beskryf word. Paulus het ou denke geïnterpreteer en dit ingekleur. Hy het die tempel spiritueel geteken met 'n gemeenskap van gelowiges en daarby die historiese leierskap, die ontwikkeling en eenheid van die gebou ingesluit. Hy beskryf Christus as die basis van hierdie gebou, wat in eenheid met sy liggaam, die kerk, bestaan en waarin God deur sy Gees in hierdie liggaam woon.

#### 3.3.1.4.2 Petrus

Die ander denkers en skrywers in die Nuwe Testament, het ook merendeels by hierdie formulering en denke van Paulus aangesluit. Ook hierdie denkers het, net soos Paulus, Christus se voorbeeld gevolg om nie die ou tempel aan te val nie, ten spyte daarvan dat hulle nie goeie ondervindings van die heiligdom in Jerusalem gehad het nie. Sien in die verband Handelinge 4:1-3 en Handelinge 21:26-36. 1 Petrus 2:4-10 is juis so aansluiting by Paulus se denke. Christus is ook die sentrale figuur – die hoeksteen – in hierdie geestelike tempel, wat deur die lede van hierdie kerk opgebou word, as lewende stene en saam met Christus verrys hierdie gebou as 'n huis vir God. Turner (1979:121) het die siening, dat die verskil tussen Petrus en Paulus daarin lê, dat Paulus die tempel as woonplek van God sien en Petrus hierdie geestelike tempel as 'n priesterdom sien. Die navorser van hierdie verhandeling wil egter Groenewald (1977:41) se siening handhaaf. Hy vertaal koninklike priesterdom (*βασίλειον*) eerder met sy letterlike betekenis; koninklike huis, d.w.s. 'n huis waarin 'n koning woon. Sien in die verband ook Hendriks (1992:77): "Petrus praat van lewende stene wat 'n geestelike huis opbou" (1 Pet. 2:5). Hierdie siening sluit dan weer direk aan by Paulus se gedagtegang, dat die gelowiges die geestelike huis of tempel is, waarin God deur sy Gees woon. Petrus voeg dan net die gelowiges as priesters by, wat saam met Jesus Christus lewende offers vir God in hierdie geestelike huis of tempel bring. Hierdie gelowiges is 'n priesterdom wat geroep is om die deugde en barmhartigheid van God te verkondig deur Jesus Christus. Diegene wat hierdie spirituele offers as

priesterdom moet bring, is nie beperk tot enkele verkose priesters nie, soos te vinde was in die ou bedeling van die Judaïsme waar net Aäron se afstammelinge priesters mag gewees het nie. In hierdie nuwe bedeling val die skeidslyn weg. Nou is elkeen wat aan God behoort 'n priester en kan elkeen deur Jesus Christus 'n lewende offer in sy diens aan God bring. Dit is God, wat die bouwerk doen aan hierdie tempel, maar die gelowiges moet hulle beskikbaar stel as boustene en ook as priesters. Groenewald gaan ook verder en sê, dat die verwysing na Ou Testamentiese gedeeltes in hierdie perikoop 'n bevestiging is, dat ook Petrus vanuit die beloftes van die Ou Testament en in aansluiting by Paulus, sy nuwe tempel gebou het (vgl. Groenewald 1977:36-42).

#### 3.3.1.4.3 Lukas

Lukas het ook sy interpretasie van 'n nuwe tempel gegee. Soos reeds vermeld het Lukas – as Griek – 'n meer gematigde siening as die ander apostels aangaande die tempel gehad en het hy Jesus se kinderjare en sy houding teenoor die tempel vanuit 'n ander hoek beskou. Hy het die goddelike teenwoordigheid direk aan die tempel verbind. Die tempel is slegs tempel, omdat Jesus dit met sy teenwoordigheid vervul. Waar Christus is, daar is die tempel. "The divine presence is now in the temple only when Jesus is there" (Turner 1979:124). Na die opstanding het dit nog 'n groter rol by Lukas begin speel. Die tempel, waaraan Lukas geen verbintenis gehad het nie, kon maklik op die agtergrond verdwyn. Die kerk – die liggaam van Christus, waar Christus woon – is nou as die nuwe tempel gesien (vgl. Groenewald 1973:257; 266). Lukas het sy hele argument dus rondom die teenwoordigheid van Christus gebou. Christus was nie self die tempel nie, maar sy teenwoordigheid en inwoning het aan 'n gebou of 'n liggaam tempelstatus besorg.

#### 3.3.1.4.4 Hebreërs

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs se siening van die tempel, loop hand aan hand met die siening en interpretasie van Petrus. Hy sluit sterk aan by Petrus in die beskrywing van die priesterskap, maar lê meer klem op Christus se rol as priester en hoëpriester, aangesien hierdie brief aan die Jode geskryf is. Christus se middelaarsrol tussen God en mens word veral beklemtoon. Die skrywer van Hebreërs maak egter nêrens in sy brief melding van die tempel nie, maar gee voorkeur aan die tabernakel in

sy argument. Inteendeel hy verkies eerder die woord *άγιος* (hagios), wat heilige plek, heiligdom of heilige beteken (Liddell & Scott 1968:9). Vir die skrywer van Hebreërs het dit nie oor ŉ tent of gebou gegaan nie, maar oor Christus, die pionier (Heb. 6:20), wat vir eens en vir altyd al die doelwitte van priesterskap, offerandes en heiligdomme perfek kom vervul het toe Hy direk die midde van God betree het en inderdaad aan die regterhand van God sy plek as middelaar ingeneem het (Heb. 12:2) (vgl. Giles 1999:49; Du Toit 2002:129). Die skrywer van Hebreërs is onbevange in sy argument, dat Christus die ou orde en tempel vervang het, maar hy was nie baie duidelik oor die aard en wese van die nuwe orde of tempel nie (Duvenhage 1976:179). Die klem is op Christus, wat die nuwe orde vestig en hoe Hy in en deur dit werk, maar daar is nie duidelikheid wie, wat of hoe die nuwe tempel is of lyk nie. Christus se doel is om aan ons toegang tot midde die teenwoordigheid van God te verleen – wat tog die mikpunt en bedoeling van alle heiligdomme is. Derhalwe is heiligdomme en tempels nie werklik nodig nie, as dit wat Christus doen, die essensie is van wat ons nodig het (vgl. Du Toit 2002:151). Dit is dan ook die verskil tussen die standpunte van Petrus en Paulus teenoor die skrywer van die Hebreërs. Vir Petrus en Paulus is die nuwe tempel die gemeenskap van gelowiges – die lewendige stene wat die gebou vorm. Die skrywer van die Hebreërs het geen sodanige beskrywing nie. Alles word oorheers deur die persoon en werk van Christus en dit skuif alle ander dinge op die agtergrond (vgl. Fensham 1981:60-89; Guthrie 1983:70-90).

Alhoewel Turner (1979:124) argumenteer dat die skrywer van die Hebreërs in sy argumente ŉ direkte aanval op die tempel maak en tog homself later weerspreek as hy sê: "Further, this revolutionary transformation, unlike most revolutions, managed to avoid attacking either its antecetends or the system it replaced" (Turner 1979:129), wil die navorser van hierdie verhandeling van Turner verskil en eerder inval by die argumente van Fensham sowel as Guthrie. Fensham (1981:74) redeneer, dat ons moet onthou dat die skrywer van die Hebreërs beelde gesoek het om die ewige priesterskap van Christus weer te gee. In sy soeke na hierdie beelde, het hy bekende beelde vir sy lesers gebruik om groot waarhede vir hulle aan die verstand te bring. Dit was nie om die tempel aan te val nie, maar eerder om ŉ sterk argument te voer. Hierby sluit Guthrie (1983:28) aan: "The distinction between tabernacle and Temple may not have been as sharp to the original readers as appears to the modern reader." Derhalwe kan die standpunt gehandhaaf word, dat ook die skrywer van die Hebreërs by die

Christus-siening en voorbeeld ingeval het om nie die ou tempel spesifiek uit te sonder en aan te val nie, maar dat hy met sterk argumente sy lesers probeer oorreed het.

#### 3.3.1.4.5 Openbaring

Laastens word gekyk na die tempel soos dit in die beskrywing van die Openbaring van Johannes voorkom. Die gedagtegang wat sterk in die Nuwe Testamentiese boeke voorkom naamlik, dat die gemeenskap van gelowiges die tempel is, word nie in Openbaring aangepraat of as idee op uitgebrei nie. Daar word wel in Openbaring 11:1-3 simbolies na die gemeenskap van gelowiges as ŉ tempel verwys en in die verklaring van die simboliek is dit inderdaad die nuwe volk van God, die geloofsvolk, die kerk van Jesus Christus waarna verwys word, maar dit is slegs ŉ enkele verwysing en word nie verder as ŉ tema in Openbaring hanteer nie (vgl. Du Rand 1992:80). Die hemelse tempel figureer wel in Openbaring 4 tot Openbaring 20 en die gelowiges, saam met die engele, prys God gesamentlik daarin. Net soos in die brief aan die Hebreërs, val die klem in Openbaring minder op die heiligdom en meer op die aanbidders self, as ŉ priesterdom, wat self geestelike offers vir God bring (Groenewald 1983:99). Die hemelse tempel staan as tema nie in Openbaring uit nie en word op drie plekke per toeval na verwys: Openbaring 7:15, 14:17 en 16:1. Groenewald (1983:99) sê, dat dit inderdaad baie verwarrend is, aangesien daar in die nuwe Jerusalem nie ŉ tempel is nie (Op. 21:22), dit is egter nie ŉ teenspraak nie. Hier word die hemel in sy geheel as ŉ tempel voorgestel en is slegs simbolies in sy verwysing as ŉ plek waar God aanbid, geloof en geprys word (vgl. Malina & Pilch 2000:247). Sien in die verband Loader (1989) se uitleg van Psalm 150 waar hy sê, dat die Psalmis nie net die tempelgebou sien as God se huis nie, maar ook die hemelruim: "Laat alles wat asemhaal, die Here prys!" Die hele stad is ŉ tempel, daarom kan daar nie ŉ tempel in wees nie (Botha 1989:382-383). Uiteindelik word die Bybelse denke aangaande alle tempels, heiligdomme en heilige plekke tot ŉ klimaks gevoer in Openbaring 21:22 en 22:4: "ŉ Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam... en sy dienaars sal Hom dien. Hulle sal Hom sien en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees." Die navorser van hierdie verhandeling wil by McKelvey, sowel as Malina & Pilch se uitleg en bespreking van die verse aansluit en as standpunt stel. Hulle sê alle heiligdomme en tempels verdwyn as die funksies waarvoor hulle bedoel was, vervul word. Hierdie

vervulling vind plaas wanneer Christus en sy bruid, die kerk, in die persoonlike teenwoordigheid van God staan. Hierdie ontmoeting is so intiem dat daar gesê kan word, dat die een werklik binne-in die ander woon en versmelt word, sonder dat enige identiteit verlore gaan. In hierdie vervloeiing is daar geen behoefte aan enige heiligdom of tempel nie. Alhoewel die afleiding uit hierdie verse gemaak kan word, dat God alleen die tempel is, word nie net van God alleen as tempel gepraat nie, maar van God en die Lam. Aangesien Christus onlosmaaklik verbind is aan sy bruid, die kerk, kan die gevolgtrekking gemaak word, dat een in almal is en almal in een en dit vorm Johannes se tempel. Johannes sien God as 'n tempel vir die gelowiges en die gelowiges as 'n tempel vir God. Johannes se denke in die verband, het alle vorige Nuwe Testamentiese skrywers oortref. Johannes se visie van die triomfantlike kerk was 'n tempel vir God soos wat God 'n tempel was vir die kerk met Christus wat dit tot 'n eenheid gebind het (vgl. McKelvey 1969:155-178; Malina & Pilch 2000:249-251).

In oorsig en samevatting van Paulus tot Openbaring se sieninge van die nuwe tempel, enkele opmerkings:

a. In die ondersoek van hierdie tema is dit duidelik dat die vroeë kerk Jesus Christus nie voorgestel het as die nuwe tempel nie. Nêrens word na Christus alleen verwys as die nuwe tempel of selfs so genoem nie. Dikwels in verhouding met die kerk, apostels en profete wel, maar nooit word Hy alleen in wese as 'n tempel genoem nie. Dit is ook opmerklik, dat die kerk nooit die tempel van Christus genoem word nie, maar altyd die tempel van God of die Heilige Gees. Dit is deurentyd Christus in verbintenis met sy kerk of die kerk as liggaam van Christus, wat die nuwe tempel vorm, waarin God self woon of deur sy Gees woon.
b. Dit is ook duidelik dat daar 'n goue draad deur die hele Nuwe Testamentiese siening van die ou tempel loop, wat in navolging van Christus was. Die ou tempel is nooit direk aangeval nie. Die gebruike, mense, verkeerde sieninge en interpretasies wel, maar nooit die tempel self nie. Alhoewel daar baie standpunte in verwysende literatuur oor aanvalle op die ou tempel voorkom, wil die navorser dié standpunte in hierdie verhandeling handhaaf, aangesien dit meer water dra in die lig van die

Christelike geloof, wat die Nuwe Testamentiese skrywers geleef en verkondig het.

c. In hierdie hele ondersoek na die Nuwe Testament se siening van die nuwe tempel, wat alreeds begin het veertig jaar voordat die ou tempel vernietig is; van die leringe van Jesus Christus tot by die leringe en praktyk van die kerk van die eerste eeu, is daar geen twyfel aan die resultaat nie. Daar het ŉ radikale paradigmaskuif in die interpretasie van die gebruik en die vorm van die tempel plaasgevind. Daar is geleidelik wegbeweeg van die Joodse tempel as fisiese instelling, uitgedruk in ŉ gebou, wat gevorm is deur mense hande en vervang is met ŉ persoonlike plek, ŉ plek waar Christus met sy liggaam – die kerk – die nuwe heiligdom geword het. ŉ Tempel wat nie meer langer verbind is tot enige spesifieke plek of tyd nie en gevorm is deur die hande van God.

## 3.3.2 Sinagoge

Die sinagogediens, wat bestaan het naas die tempeldiens, het die ruggraat van die Joodse godsdiens gevorm. “Die sinagogediens was geen opponent en allermins ŉ plaasvervanger van die tempeldiens, maar eerder ŉ belangrike aanvulling daarvan” (Barnard 1981:88). In die Nuwe Testamentiese tyd word sinagoges oral gevind waar Jode gewoon het. Nie net in Palestina en buitekant Jerusalem nie, maar ook in Jerusalem self waar die tempel was, was daar baie sinagoges veral met die oog op die verskil in taal, soos byvoorbeeld Aramees en Grieks. Die sinagoges het oral opgespring en selfs vermenigvuldig, sodat byna elke dorp sy eie sinagoge gehad het (Duvenage 1976:184). Oral in die diaspora was daar ook sinagoges opgerig en Paulus kon feitlik oral na die sinagoges gaan om die evangelie aan Jode en heidene te verkondig. Die sinagoges was die een plek van aanbidding, nadat die tempel vernietig is, wat vir die Judaïsme oorgebly het (vgl. Gispen 1977:590-591).

Die tydperk waarin en die plek waar die sinagoge ontstaan het, soos reeds genoem, is nie duidelik nie. Wat wel van belang is, is dat dit naas die tempel ŉ heenkome vir gelowiges gebied het, veral in die eerste eeu na Christus en daarna (vgl. Gispen 1977:591). “Ook die volgelinge van Jesus het voortgegaan om die dienste in die

sinagoge by te woon. Vir hulle was dit 'n besondere geestelike tuiste en hulle kon sonder moeite die diens meemaak" (Barnard 1981:86). Dit kom selfs voor asof die klem weggeskuif het vanaf die tempel na die sinagoge as dié plek van aanbidding, lank voordat die tempel vernietig is. "In fact in Palestine itself the synagogue had become the real seat of religious worship" (Moore 1962:12). Turner (1979:100) sluit hierby aan: "When we remember that synagogues multiplied throughout the Dispersion we can realize how they provided everywhere a home for the 'portable fatherland', the book of the Law, and were the main support of Jews who could participate only very occasionally in the sacrificial system of the temple. This explains why the loss of the Temple in A.D. 70 was not the shattering blow it might have seem to be; while other religions usually succumbled to the loss of their sanctuaries Judaism was equipped to survive as the religion of Law and synagogue."

Die woord sinagoge geld vir sowel die diens as vir die gebou waarin dit plaasgevind het. Enersyds word daarmee bedoel, dat die sinagoge die institusie van Joodse gemeenskaplike aanbidding, studie en sosiale werk was en andersyds word die fisiese gebou self bedoel (vgl. Barnard 1981:87). In die Grieks beteken sinagoge (*συναγωγή*) letterlik vergadering of samekoms. In die Septuagint word die naam sinagoge gebruik om die gemeente (עדה - *èdah*) mee aan te dui. Die Hebreeuse naam vir sinagoge is drieledig; *beit knesset* – huis van samekoms; *beit midrash* – huis van lering of studie; *beit tefilah* – huis van gebed. Die drie terme verwys na die drie fundamentele funksies van 'n sinagoge:

a. Eerstens, is dit 'n samekoms van mense, om mekaar te keer ken, om mekaar sosiaal en spiritueel by te staan en om na die wêreld uit te reik.
b. Tweedens, word die Woord van God bestudeer en hoe dit in die alledaagse lewe toegepas kan word.
c. Derdens, is dit die plek om God te aanbid. Alhoewel gebede enige plek gebid kan word, is daar sekere gebede wat net in die teenwoordigheid van 'n *minyan* (kworum van tien volwasse mans) opgesê kan word om meer krag te dra

(The Synagogue and the Temple. www).

Die sinagoge, net soos die tempel, is nie uitsluitlik vir religieuse doeleindes gebruik nie, maar ook as publieke institusie. Die sinagoges is gebruik as stadsale. Argiewe is hier bewaar onder andere die rekords van manumissies – rekords van slawe wat vrygestel is. Verder is die tesourie in die sinagoge gehuisves. Dit het as herberg gedien en gemeenskaplike maaltye is daar geëet. Juridiese sake is hanteer en politieke vergaderings het dikwels in die sinagoges byeengekom. Die sinagoges was egter veral bekend vir die literêre aktiwiteite, wat daar plaasgevind het; die lees en onderrig van die Tora (Runesson 2004:4).

Sinagoges het wegbeweeg van die gedagte, dat God in ŉ gebou gehuisves kon word of dat die gebou ŉ toegang tot die hemel self gebied het. Die teenwoordigheid van God is totaal verwyder van plek en gebou en eerder toegevoeg aan die gelowige gemeenskap, wat vergader het rondom die wet van God. "The synagogue, especially in its earlier forms, represents a radically new development in the history of places of worship. As against a building for a sacrificing priesthood, it served a non-sacrificing laity; in place of a cult that was largely individual, apart from the great seasonal festivals, it provided for worship that was entirely corporate; instead of being a *domus dei* with multi-cell plan and graded degrees of sanctity, it was a house for the assembly of the people of God, equivalent to a *domus ecclesiae*" (Moore 1962:436). Die sinagoge het 'n verskuiwing laat plaasvind van Goddelike inwoning vanaf heilige plek na mense. Die karakter en funksie van die sinagoge het meegebring, dat daar nie meer van ŉ heilige plek gepraat is nie, maar eerder van ŉ sentrum of plek van aanbidding. Die sinagoge verteenwoordig die ontheiliging van plekke en geboue, wat vir religieuse doeleindes gebruik was en het ŉ nuwe standpunt in die fenomenologie en in die geskiedenis van die religie gemaak. Die huis van God kan nou eerder ŉ huis vir die ontmoeting van die mense van God, as ŉ huis vir die God homself genoem word.

Die oprigting van ŉ sinagoge was, wat die gebou betref, sekerlik nie ŉ duur onderneming nie. Vandaar dat elke dorpie sy eie sinagoge gehad het en dat in dieselfde stad soms talle verrys het. Dit was in die reël, konstruksies van klip. Die konstruksies van die gebou was byna altyd dieselfde (Duvenhage 1976:186). Dit was reghoekig en die boustyl was dikwels vereenselwig met die kultuur-historiese boustyl in die tyd en plek van die oprigting van ŉ bepaalde sinagoge (Knight.www). Die

vroegste sinagoges, het geen literêre- of argeologiese bewyse nagelaat in verband met hulle vorm nie. Daar is ook geen Bybelse instruksies in verband met sinagoges, soos by die tabernakel en die tempel nie. Dit is eers in latere Talmoediese literatuur, dat ŉ paar algemene reëls verskyn het (vgl. Turner 1979:278). Die sinagoges het baie ooreengekom met die huise in die omgewing van die sinagoge en was nie uitspattig soos die tempel nie en het hoofsaaklik bestaan uit ŉ enkele vertrek of saal (Moore 1962:436). Die sinagoge was nie soos die tempel ŉ heiligdom nie, maar ŉ gemeentehuis, ŉ gebedshuis, ŉ leerhuis en was gewoonlik gebou in ŉ Basilieke vorm, naamlik reghoekig (Barnard 1981:100). Turner (1979:101) sluit hierby aan en vergelyk dit selfs met die tent van die Ou Testament: "The synagogue has given new concrete expression to many of the values symbolized in the tabernacle. The synagogue also, in its beginnings, was more akin to the ordinary dwellings of the people and so suggestive of an intimate, personal or 'domestic' relation between God and men; it could be established with ease wherever the people of God were, in exile or in dispersion or in the smallest community, and so had a kind of mobility about it; the simplicity and plainness of the tent were reflected in the synagogue and expressed the kind of life the Law required." Die sinagoge se eenvoud het die verhouding van God en mens vooropgestel en die uitvloeisel daarvan in die daaglikse lewe benadruk. Die sinagoge het net soos met die tabernakel ŉ nomadiese God veronderstel, wat net by sy mense wou wees, ongeag die plek of gebou. Die sinagoge het die spanning tussen 'n *domus dei* en ŉ *domus ecclesiae* opnuut na die oppervlak gebring, wat regdeur die geskiedenis van Israel in die studie van die plekke van aanbidding na vore gekom het. In die geval van die sinagoge is daar ŉ nadere vereenselwiging met die *domus ecclesiae*. Die gebou was instrumenteel, eerder as *domus dei* in eie reg. Die klem het eerder op die mense geval, en nie op die plek van God nie.

Vir ŉ baie lang tyd het die Christene voortgegaan om naas hulle eie byeenkomste, ook die dienste in die sinagoges by te woon. Dat daar later ŉ breuk gekom het, sodat hulle verplig was om daarmee op te hou en uit die sinagoges geweer is, was nie deur hulle toedoen nie, maar as gevolg van die optrede van die Jode (Barnard 1981:87).

### 3.3.3 Huiskerke - *Ecclesiae Domestica*

Hierdie model vind sy wortels direk by Christus self en het dié model vir kerksentra in die vroeë Christendom gebly tot en met die tyd van Konstantyn in 312. "The New Testament Church began as a small group house church (Col 4:15) and it remained so until the middle or end of the third century" (Snyder 1985:166). Giles (1999:34): "As late as the third century, Minicius Felix was still able to proclaim 'We have no temples; we have no altars'." In Markus 14:12-16 word verwys na die bovertrek waar Christus en sy dissipels bymekaar gekom het, waartydens Christus saam met sy dissipels geëet en vervolgens die nagmaal ingestel het. In Handelinge 20:7-8 lees ons van Christene wat in so bovertrek bymekaar gekom het, daar het hulle gebid, God geprys met sang, saam geëet en brood gebreek. Hierdie model word nie slegs op die bovertrek gebou nie, maar op enige vertrek in die huis. Dit het eerder gegaan oor die diensbaarheid en geskiktheid van 'n vertrek, as watter vertrek in die huis gebruik moes word. Daar was ook niks uitsonderlik of buitengewoon spesiaal aan die vertrek waar vergader is nie en dit was net so heilig soos enige ander vertrek in enige ander huis in Jerusalem. Die klem het eerder geval op die mense in die vertrek as geheilig, maar dan net in soverre hulle met die Heilige Gees by God in hulle midde ingelyf was.

Hierdie vertrek van aanbidding, wat in die Christelike tradisie eerder bekend gestaan het as huiskerk, was die suiwerste vorm van die *domus ecclesiae* wat in die Nuwe Testament beskryf word en was totaal en al in ooreenstemming met die transformasie, wat Christus bewerk het (Maertens 1970:70). In die vroeg-katolieke periode, is daar in lyn met die apostoliese tradisie oorgegaan om na die Christelike geloofsgemeenskap, nou gevestig as huisgemeentes, te verwys as die huis of tempel van God (1 Pet. 2:5; Ef. 2:21-22) (vgl. ook Van Aarde 1989:19). Dit het reglynig teenoor *domus dei* – wat deur die tempel verteenwoordig was – gestaan. Turner (1979:153) skryf: "This norm lay not in making a private house mandatory, but in setting the sanctuary free from bondage to particular holy places and buildings and locating it in the Christ-centred life of a community meeting wherever was the most convenient."

Die huiskerkmodel het nie net primêr ontstaan as gevolg van vervolging of sosiale stremming nie, maar omdat daar daadwerklik van heilige geboue en plekke wegbeweeg wou word na die gebou van Christus, naamlik sy kinders. Dit het gegaan oor die gemeensaamheid van Christus-belydende mense as ŉ geestelike tempel. Die beste model om dit ŉ werklikheid mee te kon maak, is in die huiskerkmodel gevind (vgl. Barnard 1981:173). Aanvanklik was dit net een vertrek, wat geokkupeer is, maar later is van ŉ enkele vertrek vir aanbidding na verskeie vertrekke in die huis, na gelang van die behoefte, beweeg. In Dura-Europos in Sirië is een van die beste en volledigste voorbeelde, tot op hede, ontdek van ŉ woonhuis, wat omvorm is in ŉ huiskerk. Die gebou is vroeg in die derde eeu as ŉ woonhuis opgerig, maar is in 231 aangepas om ŉ huiskerk te word. ŉ Interne muur is verwyder om plek te maak vir ŉ vertrek van samekoms vir nagenoeg vyftig mense. Ander kamers is aangepas vir kategese of vir nagmaal doeleindes. Nog ŉ kamer is aangepas vir die bediening van die doop en die vierde kamer vir die bewaring van die sakristie. Al hierdie kamers het uitgeloop in ŉ opelug binnehof, wat gebruik is vir lofprysing. Daar was geen vensters in die perifere mure nie en net ŉ enkele deur wat toegang van buite verleen het (sien Wardell. www). Namate die gemeenskap van gelowiges en die organisasie uitgebrei het, het hierdie huiskerke multifunksionele behoeftes ontwikkel en was meer en meer kamers in die huislike opset nodig. Die vergroting van bepaalde huise en die vaste gebruik daarvan het ook die naam *ecclesiae aula* – saal van die kerk – in gebruik laat kom, wat maar net op ŉ vergrote en uitgebreide *domus ecclesiae* gedui het (White 1990:128). Veral die groter huise van meer welgestelde lede is hiervoor gebruik. Kamers is nie net benodig vir aanbidding, nagmaal en doop nie, maar ook vir kategese en maatskaplike behoeftes. Die behoeftes het uitgebrei en later is meer en meer kamers benodig: om predikante te huisves, vir administrasie, sosiale byeenkomste, gemeentevergaderings, ŉ biblioteek en later selfs as ŉ skool, ŉ hospitium vir die versorging van siekes en oornag akkommodasie vir rondreisende Christene. Hierdie huiskerke het met tyd ontwikkel om meer te wees as net maar ŉ kamer in ŉ privaatwoning, dit het ontwikkel om ŉ Christelike gemeenskapsentrum te word (vgl. Davies 1968:1-17). Turner (1979:159) gaan verder en beweer, dat wanneer ŉ bepaalde huis nie aan al die behoeftes voldoen het nie, ŉ ander huis gekoop was of huise selfs spesiaal beplan en opgerig was om sodanige behoeftes te vervul. Die voorwaarde was egter altyd dat dit eenvoudig beplan moes word en die huiskerk gedagte nie verlore mag gaan nie.

Die redes waarom huise gedurende die eerste drie eeue na Christus voldoende was vir gemeentelike byeenkomste kan soos volg saamgevat word:

a. Eerstens, het die Christene nog nie die latere kerkbeeld van ŉ institusionele grootheid waarin ŉ massale groep mense betrokke was, gehad nie. Die gemeente was nog ŉ gemeenskap, ŉ familie en die krag van die kerk was nie gesoek in sy groot byeenkomste nie, maar in die geesteskrag van sy liefde. Die gemeente kon nie te groot word nie, want dan het die liefdesgemeenskap verlore geraak (vgl. Gamber 1968:14-34).
b. Tweedens, kan die rede in die erediens gesoek word. Die erediens was eenvoudig, sinvol en onopgesmuk en daar was geen bykomende ruimte vir God nodig nie, slegs voldoende ruimte vir die mense wat as gelowiges die tempel van God was (vgl. Barnard 1981:173-175).
c. Derdens, het die Christene meestal uit die armer klasse van die samelewing gekom.
d. Vierdens, het plaaslike vyandigheid en vervolging van tyd tot tyd uitgebars teen die Christene en was dit veiliger om in huise op ŉ wisselende ratio interval basis te vergader.
e. Laastens, was die huiskerk heeltemal in ooreenstemming met Jesus se leer en die gemeenskap van die gelowiges se siening, dat hulleself die nuwe geestelike tempel is, wat die tempel in Jerusalem vervang en alle heilige plekke oorbodig gemaak het (Turner 1979:158).

Oorsigtelik kan gesê word, dat die kerkgeboue waarin die gemeente saamgekom het, as gewone geboue beskou is. Aanvanklik is gewone huise gebruik, later ŉ huis wat spesiaal as ŉ tipe gemeentesentrum heringerig is, en nog later ŉ saal met vertrekke, met die oog op al die gemeentelike byeenkomste en bedrywighede. Gewone geboue is daarvoor aangewend en geen heiliger karakter is daaraan toegeskryf as aan enige ander gebou, wat die gelowiges vir ander doeleindes gebruik het nie. Doelmatigheid was die hoofvereiste vir sodanige geboue.

Die einde van die huiskerk-era het aangebreek as biskoppe Theodosius en Gratianus in 380 ŉ ordinansie uitvaardig, dat daar slegs een staatserkende kerk en een dogma

mag wees. Elke burger van Rome is gedwing om ŉ lidmaat van die Ortodokse Kerk te wees en elkeen moes die *lex fidei* – wet van die geloof – onderskryf. Alle ander groepe en bewegings, insluitende die huiskerk, is daarmee verbied. Dit het die einde van die huiskerk beteken en ŉ verdere implikasie gehad, dat dit ŉ kriminele oortreding sou wees om ŉ huiskerk te begin. Dit het nie net die einde van alle huiskerke beteken nie, maar ook die aanbreek van ŉ nuwe tydperk; die vervolging van die kerk in die naam van die kerk (Simson 1998:49-50).

## 3.4. Bybelse Ideaal

Die Bybel stel die ideaal of *teorie*, waarmee daar na die *praxis* gegaan kan word om die bestaande praxis te bevestig en te toets of om ŉ nuwe praxis te onderhandel. Die navorsing stel die volgende Bybelse ideaal:

a. Dit is nie belangrik waar die plek van aanbidding is of hoe dit lyk nie. Publieke geboue, openbare sentrums en plekke van onderrig mag ingerig en omgeskakel word vir godsdienstige gebruik. Selfs geboue wat aan heidene, staatsinstellings en die gewone publiek behoort, mag gebruik word. Wat wel belangrik is, is dat dit gebruikersvriendelik moet wees en die liturgie moet kan dien.
b. God woon nie in mensgemaakte geboue nie, maar is oral teenwoordig – niks kan sy grootheid beperk nie. Kerkgeboue is dus nie heilig nie, net God kan heilig wees en die kerksentrums kan dus ingerig en gebruik word, soos wat dit die aanbidders behaag.
c. Kerkgeboue is nie die doel self nie. Kerkgeboue moet dus ingerig en beplan word om die *missio Dei* en dissipelskapsroeping na te streef en te vervul.
d. God is ŉ nomadiese God en trek saam met sy volk en laat Hom nie beperk tot tyd en plek nie.
e. ŉ Kerkgebou se estetiese voorkoms is nie vir God belangrik nie. Wat wel van belang is, is dat God op ŉ plek in die samekoms van sy kinders aanbid word en verhoudinge tussen God en mens en mense onderling daar gekweek en gebou moet word. Badenhorst (1969:7) was dus korrek in sy

hipotese toe hy gesê het: "Nie die uiterlike vorm van die tempel is die belangrikste nie, maar die teenwoordigheid van God."

f. Die styl en duursaamheid van ŉ kerkgebou, moet inpas by die leefstyl van sy omgewing. Uitspattige geboue in arm gebiede stel nie die ware beeld van God, soos geopenbaar in Jesus Christus, voor nie.

g. Kerkgeboue moet altyd eskatologies in karakter wees. Die tydelike van die aardse moet in gedagte gehou word – in beplanning – teenoor die hemelse permanensie, wat deur God gebou word.

h. Om van die veronderstelling uit te gaan dat God self sy kerk in stand hou, wanneer kerkgeboue se kostes vir oprigting beplan word en dat God finansieel sal voorsien ongeag die koste, is onbybels en ŉ teologiese dwaling.

i. Die prys wat betaal word om ŉ kerkgebou op te rig – in terme van tyd, onderlinge verhoudinge en geld – moet duidelik bereken word, aangesien dit 'n baie negatiewe uitwerking op die *missio Dei* kan hê.

j. God se seën het met mense te doen en nie met dinge nie.

k. Alhoewel die uitspattigheid van plekke van aanbidding nie in lyn met God se wil is nie, aanvaar Hy sulke plekke, omdat Hy nog steeds daar aanbid en gedien word.

l. In die meeste plekke van aanbidding is sodanige plekke of geboue opgerig met die oog op multifunksionele gebruik. Kerkgeboue is beplan, op- en ingerig om die direkte gemeenskap te dien – in terme van sosiale-, maatskaplike-, onderrig-, publieke- en rekreatiewe gebruik. Die kerkgebou was dikwels tegelyk gemeenskapsentrum en aanbiddingsplek.

m. Kerkgeboue moet beplan word om soveel en so dikwels as moontlik ook in die week gebruik te word en nie net op Sondae nie. Dit moet meerdoelig aangewend kan word tot diens van ŉ gemeenskap.

n. Die feit dat die klem vanaf die *huis van die Here* vanaf ŉ gebou na mense verskuif het, het ŉ herevaluasie van geboue laat plaasvind in terme van hulle uitleg, voorkoms en funksionaliteit.

# Hoofstuk 4

# Historiese Perspektief op Kerkgeboue

Die Historiese Spanning tussen *Teorie* en *Praxis*

## Die Historiese Praxis

## 4.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk is 'n sketsmatige en oorsigtelike beskouing van die op- en inrigting van kerkgeboue soos dit in die geskiedenis voorgekom het – vanaf die tyd van Konstantyn tot op hede – die historiese *praxis*. Geskiedenis veronderstel dat daar met die verlede as werklikheid bemoeienis sal wees, wat berus op 'n noukeurige versameling, bestudering, evaluering en benutting van beskikbare bronne. Die uitgangspunt is, dat die verlede iets te sê het en daarom moet daar ook so eerlik as moontlik gepoog word, om die verlede se stem te beluister en tot sprake te bring (vgl. Pont 1998:197-202). Wanneer die geskiedenis derhalwe in oënskou geneem word, word dit duidelik, dat daar deur die eeue twee basiese uitgangspunte oor kerkgeboue gevind word, naamlik: *domus ecclesiae* en *domus dei*. (vgl. Turner 1979:157).

## 4.2. *Domus Ecclesiae* en *Domus Dei*

Vanuit die mens se inherente gewaarwording of sin na godsdiens – *religionis semen*, met God as openbarings- en geopenbaarde wese – *deus revelatus* (vgl. Deist 1984:44;141), het die mens deur die eeue heen, 'n stempel van sy tyd op geboue, plekke en tempels nagelaat. Die siening van die mens se verhouding met sy God en sy medemens, in 'n spesifieke tydperk, hou verband met sy ontwerpbeplanning van 'n kerkgebou of aanbiddingsplek. Aanbiddingsplekke word beplan, beskou en verander, as uitvloeisel van 'n verandering in teologiese- en godsdienstige denke en interpretasies (vgl. Clowney 1983:7-9). Hierdie sienings oor kerkgeboue word deur die eeue in twee basiese gesigspunte gevind, naamlik: *domus ecclesiae* en *domus dei*. Die laasgenoemde twee terme het in die eerste drie eeue na Christus ontstaan. Die

eerste Christene het in huise vergader en hierdie huise word genoem *ecclesia domestica* – letterlik gemeentehuis. Later verander die naam na *domus ecclesiae* – huis van die gemeente – waar die klem op die gemeenskap of volk van God geplaas word (Turner 1979:158). Barnard (1981:174) onderskryf dit en haal uit Jungmann se *The Early Liturgy* aan: "Therefore the oldest name for the Christian house of God is 'house of the ecclesia' – *oikos tes ekklesias* – and it is from this phrase that the later simpler name is derived: *ecclesia* – gathering, congregation"

*Domus dei* het uit *domus ecclesiae* gegroei. Hierdie huise was aanvanklik eenvoudige geboue waarin vergader was. Gedurende die laaste helfte van die derde en inleidend tot die vierde eeu na Christus, met Konstantyn se bekering in 312 (Ehrman 2004:9) en die opkoms van die Christelike geloof as staatsgesanksioneerd, word groter en meer uitspattige geboue opgerig, soos beïnvloed deur die omringende heidense tempels en publieke boustyle. Die tempelgedagte herleef weer, maar uit weersin teenoor die omringende tempels, word dit *domus dei* – huis van God genoem. Die gebou word as God se huis gesien, waar 'n ontmoeting met God plaasvind. Die kerkgebou het verander van 'n "toevallig woonhuisvertrek tot eigen complex met cultusruimte, dienstvertrekken en verder nog hoogtens woonruimte voor haar bedienaren" (Peeters 1969:19). Dit is geen verrassing, dat die woord *ecclesia*, wat tot en met die derde eeu die Christen gemeenskap aangedui het, nou op die kerkgeboue toegepas word nie (vgl. Dix 1945:307).

'n Siening rondom *domus dei*, het ook vanuit 'n Katolieke tradisie ontstaan; dat hierdie kerkhuise later as 'n setel van die biskopdom gebruik was, soos in Antiochië, Carthago, Rome en Cirta daarna verwys word, as die plek waar die heer, bedoelende die biskop, gewoon het en was genoem *dominicum* – letterlik die huis van die heer. Hieruit het *domus dei* ontstaan – die huis van die Here (vgl. Knight.www; sien ook Turner 1979:160). Die geskiedenis het vervolgens alle kerkgeboue vanuit hierdie twee terme geëvalueer:

- *Domus ecclesiae* – met die klem op die vergadering, liggaam, nuwe tempel of gemeenskap met en van God.
- *Domus dei* – met die klem op die kerkgebou, as 'n huis van God en die inrigting daarvan.

Turner (1979:157) maak 'n interessante waarneming aangaande die twee terme. Hy vind dat by die bestudering van die kerkgebou in die Bybel, die outentieke Christelike begrip, die *domus ecclesiae*, minimaal gebruik word, in die geskiedenis van die beplanning en oprigting van kerkgeboue. Die *domus dei* konsep het by verre die belangrikste invloed op die beplanning en oprigting van kerkgeboue in die Christelike geskiedenis gehad.

## 4.3. Historiese oorsig: Kerkgeboue

### 4.3.1 Die Konstantyn Era

Die aanbreek van die Konstantyn-era dui 'n groot sprong in die ontwikkeling van die beeld van kerkgeboue aan: vanaf 'n woonhuis – as 'n plek van byeenkoms van die gemeente van Christus – tot 'n tempel, 'n huis van God. Wanneer Konstantyn die Christelike godsdiens aanneem en die Edik van Milan godsdiensvryheid in 313 aankondig (Ehrman 2004:11), tree daar 'n nuwe fase in die kerk se geskiedenis na vore. Afgesien dat die vervolging aan die verlede behoort, word die Christelike godsdiens mettertyd tot staatsgodsdiens verhef, met ingrypende gevolge. "De staatsbescherming veranderde bijna alles in de kerk. Eenvoudige huisgemeenten maakten plaats voor grote gemeenschappen, geleid door beroepskrachten. De inbreng van de gewone mensen, de 'leken', nam verder af en de ceremoniële handelingen kwamen op de voorgrond. Bisschoppen en andere kerkelijke functionarissen begonnen met het dragen van onderscheidingstekenen op hun kleding in navolging van de gewoontes aan het keizerlijke hof. Deze veranderingen in het sociale profiel van de kerk hadden ook invloed op de kerkbouw" (Clowney 1983:32).

Konstantyn spits hom toe op die bou van talle indrukwekkende kerkgeboue, net soos sy keiserlike voorgangers, wat tempels vir hul afgode opgerig het. Vanuit sy tempeltradisie dra hy hierdie siening van heilige geboue op die Christelike geboue oor. "He could not escape from the idea of a holy place and this example affected the Church at large" (Davies 1968:15). Die staat help met die heropbou en herstel van

kerkgeboue, wat in voorafgaande vervolgings afgebreek en vernietig is. Die boustyl soos in staatsgeboue gehandhaaf, word in die kerkgeboue weerspieël. Hierdie kerkgeboue was glansryk: marmerpilare, gekerfde handrelings, beskilderde en vergulde plafonne en mosaïek inlegwerk. ‘n Nuwe argitektuur van ŉ hoër orde is gebruik; publiek in karakter, luisteryk in materiaal en ruim in uitleg. Na deeglike navorsing van verskeie geboue uit dié tydperk, maak White (1964:56) die waarneming, dat kerkgeboue die Basilika boustyl – die koning se saal – weerspieël. Dit is reghoekig in vorm en intern langs sy lengte-as ingerig. Hierdie boustyl word in publieke geboue gebruik en in kerkgeboue nageboots. Alhoewel die kerk bepaalde pragmatiese veranderings aangebring het, was die Basilika styl vir eeue dominant in die beplanning en oprigting van kerkgeboue. Davies (1952:26-30) sluit hierby aan en beklemtoon die invloed van die *curia oblongata*, waar die senaat van die Romeinse Ryk vergader het, op die boustyl van die tyd. Hierdie boustyl word van die Griekse tempels, met hulle smal fasades nageboots en kom uiteindelik tot uiting in die Basilika boustyl (sien ook MacDonald 1968:12; Swift 1970:29; Giles 1999:36).

Twee motiewe word uit hierdie luisterryke kerkgeboue se oprigtingsaksie weerspieël:

a. Eerstens, soos in die tradisie van die antieke tyd, is hierdie kerkgeboue verteenwoordigend van die keiserlike mag en waarborg dit die welvaart van die staat.
b. Tweedens, was daar by Konstantyn ook ŉ piëteit teenoor die kerk en word aanvaar, dat hy uitdrukking aan sy geloof in God wou gee (vgl. Turner 1979:161-162).

Die nabootsing van die Basilika styl – wat sy wortels in omringende heidense tempels gevind het – het tot gevolg gehad, dat daar weer terugbeweeg is na die tempel van Salomo, wat op sy beurt deur omringende Kanaänitiese tempels beïnvloed was. Alhoewel in ŉ mate onder die invloed van die huiskerk – *domus ecclesiae* – is daar in hierdie tydperk radikaal terugbeweeg na die *domus dei*. Ofskoon dit ŉ uitdrukking van keiserlike mag was, was dit ook in kompetisie met heidense gode en tempels opgerig. Vir Davies (1968:12) is dit verrassend dat die tempelplan, in die vierde tot sesde eeu na Christus, weer argitektonies so sterk op die voorgrond tree, nadat dit onomwonde in die eerste eeu deur die Christelike kerk verwerp was. Daar word wel

iets van ŉ vergrote huiskerk in hierdie kerkgeboue gevind – met die aanbiddingsruimte in die middel, omring deur bykomstige kamers om addisionele kerklike aktiwiteite te akkommodeer – dus die gedagte was *domus ecclesiae*, maar die dop was *domus dei*. Die unieke geleentheid, wat die Christendom gehad het, om radikaal met die tempeltradisie te breek en 'n gans ander, eksklusiewe vorm daar te stel, gaan dus verlore. Die omgee, uitreik en versorging, wat gemeentebou in sy wortel weerspieël, kenmerkend van die kerk in die eerste drie eeue, word opgeslurp deur die oprigting van uitspattige kerkgeboue. Hiermee breek die tydperk van die *domus dei* weer eens aan. "The Christian Church over the first millennium move from 'house' to 'palace', from poverty to privilege, echoing precisely the Jewish movement from tent to temple between Abraham and Solomon" (Giles 1999:43).

## 4.3.2 Die Kultus van Heilige Kerkgeboue

ŉ Kultus word beskryf as ŉ sisteem van gebruike, wat uitloop op die verering van ŉ persoon of 'n ding (vgl. Sykes 1982:231). Dit is alreeds in hierdie studie bespreek, hoe die rituele en gebruike rondom die Ou Testamentiese tempel uitgeloop het op die vergeesteliking van die gebou. Met die aanbreek van die Nuwe Testamentiese era: die offer van Christus aan die kruis; die meegaande skeur van die voorhangsel (Matt. 27:51); die sinagoges en die huiskerke raak hierdie denkrigting wankelend, die geboue, wat gebruik was vir aanbidding, word ontheilig. Die kultus van die heiliging van kerkgeboue sou egter nie wankelend bly nie en het alreeds in die derde eeu na Christus opnuut begin opvlam.

### 4.3.2.1 Grafte

Die kultus wat op die latere heiliging van kerkgeboue uitloop, begin rondom die grafte van martelare en heiliges. Die groot getalle besoekers aan die grafte en die behoefte van baie gelowiges om langs of naby ŉ martelaar of heilige begrawe te word, veroorsaak dat die een of ander graftombe of geboude struktuur daaruit ontwikkel. Mettertyd ontstaan al hoe meer vaste feeste en gedenkdae, ter ere van die martelare en word daar ŉ gedagtenismaaltyd ter ere van die martelare by die grafte genuttig. Daar was nie ŉ altaar by die graf nie, maar ŉ tafel waarop die maaltyd geëet

was. Alhoewel dit nie aanbiddingsplekke was nie, word hierdie *mausoleums* of graftombes heilige plekke, omdat die gedenkmaaltyd mettertyd met die eucharistie verbind word en geglo is, dat hierdie plekke gelowiges nader aan die Goddelike bring. Die sarkofaag – lykkis se klipblad – word selfs later by die viering van die gedenkmaaltyd gebruik, om die hele gebeurtenis nog meer heilig te maak (vgl. Turner 1979:165-169). Vanweë groter rykdom wat Christene meteens beskore was in die Konstantyn era, verrys mooier en groter geboue. Die oprigting van hierdie graf- of gedenkgeboue, was naas huiskerke die eerste argitektoniese aktiwiteit van die vroeë kerk (Peeters 1969:160-161). Krautheimer (1965:31) sluit hierby aan, as hy sê: "The great increase in numbers, the still growing cult of the martyrs and the popular desire to be buried near a martyr's grave or shrine made existing provisions inadequate. In consequence there developed a new building, the covered cemetery".

### 4.3.2.2 Relikwieë

Die relikwieë van martelare en heiliges het 'n baie groot invloed op die heiliging van kerkgeboue gehad. In die eerste twee eeue was daar geen belangstelling in relikwieë nie, maar teen die vierde eeu word dit as heilige voorwerpe gesien en vereer. Die geloof het snel ontstaan, dat dit ook wonderwerkende kragte besit (Lees-Milne 1967:113-114). Hierdie ontwikkeling veroorsaak, dat kerkgeboue in die vyfde eeu, spesifiek oor die grafte van martelare beplan en gebou word en bring verder mee, dat die kisblad as tafel vir die eucharistie gebruik word. Die gebruik bestaan reeds vanaf die vyfde eeu, dat oorblyfsels van 'n martelaar of heilige verkry word en in die altaar of in 'n skyngraf onder die altaar geplaas word, indien 'n kerkgebou nie oor 'n graf opgerig kon word nie. Hiermee word geglo dat God permanent in die kerkgebou gewoon het (Harnack 1961:314). 'n Verdere uitvloeisel was dat 'n klein opening aan die kant van die altaar gemaak is, waardeur 'n mens sy arm kon steek om artikels soos sakdoeke in aanraking met die graf te bring. Sulke artikels is *brandea* genoem en as relikwieë uitgevoer (Davies 1976:271).

Vanaf die sewende eeu het die sogenaamde leriek-translasies plaasgevind – relikwieë is uit katakombes na stadskerke gebring en so verhoog die aansien van die betrokke kerkgebou, langs 'n kunsmatige weg, tot 'n *martyrium* of 'n gedagteniskerk (Peeters

1969:319). Die kultus rondom die relikwieë van martelare word verdedig op grond daarvan dat hul gesê het, dat hul liggame woonplekke van die Heilige Gees was en daarom vereer behoort te word (Davies 1976:271). "Moreover, the true temple, the real altar are these relics. The building is merely an imitation. Hence it was fitting that these bones should be incorporated in the building, that they should perfect the building" (Congar 1962:203).

### 4.3.2.3 Reiniging

Hierdie kultus word verder gekenmerk, deurdat by omskakeling van tempels van vorige heidense afgode, na kerkgeboue, die geboue van bose geeste en duiwels gereinig en gesuiwer word, met rites wat gewissel het, van eksorsisme en salwing tot wassing. Derhalwe is 'n gebou na sodanige rites, as heilig verklaar (sien Bouyer 1963:187). Reeds vanaf die vierde eeu, word kerke ook as openbaringsplekke beskou en begin mense in kerkgeboue slaap, met die verwagting om spesiale openbarings, as visie op hulle lewenspad, deur drome te ontvang en ook met die hoop op genesing (sien Turner 1979:172-173). Die gebruik word *inkubasie* genoem en is van heidense kultusse oorgeneem. Davies (1968:18) sê hierop: "Pagan cults only fell into disuse when churches replaced their temples as centres of healing believed to be accomplished by Christ through his saints."

Tempels was vir baie eeue lank as onindringbare toevlugsoorde beskou. Dit was as heiligskennis beskou, om enige iemand met dwang uit die heilige gebou te verwyder, aangesien hy iets van die heiligheid van die plek in hom opgeneem het. Om kerkgeboue, wat ook as tempels beskou word, as toevlugsoorde te sien, was slegs 'n normale ontwikkeling. Op 23 Maart 431 word 'n wet uitgevaardig, waarin die ontheiliging van kerkgeboue deur toevlugsoekers verbied word – daarin word spesifiek na die geboue verwys as *die tempels van die Allerhoogste God* (sien Davies 1968:20).

#### 4.3.2.4 Eucharistie

Teen die einde van die vierde eeu tree die naam eucharistie op die agtergrond en word *missa* – misoffer, as aanduiding gebruik. Dit beteken dat 'n eenvoudige maaltyd in 'n offer van Christus se liggaam en bloed verander – transsubstansiasie (Fisher 1904:225; Walker 1968:85). Dit verleen heilige status, aan die tafel waarop die misoffer bedien word, omdat Christus daar geopenbaar was, in die tekens van sy werklike liggaam en bloed – *presence par excellence*. Hierdie tafel is mettertyd verander, om van steen of klip te wees en die konsilie van Epaon in 517, het houttafels verbied, aangesien hierdie nou as 'n offeraltaar gesien is (Davies 1976:271). Alhoewel die vroeë Christelike kerk die priesterskap nog nie in direkte verband met die misoffer gesien het nie, word so vroeg as die *Didache* – 'n tweede eeu se kerkhandleiding – die ampsdraers wat die eucharistie mag bedien het, hoëpriesters genoem (Hanson 1979:101). Dit was dan ook 'n logiese noodwendigheid, dat die heiligheid van die altaar weer eens bygedra het dat die gebou, waarin dit gehuisves is, geheilig is. Dit het daarvan 'n nuwe tempel gemaak (Peeters 1969:327).

#### 4.3.2.5 Mistieke Atmosfeer

Die soeke na 'n mistieke atmosfeer, veral deur ligspeling en skynbare onbegrensdheid van ruimtes, het 'n verdere invloed op die beeld van die kerkgeboue gehad, wat ook 'n aspek van die tempelgedagte was. Koorts (1974:20) skryf oor die geboue van hierdie tydperk en sê: "Die soeke en strewe na die Onsigbare word in hierdie geboue gereflekteer in die ondertoon van misterie wat daarin te vinde is. Die misterie-eienskap word verwesenlik in die eerste plek deur die skynbare onbegrensdheid van die binneruim". Turner (1979:173) het dit ook raakgesien en sê: "The size and the splendour of many of the new churches enabled them to create a feeling of the numinous through physical media, although this was quite foreign to the worship of the early house-churches and radically opposed to the New Testament transformation of sacred space; at the same time it was completely appropriate to the temple type, and made the church a worthy *domus dei*."

#### 4.3.2.6 Grade van Heiligheid

Daar was binne die kerkgebou ook grade van heiligheid, soos by die heiligdom in Israel en die heidense tempels. Dus het die inrigting van die kerkgebou as tempel nie net by die ruimtelike opgehou nie. Die heiligste voorwerp in die kerkgebou was die altaar en die ruimte om die altaar is van algemene gebruik weerhou en slegs die geestelikes – mense wat vanweë hulle konsekrasie heiliger as die gewone Christene geag is – kon die rituele handelinge daar uitvoer. Die altaar is in die voorste deel van die kerkgebou – die *apsis* – geplaas. ’n Spesiale plek, wat nog heiliger as die res van die gebou was, was kenmerkend van beide die Joodse en heidense tempels en oral waar kerklike argitektuur gebruik is. Die karakteristieke tempelgedagte van grade van heiligheid in die toegang tot die Godheid, word so in die Christendom ingedra. Hierdie verdeling van die kerkgebou van die voorhof na die skip en dan na die altaarruimte, het ook die trappe van heiligheid van leke na die priesters aangedui. Ander kenmerke het ook die differensiasie in grade van heiligheid onderstreep, soos byvoorbeeld, die verhoging van elke area bokant die ander en die afskorting van sekere areas (vgl. Turner 1979:173-174, 185). Van Selms (1954:15) se siening is interessant, wanneer hy na die inrigting van die hedendaagse kerkgeboue kyk en voorstelle daaromtrent maak. Hy sê dat die volgende in elke kerkgebou hoort: ŉ voorhof – *atrium*; ŉ Heilige – dit is die skip of middelste en ook die grootste gedeelte van die kerkgebou; ŉ Allerheiligste – *apsis*. In Konstantyn se tyd, word die uiterlike en binneruim-inkleding van kerkgeboue, weerspieël deur die van die tempels van hul tyd.

### 4.3.2.7 Samevatting

Uit die voorafgaande sketsmatige opgawe is daar duidelik terugbeweeg na die heiliging en verheffing van kerkgeboue as ŉ Goddelike kontakmedium, vanaf Konstantyn se tyd, tot voor die aanbreek van die Middeleeue. Die grondslag vir die vestiging van ŉ geestelike tempel – *domus ecclesiae* wat deur die gelowiges in die eerste drie eeue gelê is, is in die tydperk weer teruggevoer na ŉ materiële tempel – *domus dei*. Die ontwikkeling van groot kerkgeboue, die plek van die martelaars- en reliekkultus, die verandering van die maaltyd in ŉ misterie waarin Christus geoffer

word, die heiliging van die altaar en die ontwikkeling van 'n afsonderlike geestelike stand, het die nuwe Israel sterk laat teruggryp na die priester, altaar en tempel, wat saam, die kultiese lewe van die Ou Testamentiese volk Israel gevorm het. Heidens-kultiese gebruike is in die kerk deur groot massas half-bekeerde Christene ingevoer en heidense tempels het kerkgeboue beïnvloed om groot, ruim en uitspattig te wees. Hierdie tydperk berei die pad voor vir die eeue wat volg, waarin die kerkgebou – eerder as die gemeenskap van gelowiges – as die huis van God uitgebeeld word.

## 4.3.3 Die Middeleeue

Gedurende die tydperk vanaf die Middeleeue tot by die begin van die Renaissance, is daar hoofsaaklik op die grondslag wat reeds gelê is, voortgebou. Die siening van die kerkgebou as heilige gebou en tempel bly onveranderd, maar die boustyle verander wel. Aangesien die gelowiges hul tyd se Godsbegrip en Skrifbeskouing in die argitektuur van hul kerkgeboue vervat en uitbeeld, is dit belangrik om oorsigtelik na die boustyle te gaan kyk. Die belangrikste boustyle in die Middeleeue was die welbekende Basilika styl; die Bisantynse styl – tipies van die Oosterse kerk; die Romaanse styl – gewild in Europa en dan die latere Gotiese styl.

### 4.3.3.1 Die Bisantynse Styl (325 – 15de eeu)

Die styl ontstaan in die sesde eeu onder keiser Justinianus en fokus op sentraalbou. Daarmee word bedoel, dat die baldakyn- of troonhemelbeginsel gebruik word, met die koepel as belangrikste ruimtevormende element, waarna alles gefokus word. Die koepel wat afdaal na die aarde, is 'n uitbeelding van die hemel en die aarde word op sy beurt, deur die vloer uitgebeeld. Die hele gebou was 'n baldakyn – 'n halwe sfeer op vier stutte – wat die vier windrigtings en vervolgens, die hele uitspansel aangedui het. Christus word gewoonlik met mosaïek aan die binnekant van die koepel uitgebeeld as *pantokrator* – alleenheerser – met progressief-dalende uitbeeldings van belangrikheid vanaf engele, Christus se aardse lewe tot die lewe van die Christen. Simbolies word uitdrukking gegee aan God, wat in Christus neerdaal na die aarde – die inkarnasie word argitektonies uitgedruk. Die Bisantynse styl was getrou aan die *domus dei* beginsel. Dit was nie werklik 'n pad na God toe nie, maar eerder 'n heilige

plek, wat gebou is om God na die aarde af te trek en Hom teenwoordig te maak (vgl. ook Krautheimer 1965:212-213; Turner 1979:175,187; Davies 1982:106-113).

## 4.3.3.2 Die Romaanse Styl (8ste - 12de eeu)

Die Westerse kerk maak gebruik van hierdie styl, wat ŉ uitbreiding is op die eertydse Christelike Basilika met die toevoeging van wandelgange, galerye, grafkelders, sykapelle, koorruimtes en chevets – koorafsluitings. Hierdie uitbreiding was die gevolg van groter getalle pelgrims wat kerke besoek het, die behoefte aan ŉ bêreplek vir relikwieë en ŉ groter getal geestelikes wat elkeen daagliks die misoffer gebring het (Davies 1982:144-145). In die Basilika draai alles rondom die altaar as fokuspunt, terwyl die hele gebou in die Romaanse styl as ŉ ruimte op sigself met ŉ eie karakter gesien word. Davies (1982:154) stel dit so: "It declares that instead of advancing to meet God – the message of the basilica, the faithful live in Him and are embraced by Him." Die massiewe skaal van die gebou asook die swaar pilare het die boodskap van veiligheid verkondig. "Veiligheid word aan die bedeesde siel gebied agter die swaar, stewige massas. In hierdie binneruim kon die ongekunstelde mens die welbehae van God, wie hy gevrees het, soek, asook beskerming teen die bose geeste in die lug" (Koorts 1974:35). Vir die mense van die sesde eeu was die kerkgebou ŉ stukkie hemel op aarde, ŉ voorskot op die aanwesigheid van God in gemeenskap met die heiliges. Hierin was die geestelikes die vertroude verteenwoordigers (vgl. Clowney 1983:36).

## 4.3.3.3 Die Gotiese styl (1150 – 1500)

Die Romaanse styl is in die 12de en 13de eeu deur die Gotiese styl vervang. Dit was ŉ tydperk wat deur die groot mag van die pouse gekenmerk word, wat daarin geslaag het om selfs konings en keisers te onttroon. Die *clericus* het sodoende ook daarin geslaag om groot rykdomme na die kerk toe te trek (Koorts 1974:35). Die Gotiese styl was ŉ voortsetting en kulminasie van ŉ ontwikkeling van boustyle, wat met die Basiliekstyl begin en met die Romaanse styl uitgebou word. Die Gotiese lyne lei na vore, na die altaar en die *apsis*. Die gebou is in twee verdeel: die oostelike deel vir die priesters en die westelike deel vir die leke, met ŉ koorhek wat die skeiding aandui

(Clowney 1983:27). Kenmerkend van hierdie geboue is 'n atmosfeer van skynbare onbegrensdheid en ligspeling, om 'n bewussyn van die misterieuse en numineuse goddelike teenwoordigheid te skep, wat tot 'n hoogtepunt gevoer word in slanke vertikaal-rysende lyne, uitgedruk in hoë ruimtes, boë en torings (vgl. Koorts 1974:36). Teenstellend met die Bisantynse styl, waar die hemel en aarde in een gebou saamgevat word, is die Gotiese gebou 'n heenwysing na die hemel en die transendente. Turner (1979:192-194) noem dit "a new version of the temple as meeting place between God and man, with the emphasis on the human aspiration after the divine." Hy sê verder: "The Gothic church might be regarded as the supreme form of a pagan temple, a religious building *par excellence*. As an attempt to say with a building what religions are all about, it has never surpassed." Hierdie styl gee nie uitdrukking aan die Christelike en Bybelse godsdiens nie, maar eerder aan die soeke en strewe van die mens na die bonatuurlike. Van al die genoemde boustyle van die Middeleeue, was dié groot en duursame boustyl seker die naaste aan die *domus dei* en die verste van die *domus ecclesiae* – die Bybelse begrip van kerkgeboue. Turner se konklusie oor hierdie boustyl was: "Nothing was too grand for God and that churches must be vaster and more beautiful buildings than those used for any other purpose" (Turner 1979:331).

### 4.3.3.4 Ander Boustyle

Die Basilika-, Bisantynse-, Romaanse- en Gotiese boustyle is almal op die *domus dei* beginsel gegrond. Die kerkgebou, as 'n heilige plek, met Salomo se tempel as die prototipe, was oorheersend deur die hele gang van die Middeleeue (Davies 1968:96). Alhoewel heelwat in die minderheid, was daar ander style, wat na die *domus ecclesiae* geneig het; gewoonlik veelvuldige klein gemeentelike kerkgeboutjies in Engeland, Italië en Spanje, wat op die gemeenskapskarakter gefokus het. Die kerkgeboue het ontstaan, in reaksie op die groot en uitspattige geboue van die Middeleeue. Hier geld veral vier invloede:

a. Eerstens word riglyne neergelê vir die bou van kerkgeboue, vir die nuutgestigte Cistersiese orde, deur veral Bernard van Clairvaux se reformasie van die Benediktynse tradisie in die 12de eeu, in sy *Apologia*. Turner

(1979:201) sê: "He criticized churches of immense height... immoderate length... superfluous breadth which remind him of the old Jewish ritual. The Cistercians therefore repudiated large and costly churches. Their first stone church at Pontigny was probably a simple rectangle without aisles or ornamentation." Die voorwaarde vir kerkgeboue was, om dit goedkoop en eenvoudig te hou. Dit neig na 'n opstalkarakter van binne en buite, met die fokus op die geloofsgemeenskap, eerder as die gebou.

b. Tweedens was daar die Franciskaanse- en Dominikaanse bedelordes van die 13de eeu, wat die evangelie aan die massas wou bring, wat lei tot die oprigting van eenvoudige reghoekige geboue. Die geboue was vry van pilare en gange, met net 'n altaar in die een hoek. Hierdie kerke is hoofsaaklik opgerig met die klem op prediking (vgl. White 1964:72).

c. Derdens was daar die sogenaamde sektes van die latere Middeleeue – Kathare en Waldensers. Hulle verwerp die behoefte aan kerkgeboue en kerkhowe totaal en al, omdat hulle glo, dat God net so goed of selfs beter in 'n bos, eethuis of 'n mark aanbid kan word. Hulle het uiteindelik weens vervolging, in huise, as kerkgeboue geëindig (vgl. Turner 1979:202).

d. Vierdens, by verre die belangrikste kerkgebou vir die gewone mens van die Middeleeue, was die Parogiekerk – Gemeentekerk. Sosiale verkeer vind hier plaas, sowel as die meeste besigheid. Nagmaal word hier bygewoon, na preke geluister, dramas gekyk, gedoop en getrou, en die afgestorwenes word onder die vloer begrawe. Aanvanklik was dit 'n eenvoudige geboutjie van klip wat hoofsaaklik uit twee selle bestaan het – die skip en die kanselarea – met die gebruiksareas deur houtskerms verdeel en afgesonder. In die 15de eeu brei die geboue uit en word klein kapelletjies vir persoonlike aanbidding aangebou, wat dit tot 'n meer veeldoelige kompleks laat ontwikkel. Dit was veral 'n model wat in die latere Protestantse kerke nagevolg is (vgl. White 1964:72-75).

## 4.3.3.5 Die Renaissance Boustyl (1420 – 1600)

Die Renaissance het 'n radikale verandering in die tydgees van die Westerse beskawing ingelei. In die Middeleeue was die mens aan die gesag van die

geesteswêreld onderwerp, maar die Renaissance bevry die mens se denke en plaas hom in die middel van die kosmos. God was nie meer die absolute wese van vroeër nie en Hy is meer menslik en wêreldlik gemaak (Koorts 1974:42). Die Renaissance boustyl ontwikkel met die emansipasie van die mens, deurdat die siening van die kerkgeboue ook verander. Davies (1982:199) som die Renaissance boustyl so op: "There is no longer the propulsion of the Early Christian drive to the altar, nor the dripping cascade of Byzantine space, the slow succession of Romanesque bays, dizzy heights of the Gothic style. In a Renaissance church one feels at ease because man is the measure of it all. While a Gothic church may stir the soul, a Renaissance one confers quietness of mind. Believing that the divine harmony is present throughout all creation, the architects strove to make it visible." Die kerkgeboue van hierdie tyd het die volgende kenmerke met hulle saamgedra:

a. Die argitekte gryp terug na die boustyl van antieke tempels, veral na die modelle van die tempels in antieke Rome.
b. Die kerkgeboue is heilige plekke. 'n Tempel mag nie ontheilig word deur sekulêre gebruik nie.
c. Die meeste Renaissance kerkgeboue was rond, omdat God 'n voorliefde vir die sirkel getoon het in sy skepping en derhalwe moes God se woonplek op aarde ook so ingerig word.
d. Die kerkgebou is die huis van God en net die beste materiaal en vakmanskap moes gebruik word (Davies 1968:124-127).

Turner (1979:195) sê dat Christelike kerkgeboue in hierdie tye geredelik as tempels bekend gestaan het, met die sirkelbouplan as die mees geskikte styl. Hy sê verder dat die kerkgebou gesien is as: "The essential meeting point between God and man, revealing the one and recreating the other in the perfect divine image" (Turner 1979:198). Die Renaissance kerkgeboue was op die sentraalbouvorm met 'n geometriese middelpunt gegrond. Die mens staan in 'n fokale punt as waarnemer van die binne-ruimte en alles omring hom – hy is meester van die situasie en God is daar om met hom in ontmoeting te tree. Hierdie boustyl het, afgesien van sy humanistiese uitgang, 'n groot invloed op die Protestantse kerkgeboue gehad, in die sin, dat die skip en liturgiese ruimte nie van mekaar geskei nie, maar 'n eenheid gevorm het (Koorts 1974:43-44).

## 4.3.4 Die Reformasie en daarna

### 4.3.4.1 Kontra-Reformasie

Die opkoms van die Reformasie in die 16de eeu het ŉ Kontra-Reformasie onder leiding van Ignasius van Loyola se Jesuïtiese orde in 1534 tot stand laat kom (Deist 1984:86). Hulle moederkerk, die Gesu in Rome, dien as model vir die nuwe Katolieke boustyl – beskryf as *bouwerk sonder misterie*. Dit is op die spoor van die Protestante – ŉ preekkerk met slegs een breë skip en weinig versierings aan die binnekant – en het ŉ geweldige invloed op die kerklike argitektuur in Europa gehad. Elkeen kon die mis volg en sien wat by die altaar gebeur (vgl. Turner 1979:225). Hierdie styl vloei later in die 17de eeu uit in die Barokstyl, veral in die Katolieke lande soos Italië, Spanje en Oostenryk. Die Barokstyl het veral die beeldhou- en skilderkuns ingespan om die mens op dramatiese wyse te oorweldig en om asemrowende visuele effekte te skep. Koorts (1974:46) beskryf hierdie styl vervolgens: "Die geheel was veelsydig: ruim en dinamies, skitterend en kleurvol, teatraal en hartstogtelik, sinnelik en ekstaties, ryk en weelderig." Davies (1982: 235, 239) noem dit die *art de lux* en sê daarvan: "Frescoes of heaven, of saints glorified or the Virgin crowned, declare belief in a divinely ordained order pervading all and uniting earth with that which is above, where the source of harmony is to be found. The universe is set forth theocentrically and the world of sense is represented as part of a single whole and as means of approaching the invisible realm." Die Reformasie was suksesvol teengestaan, geld was volop en die feestelike stemming wat in die Katolieke Kerk heers word in die kerkgeboue as feestelik, oordadig en met duur versierings uitgebeeld. Die uitspattigheid gee uitdrukking aan die pousdom se heerskappy oor die universele kerk. Die kerkgebou was tegelyk ŉ teken van oorwinning en ŉ instrument van propaganda (vgl. Beny & Gunn 1981:11). Uiteindelik verword die kerkgeboue in hierdie tydperk in ŉ uiterste vorm van die *domus dei*. Dit wat aanvanklik op die menslike bediening gerig was, word ŉ uitdrukking van menslike prestasie. "Kerke is verguld, terwyl armes gesmag het na brood" (Duvenhage 1978:409).

### 4.3.4.2 Die Reformasie

Die Reformasie was nie primêr op kerkgeboue gerig nie, maar op die Bybelse aksent van die kerk, as gemeenskap van gelowiges. Dit het ’n beslissende invloed op die siening, ontwerp en inrigting van kerkgeboue gehad. Luther het op ŉ praktiese wyse na kerkgeboue gekyk en wou dit nie as ŉ spesiale heilige plek beskou nie. Die Lutherse kerk gebruik die bestaande kerkgeboue onveranderd, met die gedagte, dat die doel van die kerkgebou was, om die gerieflikste ruimte vir aanbidding te skep (vgl. Davies 1968:119-121).

Calvyn het ook nie ŉ definitiewe leer oor kerkgeboue gehad nie, maar het in sy *Institusie* gewaarsku teen die eeue lange dwaling: mense beskou kerkgeboue as eie woonplekke van God, waar Hy nader is om gebede te verhoor. “Ons moet geen verborge heiligheid aan kerkgeboue toeskryf, waardeur ons gebede heiliger sou wees nie. Onsself is die tempel van God” (Calvyn 1559:1127-1128). Calvyn het dikwels ook kerke tempels genoem. “God erken geen plek as sy tempel nie, behalwe daar waar die Woord van God verkondig en noukeurig gehoorsaam word” (Duvenhage 1978:396-397). Calvyn verkwalik die Katolieke Kerk, omdat hulle die geld, wat vir die armes bedoel was, vir die bou van tempels gebruik het. “Hulle beweeg die volk om geld, wat vir die armes gegee moes word, te bestee aan die bou van tempels, die oprigting van beelde en om kosbare kledingstukke aan te koop” (Duvenhage 1978:416).

Martin Bullinger het in 1561 die Tweede Helvetiese Konfessie opgestel betreffende die reformatoriese siening van kerkgeboue. Dit was die mees invloedryke dokument van die 16de eeu, insake kerkgeboue. Turner (1979:208-209) haal hom aan: “Places where the faithful meet together be decent, and in al respects fit for God’s Church. Therefore, let houses be chosen for that purpose, or churches, that are large and fair, so that they be purged from all such things as do not beseem the Church. At the same time, the true ornament of churches does not consist in ivory, gold, and precious stones, but in the sobriety, godliness, and virtues of those who are in the church. God does not inhabit temples made with men’s hands, nevertheless places dedicated to God and to his service are no longer profane but consecrated by reason of the Word of

God. When the congregation is there at worship they are in a holy place, in the presence of God. ”

In Engeland is dieselfde gedagte gehandhaaf as die Helvetiese Konfessie. ŉ Gebou word die huis van God, wanneer God en mens in ŉ bepaalde plek ontmoet, hetsy in ŉ huis, grot of in ŉ woud. “Churches are usually necessary, though there are signs that ‘other places’ or houses might also serve the purposes of worship. The main emphasis is on function” (Turner 1979:209). In die voetspore van die tempel in Jerusalem, is ’n mate van heiligheid oorgedra en kon die kerk nooit werklik wegkom van die *domus dei* karakter van die kerkgeboue nie (Turner 1979:209).

In Frankryk en Holland word gepoog om kerkgeboue as gemeentelike vergaderplekke te bou met die klem op prediking en gemeenskapsbelewenis. Die geboue word derhalwe op sentraalbou gegrond, met ŉ agtkantige of ronde ontwerp en ŉ sentrale preekstoel (Turner 1979: 218-220).

In die *Book of Discipline* wat in 1560 opgestel is, handhaaf Skotland dieselfde standpunt, onder leiding van John Knox. Hierin lê Knox veral klem op die waardigheid van die kerkgebou en die gestalte wat dit aan die majesteit van die Woord van God moet gee, sodat die mense nie die Woord en die sakramente verag nie (Turner 1979:208).

Opsommend is dit duidelik dat die Protestante in die eerste eeu na die Reformasie, die mis, altaar en heilige geboue as tekens van afgodery beskou het en kerkgeboue wat deur die misoffer geheilig was, verafsku het. Kerke word rondom die liturgie beplan en vanweë die sentrale Woordverkondiging in die erediens, word slegs een lokaal gebruik en die deelname van die volle gemeente word belangrik. ŉ Kerkgebou word nog as noodsaaklik beskou, maar erkenning word aan enige plek, selfs ŉ huis, as aanbiddingsruimte gegee. Alhoewel die kerkgebou op sigself nie heiliger as ander geboue geag word nie, word redelik algemeen aanvaar, dat daar iets soos ŉ afgeleide heiligheid bestaan, omdat God by sy aanbiddende gemeente teenwoordig is.
Die Reformatore het weer teruggegryp na die kerkgebou as *domus ecclesiae* en die gemeenskap van gelowiges was weer primêr belangrik. Volgens Turner (1979:210)

het twee probleemgebiede veroorsaak, dat die hervorming rondom die kerkgebou nie verder en finaal deurgevoer is nie:

a. Eerstens word die term tempel nog steeds gebruik en bevestig dit onwillekeurig die kontinuïteit met die tempel in Jerusalem.
b. Tweedens word ŉ relatiewe of afgeleide heiligheid van die kerkgebou erken, wat die voortgang van wydingsritusse aanmoedig en die opening laat, dat die kerkgebou as eksklusiewe heiligdom terugkeer. "The Reformation that might have given the most drastic re-orientation to church building was unable to secure any abiding place where it could express its own interpretation of the church and of Christian worship in architectural form" (Turner 1979:224).

## 4.3.4.3 Radikale Reformatore

Die Protestantisme het ook sy radikale protesteerders gehad, waarvan die belangrikste die Puriteine en Anabaptiste was.

### 4.3.4.3.1 Die Puriteine

Die Puriteine streef daarna, om die kerk van alles wat in stryd met die Skrif was, te suiwer en rig hul veral op die oorblyfsel van die Roomse bygelowe wat deur die Protestantisme ingedra is (vgl. Deist 1984:138). "The Puritan position, as far as it affected church buildings, was based on three principles: first, any practice, other than what is explicitly prescribed in Scripture, is heathenish; second, any survival of pre-Reformation ritual and ceremonial is popery and is therefore abominable idoltary; third, any imitation of Judaism is to be condemned" (Davies 1968:112). Die Nuwe Testament verwys geensins na gewyde Christelike kerkgeboue nie, dus bring die eerste beginsel hulle daartoe om sulke geboue, asook alle konsekrasieritusse, as oorblyfsels van die Middeleeuse praktyke, te verwerp. Enige ooreenkoms tussen kerkgeboue en die tempel in Jerusalem, word as ŉ terugkeer na Judaïsme verwerp. In aanduiding dat geen gebou heiliger as ŉ ander is nie, word geen respek vir gewyde kerkgeboue getoon nie en word die geboue vir alles denkbaar gebruik (vgl. Davies 1968:112-115).

#### 4.3.4.3.2 Die Anabaptiste

Die Anabaptiste of Wederdopers verdeel in verskillende groepe met duidelike verskille; Mennoniete, Hutteriete, Boheemse Broeders en later die Baptiste, Independentiste en Kwakers. As fundamentaliste in hulle Bybelse uitleg, was almal gekant teen kerkgeboue en streef hul na die eerste Christelike kerk se manier van aanbidding (vgl. Turner 1979:222). "The New Testament gives no hint that the Christians of the apostolic age built, or wanted to build, places of worship, or that they designated specific places exclusively for cultic use" (Sovik 1973:13).

In beginsel was dié meer ekstremistiese groepe gekant teen enige spesiale gebou en vergader hul slegs in huise. Sommiges het huise of store gekoop of gehuur en in vergaderplekke omskep. In sekere plekke soos in Holland, word sulke vergaderplekke verbied, om soos kerkgeboue met torings en klokke te lyk (vgl. Turner 1979:223).

#### 4.3.4.3.3 Die Kwakers

Die Kwakers se siening verdien ook vermelding. In aansluiting by hulle stigter George Fox (1624-1691), word die klem gelê op gelowiges, wat die tempel van God is. Hy het beweer, dat Christus met sy koms, sowel die tempel as die tempeldiens beëindig het (Davies 1968:119). Hulle aanvaar geen onderskeiding tussen leke en geestelikes, verwerp die sakramente, het geen predikers nie en het slegs banke of tafels en geen kansel in hulle vergaderplekke. "This produced what is really a highly liturgical form of corporate worship in which the whole meeting room has become an undifferentiated worship space" (Turner 1979:229).

Hierdie radikale groepe kom die naaste aan die Bybelse idee van kerkgeboue en druk die *domus ecclesiae* ten beste uit in hul strewe, om terug te beweeg na die kerk, as uitsluitlik 'n vergadering van die gemeenskap van gelowiges. Hul invloed was ongelukkig te klein en hulle word dikwels uitmekaar gedryf, deur vervolging en onderlinge verskille, sonder om werklik 'n impak op hulle tyd te maak.

### 4.3.5 Kerkgeboue in Suid-Afrika

Vir die doel van hierdie studie en met die verloop van die tydlyn in die geskiedenis, verskuif die fokus na die Suid-Afrikaanse omstandighede in die 17de eeu, met die aankoms van Jan van Riebeeck aan die suidpunt van Afrika. Die staatskerk in Nederland was op daardie stadium die Hervormde Kerk, wat reformatories in sy belydenis was (Pont 1978:229-232). Die tipiese Nederlandse eienskappe van kerkgeboue; basiliekvormig met sterk Gotiese trekke, oefen selfs tot in die middel van die 20ste eeu, ŉ sterk invloed op Afrikaanse Protestantse kerkgeboue uit (vgl. Koorts 1974:44). Die verengelsing van die Kaap in 1806-1843 en die vestiging van veral Skotse Presbiteriaanse predikante onder leiding van lord Charles Somerset laat hierdie reformatoriese invloed nog verder geld (Pont 1978:234-238). "Note the central-plan buildings that appeared in Scotland by the end of the Reformation century, and the development of common T-plan from the rectangular church arranged transversely" (Turner 1979:233). Die invloed van die sentraalbou op latere kerkgeboue in Suid-Afrika is duidelik te sien, asook die T-plan of kruisbou se invloed tydens die oprigting van die Boerekerk (vgl. Koorts 1974:72). Dit was dus ŉ Skots-Hollandse uitsig, wat die kerklike lewe en vervolgens die kerkgeboue sou beïnvloed. "In Holland and in Scotland it was the preaching that mattered and the arrangement of many churches made this only too plain" (Turner 1979:237). Die Franse Hugenote het nie werklik ŉ invloed gehad nie, aangesien hulle te min was en mettertyd in die groter Hollands- en Engelssprekende groepe opgeneem was (vgl. Engelbrecht 1953:20).

Die boustyle wat, vanuit die denkrigtings en invloede van bogenoemde gegeld het in die bou van kerkgeboue, was veral in die sogenaamde Boerekerk, Bisantynse, Gotiese en ook die Kappiekerk sigbaar (Koorts 1974:54). Vir die doel van hierdie studie, is die siening van die geboue en die omgang daarmee van belang en nie soseer die style en argitektuur nie. In die Afrikaanse kerklike konteks is kerkgeboue feitlik almal volgens die sentraalbouplan opgerig. Soos reeds bespreek, was die fokus op die prediking gerig en die lidmaat kan al die gebeurlikhede in die liturgiese ruimte dophou en aktief of passief daaraan deelneem. Een van dié leiers op die gebied van kerkgeboue in die Afrikaanse kerklike konteks, nl. J.M.J Koorts (1974:54;58) se siening rondom die geskiedenis van kerkgeboue van die beginjare tot en met die vroeë

jare van die 20ste eeu word as volg saamgevat: "Kerkgeboue moet stigtelik en gewyd wees... die reformatoriese kerk is in die eerste plek ’n godshuis waar die gelowige individueel en op willekeurige tydstip kon binnetree om God te ontmoet". Koorts (1974:61), druk homself sterk uit wanneer hy die Kappiekerk, wat in die vyftiger jare van die 20ste eeu sy ontstaan het, onder oë neem. Hy sê: "Kerklik is dit ook nie, aangesien daar aan die Kappiekerk niks is wat ’n kerklike gees adem nie. Dit is nie vereenselwigbaar met die Christelike ideale van waardigheid, rus en balans nie. Binne in die kerk soek ’n mens ook tevergeefs na ’n gewyde atmosfeer." Vanuit Koorts se siening, blyk dit dat die vroeë kerkbouers van die 20ste eeu, die kerkgeboue as heilig, gewyd en waardig gesien het – dieselfde tyd waarin die Afrikaanse kerklike konteks hoogty gevier het. Dit is dus ’n huis van baksteen en sement, wat vir God opgerig is, om in te woon.

In sy bespreking van latere kerkgeboue, gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu, handhaaf Koorts (1974:65) 'n wonderlike *domus ecclesiae* siening, as hy sê: "Die argitektoniese ruimte moet dus só geskep word dat daar ’n direkte kontak tussen die liturgiese sentrum en die gemeente tot stand kom. Die gemeente is soos een groot familie wat saam aansit om deel te hê aan die drie heilige gebeurtenisse: woordverkondiging, nagmaal en doop". Hy val egter weer terug op die *domus dei* wanneer hy die kerkgebou as sulks bespreek en sê: "Die kerkgebou moet met skoonheid beklee wees. Die kerkgebou moet bo die funksionele uitstyg en as teken staan van die liggaam van Christus" (Koorts 1974:79). Hy sluit hier by Hammond aan in Hammond se bespreking van moderne Protestantse kerkgeboue: "The form of the church must spring from its liturgical function. Yet the church is not simply a building where the ecclesia of God meets to offer holy eucharist. It is also the house of God" (Hammond 1961:154).

Die tempelgedagte word ook nie in die Afrikaanse kerklike opset gespaar nie. In sy verwysing na die misterie van moderne Afrikaanse Protestantse kerkgeboue, gaan Koorts (1974:86) so ver om nie net na die Joodse tempel terug te gryp nie, maar selfs na ’n heidense tempel: "Dit is heeltemal gepas om ’n stemmingsvolle atmosfeer op ’n matige wyse in die kerklike ruimte in te werk, ons dink byvoorbeeld aan die mistieke atmosfeer van ’n Egiptiese tempel soos die Tempel van Khons te Karnak".

## 4.3.6 Huidige Tendense

Die begrippe *tempel* en *huis van God*, leef steeds voort in die Suid-Afrikaanse kerkvolk – die ampte en die lidmate. Die huis van God dra meer sakraliteit in homself – meer as die gewone gebou van sy omgewing – soos uitsprake van kerklike mondstukke en selfs in die belydenisstukke van die Kerk daaruit sien. Die inwyding van 'n kerkgebou in Greylingstad verwys: "Om 'n tempel van aanbidding tot stand te gebring het, tot eer van God, was 'n dringendheid en behoefte by die Greylingstad gemeente gewees" (Kamffer 1979:33).

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika handhaaf ook in een van sy mondstukke, *Konteks*, hierdie siening, in berigte by die inwyding van sy kerkgeboue. Breytenbach (2001:24) skryf: "Nadat 'n olienhoutboom deur mev. Marise de Villiers namens die Vroue Landbouvereniging van Petrusville geplant is, is die sleutel van die kerkgebou deur die argitek, mnr. Anton Roodt van Bloemfontein, aan die bouer, Boon Du Venage, 'n lidmaat van die gemeente, oorhandig. Trane van blydskap en dankbaarheid het gevloei toe die gemeente en gaste *die huis van die Here* (JT) kon binnegaan.
Groenewald (1998:34): "Hierdie is 'n groot oomblik in die geskiedenis van die Gemeente Cradock... *'n oomblik wat deur God moontlik gemaak is. Daarom kan ons nie anders as om met diepe dank en in alle nederigheid hierdie kerkgebou aan God te wy nie, want 'as die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou'."* Dit laat die indruk, dat God self vir Hom 'n huis hier op aarde gebou het.

Verskeie artikels weerspieël die siening, dat kerkgeboue die huis van God is en ook heilig is. Naudé (1993:7) skryf in *Konteks*: "Ons kerkgeboue is vir ons heilig en ons noem dit ook die huis van die Here. Daar ontmoet ons Hom deur sy Woord en Gees."

In 'n artikel wat in *Konteks* verskyn onder die titel *Kerkgeboue is Gods huise* skryf H.J. Botes die volgende: "Protestante het nog altyd die siening gehandhaaf dat 'n kerkgebou as sodanig nie heilig is nie. Veeleer is daar altyd gedink aan 'n kerkgebou as 'n gewyde ruimte, 'n ruimte bestem vir en toegewy aan die diens van God. Die kerk is Gods huis. Beskouings dat kerkgeboue nie te sierlik of te luuks moet wees nie,

eggo die reaksie van die dissipels oor die optrede van die vrou wat ŉ kruik vol kosbare nardusmirre op die hoof van Jesus uitgegiet het (Mark. 14:4-5). ŉ Eggo, dat ons liewers huise in plaas van kerke moet bou. Dit alles hou dalk verband met ŉ tydgees dat God nie *besonders* is nie, en ook dat die diens aan God nie *vreeslik belangrik* is nie" (Botes 2004:41).

Die Liedboek van die Kerk, handhaaf na hersiening, nog steeds hierdie verband tussen die woning van God en die tempel. Alhoewel dit ŉ verwysing is na Psalms in die Bybel, sing lidmate dit nie as vanuit 'n Ou Testamentiese perspektief nie. Lidmate sing dit buite konteks, in toepassing op hul eie kerkgebou en daardeur word die suggestie gelaat, dat kerkgeboue en tempels, in assosiasie met mekaar staan. Die empiriese studie het bewys, dat sekere lidmate nog steeds die tempelgedagte op hul huidige omstandighede toepas. Derhalwe onderskryf beide die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika hierdie teologiese siening. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika erken die Liedboek van die Kerk as deel van sy Kerkboek, wat dien as kerklike riglyn vir sy amptelike belydenis (Kerkorde 1997:77). 'n Paar voorbeelde van Psalms word uitgelig:

a. Psalm 84 vers 1: *"Hoe lief het ek u woning, Heer. Ek wil U in u tempel eer. ...Met daardie mense gaan dit goed, wat in u tempel U ontmoet"*
   vers 4: *"Liefs èèn dag in u tempel gaan as duisend dae buite staan."*
a. Psalm 5 vers 3: *"Maar ek mag in u tempel ingaan."*
b. Psalm 27 vers 3: Die Lina Spies verwerking: *"In God se tempel waar Hy woon."*
c. Psalm 100 vers 3: *"Gaan by sy tempel in en sing."*
d. Psalm 138 vers 1: *"Ek buig my voor u tempel Here."*

Hierdie argument word verder beklemtoon, as die Gesange onder die vergrootglas kom, wat spesifiek vanuit ŉ Nuwe Testamentiese perspektief geskryf is:

a. Gesang 153 vers 3: *"En kom ons in u woning."*

Hierdie is nie 'n verwysing na die eskatologiese gebeure nie, maar na die huidige toestand.

b. Gesang 158 vers 1: *"Bring my na u woning, Here, laat my daar voor u verskyn."* Nie 'n eskatologiese verwysing nie.

c. Gesang 159 vers 3: *"God is in sy tempel; hemelpoorte bewe."*
Hier is nie sprake van die liggaam van Christus nie, maar van 'n vergadering, wat in 'n bepaalde plek vergader, wat *tempel* genoem word. Die tema waarbinne die lied geskryf is, is God se teenwoordigheid by sy mense in sy aardse tempel – die fisiese gebou.

d. Gesang 176 vers 1: *"Halleluja! U is Koning. Ons aanbid U in u woning."*
'n Verwysing na God se aardse woning.

e. Gesang 483 vers 1: *"Vir u staan die Here se tafel gereed met wyn en met melk uit die hand van die Koning – kom, u is genooi na die Here se woning!"*
'n Huidige uitnodiging na die woning van God.

f. Gesang 547 vers 3: *"Ons gaan in sy woning, Hy roep ons almal saam."*
'n Huidige gebeurtenis, waarna die lied verwys.

(Liedboek van die Kerk 2001).

## 4.3.7 Samevatting

In die begin van die Reformasie het die reformatore die kerkgebou weer bloot as 'n vergaderplek gesien – met die klem op die gemeenskap van gelowiges (*koinonia*) en werklike uitreiking na die wêreld in nood. Vanuit hierdie ondersoek blyk dit, dat daar nie werklik 'n totale breuk met die sakrale gebou van die Rooms Katolieke Kerk gekom het nie. Met verloop van tyd is weer na die sakrale gebou teruggekeer, wat met die Bybelse gedagte van 'n tempel vergelyk kan word. Daar is dus opnuut terugbeweeg na 'n totale na-binnegerigtheid van die geloofbelewenis – waar God op 'n bepaalde wyse ontmoet word. Voorts blyk dit, dat weinig kerke in Europa, asook die tradisionele Afrikaanse kerke, soos die Puriteine en veral die Kwakers, 'n radikale breuk met die Roomse tradisie gemaak het. Tot en met vandag nog, soos uitsprake in

amptelike mondstukke van die Kerk bewys, word kerkgeboue as God se huis gesien, wat besonder spesiaal gereken word, teenoor ander aanbiddingsplekke. Volgens die navorser van hierdie verhandeling, is die direkte oordraging van Ou Testamentiese gegewens na die huidige situasie – sonder om die koms en betekenis van Christus te verreken – ’n rede vir die huidige siening. Dit impliseer ’n eensydige kerkbegrip en begrip van kerkgeboue, asook ’n aantasting van die Godsbegrip. Onder leiding van die ampte bestaan daar by die lidmaat die idee dat God in ’n gebou – ’n tempel – woon en ook daar ontmoet word. Die God wat in die lewe van gelowiges teenwoordigheid is, word oorskadu deur die heiliger God, wat in geboue ontmoet word. Die lewensliturgie beteken dan nie veel nie, in vergelyking met die heilige handelinge in die sakrale ruimte, wat vir God welgevallig is. Die siening en begrip van kerkgeboue skep dan dikwels ’n gemeente wat slegs sentripetaal, in plaas van sentripetaal en sentrifugaal, in sy geloofsbelydenis is. Omrede die lidmaat, God in sy tempel (kerkgebou) ervaar, bly hul neig om pragpaleise met duur interieur te bou, soos Salomo. Intussen verarm die kerkvolk in Suid-Afrika radikaal, asook die wêreld, waarna God juis sy dissipels geroep het.


# Hoofstuk 5

# Empiriese Studie

# Die Werklikheid

## 5.1. Inleiding

Heitink (1999:165-166) druk die metodologie van praktiese teologie in drie sirkels uit: die hermeneutiese sirkel – die sirkel van teoretiese verstaan, die empiriese sirkel – die sirkel van die meting en verklaring van die werklikheid en die strategiese of regulerende sirkel – die sirkel van aksie en verandering. Hierdie drie sirkels korrespondeer in 'n besondere en onlosmaaklike verhouding tot die verstaan van praktiese teologie (:167). Voordat daar by die ontwerp van modelle in die regulerende sirkel uitgekom kan word, is dit nodig vir die praktiese teologie om sy teorie aan die praktyk te toets, ten einde 'n nuwe praktykteorie te ontwerp. Die verbetering van die situasie tot die ideale praktyk, is die grondliggende bedoeling van prakties-teologiese navorsing. Volgens Heitink (:223) word die kerk altyd gekonfronteer met sy teologiese inhoud, binne 'n bepaalde hermeneutiese verstaan en kan daar alleenlik by die praktyk van kerk-wees uitgekom word, indien dit empiries getoets word. In hierdie hoofstuk sal daar vervolgens op die empiriese sirkel gefokus word, ten einde tot die verstaan van die *cui bono* vraag (:167) te kom: wie doen wat in verhouding met wie en waarom?




**Figuur 5.1: Die Metodologie van Praktiese Teologie**

# 5.2. Empiriese Studie

Die empiriese meting het kwantitatief plaasgevind. Aangesien die toetsveld baie klein was – slegs drie en later 'n vierde gemeente – is die navorser van hierdie studie deur die Departement van Statistiek aan die Universiteit van Pretoria meegedeel, dat rekenaarverwerking van die vraelys nie haalbaar sou wees nie. Die navorser is verwys na me. Elize Kruger – statistikus – wat die navorser bygestaan het in die opstel, verwerking en interpretasie van hierdie vraelys. Hiermee word derhalwe aan haar erkenning gegee vir haar aandeel in hierdie empiriese studie.

Hierdie empiriese studie het op die volgende aspekte gefokus:

a. Die aantal lidmate in die gemeente, asook die persentasie wat die eredienste bywoon, aangesien die kerkgeboumodel slegs vir kleiner gemeentes geskik is.
b. Vind daar nog enige groei in die gemeenskap of gemeente plaas, aangesien dit ‘n beduidende rol in die keuse van ‘n kerkgebou speel.
c. Die aantal ure of dae wat die kerkkompleks effektief benut word, moet bereken word.
d. Die praktiese omskakeling van die kerkkompleks sodat ‘n verskeidenheid van aktiwiteite aangebied kan word.
e. Die aanwesigheid van gemeentebouprojekte, asook gemeentebeplanning wat m.b.v. ‘n gemeenteboukonsultant plaasvind.
f. Die gemeente se ingeligtheid rondom ‘n Bybelse model vir ‘n kerkkompleks.
g. Die gemeente se ingesteldheid om met die gemeenskap saam te werk en ‘n gebruikersvriendelike kerkkompleks daar te stel. Die gemeente se prioriteite en doelwitte speel dus ‘n bepalende rol indien hul gemeenskapsbewustheid geevalueer word.
h. Die gemeente se siening van ‘n kerkkompleks sal bepaal hoe kreatief en akkommoderend hul in die beplanning van ‘n kerkkompleks is.
i. Ten einde speel ‘n gemeente se finansiële posisie ‘n deurslaggewende rol en moet daar dus navorsing rondom hul likiede posisie en inkomstes soos fondsinsamelingsprojekte, offergawes en spaargeld of beleggings gedoen

word. Sekere uitgawes wat in ag geneem moet word is vaste salarisse, onderhoud aan die kerkkompleks en maatskaplike hulp wat binne en buite die gemeente verleen word. Die gemeente se siening omtrent skuld is ook van belang.

Vraelyste is aan drie gemeentes in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika deurgestuur, aangesien daar in tien jaar slegs drie kerkgeboue in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika opgerig is, volgens inligting vanuit die Administrateur se kantoor. Die drie gemeentes ter sprake is:

a. Groeneweide in Germiston
b. Midpark in Randfontein
c. Montana in Pretoria.
d. Letsitele Gemeente word egter by ‘n latere geleentheid genader om ‘n vraelys te voltooi, aangesien hul kerkgebou uniek is en ‘n besondere waarde vir hierdie studie inhou.

Die vraelys is deur die skriba en die kassier en in die geval van die gemeente Montana ook deur die koster voltooi. Daar is 100% gerespondeer en al die vraelyste is ingevul. Hierdie vraelys word as ***Bylaag A*** by hierdie studie aangeheg.

# 5.3. Resultate van die Empiriese Studie

Hierdie resultate het betrekking op die eerste drie gemeentes: Groeneweide, Midpark en Montana.

## 5.3.1 Erediensbywoning

| | Gemeente 1 | Gemeente 2 | Gemeente 3 | Gemiddeld |
|---|---|---|---|---|
| Persentasie Erediensbywoning | 40 % | 45 % | 24 % | 36 % |
| Sitplekke beskikbaar vir al die lidmate | 126 % | 59 % | 32 % | 73% |
| Leë sitplekke tydens die erediens | 86 % | 14 % | 8 % | 36% |

| | |
|---|---|
| Sal 'n nuwe gebou meer lidmate na kerk lok? | In al drie gevalle is ja aangedui |

## 5.3.2 Geografiese- en Demografiese groei

| | Gem. 1 | Gem. 2 | Gem. 3 |
|---|---|---|---|
| Persentasie groei van gemeenskap | Onbekend | 500 % | Onbekend |
| Persentasie groei in die gemeente | Onbekend | Weglaatbaar | 65 % |

## 5.3.3 Gebruikstyd

| ***Ure per week waarin areas in kerkkompleks gebruik word*** | | | |
|---|---|---|---|
| | Gem. 1 | Gem. 2 | Gem. 3 |
| Kategeselokale | | | 5 |
| Kerkgebou | | 6 | 7 |
| Administrasiegeboue | | | 50 |
| Kerksaal | | | 2 |
| Gimnasium | | | |
| Kerkterrein | | 2 | 4 |
| Ander (*Noem*) | | | 8 |
| Ander (*Noem*) | | | |
| Totaal | | 8 | 76 |
| **Dae per week wat kerkkompleks benut word** | | | |
| | Slegs Sondag | 2 dae | 7 dae |

## 5.3.4 Praktiese gebruik van die Kerkkompleks

| | |
|---|---|
| Is u kerk ontwerp met vaste banke, preekstoel en liturgiese ruimte | Wel die geval by twee gemeentes |
| Is u kerk 'n dop waarin bg. rondgeskuif kan word? | Slegs een gemeente |

### 5.3.5 Gemeentebou en die Kerkkompleks

| | | | |
|---|---|---|---|
| Het u 'n gemeenteboukonsultant gebruik? | Nee by al drie | | |
| Gemeentebeplanning voor of na voltooiing van kerkkompleks | Geen, behalwe in een geval na voltooiing | | |
| Hoeveel tyd in afgelope jaar aan gemeentebou-projekte spandeer? | 400 ure | 36 ure | Onvolledige terugvoer |

### 5.3.6 Kerkkompleks en die Bybel

| | Is daar navorsing gedoen, omtrent die Bybelse siening rondom kerkgeboue | Waarvolgens is die kerk gebou? |
|---|---|---|
| Gem. 1 | Ja | Salomo se tempel |
| Gem. 2 | Ja | Predikant het dit in sy prediking verduidelik |
| Gem. 3 | Nee | NVT |

### 5.3.7 Gemeenskapsgerigtheid

| | Gem. 1 | Gem. 2 | Gem. 3 |
|---|---|---|---|
| Gebou uitsluitlik vir gemeentelike behoeftes | Ja | Ja | Nee |
| Grootste rol in beplanning van kerkkompleks | Gemeente | Gemeente | Gemeente |
| Gemeente se eerste prioriteit | Bou kerk | Gemeenskap | Beide |
| Gemeenskap bewustheid dat kerkkompleks tot hul beskikking is | Slegs een gemeente, na voltooiing | | |
| Gebruikersvriendelikheid van kerkgebou vir gemeenskap | Slegs by een gemeente | | |
| Professionele behoeftebepaling van gemeenskap voor oprigting van gebou | Geen | | |
| Gebruik van kerkkompleks deur gemeenskap | | | |
| Gem. 1 | Nee | | |
| Gem. 2 | Opleiding in noodhulp – nie gereeld nie | | |
| Gem. 3 | Slegs erkende welsyn- en ondersteuningsgroepe - glad nie gereeld nie. | | |
| Spesifikasie van doelwitte | | | |
| Gem. 1 | Groot ouditorium – onthaal en seminare – Langtermyndoelwit | | |

| | |
|---|---|
| Gem. 2 | Opleiding in vaardigheidskursusse – Langtermyndoelwit |
| Gem. 3 | NVT – Geen doelwit |
| Behoefte om kerkkompleks toeganklik vir gemeentebehoeftes te maak | |
| Gem. 1 | Wil dit uitverhuur vir ekstra fondse |
| Gem. 2 | Kan bestaande geboue op kerkterrein opknap |
| Gem. 3 | Geen |

## 5.3.8 Siening van die Kerkkompleks

| | |
|---|---|
| Nuwe kompleks of vervanging van bestaande kompleks? | Nuut |
| Oorweging om nie te bou nie | Nee |
| Oorweging om ander geskikte ruimte te gebruik vir godsdiensoefening | Nee |
| Waarom geen alternatief oorweeg is nie | |
| Gem. 1 | Geen rede |
| Gem. 2 | Wou eie kompleks besit vir identiteit |
| Gem. 3 | God moet in ordentlike gebou gedien word, vanuit tradisie en dit gee identiteit |
| Styl, vorm en duursaamheid aanpasbaar by omgewing, asook esteties mooi | Ja |
| Duursaam teenoor ander geboue | Positief in twee gemeentes |
| Moet God trots wees op kerkgebou? | Negatief in twee gemeentes |
| Rede vir oprigting van kerkkompleks | |
| Lok meer lidmate | Positief by twee |
| Lidmate sal meer gemotiveerd uitreik indien hulle trots op gebou is | |
| Gunstiger atmosfeer vir belewenis van die erediens | |
| Sal gemeente laat uitstaan, as 'n gemeente wat vooruitgaan | |

| | |
|---|---|
| Net die beste goed genoeg vir ŉ huis vir God | Positief by een |
| Motiveer gemeente om groter offergawes te gee | |
| Verenig gemeente in ŉ gemeenskaplike doel | |
| Is ŉ goeie belegging, met gewyde en doelmatige geriewe, waarin gemeente aktiwiteite en admin wat gerig is op groei na Christus, mekaar en na buite, uitgeleef kan word | Ander rede |

## 5.3.9 Tempel van God

| | |
|---|---|
| Dink u, u kerkgebou is werklik ŉ Tempel vir God? | Ja, volgens twee gemeentes |
| Is die gebou vir u ŉ huis van God, waarin God sy inwoning kan vind? | Ja |

## 5.3.10 Kerkkompleks as Verkondigingsgestalte

| **Toename in lidmaatgetalle as gevolg van spesifieke aktiwiteit** | |
|---|---|
| Sending | 0 % |
| Evangelisasie | Slegs by een gemeente – 4% |
| Ander uitreikingsaksies | 0 % |

## 5.3.11 Gemeentebou en Kerklike Finansies

| Kerkgebou kontant of op skuld | Kontant | Kontant | Skuld |
|---|---|---|---|
| Kontant bedrag | Besig | 700 000 | NVT |
| Spaar tydperk vir kontant | Besig | 21 Jaar | NVT |
| Was die gevoel dat u die bedrag vir die kerkgebou kan leen – God sal voorsien | Nee | Ja | Ja |
| Skuld hantering | | | |
| Aanvanklike leningsbedrag | 876 000 | | |
| Afbetalingspaaiement per maand | 5000 | | |
| Afbetalingsperiode | 10 Jr. | | |
| Totale bedrag afbetaal | 1,18 Miljoen | | |
| Huidige waardasie | 2 Miljoen | 6,4 Miljoen | 5,8 Miljoen |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hang afbetaling van u kerkkompleks af van toekomstige groei in lidmaatgetalle | Ja | Nee | Nee |
| Jaarlikse onderhoudsbedrag van u kerkkompleks | Geen | 3 600 | 31 000 |
| Is offergawes genoeg om die finansierings-<br>koste van die kerkkompleks te dek? | Nee | | |
| Is u jaarlikse begroting voldoende? | 10% onder | 10% onder | Ja |
| Fondse deur ander projekte gegenereer? | 30% | R40 000 | 9% |
| ***Totale uitgawes per maand*** | | | |
| Voltydse poste in die gemeente | 9 | 6 | 10 |
| Alle salarisse, sowel as predikant | 60% | 62% | 61% |
| Onderhoud van geboue | NVT | 1% | 1,7% |
| Skuldlas op geboue | NVT | NVT | 3,3% |
| Sending en Evangelisasie | 20% | 2% | 7,8% |
| Plaaslike uitreikaksies | 10% | 0% | 0,5% |
| Maatskaplike hulp en bystand binne gem. | 2% | 0,5% | 7,8% |
| Maatskaplike hulp en bystand buite gem. | 8% | 0% | 2,5% |
| ***Ander uitgawes*** | | | |
| Hoeveel lidmate word maandeliks finansieel binne gemeenteverband gehelp | 2 Gesinne | Geen | 2 |
| Noem die totale bedrag | R 800 | Geen | R 1 200 |
| Hoeveel persone word maandeliks buite die gemeente, in u gemeenskap gehelp? | 2 Gesinne | Geen | 1 |
| Noem die totale bedrag | R 800 | Geen | R 500 |
| Hoeveel geld is aan gemeentebou-, ontwikkeling of gemeentegroeiprojekte gespandeer in u gemeente se afgelope verslagjaar? | R 2000 Drukwerk | R 2000 | Geen |

# 5.4. Vraelys Interpretering

## 5.4.1 Erediensbywoning

Alhoewel die gemeentes oor goed ingerigte en moderne kerksentra beskik, word in al drie gevalle 'n eredienssyfer laer as 50% aangetoon. In al drie gevalle dui die gemeentes aan dat 'n kerkgebou – na hul mening – wel die persentasie erediensbywoning sal verhoog. Die gemeente met die hoogste groeipersentasie reflekteer egter die laagste bywoningsyfer van 24%.

'n Interessante opmerking is, dat hierdie gemeente slegs voorsiening maak vir 34% van hul lidmate in die erediens en dat hul tydens eredienste slegs 8% leë sitplekke beskikbaar het. Dit is verder onrusbarend dat daar by die gemeente met die hoogste erediensbywoning - van 45% - slegs 14% leë spasies vir die lidmate tydens erediensbywoning is. Is daar werklik 'n uitnodiging tot erediensbywoning, indien die gemeentes nie almal kan akkommodeer nie? Dit laat die indruk dat die moderne en goed toegeruste geboue nie noodwendig lei tot beter erediensbywoning nie – soos deur Bowman & Hall (2000:20, 31) ook bevind.

## 5.4.2 Geografiese- en Demografiese groei

In die eerste geval is geen data verskaf nie. In die tweede geval het die gemeenskap met 500% gegroei, terwyl geen noemenswaardige groei in die gemeente plaasgevind het nie. Die betrokke gemeente voorsien slegs 14% oop sitplekke vir die bestaande lidmate tydens 'n erediens – wat dus nie op noemenswaardige groeiverwagting dui nie. Die derde gemeente se lidmate het met 65% gegroei – hierdie gemeente voorsien slegs 8% leë sitplekke vir die bestaande lidmate. Dit dui daarop dat die huidige lidmaatgetalle nie geakkommodeer kan word nie, met die implikasie, dat verdere groei buite die normale kring van lidmate nie 'n moontlikheid is wat in ag geneem is nie. Dit blyk dus, dat in slegs een van die drie gemeentes toegelaat word vir verdere groei.

Al drie gemeentes glo dat 'n nuwe kerkgebou meer lidmate na die kerk sal lok, maar in twee derdes van die gevalle, het hul nie in hul beplanning rondom die kerkgebou,

rekening gehou met die mate van groei in die gemeenskap of gemeente nie. Die toetsresultaat, is ʼn bewys dat die gemeentes baie eng in hul beplanning rondom ʼn kerkkompleks was. Indien hul wyer visie rondom hul gemeenskap en omgewing se geografiese en demografiese groei gehad het, waarmee ʼn gemeenteboukonsultant van hulp kon wees, sou hul kerkkomplekse ruim voorsiening kon maak vir groeiende lidmaatgetalle. Geografiese en demografiese groei, was voldoende om dienooreenkomstig twee derdes van die gemeentes se lidmaatgetalle te laat groei, maar het geen verdere groei bo die persentasie groei van die omgewing getoon nie. Dit lei dikwels tot ʼn gemeente se agteruitgang en stagnasie (Callahan 1987:13).

### 5.4.3 Gebruikstyd

Die aantal dae wat die kerkkompleks deur die gemeente self gebruik word, het gewissel tussen: slegs Sondae, 2 dae per week of 7 dae per week. Die gemiddeld tussen die drie gemeentes was dus 3.3 dae per week. As in ag geneem word, dat die geboue feitlik nooit deur die gemeenskap gebruik word nie en dat dit slegs 3.3 dae per week op ʼn beperkte uurbasis gebruik word, is dit ongetwyfeld van die duurste en swakste beleggings, wat enige organisasie kan maak. Die gemeente wat die gebou die meeste benut, benut hoofsaaklik die administratiewe kantore vir 50 ure per week, wat nie noodwendig gemeentebou-aktiwiteite ondersteun nie. Daar is beslis ʼn probleem, as gekyk word na die hoeveelheid tyd en vir welke aktiwiteite die kerkkompleks gebruik word. Daar word weinig tyd binne die kerkkompleks bestee, wanneer daar sprake is van gemeentelike- of gemeenskapsaktiwiteite. Alhoewel een gemeente geantwoord het, dat die kerkgebou ingerig is om die gemeenskap se behoeftes te akkommodeer en dat dit beskikbaar is vir die gemeenskap om te gebruik, het die gemeenskap nog glad nie gebruik gemaak van die kerkkompleks nie. Die kerksentrums van die ander twee respondente word minimaal deur die gemeenskap gebruik. Slegs die volgende benutting van die kerkkompleks deur die gemeenskap is aangedui: Vir vergaderings van "erkende welsyn- en ondersteuningsgroepe".
ʼn Halfuur per week vir noodhulpklasse. Verder, was daar geen ander gemeenskapsbenutting van die kerkkompleks nie.

### 5.4.4 Praktiese gebruik van die Kerkkompleks

Dit was slegs vir een gemeente van belang, dat die kerkgebou so ingerig word, dat dit meerdoelig van aard is. Hulle verkies dus losstaande stoele binne in ’n leë dop, sodat die kerkgebou, meerdoelig gebruik kan word. Die ander gemeentes het egter vaste banke, ’n vaste preekstoel en ’n vaste liturgiese ruimte gehad, wat geensins uitgehaal of rondgeskuif kan word nie.

Twee derdes van die gemeentes het hulle kerkkomplekse so ontwerp, dat dit slegs vir eredienste gebruik kan word, wat die gemeenskap en die ideaal van gemeentebou negeer en die gebruik van die kerkgebou beperk tot slegs ’n kerkhouplek. Buiten eredienste, sou die kerkgebou beswaarlik vir iets anders gebruik kon word. Dit beperk die bruikbaarheid van so ’n gebou tot eie gemeentelike gebruik en is geensins gebruikersvriendelik vir die gemeenskap as sulks nie (vgl. Giles 1999:5-8).

Die feit dat die gemeenskap feitlik nooit die kerkkomplekse gebruik het of bewus was, dat dit beskikbaar is vir hulle gebruik nie, is weer eens ’n bevestiging, dat die gemeentes hulle kerksentrums nie vir die gemeenskap in hulle direkte omgewing wil beskikbaar stel of gebruik as ’n instrument in God se hand om die gemeenskap te dien of uit te reik na hulle nie.

### 5.4.5 Gemeentebou en die Kerkkompleks

Nie in een van die drie gemeentes is van ’n gemeenteboukonsultant gebruik gemaak in die beplanning en oprigting van hul kerksentrum nie. Geen gemeentebeplanning is in twee gevalle gedoen nie en in die derde geval is die beplanning eers gedoen na voltooiing van die kerkkompleks. Hierdie siening bevestig alreeds die hipotese, dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se gemeentes nie die afgelope tien jaar rekening hou of gehou het, met gemeentebou in die beplanning en oprigting van hulle kerkkomplekse nie.

Een van die gemeentes het geantwoord, dat daar eers opknappingswerk gedoen moet word, voordat die gemeenskap die kerkkompleks mag gebruik. Dit wys dat

gemeentes absoluut verknog is aan die beeld van die kerkkompleks, aangesien die gebou nie vervalle kan wees, omrede dit nie ouer as 10 jaar is nie. 'n Tweede gemeente wou die geboue uitverhuur, vir finansiële voordeel van die gemeente, wat juis bevestig, dat daar geen begrip is, wat gemeentebou eintlik behels nie. Een van die grondwaarhede van gemeentebou is, dat armes juis gehelp moet word en nie uitgebuit moet word nie (vgl. Armstrong 1979:58; Callahan 1983:xxi).

Gemeentebouprojekte het in die twee gevalle, waarvoor volledige terugvoer ontvang is, onderskeidelik 400 ure en 36 ure in beslag geneem die afgelope jaar.
Alhoewel daar in 'n artikel, wat in die Konteks – gesinstydskrif van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verskyn het, waarin Dreyer (November 2002), die redes buite die Kerk gaan soek, waarom lidmaatgetalle so radikaal binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika afneem, is hierdie meting 'n bewys dat die Kerk introspeksie sal moet gaan doen, veral as die gemeentes se houding jeens gemeentebou en apostolaat in berekening gebring word.

## 5.4.6 Kerkkompleks en die Bybel

In een van die gevalle is geen navorsing gedoen rondom die Bybelse siening van kerkgeboue nie. In die ander twee gevalle is wel navorsing gedoen, waarna die een gemeente hul kerksentrum op Salomo se tempel gebaseer het. Die ander gemeente se predikant het die beginsels in sy prediking aan die gemeente verduidelik.

Hierdie uitslag het nie net gemeentebou en praktiese teologie as vakrigtings genegeer nie, maar totaal en al die Bybel as rigtinggewende bron verbygekyk. Dit dui daarop, dat die ideaal geensins in die werklikheid verdiskonteer is nie, inteendeel, die gemeentes het nie geweet wat die Bybelse ideaal is nie. Een derde het wel melding gemaak dat die predikant dit in die prediking uitgewys en behandel het, maar die riglyne is nie nagevolg in die beplanning en oprigting van die kerksentrum nie. Die kerkkompleks word derhalwe slegs gesien as 'n plek van aanbidding (vgl. Bowman & Hall 2000:40-44).

### 5.4.7 Gemeenskapsgerigtheid

Slegs by een gemeente is die kerkgebou nie uitsluitlik rondom gemeentelike behoeftes beplan nie, maar ook rondom gemeenskapsbehoeftes beplan. In al drie gevalle het die gemeente die deurslaggewende rol gespeel in die beplanning van die kerkkompleks. Alhoewel twee derdes van die gemeentes, die gemeenskap se behoeftes as ŉ prioriteit sien, is daar nie by enige van die gemeentes, ŉ professionele behoeftebepaling ten opsigte van die gemeenskap se behoeftes gedoen voor oprigting van die kerkkompleks nie. Derhalwe was die fokus ook uitsluitlik en eksklusief gemeente-gerig in die beplanning en oprigting van die kerkkompleks en geensins gemeenskapsgerig nie. In al drie gemeentes was die gemeenskap ook nie bewus daarvan dat die kerkkompleks vir hulle gebruik beskikbaar is nie. Een respondent het geantwoord, dat die beskikbaarheid van die gebou in die media geadverteer sal word, maar eers op ’n latere stadium.

Die eerste gemeente is nog besig om te bou en die gemeenskap het glad nie toegang tot die kerkkompleks nie. Daar is ŉ behoefte by die gemeente, dat die gemeenskap die kerkkompleks kan benut, maar dis nog ŉ langtermyndoelwit, aangesien hul ŉ groot ouditorium wil bou om onthale en seminare te hou en ŉ kleiner kapel vir intieme troues, om sodoende fondse vir hul gemeente in te samel.

Die tweede gemeente het ŉ besluit geneem, dat die gebou slegs vir gemeenteaktiwiteite beskikbaar is en in uitsonderlike gevalle sal toestemming verleen word aan gemeenskapsprojekte, soos opleiding in noodhulp. Dit word egter ook as ŉ langtermyndoelwit beskou.

Die derde gemeente het aangedui, dat die gemeenskap wel die kerkkompleks gebruik, maar slegs vir erkende welsyn- en ondersteuningsgroepe en glad nie gereeld nie. Die gemeente het ook nie ŉ behoefte om die kerkkompleks toeganklik vir die gemeenskap te maak nie en daar is ook geen doelwitte in die toekoms om die kerkkompleks sodanig te verander nie.

In 66% van die response, was die kerkgebou gereserveer uitsluitlik vir lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en met toestemming, mag lidmate van ander ***kerke*** die kerksentrum gebruik. Die gemeenskap word hierby uitgesluit.

Dit dui daarop, dat daar nie werklik ’n behoefte bestaan om dit te verander nie (vgl. Bowman & Hall 2000:69). Hierdie meting wys beslis, dat die gemeentes nie gemeentebou gerig was, in hulle beplanning en oprigting van kerkkomplekse nie (Bowman & Hall 2000:68). Die gemeentes is simpatiek teenoor die gemeenskap se behoeftes, maar nie werklik empaties nie.

Samevattend is die benutting van die kerkkompleks deur die gemeenskap dus hoofsaaklik in die konsepfase by slegs twee van die gemeentes aanwesig. Daar was egter geen beplanning om die gemeenskap dissipelmatig en missionêr deur middel van die kerkkompleks te dien nie.

### 5.4.8 Siening van die Kerkkompleks

Al drie respondente het geantwoord, dat ’n alternatiewe gebou, soos ’n skoolsaal, teater of gedeelde ruimte met ander kerke of instansies, glad nie ’n opsie was as ’n ruimte waarbinne die erediens kon plaasvind nie. Die gemeentes het eenparig aangedui, dat dit vir hulle belangrik is, om ŉ eie gebou te besit, wat esteties mooi en duursaam is en wat uitstaan teenoor ander geboue in die omgewing. Twee derdes van die gemeentes glo dat ŉ kerkgebou aan hul identiteit gee en hul glo ook dat God in ŉ ordentlike gebou gedien moet word. ŉ Derde daarvan glo dus vanuit tradisie om ’n pragtige gebou op te rig en die ander derde het gevoel dat God trots op sy huis moet wees, omdat ons kerk toe gaan om Hom daar te ontmoet en net die beste goed genoeg is vir die huis van God.

Twee derdes van die gemeentes glo dat ŉ nuwe gebou meer lidmate sal lok, dit die lidmate meer gemotiveerd sal laat uitreik en ŉ gunstiger atmosfeer vir belewenis van die erediens sal skep. Die gemeentes se response moet dan ook gemeet word aan dit wat die Bybel voorskryf aan die gemeentes – as God se kinders. Vervolgens het die gemeentes hul siening rondom die kerkkompleks soos volg gestel en die navorser stel dit teenoor die Bybelse ideaal, soos reeds nagevors in hierdie studie:

| Gemeente Siening | Bybelse Ideaal |
|---|---|
| • God moet in 'n ordentlike gebou gedien word.<br>• Om 'n gebou te besit, gee aan 'n gemeente identiteit.<br>• Die kerk behoort die waardes en norme van die gemeenskap te weerspieël. 'n Goed versorgde en benutte kerkgebou getuig in 'n mate van toewyding en trots om Christen te wees. | Dit is nie belangrik waar die plek van aanbidding is of hoe dit lyk nie. Publieke geboue, openbare sentrums en plekke van onderrig mag ingerig en omgeskakel word vir godsdienstige gebruik. Selfs geboue wat aan heidene, staatsinstellings en die gewone publiek behoort, mag gebruik word. Wat wel belangrik is, is dat dit gebruikersvriendelik moet wees en die liturgie moet kan dien. |
| • Die gebou is net God se huis, waar ons, ons dankbaarheid teenoor God kan uitleef vir sy hulp en bystand deur al die jare, wat Hy ons as gemeente gelei en ondersteun het. | God woon nie in mensgemaakte geboue nie, maar is oral teenwoordig – niks kan sy grootheid beperk nie. Kerkgeboue is dus nie heilig nie, net God kan heilig wees en dit kan dus ingerig en gebruik word, soos wat dit die aanbidders behaag. |
| • Ons gaan kerk toe om ons God daar te ontmoet. | God is 'n nomadiese God en trek saam met sy volk en laat Hom nie manipuleer tot tyd en plek nie. |

**Tabel 5.1: Gemeente- versus Bybelse siening**

Getoets aan hierdie kriteria het die siening van die respondente juis die teendeel uitgelig. Die onbybelse siening, dat God wil hê, sy kinders moet Hom in 'n mooi gebou aanbid en dat dit 'n tradisie is om God in 'n spesiale gebou te aanbid en dat die gebou 'n gemeente identiteit gee, het weer eens bevestig, dat die gemeentes na binne gerig is in hulle geloofsbelewenis en nie na buite nie (vgl. Bowman & Hall 2000:39). Indien ons na bogenoemde statistiek in verband met gebruikstyd (4.3.3) en die praktiese gebruik van die kerkkompleks (4.3.4) gaan kyk, blyk dit verder te wees, dat die duursame en mooi geboue, onprakties, gemeente- en gemeenskap onvriendelik voorkom.

## 5.4.9 Tempel van God

Al die gemeentes het bevestig, dat die gebou vir hul 'n huis van God is, waarin God sy inwoning kan vind. Volgens twee gemeentes, is hul kerkgebou ook 'n Tempel van God. Al die gemeentes se siening, dat die kerkgebou 'n tempel van God is, waarin

Hy Sy inwoning kan vind, is heeltemal verwyder van die Bybelse siening in die Nuwe Testament in verband met die tempel van God. Die gemeentes het almal 'n hoë premie geplaas op God, wat in 'n gebou woon en daar aanbid moet word, wat nie Nuwe Testamenties verantwoordbaar is nie en heeltemal verwyder is van die ideaal (vgl. ook Bowman & Hall 2000:40).

### 5.4.10 Kerkkompleks as Verkondigingsgestalte

Al drie gemeentes het aangedui, dat hul lidmaatgetalle 0% gegroei het, a.g.v. sending, evangelisasie of ander uitreikingsaksies. Slegs een gemeente het aangedui dat hul 'n 4% groei gehad het, a.g.v. evangelisasie.

Uit die vraelys het dit duidelik na vore gekom, dat al die gemeentes die kerkkompleks sien as 'n evangelisasiemiddel om mense na die kerk te bring. Hulle was van mening, dat die estetiese voorkoms, die duursaamheid en die nuutheid van die gebou, mense eerder na die eredienste sou lok. Lidmate sal ook meer gemotiveerd wees om uit te reik vanuit 'n nuwe kerkgebou. Twee gemeentes se siening van die kerkgebou was, dat dit 'n gunstiger atmosfeer skep vir die belewenis van die erediens. Een gemeente wou 'n huis vir God bou en derhalwe moes net die beste vir God goed genoeg wees. Die kerkgebou is vervolgens ook gesien, as iets wat die gemeente in die gemeenskap sal laat uitstaan, asook, dat die kerkkompleks die beeld na buite skep, dat 'n gemeente goed funksioneer en besig is om vooruit te gaan en te groei. Een respondent het geantwoord, dat die kerkgebou die gemeente tot 'n gemeenskaplike doel verenig en ook die gemeente sal motiveer om meer offergawes te gee.

Die gemeentebouvisie word verswelg deur die gedagte dat die kerkkompleks mense na 'n gemeente lok. Die siening, dat mense meer gemotiveerd sal wees om uit te reik vanuit 'n nuwe kerkgebou is ook van alle waarheid ontbloot (sien Bowman & Hall 2000:31).

## 5.4.11 Gemeentebou en Kerklike Finansies

Van die twee gemeentes, wat kontant gebou het, is een van die gemeentes, nog besig om te bou. Die ander gemeente het 'n bedrag van R700 000, oor 'n tydperk van 21 jaar gespaar. Die derde gemeente het 'n bedrag van R1.18 miljoen oor 'n tydperk van 10 jaar afbetaal. Die gemiddelde waardasie van die voltooide geboue is R6.1 miljoen.

Al die gemeentes dui aan, dat hul offergawes nie genoegsaam is, om hul uitgawes te dek nie. Een gemeente se begroting is voldoende, maar hulle moet 9% van die fondse deur middel van projekte genereer, om hul begroting te laat klop. Die ander twee derdes genereer onderskeidelik 30% en R40 000 van die fondse wat hul benodig om hul jaarlikse uitgawes te dek, maar eindig nog steeds met 10% tekort op hul begroting. Die instandhouding by die helfte van die voltooide kerkkomplekse, is R31 000 per jaar.

Die gemiddelde aantal betaalde poste is 8 per gemeente, waarvan 6 die laagste en 10 die hoogste is – predikant/e ingesluit. Die gemiddelde uitgawe aan salarisse is 61%, waarvan 60% die laagste en 62% die hoogste is. Dit is bedrae wat spandeer word op alle voltydse poste, teenoor die reeds genoemde lae tot geen gemeenteboufondse nie, wat weer eens dui op die gemeente se siening van gemeentebou, wat ook in sy siening van kerkgeboue, as 'n visie vir gemeentebou, gereflekteer word (Bowman & Hall 2000:56-58).

Die volgende gemiddelde uitgawes van al die gemeentes, is soos volg aangedui: sending en evangelisasie 10%; plaaslike uitreikaksies 3,5%; maatskaplike hulp en bystand binne gemeente 3,4%; maatskaplike hulp en bystand buite die gemeente 3.5%. Die gemiddelde bedrag waarmee al die gemeentes lidmate binne gemeenteverband help, is slegs R667, waarvan geen hulp die laagste is en R1 200 die hoogste is. Die gemiddelde bedrag, waarmee persone maandeliks buite gemeenteverband, in die gemeenskap hulp ontvang is R433, waarvan geen hulp die laagste is en R800 die hoogste. Indien hierdie bedrae vergelyk word, met die bedrae wat bestee word aan salarisse, asook die oprigting en instandhouding van die kerkkompleks, kan ons van die standpunt uitgaan, dat die Kerk absoluut in wese na

binne gerig en glad nie na buite gerig is nie. Die uiteinde hiervan is, sodra ’n gemeente sy fokus verskuif van mens na gebou, versmoor dit gemeentebou (Bowman & Hall 2000:32). By al die gemeentes was dit belangriker om eers na eie belange om te sien, voordat die gemeenskap gedien word. Al drie respondente het 1 miljoen rand plus uitgegee aan kerkkomplekse, wat minimaal gebruik word, maar spandeer minimale bedrae aan gemeentebou. Fondse wat beskikbaar was vir gemeentebou was by twee respondente R2 000 per jaar en die derde respondent het gemeld dat daar geen spesifieke bedrag toegewys is nie. Bowman & Hall (1996:29) vermeld, dat navorsing bewys het, dat indien hierdie siening gehandhaaf word, dit uiteindelik die standplaas van die predikant vernietig. Dit dui op sentripetale uitsig op gemeente-wees, in teenstelling met ’n sentrifugale roeping in navolging van Christus, wat in die wêreld besig is om nood te verlig (vgl. Bowman & Hall 2000:27).

Indien daar na die totale koste gekyk word, om ŉ kerkgebou op te rig en in stand te hou en hoeveel ekstra fondse gegenereer moet word, sodat die gemeente hul jaarlikse uitgawes kan dek, plaas dit ŉ vraagteken op die koste-effektiwiteit van kerkgeboue. Dit was nog nooit die visie van die gemeentes gewees, om eerder ’n goedkoop, praktiese kompleks op te rig of om gedeelde ruimtes te gebruik nie en sodoende fondse vir die gemeenskap beskikbaar te hê vir gemeentebou-aksies of versorging nie. Duursame geboue, was die hele tyd prioriteit in die beplanning en oprigting van kerkkomplekse.

Die projekte wat geloods word om die ekstra fondse te genereer is as volg: straatverkoping, basaar, spyseniering, môremark, gholfdag, wilddinee en ŉ Jappie Jol. Die projekte is suiwer fondsinsamelingsprojekte, wat daarop uit is om wins te maak, om te help om die kerk se uitgawes te dek. Die lidmate se energie en betrokkenheid by die kerk, is om fondse vir die kerk te in, wat ŉ duidelike vraagteken plaas, oor die kerk se roeping rondom apostolaat. Verder is dit ook teenstrydig met 66% van die gemeentes se siening, dat dit God se huis is en dat Hyself sy kerk in stand sal hou en sal voorsien. Die siening, dat gemeentes God se arm wil draai, deur duur geboue op te rig en dan glo, dat God die skuld sal aflos, is om God se voorsiening goedkoop te maak. Bowman & Hall (2000:27) sê in die verband: “A church should build only when it can do so within the income God has provided and without using funds needed for the church’s present and future ministries to people.”

## 5.5. Samevatting

Die probleemstelling van hierdie verhandeling is soos volg gestel:

Gedurende die afgelope tien jaar het gemeentebou alreeds 'n belangrike rol in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gespeel maar die navorser vermoed egter die volgende:

a. Die Bybelse verstaan van gemeentebou speel nie 'n genoegsame rol in die beplanning en oprigting van kerksentrums binne die Nederduitsch Hervormde Kerk se opset nie.
b. Die missionêre opdrag van die kerk om na die wêreld uit te reik met al sy bedieninge (Nel 1994:96) gaan dikwels mank, omdat kerksentrums nie missionêr en diakonaal ingerig word nie. Die *deodat beginsel* (Fuchs 1971:137) om te gee wat ontvang is van God, uit genade, gaan dikwels verlore in die beplanning en bou van kerksentrums. Kerksentrums word nie opgerig om die omringende gemeenskap tot diens te wees nie, maar is net bruikbaar vir enkele ure op 'n Sondag en dan veral vir die gemeenskap van gelowiges alleen.
c. Daar nie veel ag geslaan word binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se kerklike opset, rondom navorsing wat alreeds wêreldwyd bestaan in verband met die aspek van kerksentrums as 'n verkondigingsgestalte – missionêre en diakonaal – in die beplanning, verandering en\of oprigting van kerksentrums nie (vgl. Mouton & Marais 1990:38).
d. Die Kerk die besit van kerkgeboue noodsaaklik ag, as voorwaarde vir gemeente-wees.
e. Daar binne die Suid-Afrikaanse kerklike opset nêrens kerkgebou oprigtings- en/of inrigtingsmodelle bestaan wat die klem en fokus op gemeentebou laat val nie.

Die empiriese studie van die drie gemeentes wat die afgelope tien jaar kerkgeboue opgerig en afgehandel het, binne die opset van die Nederduitsch Hervormde Kerk van

Afrika, het hierdie probleem bevestig. Kerkgeboue word nie beplan om missionêr te wees nie en hou nie rekening met gemeenteboubeginsels in die oprigting daarvan nie. Kerkgeboue is hoofsaaklik opgerig met die oog op eie gemeentelike bediening, word minimaal benut en is nie gefokus op die omringende gemeenskap wat nie deel van die gemeente is nie. Derhalwe is die hipoteses van hierdie verhandeling met hierdie empiriese studie ook bevestig.

## 5.6. Die Gemeente Letsitele

Vervolgens word die kerkgeboumodel van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – Gemeente Letsitele – gestel. Dit is 'n voortsetting van een gemeente se empiriese verhaal. Dit word beskrywend aangebied en is ook aan dieselfde empiriese toetsing as die ander drie gemeentes onderwerp. Hierdie gemeente het in sy beplanning en inrigting van die kerkgebou missionêr gefokus en het gemeenteboubeginsels in ag geneem toe die beplanning plaasgevind het. Die fokus van die beplanning was nie om 'n kerkgebou op te rig nie, maar 'n bestaande sekulêre gebou te huur en in te rig vir kerklike doeleindes. Die gedagte was om finansiële uitgawes rondom die kerkgebou te beperk en dit eerder te reserveer vir missionêre bediening van die omringende gemeenskap.

Alhoewel hierdie studie onder gemeentebou ressorteer, is die fokus van hierdie studie nie om ’n gemeenteboumodel daar te stel nie. Daar is alreeds in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ’n uiters bruikbare model voorgelê. Sien in die verband die doktorale studie van J.C. van der Merwe (1999): *’n Prakties-Teologiese evaluering van ’n gemeentebouprojek in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – Gemeente Kemptonpark-Oos – met die oog op die daarstelling van ’n praktykmodel in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Derhalwe sal hierdie studie nie die gemeentebouproses van die gemeente Letsitele beskryf nie, maar net oorsigtelik skets. Sekere prosesse en uitkomste sal egter wel in die verduideliking van die kerkgebouprojek verdiskonteer word.

### 5.6.1 Die aanvang van die Proses

Die gemeentebouproses het in die gemeente Letsitele ’n aanvang geneem, toe die predikant in kontak gekom het met kursusse, wat oor gemeentebou in die Kerk aangebied is. Dit was die besef, indien die gemeente missionêr haar roeping wou vervul, die gemeenteboupad die weg sou wees om te volg. Die proses is aanvanklik deur die predikant aan leiers in die gemeente verduidelik en uiteindelik aan die kerkraadsvergadering self. Die kerkraadsvergadering het baie vinnig by die proses ingekoop. ’n Ad hoc kommissie – wat die benaming: strategiese beplanningskommissie gekry het – is deur die kerkraadsvergadering aangewys, om ’n strategiese plan by die volgende kerkraadsvergadering ter tafel te bring. Nadat literatuur oor gemeentebou deurgewerk is, is daar onder leiding van die predikant – as voorsitter van die kommissie – besluit om ’n gemeenteboukonsultant te nader in die stuur van die proses. Professor Malan Nel van die Universiteit van Pretoria is genader, aangesien hy op daardie stadium uitgewys is as een van die toonaangewende denkers op die gebied van gemeentebou. Hy het ingestem om as konsultant vir die gemeente op te tree en daar is op twee datums ooreengekom: eerstens om die evalueringsproses met ’n groep uit die gemeente te doen en tweedens vir die skryf van ’n missie, doel en doelwitte.

### 5.6.2 Motivering en Ontvriesing

Intussen is die gemeentebouproses ook aan die gemeente verduidelik in die prediking, met individuele gesprekke en tydens huisbesoekgeleenthede. Die gemeente se identiteit in Christus is verduidelik en wat hulle missionêre- en dissipelskapsroeping behels. Daar is verduidelik, dat die wese en roeping van die kerk gestalte moet kry in kerklike funksies, naamlik die kommunikatiewe geloofshandelinge. Daar is veral moeite gedoen om die prosesmatige verloop van gemeentebou te verduidelik en wat elke fase behels, aangesien dit vir die gemeente moeilik was om te begryp. Die motivering- en ontvriesingfase het uiteindelik baie glad verloop en die lidmate van die gemeente het sonder uitsondering, die visie vir ’n gemeentebouproses entoesiasties aanvaar. Volgens die *leitmotiv* – almal moet betrek word – is doop- en belydende

lidmate betrek. Almal in die gemeente moes eienaarskap van die proses aanvaar en nie net enkele bekwame leiers, wat die proses kaap nie.

### 5.6.3 Gemeente-analise

Na sowat nege maande van motivering en ontvriesing het die datum van die gemeente-analise aangebreek, wat met Professor Malan Nel ooreengekom is. Hy het die analise gedoen na aanleiding van Kenon L. Callahan se beplanningswerkboek – *Twaalf Sleutels tot 'n Effektiewe Gemeente* (2001). Intussen het die strategiese beplanningskommissie 'n omgewings- en gemeenteprofiel, volgens voorskrifte van Prof. Nel afgehandel, om tydens die gemeente-analise te gebruik. Die datum van die gemeente-analise is by verskeie geleenthede gepromoveer, waarna belangstellendes wat die geleentheid wou bywoon, uitgenooi is om hulle name op te gee. Volgens Callahan (Nel 1994:75) is aan die gemeente verduidelik, dat daar ten minste 20% van die erediensgangers teenwoordig moet wees. Op daardie stadium was die bywoning gemiddeld 275 lidmate per erediens en derhalwe moes ten minste 55 lidmate aan die gemeente-analise deelneem. Uiteindelik het 70 lidmate hulle name opgegee om die proses mee te maak. Na afloop van die gemeente-analise is die volgende relasionele kenmerke geïdentifiseer, waarop besonder klem gelê sou word:

- Spesifieke, konkrete missionêre doelwitte.
- Pastorale besoeke deur pastors en lidmate in die gemeenskap.
- Gemeenskaplike, dinamiese eredienste.
- Verskeie toereikende programme en aktiwiteite.

Een swakpunt, wat uitgestaan het en as gevolg van kardinale belang nie geïgnoreer kon word nie, was die tekort aan 'n behoorlik ingerigte kerkgebou. Op daardie stadium het die gemeente se eredienste in die plaaslike laerskoolsaal plaasgevind.

'n Langtermynbeplanningskomitee is uit die 70 lede aangewys. Die komitee is genoem: die gemeenteboureëlingskomitee en het uit 10 lede bestaan. Hierdie komitee is getaak om op die volgende, voorafbepaalde datum met prof. Malan Nel te vergader om die missie, doel en doelwitte van die gemeente te formuleer.

### 5.6.4 Van Gemeentebou tot Kerkgebou

Nadat die gemeenteboureëlingskomitee op die ooreengekome datum met Prof. Malan Nel vergader het, is die missie, doel en doelwitte geformuleer en is verdere beplanning gedoen. Die volgende missie van die gemeente is tydens die vergadering geformuleer:

***As dissipels van Christus, eer en beleef ons God;***
***bring ons die hoop van die Evangelie;***
***dra en help ons mekaar en ander.***

Tydens die vergadering is die probleem van 'n kerkgebou ter tafel geneem en die vergadering het eenstemmig besluit, dat dit 'n projek op sy eie is en nie deur Prof. Malan Nel gefasiliteer sou word nie, maar dat hy die gemeente slegs in die gemeentebouproses en afhandeling daarvan moet bystaan. Hierdie punt is na die kerkraadsvergadering verwys vir bespreking, waarop die volgende kerkraadsvergadering besluit het dat die saak dringend aandag verg. Die motivering was juis die versterking van die derde sterkpunt – gemeenskaplike dinamiese eredienste – wat tydens die gemeente-analise uitgewys is, aangesien die omstandighede waarin die eredienste plaasvind, nie langer haalbaar of aanvaarbaar vir die gemeente was nie. Die behoefte aan 'n eie gebou het krities geword, omdat lidmate 'n bepaalde verwagting daaroor beleef het. Die vergadering het besluit om 'n onafhanklike fasiliteerder te nader om met die beplanning van die saak te help, aangesien hulle die proses deursigtig wou maak en die predikant nie onnodig wou blootstel nie. Die vergadering was ook terdeë bewus daarvan dat predikante 'n proses in 'n bepaalde rigting kan stuur t.w.v. eie eer en aansien. 'n Fasiliteerder, generaal Piet Verbeek, van die Nederduitsch Hervormde Kerk – Gemeente Montana, is genader en hy het ingestem om die proses te fasiliteer.

'n Datum is bepaal, aan die gemeente deurgegee en hulle is uitgenooi om aan die proses deel te neem. Hulle is deeglik ingelig oor die noodsaaklikheid van die beplanningsessie en wat dit alles gaan behels. Nagenoeg 100 lidmate in die gemeente het gereageer deur vir die beplanningsessie op te daag. Dit het die Vrydagaand en

Saterdagoggend by ’n plaaslike vakansieoord plaasgevind. Die volgende inligting is op die versoek van die fasiliteerder aan hom deurgegee.

### 5.6.5 Die Gemeente Letsitele – ’n Beskrywing

Die gemeente Letsitele begin as werklikheid in 1988 wanneer die kerkraad van die gemeente Tzaneen besluit om ŉ predikant te beroep met die spesifieke opdrag om ŉ gemeente in Letsitele vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te plant. Na verskeie predikante beroepe afgewys het omdat hulle dink die uitdaging van kerkplanting is te groot, word ŉ proponent in Maart 1989 beroep. Sy opdrag is geweldig moeilik, aangesien daar nie werklik Hervormers in die gebied is nie; tog sien die kerkraad van die gemeente Tzaneen dit as ŉ missionêre uitdaging om ŉ gemeente te plant.

In 1989 word begin met ŉ gemiddeld van 65 erediensbywoners per Sondag. Die getal groei egter so radikaal dat die gemeente Letsitele op 21 Junie 1992 as volwaardige gemeente met ’n voltydse standplaas gestig word. Die gemeente word gestig te midde van ŉ klomp negatiewe hoop vanuit ringsgeledere, want in daardie stadium glo die ring nie, dat die gemeente lewensvatbaar genoeg is om ŉ eie standplaas te kan bekostig nie. Vanuit die gemeente Tzaneen word ook verdoemende berekeninge gemaak en bewyse gelewer, wat onomwonde toon dat die gemeente Letsitele nooit sal kan bestaan of ŉ predikant sal kan bekostig nie. Die wysheid van die senior leraar gee die deurslag wanneer hy, op sy kalm manier, opstaan en berekend verklaar: “Broers en susters, onthou net, waar God is, is hoop!”

#### 5.6.5.1 Geografies

Die gemeente Letsitele is in die platteland van die Limpopo provinsie geleë in die sitrushartland van Suid-Afrika, 34 kilometer vanaf Tzaneen, in die rigting van Phalaborwa en 84 kilometer vanaf Phalaborwa. Die radius van die gemeente se grense is 80 km en grens aan die gemeentes Phalaborwa, Tzaneen en Kampersrus (Hoedspruit).

### 5.6.5.2 Omgewingsprofiel

Die bevolking in die radius van die gemeente is nagenoeg 3 miljoen, waarvan slegs 3% blankes is. Die inwoners is hoofsaaklik Shangaans, Noord Sotho en Blankes. Die streektale is Tsonga, Noord Sotho en hoofsaaklik Afrikaans, wat deur die swart bevolking bo Engels verkies word. Die swart bevolking is meesal plaaswerkers waarvan 'n groot persentasie werkloos is. Hulle gesinsomstandighede is dikwels ontoereikend, aangesien broodwinners in groter stede buite die Limpopo provinsie werksaam is. Dit veroorsaak dat daar groot sosio-ekonomiese probleme ontstaan en baie van hulle onder die broodlyn leef. Daar is 'n geweldige aantal behoeftiges in die direkte omgewing van die gemeente. Hierdie behoeftiges wat in nood verkeer skep 'n groot veld vir missionêre uitreiking.

Die bevolking in die gebied is nie finansieel sterk nie, aangesien die Limpopo provinsie *per capita* die armste provinsie in Suid-Afrika is. Min mense is ekonomies bemagtig en baie afhanklik van familielede, wat vir groter kapitaal kragtige boere werk. Die blanke grondeienaars is egter baie welgesteld, want sitrus is hoofsaaklik 'n uitvoerproduk en hul inkomste word teen die Amerikaanse dollar verdien. Die gemeente Letsitele word hoofsaaklik uit salaristrekkers saamgestel, met nagenoeg 'n 0% werkloosheidsyfer. Ekonomies is die gemeente dus selfversorgend en ook in staat om sosiaal-ekonomies 'n verandering in sy direkte omgewing teweeg te bring.

### 5.6.5.3 Gemeenteprofiel

Die profiel van lidmate sien soos volg daaruit:

| PROFIEL | | |
|---|---|---|
| **OUDERDOM** | **JAARTAL** | **AANTAL** |
| **0 – 6** | **2000 - 2006** | **31** |
| **0 – 16** | **1989 - 2000** | **74** |
| **17 – 25** | **1980 - 1988** | **50** |
| **26 – 40** | **1965 - 1979** | **105** |
| **41 – 50** | **1955 - 1964** | **73** |
| **51 – 60** | **1945 -1954** | **69** |
| **61 – 70** | **1935 - 1944** | **47** |
| **71 – 80** | **1925 - 1934** | **11** |
| **81 – 90** | **1915 - 1924** | **4** |
| **TOTAAL** | | **464** |

**Tabel 5.2: Gemeenteprofiel**

Hieruit kan ons aflei dat dit 'n relatief jong gemeente is, met die grootste konsentrasie van gemeentelede tussen die ouderdom van 26 en 40 jaar – gunstig vir 'n plattelandse gemeente.

Die gemeente word in 24 geografiese wyke opgedeel, vanweë die plattelandse omstandighede, hoewel dit op dié stadium goed as relasionele wyke ontwikkel. Tans is daar ook geen vakante poste in die kerkraad nie, al bestaan dit hoofsaaklik uit plaaswyke.

Meer as die helfte van die gemeente is nie gebore Hervormers nie, maar kom uit ander kerke in die omgewing. Hoofsaaklik uit die NG Kerk, maar ook Gereformeerde Kerk, AGS, APK, Volle Evangeliese Kerk en Evangelies Gereformeerde Kerk. Baie van hierdie lidmate kom uit 'n agtergrond waar hulle geestelik so verval het, dat hulle eerder as kerkloos in plaas van kerklos geklassifiseer kan word. Die gemeente is dus uniek in sy samestelling en nie gerig op instandhouding van tradisies nie. Die mense kies self om daar te wees. Dit maak dat die lidmate redelik gemaklik is in hulle erediensbelewenis en in hulle verhouding met mekaar. Wat ook positief tot gemeente-wees bydra, is die feit dat die gemeente van niks af saamgegroei het en daar 'n baie mooi familiegevoel onder die lidmate is.

Die fasiliteit waarin eredienste plaasvind, is die laerskoolsaal van die plaaslike Laerskool Dr. Annecke. Die gemeente se inter- en intrapersoonlike verhoudinge is op 'n baie hoë vlak en finansieel het die gemeente na 9 jaar van bestaan nagenoeg R800 000 op belegging, afgesien van die pastorie wat intussen opgerig is en 'n waarde van R1 miljoen het. Hierdie toestand is die gevolg van intense geldinsamelingspogings – basaars – wat tot R350 000 wins lewer en ook ander goed beplande pogings.

Die kerkraad het 'n kommissie aangestel om navorsing oor kerksentrums te gaan doen en met 'n voorlegging terug te kom. Na deeglike konsultasie met 'n bourekenaar van Pretoria, plaas die kommissie twee opsies op die tafel:

a. Bou 'n kerksentrum met sitplekke vir 320 persone, met alle ander ekstras soos kategeselokale, lugversorgers, kantore en die aankoop van 'n geskikte erf –

insluitend alle kostes. Die totale koste beloop R4.5 miljoen. Die rentelas van die bedrag sou nagenoeg R53 000 per maand wees.

b. Koop 'n erf en bou net 'n saal met geen ekstras nie. Totale koste beloop R1.7 miljoen.

Hierdie inligting is aan die fasiliteerder deurgegee en die beplanningsessie kon 'n aanvang neem.

## 5.6.6 Kerksentrum: Beplanningsessie

Tydens die strategiese beplanningsessie word 'n analise van die gemeente gedoen en die volgende punte word opgeneem:

### 5.6.6.1 Sterkpunte

a. Die gemeente het reeds 'n gemeentebouproses deurloop en het 'n saambindende missie wat die weg vorentoe aandui.
b. Die gemeente se fokus is primêr op die wêreld gerig en wil 'n missionêre uitreikende gemeente wees – hulle wil in die wêreld gaan werk, waar Christus reeds is.
c. Daar is 'n sterk dissipelskapbewustheid in die gemeente om deur kommunikatiewe geloofshandelinge uit te reik.
d. Daar heers 'n goeie gees in die gemeente.
e. Die predikant.
f. Daar is 'n belegging van R800 000.
g. Die gemeente het geen skuld nie en 'n positiewe bankbalans.
h. Die gemeente is in 'n redelike stabiele ekonomiese omgewing geleë. Die gebied is afhanklik van sitrus wat 'n goeie uitvoerproduk is. Dit hou die omgewing aan die gang.
i. Daar is geen werkloosheid nie.
j. Die gemeente het behoefte aan meer intensiewe bearbeiding – dinge soos huweliksverrykingskampe en verdere geloofsbouseminare.
k. Die goeie prediking trek mense na die gemeente.

l. Daar is stabiliteit in die bestaande orde en gebruike van die Kerk.
m. Daar is inisiatief, sterk persoonlikhede en leiers binne die gemeente.
n. Daar is geen klasseverskille nie. Mense met verskillende sosio-ekonomiese agtergronde werk gemaklik saam.
**o.** Die huidige plek waar eredienste plaasvind – die skoolsaal – het uitstekende bemarkingswaarde in ligging, toestand en bereikbaarheid.

### 5.6.6.2 Probleemareas

a. Die gemeente se potensiaal vir groei is nie groot nie, want die lidmate woon hoofsaaklik op plase waar gevestigde families bly.
b. Daar is die probleem van grondeise en die bedreiging van grondbesetting.
c. Daar kom moontlik nuwe wetgewing oor grondbelasting en belasting op geboue.
d. Die meeste lidmate is werknemers en is nie gemiddeld groot bydraers nie.
e. Baie lidmate het agter die predikant aangeloop; die gemeente is rondom hóm gebou. As hy 'n beroep sou ontvang en aanneem, kan hulle dalk weer uitfilter na ander gemeentes of kerke toe.
f. Boukostes is ontsettend hoog en dit is onprakties om 'n kerksentrum op te rig, wat net vir 2 ure op 'n Sondag gebruik sal word.
g. Die gemeente het 'n verwagting oor die oprigting van 'n kerksentrum.
h. Die ekonomiese agteruitgang in Suid-Afrika.
i. Duur brandstofpryse kan lidmate wat vêr moet ry nadelig tref – dit kan hulle na 'n nader kerk of gemeente laat uitwyk.
j. Die kerkraad wil nie 'n projek met skuld aanpak nie en dit kan die bou van 'n kerkgebou met nog 10 jaar aanskuif.
k. Die gemeente raak moedeloos om fondse vir geboue in te samel.
l. Goeie erwe vir die oprig van 'n kerkgebou is skaars op Letsitele.
m. Ringsgemeentes is in die moeilikheid wat finansies en lidmaatgetalle betref.
n. Bydraes is hoër a.g.v. kerkboudroom. As die droom gewysig word, kan dit 'n nadelige effek op die inkomste hê.

### 5.6.6.3 Verwagtings

a. Dat die gemeente voluit aan die gemeentebouproses sal deelneem.
b. Dat die gemeente hul missionêre roeping sal uitleef.
c. Dat die gemeente ’n verskil in die omgewing sal maak.
d. Dat die gemeente sal wees, waarvoor God haar geroep het.
e. Dat R300 000 minimum op belegging gehou sal word vir die onderhouding van die standplaas.
f. Dat die kerkraad en gemeente sal besef dat gemeente-wees nie uit ’n gebou bestaan nie, maar die uitlewing van hulle Goddelike roeping.
g. Dat die fokus van die gemeente op die ondersteuning van mekaar en die wêreld sal wees en nie op ’n kerkgebou as institusie nie.
h. Die gemeente sal besef dat hierdie gemeente ’n bo-gemiddeld goeie predikant het en dat die standplaas prioriteit moet geniet bo ’n gebou.

### 5.6.6.4 Uitkoms

Aan die einde van die fasilitering- en strategiese beplanningsessie insake die kerkgebou van die gemeente, word die volgende besluite neergelê:

a. Dat die aankoop van erwe en die oprigting van ’n permanente kerkgebou op Letsitele, geensins ’n opsie is nie.
b. Dat die gemeente nie bereid is om geld aan rente, geboue en *dinge* te spandeer, terwyl baie mense honger is en koud gaan slaap nie.
c. Die gemeente het na 9 jaar werklik behoefte aan 'n ordentlike kerkhouplek wat hoofsaaklik insluit: ’n orrel, ’n goeie klankstelsel, gemaklike stoele, ’n warm kerklike atmosfeer en lugverkoeling (dit word verskriklik warm in die somer).
d. Dat die gemeente ’n gesogte werkgewer wil wees wat ’n goeie predikant kan bekostig.
e. Dat die gemeente eerder wil uitreik na die mense in die omgewing en so ’n verskil wil maak.

f. Dat die gemeente wil doen, waarvoor sy geroep is – om God en die gemeenskap te dien.
g. Dat die gemeente wil voortgaan om die gemeentebouproses onder leiding van Professor Malan Nel te deurloop.
h. Dat net die geld op belegging gebruik sal word vir die inrig van 'n kerksentrum.
i. Dat die laerskoolsaal waar die eredienste tans plaasvind, omgeskakel moet word om dit erediensvriendelik te maak.
j. Dat die gemeente met die bestuursraad van Laerskool Dr Annecke sal onderhandel, om die skoolsaal na 'n kerksentrum om te skakel – indien dit haalbaar kan wees.
k. Dat tyd gegun word om die besluit aan die gemeente te kommunikeer, verkieslik deur die predikant en 'n *ad hoc* kommissie tydens groepshuisbesoeke.
l. Dat slegs professionele kundiges gebruik word op al die terreine van die kerksentrum se beplanning: prokureurs, argitekte, elektriese ingenieurs, klankingenieurs en binnehuisversierders.
m. 'n Projekbestuurder aangestel sal word om die projek te koördineer en te bestuur – verkieslik 'n lidmaat uit die gemeente.
n. Dat die projekbestuurder onder die opsig van die finansiële komitee sal ressorteer.
o. Dat daar 'n sperdatum vasgepen moet word om die vorderingsproses te evalueer en 'n finale besluit te neem.

## 5.6.7 Die Kerkgebou

Die besluite wat tydens hierdie strategiese beplanningsessie geneem is, is in opdrag van die beplanningsvergadering aan die eerskomende kerkraadsvergadering en daaropvolgende gemeentevergadering oorgedra. Die kerkraadsvergadering het die voorstelle van die beplanningsvergadering met entoesiasme en sonder teenkanting aanvaar. 'n Projekbestuurder is uit gemeentegeledere aangestel onder opsig van die finansiële komitee. Die kerkraadsvergadering het egter besluit dat die proses, soos in die geval van die gemeentebouproses nie ryp gedruk moet word nie, maar 'n tydperk

van ontvriesing en motivering gegun sal word. Daar is besluit dat die predikant vir die volgende 3 maande slegs groepshuisbesoeke in die wyke sal doen en as tema die gemeente se identiteit en roeping aanspreek. Tydens dieselfde huisbesoek, sal genomineerde lede van die finansiële komitee daarna die besluite van die kerkraadsvergadering aan die wykslede oordra, omrede die kerkraadsvergadering weer eens nie die predikant aan hierdie proses wou blootstel nie. Die besluite is vir 3 maande lank in groepshuisbesoeke aan die gemeente gekommunikeer. Slegs enkele lidmate was nie gemaklik met die idee nie en die finansiële komiteelede het individuele gesprekke met ongelukkiges gevoer. Uiteindelik was daar net een huisgesin wat nie met die idee kon saamleef nie; hulle het hulle lidmaatskap opgevra en na ŉ buurgemeente van ons Kerk oorgegaan – met die verstandhouding dat ons ooreengekom het om te verskil.

### 5.6.7.1 Onderhandelinge: Skool en Kerk

Nadat die kerkraadsvergadering tevredenheid gehad het dat die hele gemeente eienaarskap van die beplande projek aanvaar, is ’n kommissie aangestel om beplanning vir onderhandelings met die bestuursliggaam van die Laerskool Dr. Annecke voor te berei. Dié kommissie is die kerkboukommissie genoem en bestaan uit die volgende lede: die kassier, die predikant, die projekbestuurder en twee addisionele lede uit die finansiële komitee. Die kommissie het in samewerking met die finansiële komitee voorlopige beplanning en kosteberaming oor beoogde veranderinge gedoen.

’n Spreekbeurt is op die eersvolgende beheerliggaamvergadering aangevra om die beplande saalombouing se saak te stel. Die beheerliggaam het dadelik op die saak ingekoop en was baie ingenome met die beplande projek. Daar was net een voorbehoud: die gemeente moes by die Departement van Onderwys of die Departement van Werke sekerheid kry oor die legitimiteit van so ’n projek. Daar is vervolgens met FEDSAS geskakel, wat die kommissie na die verantwoordelike persoon in die Departement van Onderwys verwys het. Die persoon het die kommissie na die Onderwyswet verwys en gesê dat die beheerliggaam die saak moet afhandel. Die beheerliggaam word as regspersoon erken om namens die Departement

van Onderwys kontrakte met 'n buite-instansie aan te gaan vir die gebruik van eiendom, namens die Staat as blooteienaar, tot goeddunke van die beheerliggaam en tot voordeel van die skool – met voorbehoud – dat daar 'n geldige huurooreenkoms tussen die betrokke partye opgestel word. Hierdie ooreenkoms word deur die staat as regsbindend erken (FEDSAS 2006:120-121). Die Skolewet Artikel 20(2) is van toepassing: "Die beheerliggaam kan die redelike gebruik van die fasiliteite van die skool vir gemeenskapsdoeleindes toelaat, onderworpe aan sodanige redelike en billike voorwaardes, as wat die beheerliggaam bepaal, wat die heffing van huurgelde of tariewe vir die skool se voordeel insluit."

Die kommissie het die inligting aan die beheerliggaam oorgedra en daar word besluit dat die gemeente die verantwoordelikheid sal aanvaar, om 'n dienlike huurkontrak by 'n regspersoon te laat opstel. 'n Prokureur is genader wat die huurkontrak gratis vir die gemeente afgehandel het. Nadat die proforma huurooreenkoms deur beide partye deurgewerk en veranderinge aangebring is, is die huurooreenkoms ná voorlegging aan die beheerliggaam en kerkraadsvergadering aanvaar. Die huurooreenkoms word in ***Bylaag B*** in hierdie studie vervat. Die kontrak is daarna by die Aktekantoor op die gemeente se koste geregistreer om veral die kerk te beskerm, indien enige party die kontrak sou verbreek en dit 'n Hooggeregshofsaak word. Die kontrak is gebaseer op wedersydse samewerking, 'n verhuringsooreenkoms met 'n eskalasie van 10% per jaar. Die ooreenkoms is geldig vir 20 jaar met 'n eerste opsie vir die gemeente om weer te hernu. Die beheerliggaam en die kerk het beide 3 lede genomineer om op die saalkoödineringskomitee te dien. Dié komitee sou kwartaalliks vergader om die samewerking te monitor en ongelukkighede wat sou opduik te hanteer. Met hierdie ooreenkoms is die weg voorberei om met die beplande bouprojek te begin.

### 5.6.7.2 Die Bouprojek

Die projek het onder leiding van die projekbestuurder en onder die opsig van die finansiële komitee verloop. Die gemeente het R800 000 op belegging gehad en die projek moes binne 'n begroting van R500 000 afgehandel word. Indien daar wel 'n oorskryding van die begroting sou wees, moes dit eers per konsistoriebesluit bekragtig word. Die projekbestuurder se broer – 'n argitek – het aangebied om die gemeente

kosteloos in die beplanning en omskakeling van die saal by te staan. ’n Vloerplan is bekom en die argitek het na deeglike bespreking ’n nuwe plan op die tafel geplaas. Die finansiële komitee was tevrede en die bouwerk het begin. Slegs minimale strukturele veranderinge is aangebring – ’n rommelstoor by die ingangsportaal se deur is toegebou en ’n deur is na die saal gebreek. Dit sou dien as bergingsfasiliteit vir onder andere: die orrel, preekstoel, doopvont, kateder en klankkas. Terwyl die eredienste in die saal voortgaan word die projek afgehandel, deur die bouwerk op Sondae met seilbedekkings te verskans. In die afhandeling van die projek is die volgende kundiges se hulp ingeroep: klankingenieur, elektrisiteitsingenieur, beligtingspesialis, verkoelingspesialis en ’n binnehuisversierder – ’n aantal kundige susters uit die gemeente is hier ingeroep om met die kleurskakering raad te gee. Die volgende veranderinge word aan die skoolsaal aangebring sodat dit as ’n kerksentrum kan dien:

a. Die elektrisiteitsfasiliteite word totaal opgegradeer.
b. Die vensters aan die bokant van die saal se mure kry nuwe gordyne – dit was onnodig om die verhoog se gordyn te vervang, aangesien dit nuut is en by die gekose kleurskema inpas.
c. Die skool se duursame opvoustoele word herstoffeer met kunsleer in maroen en grys – die kleure wat gekies is vir die kerksentrum.
d. Lugverkoelers word geïnstalleer.
e. ’n Preekstoel, kateder en doopvont, word deur die argitek ontwerp en deur ’n lidmaat gebou – bestaande uit sandsteen en kiaathout – alles op wiele. Dit kan rondgeskuif en in ’n pakkamer gestoor word.
f. ’n Allen orrel, wat met rekenaarskywe speel word aangekoop en op ’n platvorm met wieletjies gemonteer. Dit skakel die gebruik van ’n orrelis uit. ’n Professionele orrelis neem al die liedere in die nuwe Liedboek van die Kerk gratis vir die gemeente op. Die instrument word Sondae ten volle bespeel, sonder ’n orrelis. Dit bring ’n besparing van nagenoeg R1800 per maand in orrelisfooie en brandstofkostes mee.
g. Die hele saal se mure word met kiaathout uitgevoer, wat ’n baie warm en duursame atmosfeer skep.
h. Daar word belê in ’n hoogs gesofistikeerde klankstelsel vir suiwerheid van klank en vir die doel van multifunksionele gemeentelike bediening.

i. Die luidsprekers van die orrel en klankstelsel word ingebou.
j. ’n Goeie beligtingstelsel word geïnstalleer. Dit kan gebruik word om atmosfeer tydens eredienste te skep.
k. ’n Multimedia projektor en meegaande rekenaar word geïnstalleer.
l. Die projektorkamer aan die agter- en bokant van die saal word omskep in ’n konsistorie en administratiewe kantoor, met lugverkoeling.
m. Die saal se verhoog word omskep in ’n galery, met uitlaatdeure na agter vir ouers met kinders. Die preekstoel staan dus aan die agterkant van die saal met die stoele ook na agter, weggedraai van die verhoog. Die saal is dus multifunksioneel in die sin dat dit tydens dramas of opvoerings omgedraai kan word.
n. Die toilette word opgegradeer.
o. Die skoolsaal se kombuis word opgegradeer.

Die Projek word uiteindelik afgehandel teen ’n koste van R780 000. Daarvan kan R480 000 se waarde onmiddellik uit die saal verwyder word as iets onvoorsiens gebeur en die skoolsaal nie verder as ’n kerksentrum gebruik kan word nie. Dit sluit die volgende toerusting in: orrel, preekstoel, kateder, doopvont, lugverkoelers, al die kombuisraad – stoof, yskas, mikrogolfoond – kaste uitgesluit, klanktoerusting – luidsprekers ingesluit en die administratiewe kantoor se meublement en toerusting.

Soos die projek gevorder het, het nuwe behoeftes ontstaan en daarom word die begroting oorskry. Daar het ook sekere versteekte kostes opgeduik waarvoor die kommissie nie begroot het nie. Die kerkraad was egter gediend daarmee en soos beplan, word die projek ten volle afgehandel. God is getrou en voorsien presies genoeg fondse aan die gemeente – R800 000 – alhoewel die gemeente vir slegs R500 000 begroot het. Die projek is derhalwe sonder ’n skuldlas afgehandel ten spyte van die oorbesteding.

## 5.6.8 Voordele van die Projek

Die voordele wat hierdie samewerkingsooreenkoms bring is onbeperk. Uit hierdie projek spruit die volgende voordele:

a. Die skool verdien ʼn vasgestelde huurinkomste. So help die kerk die skool en word die gemeenskap gedien.
b. Enige inkomste wat uit die saal se verhuring aan buite-instansies verdien word, word deur die skool en die kerk gedeel. Dus verdien die kerk ʼn inkomste uit ʼn ander se fasiliteit. Hierdie fasiliteit is baie gewild, veral vanweë die estetiese voorkoms en die lugverkoeling – daar is glad nie so ʼn fasiliteit in die Letsitele omgewing nie.
c. Die saal se tuine word deur die skool onderhou, wat die kerk se las verlig.
d. Die onderhoud aan die saalkompleks word saam deur die skool en kerk behartig – die skool vir die buitekant en die gemeente vir die binnekant.
e. Die kerk gebruik klaskamers as kategeselokale, met al die fasiliteite wat die skool bied.
f. ʼn Geteerde oppervlak is onmiddellik beskikbaar vir parkering.
g. Toilette is onmiddellik beskikbaar.
h. Administratiewe fasiliteite is onmiddellik beskikbaar.
i. Pragtige landskap en tuine, sowel as ontspanning- en speelgrondfasiliteite, drama- en opvoeringsfasiliteite is onmiddellik beskikbaar.
j. ʼn Goed toegeruste kombuis is onmiddellik beskikbaar.
k. Die eiendom is baie veilig, want die skool is goed omhein.
l. Die kerk is vrygestel van moontlike gebouebelasting op kerkeiendomme.
m. Onteiening van grond kan nie plaasvind nie.
n. Die kerk betaal nie water en elektrisiteit- of eiendomsbelasting nie.
o. Huur is vasgestel, derhalwe affekteer skielike verhogings in water, elektrisiteit of eiendomsbelasting nie die kerk nie.
p. Sou ontvolking van platteland plaaslik gebeur, sal dit geen invloed op geboueskuld hê nie.
q. Indien die gemeente sou sluit, het die kerk geen skuld of skuldeisers nie – daardeur word die naam van die kerk in die oë van die wêreld in ere gehou.
r. Die gemeenskap sien dat die gemeente ʼn verskil maak. Hulle sien dat dit nie vir die gemeente oor dinge gaan nie, maar oor mense.
s. Die gemeente het baie meer geld om aan gemeenskapsprojekte te spandeer.

t. Daar is geen skuld nie, derhalwe is daar ook geen onnodige rentes wat betaal moet word nie. Die gemeente verdien eerder nou op die beleggings.
u. Dit plaas die onderhouding van die standplaas in 'n beter posisie.
v. Daar is meer fondse tot die beskikking van die gemeente.

### 5.6.9 Opvolgende Samewerking

Hierdie goeie samewerkingsooreenkoms tussen skool en gemeente veroorsaak dat ook ander projekte volg:

- Die skool rig onderdakparkering op die parkeerterrein op wat Sondae deur die kerk benut word.
- Die kerk rig 'n afdak langs die saal op, wat tydens skoolfunksies gebruik kan word – volledig deur 'n lidmaat geskenk en opgerig.
- Die skool rig langs die afdak 'n braaiplek en 'n lapa op, wat deur kerk gebruik kan word.
- Die kerk rig 'n groter kombuis met 'n koelkamer by die afdak op, wat ook deur die skool gebruik kan word.
- Die skool herstel die saal se dak teen 'n koste van R80 000. Die kerk se kompleks word dus onderhou en verbeter, sonder enige kostes vir die kerk.
- Die NG Kerk, skool en die Hervormde Kerk gradeer die skool se krag op na drie-fase, ter wille van ekstra lugverkoelers. So word die kostes vir opgradering om 'n derde verdeel, terwyl dit hoofsaaklik tot die Hervormde Kerk se voordeel is.

## 5.7. Resultate van die Empiriese Studie

Die gemeente Letsitele is ook aan die empiriese toetsing onderwerp. Die vraelys is ingevul deur die skriba en die administratiewe beampte. Die doel was om na te vors of die visie wat die gemeente vir haarself in die vooruitsig gestel het, om 'n gemeente te wees wat fokus op die missionêre en dissipelskap, in die werklikheid gerealiseer

het. Vervolgens word die resultate van die empiriese toetsing van díe gemeente weergegee:

### 5.7.1 Erediensbywoning

| | |
|---|---|
| Persentasie Erediensbywoning | 56% |
| Sitplekke beskikbaar vir al die lidmate | 300 |
| Leë sitplekke tydens die erediens | 44% |
| Sal 'n nuwe gebou meer lidmate na kerk lok? | Nee |

### 5.7.2 Geografiese- en Demografiese groei

| | |
|---|---|
| Persentasie groei van gemeenskap | Negatief (–1%) |
| Persentasie groei in die gemeente | Positief (1.07%) |

### 5.7.3 Gebruikstyd

| ***Ure per week waarin areas in kerkkompleks gebruik word*** | |
|---|---|
| Kategeselokale | 34 |
| Kerkgebou | 6 dae per week |
| Administrasiegeboue | 6 dae per week |
| Kerksaal | 6 dae per week |
| Gimnasium | n.v.t. |
| Kerkterrein | 6 dae per week |
| Ander (*Noem*) | Geen |
| Ander (*Noem*) | Geen |
| Totaal | Voltyds 7 dae per week |
| **Dae per week wat kerkkompleks benut word** | |
| 6 tot 7 dae per week | |

### 5.7.4 Praktiese gebruik van die Kerkkompleks

| | |
|---|---|
| Is u kerk ontwerp met vaste banke, preekstoel en liturgiese ruimte | Nee |
| Is u kerk 'n dop waarin bg. rondgeskuif kan word? | Ja |

### 5.7.5 Gemeentebou en die Kerkkompleks

| | |
|---|---|
| Het u 'n gemeenteboukonsultant gebruik? | Ja |
| Gemeentebeplanning voor of na voltooiing van kerkkompleks | Voor |
| Hoeveel tyd in afgelope jaar aan gemeentebou-projekte spandeer? | 6 dae |

### 5.7.6 Kerkkompleks en die Bybel

| | Is daar navorsing gedoen, omtrent die Bybelse siening rondom kerkgeboue? | Waarvolgens is die kerk gebou? |
|---|---|---|
| | Ja | Volgens Bybelse riglyne |

### 5.7.7 Gemeenskapsgerigtheid

| | | |
|---|---|---|
| Gebou uitsluitlik vir gemeentelike behoeftes | | Nee |
| Grootste rol in beplanning van kerkkompleks | | So goedkoop as moontlik |
| Gemeente se eerste prioriteit | | Bediening van gemeenskap |
| Gemeenskap bewustheid dat kerkkompleks tot hul beskikking is | | Ja |
| Gebruikersvriendelikheid van kerkgebou vir gemeenskap | | 100% |
| Professionele behoeftebepaling van gemeenskap voor oprigting van gebou | | Bestaande gebou |
| Gebruik van kerkkompleks deur gemeenskap | | |
| | Skool en buite kurrikulêre aktiwiteite | |

| Spesifikasie van doelwitte | |
|---|---|
| | Maak gemeenskap bewus vd hulp en toeganklikheid tot sentrum |
| Behoefte om kerkkompleks toeganklik vir gemeentebehoeftes te maak | |
| | 100% |

## 5.7.8 Siening van die Kerkkompleks

| | | |
|---|---|---|
| Nuwe kompleks of vervanging van bestaande kompleks? | Omskakeling | |
| Oorweging om nie te bou nie | Ja | |
| Oorweging om ander geskikte ruimte te gebruik vir godsdiensoefening | Ja | |
| Waarom geen alternatief oorweeg is nie | | |
| Styl, vorm en duursaamheid aanpasbaar by omgewing, asook esteties mooi | Speel geen rol nie | |
| Duursaam teenoor ander geboue | Speel geen rol nie | |
| Moet God trots wees op kerkgebou? | Speel geen rol nie | |
| Rede vir oprigting van kerkkompleks | | |
| Lok meer lidmate | Nee | |
| Lidmate sal meer gemotiveerd uitreik indien hulle trots op gebou is | Nee | |
| Gunstiger atmosfeer vir belewenis van die erediens | Ja | |
| Sal gemeente laat uitstaan, as ’n gemeente wat vooruitgaan | Ja | |
| Net die beste goed genoeg vir ’n huis vir God | Nee | |
| Motiveer gemeente om groter offergawes te gee | Nee | |
| Verenig gemeente in ’n gemeenskaplike doel | Nee | |
| Is ’n goeie belegging, met gewyde en doelmatige geriewe, waarin gemeente aktiwiteite en admin wat gerig is op groei na Christus, mekaar en na buite, uitgeleef kan word | | Nee |

## 5.7.9 Tempel van God

| | |
|---|---|
| Dink u, u kerkgebou is werklik 'n Tempel vir God? | Nee |
| Is die gebou vir u 'n huis van God, waarin God sy inwoning kan vind? | Nee |

## 5.7.10 Kerkkompleks as Verkondigingsgestalte

| **Toename in lidmaatgetalle as gevolg van spesifieke aktiwiteit** | |
|---|---|
| Sending | 0% |
| Evangelisasie | 0% |
| Ander uitreikingsaksies | 1% |

## 5.7.11 Gemeentebou en Kerklike Finansies

| | |
|---|---|
| Kerkgebou kontant of op skuld | Kontant |
| Kontant bedrag | R800 000 |
| Spaar tydperk vir kontant | 10 Jaar |
| Was die gevoel dat u die bedrag vir die kerkgebou kan leen – God sal voorsien | Geensins |
| Skuld hantering | |
| Aanvanklike leningsbedrag | Nvt |
| Afbetalingspaaiement per maand | Nvt |
| Afbetalingsperiode | Nvt |
| Totale bedrag afbetaal | Nvt |
| Huidige waardasie | Weet nie |
| Hang afbetaling van u kerkkompleks af van toekomstige groei in lidmaatgetalle | Nvt |
| Jaarlikse onderhoudsbedrag van u kerkkompleks | Huurgeld: R18864<br>Onderhoud: R26 779 |
| Is offergawes genoeg om die finansierings-<br>koste van die kerkkompleks te dek? | Ja |

| | |
|---|---|
| Is u jaarlikse begroting voldoende? | Ja |
| Fondse deur ander projekte gegenereer? | Oesfees (Bazaar) |
| ***Totale uitgawes per maand*** | |
| Voltydse poste in die gemeente | 5 |
| Alle salarisse, sowel as predikant | R600 000 |
| Onderhoud van geboue | R27 000 |
| Skuldlas op geboue | Geen |
| Sending en Evangelisasie | R15 000 |
| Plaaslike uitreikaksies | R30 000 |
| Maatskaplike hulp en bystand binne gem. | R20 000 |
| Maatskaplike hulp en bystand buite gem. | R80 000 |
| ***Ander uitgawes*** | |
| Hoeveel lidmate word maandeliks finansieel binne gemeenteverband gehelp | 5 |
| Noem die totale bedrag | R24 000 |
| Hoeveel persone word maandeliks buite die gemeente, in u gemeenskap gehelp? | Wissel tussen 2 – 10 persone |
| Noem die totale bedrag | R80 000 |
| Hoeveel geld is aan gemeentebou-, ontwikkeling of gemeentegroeiprojekte gespandeer in u gemeente se afgelope verslagjaar? | R68 000 |

# 5.8. Vraelys Interpretering

## 5.8.1 Erediensbywoning

Die gemeente Letsitele se erediensbywoningsyfer is 56%, wat 'n bo-gemiddelde syfer is. Tydens eredienste word daar vir 64% van die lidmate voorsiening gemaak vir sitplekke, wat 'n gemaklike vol en gemaklike leë erediensruimte skep.

## 5.8.2 Geografiese- en Demografiese groei

Die gemeenskap toon 'n 1 % negatiewe groeipersentasie, a.g.v. die plaaseise in die gebied. Gemeente Letsitele toon egter 'n teenstellende positiewe groei van 1.07 %. Vanuit die studie blyk dus dat Gemeente Letsitele se kerkkompleks genoegsame voorsiening maak, aangesien daar nog genoeg sitplekke sal wees vir 'n 9 % groei in die gemeente.

## 5.8.3 Gebruikstyd

Al die areas van die kerkkompleks word effektief benut. Die klaskamers word in die week deur die skool benut en op Sondae as kategeselokale gebruik. Die kerkgebou, wat in werklikheid die skoolsaal is, word gedurende weeksoggende deur die skool benut. In die middae word dit vir buite-kurrikulêre aktiwiteite gebruik en gedurende naweke word die saal vir troues en ander funksies uitverhuur. Op Sondae word dit weer as 'n kerkgebou benut. Vanuit die studie blyk dit dat die Gemeente Letsitele se kerkkompleks optimaal en dus byna 100 % vir 7 dae 'n week benut word.

## 5.8.4 Praktiese gebruik van die Kerkkompleks

Die skoolsaal is ideaal geskik, omrede dit 'n leë dop is, met stoele wat na behoefte rondgeskuif kan word. Die kerk se preekstoel, orrel en klanktoerusting is op wiele gemonteer en word gedurende die week geberg en slegs op Sondae uitgeskuif.

## 5.8.5 Gemeentebou en die Kerkkompleks

Vanuit die studie blyk dit dat die Gemeente Letsitele die afgelope jaar, vir 4 volle dae, asook 40 afsonderlike ure aan gemeentebouprojekte spandeer het. Die gemeente beskou gemeentebeplanning en gemeentebouprojekte dus as ‘n belangrike aspek. Daar is ook van ‘n gemeenteboukonsultant gebruik gemaak, voordat die kerkkompleks omskep is.

## 5.8.6 Kerkkompleks en die Bybel

Die gemeentekonsultant het tydens ‘n werksessie die Bybelse siening rondom kerkgeboue aan die gemeente voorgelê.

## 5.8.7 Gemeenskapsgerigtheid

Vanuit die studie word dit uitgelig, dat die kerkkompleks bruikbaar is vir die gemeenskap sowel as die gemeente. Die gemeenskap en die bediening van die gemeenskap is dus prioriteit in die Gemeente Letsitele se doelwitte. Die kerkkompleks, as skoolgebou, is gebruikersvriendelik vir die gemeente en die gemeenskap. Die kerkkompleks is op die gemeenskap in geheel gerig en word nie net vir gemeentelike behoeftes gebruik nie.

## 5.8.8 Siening van die Kerkkompleks

Vir die Gemeente Letsitele het die styl, vorm of duursaamheid van die gebou nie ‘n rol gespeel nie en het hul ook nie gedink dat God trots sal wees op ‘n gebou nie. Hulle het nooit oorweeg om ‘n nuwe gebou te bou nie, aangesien hul bereid was om ‘n ou skoolsaal in ‘n kerkgebou te omskep en dus bereid was om ‘n ander geskikte ruimte vir hul goedsdiensoefening te gebruik. Die uitslag van die studie is dus beduidend, dat die gemeenskap ‘n oorwegende rol in die keuse van ‘n kerkgebou gespeel het en dat die gemeente nie gedink het dat net die beste goed genoeg vir God sal wees, of dat 'n nuwe gebou die gemeente sal motiveer om meer offergawes te gee

nie. Gemeente Letsitele is van mening dat 'n kerkgebou 'n gunstige atmosfeer kan skep vir die belewenis van die erediens en dit moet sterk oorweeg word in die keuse van 'n kerkkompleks, sodat 'n gunstige atmosfeer geskep kan word. Die gemeente was ook van mening dat hul sal uitstaan as 'n gemeente wat vooruitgaan, indien hul 'n kerkkompleks met die gemeenskap kan deel. Hul doelwit was dus om in kontak en ook in voeling met die gemeenskap se behoeftes te wees en sodoende maatskaplike nood in die gemeenskap kan verlig.

## 5.8.9 Tempel van God

Gemeente Letsitele antwoord negatief op beide vrae of hul 'n kerkkompleks as Tempel van God sien.

## 5.8.10 Kerkkompleks as Verkondigingsgestalte

Gemeente Letsitele het 'n positiewe groei van 1,07 % die afgelope jaar getoon. 'n Interessante waarneming word gemaak dat hul in die vraelys aandui dat 1 % van die groei aan ander uireikingsaksies toeskryf kan word. Die spesifieke uitreikaksies wat genoem word is: maatskaplike-, sieke- en bejaardeversorging. Sending en evangelisasie toon 'n 0 % bydrae tot die toename in lidmaatgetalle.

## 5.8.11 Gemeentebou en Kerklike Finansies

Die studie toon dat die Gemeente Letsitele op geen stadium skuld aangegaan het om die skoolsaal in 'n kerkkompleks te omskep nie. Hulle het R800 000 tot hul beskikking gehad, wat hul oor 'n tydperk van 10 jaar gespaar het. Die gemeente voel nie dat God sal voorsien, indien daar enige geld geleen word nie. Die kerkkompleks se onderhoud beloop R27 000 per jaar, wat relatief min is, omdat dit 'n gedeelde las met die skool is. Die gemeente se jaarlikse begroting word gediens, aangesien die offergawes, asook die fondse deur ander projekte, soos die Oesfees, voldoende is om die uitgawes te dek. Daar is 5 voltydse poste in die gemeente nl: die predikant, koster, 2 arbeiders en 'n kantoordame. Die salarisse beloop R600 000 per jaar, standplaaskostes ingesluit.

Dit is aangenaam om vanuit die studie op te merk dat die volgende bedrae vir uitreikingsaksies beskikbaar is:

R15 000 vir Bybelverspreiding in die gemeenskap en gemeente, asook vir Sending en Evangelisasie e.a. diakonale fondse van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

a. Lidmate word maandeliks met ongeveer R400 binne gemeenteverband gehelp, wat ‘n somtotaal van R24 000 per jaar is.
b. Die bejaardes wat finansiële bystand in ouetehuise ontvang, wissel jaarliks van 2 tot 8 persone. Daar is R80 000 aan maatskaplike hulp en bystand die afgelope jaar uitbetaal. Die bedrag sluit in: hulp aan ouetehuise, bejaardesorg, skoolfonds, voedselpakkette en mediese onkostes. Verder is dit interessant om die waarneming vanuit die studie te kan maak, dat die bedrag wat aan maatskaplike hulp en bystand uitbetaal is, 66 % meer is as die bedrag wat aan onderhoud spandeer is.
c. Dit is verblydend om vanuit die studie ‘n gevolgtrekking te kan maak, dat die Letsitele Gemeente ‘n bedrag van R68 000 aan gemeentebou, gemeente ontwikkeling en gemeentegroeiprojekte spandeer het. Hul doelwit om gemeentegroei te laat plaasvind seëvier in hierdie studie. Daar is groot bedrae uitbetaal aan kategese, gemeentelike kalenders, kombuistoerusting, T-hemde, jaareindfunksie vir kerkraad en bejaardes, asook ‘n nuwe finansiële stelsel.

# 5.9. Samevatting

Hierdie kerkgebouprojek van die Nederduitsch Hervormde Kerk – Gemeente Letsitele – gee 'n aanduiding dat 'n gemeente, gemeente kan wees sonder om 'n kerkgebou te besit. Alhoewel gemeentes goed ingerigte kerkgeboue nodig het om 'n dinamiek in die erediens na vore te bring is die besit van 'n kerkgebou nie 'n voorwaarde daarvoor nie. 'n Gemeente kan in 'n kort tydperk na stigting 'n goed ingerigte kerkgebou tot sy beskikking hê, sonder groot finansiële uitgawes. Onderhouding van die kerkkompleks, lopende uitgawes betreffende die kerkgebou en rentelaste word gesystap, wat meer finansies beskikbaar maak vir missionêre uitreiking en

gemeentebouprojekte. Hierdie projek van die Gemeente Letsitele, is 'n bewys dat 'n gemeente se klem van kerkgeboue verskuif kan word en dat dit hoofsaaklik op gemeentebou kan fokus.

# Hoofstuk 6

# Gemeentebou en Kerkgeboue

## Riglyne vir ’n Nuwe Praktykteorie

## 6.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk is ’n soeke na riglyne vir ’n nuwe praktykteorie. In die lig van die tema van hierdie verhandeling, word gepoog om ’n nuwe bedieningspraktyk vir die Kerk daar te stel, wat vir gemeentes tot maatstaf kan wees in hulle soeke na missionêre kerkgeboumodelle. Die Bybelse ideaal is reeds as normatiewe gestel. Die empiriese studie het dit uitgewys dat huidige kerkgeboue van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – wat die afgelope tien jaar opgerig is – nie die Bybelse ideaal nagevolg het nie. Die missionêre- en dissipelskapsroeping van gemeentes is ook gedegradeer, derhalwe word daar na riglyne vanuit die teologies-akademiese dampkring gesoek, om die Bybelse ideaal te verwesenlik. Hierdie riglyne sal dan as rigtingbepalend voorgehou word, in die daarstelling van riglyne vir 'n alternatiewe bedieningspraktyk. Hierdie verhandeling fokus nie op gemeentes wat alreeds oor bestaande kerkgeboue en fasiliteite beskik nie. Die fokus van hierdie verhandeling is die daarstelling van riglyne vir gemeentes vanuit die gemeentebouproses, wat nie kerkgeboue en fasiliteite besit nie. Die riglyne is juis vir gemeentes wat vanuit hulle missionêre- en dissipelskapbewustheid na kerkgeboue en fasiliteite streef, maar ook rekening moet hou met die snelle veranderinge in die demografie in Suid-Afrika.

## 6.2. Kerkgeboue

### 6.2.1 Die Probleem

Beukes (1995:819) is van mening dat: “Die meeste gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sal na ’n deeglike evaluering tot die gevolgtrekking kom, dat hulle in hoofsaak na binne gerig is en dat daar van uitbou by hulle feitlik niks teregkom nie.” (sien ook Van Eck 1995:1114-1115; Van der Merwe 1999:51-52). As

'n gemeente dus eerlik in sy omgang met die gemeentebouproses is, sal hulle besef dat hulle roeping missionêr en na buite gerig moet wees. Dit sal noodwendig die klem op die eerste ses relasionele kenmerke van Callahan (1993:12) laat val. Die gemeente se beplanning sal dus gesentreer word, rondom die uitreiking na die gemeenskap, om hulp te bring en nood te verlig. Vir 'n gemeente, wat derhalwe nie 'n kerkgebou en fasiliteite besit nie, sal prioriteit by sy sterkpunte en die uitbouing daarvan lê en nie eerstens aan sy behoefte om 'n kerkgebou te hê nie (vgl. Allen 1962:98-99). Maslow, soos aangehaal deur Jordaan & Jordaan, beweer egter aan die anderkant dat kerkgeboue een van die gebreksbehoeftes van die mens is. 'n Gebreksbehoefte beteken eenvoudig dat die individu 'n tekort of gebrek aan iets het en solank hierdie gebrek of tekort voortduur, het die individu 'n behoefte daarna. In Maslow se hiërargie van behoeftes is bewys, dat die hoër behoeftes nie werklik ervaar word, indien die laer behoeftes nie minstens gedeeltelik bevredig word nie (Jordaan & Jordaan 1989:657). Kerkgeboue en fasiliteite het die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, nog altyd die gevoel van *behoort aan* en *ons eie* gegee. H.J. Botes haal Winston Churchill in 'n amptelike tydskrif van die Kerk aan: "First we shape our buildings and then our buildings shape us" (Botes 2004:41). Hiermee adem hy dus die Kerk se standpunt dat kerkgeboue nog altyd as essensieel gesien word om kerk te wees. Om dus hierdie behoefte te negeer of te ignoreer, sal fataal wees. Om egter eers kerkgeboue en fasiliteite op te rig, sal die gemeentebouproses verteer en insluk. Dit laat die Kerk met 'n geweldige probleem: Hoe moet hierdie probleem ondervang word? Die Kerk het nog altyd sy vastigheid gevind deur kerkgeboue op te rig, hierteenoor bring die gemeentebouproses egter die besef van haar identiteit en roeping in Christus na vore. Om hierdie probleem te ondervang, is dit derhalwe nodig om nuwe gedagtes oor kerkgeboue en fasiliteite na vore te bring en met die nodige insig, 'n nuwe praktykteorie vir die Kerk te ontwerp. Daar sal vervolgens in hierdie afdeling daaroor gehandel word.

### 6.2.2 Is Kerkgeboue werklik nodig?

Die vraag kan nou gevra word: Is kerkgeboue werklik nodig? Wanneer die Bybelse ideaal oor kerkgeboue – wat normatief in die Christen se lewe moet wees – verreken word, dan is die antwoord onomwonde: Nee, kerkgeboue is nie werklik nodig nie.

Ons het egter ook met die werklikheid in die geskiedenis te maak. Indien die geskiedenis van kerkgeboue in oënskou geneem word; die klem op die gemeenskap van gelowiges as tempel van Jesus gefokus word; die riglyne van geboue vir godsdienstige gebruik in die Ou en Nuwe Testament nagespeur word, dan lê daar 'n dispariteit van teorieë voor oë.

Aan die eenkant is daar die skool van denke wat van mening is, dat kerkgeboue nie werklik vir die Christendom nodig is nie. George Fox, het alreeds in die 17de eeu die standpunt gehandhaaf, dat die woorde *kerk* en *gebou* nie in dieselfde sin hoort nie (sien Olive 1976:179-180). Turner haal Davis in Hammond (1962:113) aan: "that churches are not really necessary to Christianity... . A basic trait of the Christian religion is that it is not tied to any sacred buildings... . Were all the churches of a country to be confiscated or destroyed, Christians would be hampered in their activities; but they would have lost nothing essential. The mass loses nothing by its being celebrated in an ordinary house or hall." Winter (1973:24) skryf oor die kerk se missie en sê: "If there is one simple method of saving the church's mission, it is probably the decision to abandon church buildings' for they are basically unnatural places."

Aan die anderkant is daar die realiteit vanuit die geskiedenis. Die *domus ecclesiae* word verteer deur die *domus dei*. Die ideale veronderstel die tempel van God as die gemeenskap van gelowiges in Jesus Christus. Die werklikheid vind die tempel van God egter in kerkgeboue. Dit is hierdie dispariteit van kragte wat veroorsaak dat groot verwarring ook in kerklike kringe heers, soos blyk uit 'n uitspraak van Rick Warren: "I am often asked, "How big can a church grow without a building?" The answer is, "I don't know!" Saddleback met for fifteen years and grew to 10,000 attenders without our own building, so I know it's possible to grow to at least 10,000! A building, or lack of building, should never be allowed to become a barrier to a wave of growth. People are far more important than property" (Warren 2002:46).

Rudolf Schwarz (1958:198) het vir jare navorsing gedoen en gespekuleer oor die moontlikheid dat 'n gemeente sonder 'n kerkgebou kan aanbid, maar het uiteindelik erken; gelowiges sal nooit ten volle vervul wees, om sonder kerkgeboue te aanbid nie.

Giles (1999:53) sê: "The choice between re-ordering a church building and feeding the poor is like the choice between sunshine and rain; we need them both."

Turner (1979:325) verwys na een uitsonderlike geval waar 'n gemeente in Kenia – die Church of the Holy Spirit in Zion – vir vyf en veertig jaar sonder 'n kerkgebou aanbid het van 1926 tot 1971, maar uiteindelik die behoefte aan 'n gebou ontwikkel het en in 1971 'n kerkgebou in Meru opgerig het. Turner sê daarop: "Groups in the modern West may reorder their religious priorities by temporarily escaping from the burden of special buildings and using other premises; but sooner or later any continuing community with distinctive activities, such as make up the christian liturgy, will feel the need of more suitable accommodation for their particular purposes." Hy konkludeer uiteindelik deur Marc Spindler aan te haal uit *Pour une thèologie de l'espace* (1969:62): "The visible church must be somewhere, no matter what new techniques of communication arise: one cannot baptize by radio or receive the bread and wine of Supper by telephone." Turner (1979:325) vervolg: "After all, Jesus went to some trouble to arrange for the upper room for the last supper. In the end the *ecclesiae* will be found to need its *domus*." Buttrick (1979:506) sluit hierby aan as hy sê: "If a man should say, 'I can worship God anywhere and at any time,' he is pitiably ignorant of the finitude of our human nature. We need seasons and places."

Dit blyk deur al die eeue heen, dat daar nooit werklik 'n konsensus bereik kon word tussen die *domus dei* en *domus ecclesiae* nie. Dit bly 'n jurie wat hang en nie tot uitspraak kan kom nie. Die uitvloeisel hiervan is dat 'n suggestie gelaat kan word van 'n *domus ecclesiae et domus dei suae* – 'n mengsel van die twee. Die ekstreme vorme van die twee: *domus ecclesiae* – soos deur die Kwakers beoefen en *domus dei* – in sy Gotiese vorm, het nooit werklik rusplek in eie reg gevind nie. Derhalwe moet 'n middelpunt d.m.v. 'n nuwe praktykteorie gesoek word, om 'n ekwilibrium tussen die *teorie* en die *praxis* te bring. Giles (1999:45): "Whatever the rights or wrongs of Christian history with regard to buildings, is it justifiable for the Church today, facing decline if not extinction in many areas of the West, to spend so much of its time and resources on maintenance and preservation? How can we get the balance right between idoltary and iconoclasm?"

Die *domus ecclesiae et domus dei suae* veronderstel dus, dat die fokus eerstens op die Nuwe Testamentiese tempel – die gemeenskap van gelowiges – sal val, maar binne 'n kerkgebou, wat rondom die behoeftes van die bepaalde geloofsgemeenskap – binne sy Christelike roeping – ingerig is. Dit veronderstel 'n kerkgebou wat deur sy missionêre visie van hoop, liefde en belofte getuig en nie van sy eie prestasies nie. Die gebou moet sy identiteit in eenvoud en funksionaliteit vind en in homself die vervulling van sy roeping dra, van die volkome wat nog moet kom. "The space must be designed entirely around a theology of the people of God. It is not primarily a eucharistic room; it is not primarily a preaching room; it is a space where people meet, and the mode of their meeting is expressed in the form of the room. They meet as a group of friends who enjoy fellowship, and above all claim the fellowship of Christ who presides at their meeting" (Smith 1972:89). Turner (1979:344) brei verder hierop uit as hy sê, dat hierdie gebou: "Will remember its relation to the public, its place in the local landscape, and the wider service it may offer beyond the needs of the congregation."

## 6.3. Riglyne: 'n Nuwe Praktykteorie

Die insigte van Callahan, sowel as Bowman en Hall in verband met kerkgeboue sal vervolgens verwerk word tot riglyne om as 'n nuwe praktykteorie te dien. Alhoewel Callahan asook Bowman en Hall die riglyne wat ontwerp word, nie net so weergee nie, sal die navorser hulle sieninge oor kerkgeboue gebruik om riglyne vir 'n nuwe bedieningspraktyk daar te stel.

### 6.3.1 Callahan

Kennon L. Callahan word gereken as een van die top kerkkonsultante in die wêreld. Hy het alreeds duisende kerke die afgelope ses dekades gekonsulteer. Hy is bekend as predikant, motiveringsspreker, navorser, lektor en teoloog.

### 6.3.1.1 Die Callahan Credo

Callahan bejeën die roeping van die kerk deur die bril van die missionêre en dissipelskap. Alles wat die kerk doen en beplan, moet rondom sy missionêre- en dissipelskapsroeping gesentreer wees. Sy ideaal is, dat die kerk, kerk moet wees soos in die eerste eeu na Christus. "Welcome to one of the greatest ages of mission the Christian movement has ever seen. Welcome to the first century. Welcome to the twenty-first century. Welcome to mission time" (Callahan 1995:2). Die kerk moet haarself gedurig die vraag afvra: Wie dien ons in die naam van Christus? "They make sure that their focus stays on those whom they serve, on those whose lives and destinies they can encourage in the name of Christ" (:3). "Christ is knocking at the door of the church, hoping someone will come to the door and open the door so that Christ can invite them *out* – to share his life in mission with the human hurts and hopes of people in our community. It is no longer a matter of us inviting Christ *in* – to our lives. It is now Christ inviting us *out* – to share his life – in mission" (Callahan 1987:43). Die kerk het net een doel op aarde en dit is om te dien en mense omtrent hul doel in Christus te leer. "God gives us a marvelous purpose – to serve, to reach out, to share life with others and help them fulfil their destiny in God" (Callahan 1995:1). Vanuit hierdie siening het Callahan sy Credo vir kerkgeboue en fasiliteite ontwerp: "Whatever your strengths or numbers, think a long time before you build buildings. Build the mission. Then, if need be, rent or lease a building. As last resort build a building" (Callahan 1995:46). Dit maak nie saak of die gemeente: mega, groot, middel of klein is nie, hierdie Credo geld vir almal (Callahan 1995:38). "God invites us to serve, not preserve" (Callahan 1995:4).

### 6.3.1.2 Riglyne oor Kerkgeboue

In die lig van die Callahan Credo is dit te verwagte, dat kerkgeboue nie werklik nodig is vir 'n gemeente om sy roeping te vervul nie. "Many congregations go a long time without a building, and some never build space and facilities. Some are house churches. Some rent or lease space and facilities. They are so involved in their mission that they don't have time to build buildings. They are mission driven, not building driven" (Callahan 1995:46). Inteendeel kerkgeboue is volgens Callahan

dikwels die oorsaak, dat gemeentes nie hulle roeping in Christus kan vervul nie. "On occasion we find a congregation that has gradually shifted its identity toward its buildings and away from its mission. They may have developed an architectural master plan that is displayed on a wall for everyone to see. Over many years they have worked to establish their buildings – first stage one, then stage two, and finally stage three of the plan. When the master plan is completed, the congregation finds itself in an identity crisis. If its self-definition has been wrapped up in constructing buildings and paying for them for such a long time, any original vision of mission will have been long since forgotten" (Callahan 1995:47).

Wanneer kerkgeboue en die gebruik daarvan ondersoek word, moet dit altyd in gedagte gehou word, dat die gebou in diens van die gemeente se roeping móét staan. "The art is to let buildings you use reflect the mission more than the culture. Castle owners construct cathedrals. Homeowners build church buildings. Let mission shape mortar" (Callahan 1995:47). Die navorser van hierdie verhandeling sal Callahan daarin naloop en verder net op die punte binne die kenmerke fokus, wat direk op kerkgeboue van toepassing is. Derhalwe sal die kenmerke nie net so weergegee word nie, maar eerder met die oog op die skripsietema onder eie punte behandel word.

Callahan se kenmerke, wat spesifiek van belang is vir hierdie verhandeling, is sy kenmerke 8, 9, 10 en 11, naamlik:

8. Oop en toeganklikheid van fasiliteite.
9. Opvallende sigbaarheid.
10. Voldoende parkering, grond- en landskapsontwikkeling.
11. Voldoende ruimte en fasiliteite.

### 6.3.1.3 Kerkgeboue as Missionêre Bron

Alle beplanning in die gemeente rondom sy kerkgeboue moet in die lig van sy missionêre roeping uitgevoer word. "The mission action plan is developed first, precisely to guide the building team and task forces in their work with facilities" (Callahan 1995:99). Die missie van die gemeente vorm uiteindelik die gebou.

### 6.3.1.4 Kerkgeboue: ’n Ondersoek

Volgens Callahan se Credo is die veronderstelling dat gemeentes nie kerkgeboue sal besit nie. “In our time many healthy congregations around the planet who are sharing God’s mission don’t own a building! They would be distracted from their mission if they got in constructing, caring for, and maintaining a building” (Callahan 1995:46). Dit veronderstel die huur of leen van persele, wat geskik sal wees vir kerklike gebruik. “The first step is to explore what facilities can provide a volunteer arrangement where use of space can work well for your congregation. You may want to rent space. This can ensure that you will have the space for some period of time to come” (Callahan 2000:241). In ’n gemeente se soeke na geskikte persele, word die volgende voorstelle deur Callahan gemaak:

***i. Begin by God***

Begin by God. “Once we know where we are heading in our mission, God will lead us to a place to meet that matches with our mission. First, we think through and pray through who God is giving us to serve in mission. Rather, we discover our mission and strengths and competencies God gives us; then we look for a place to meet” (Callahan 2000:235).

***ii. Cui Bono***

Vra die *cui bono* vraag: Wie gaan daarby baat vind en tot watter nut is dit? Met die missionêre- en dissipelskapsroeping in gedagte, sal daar ’n balans tussen gemeenskaps- en kerklike behoeftes gevind moet word, betreffend die gebruik van die fasiliteite (vgl. Callahan 1995:69-70).

***iii. Bestaande Fasiliteite***

Daar moet ’n ondersoek na die reeds bestaande geboue in die radius van die omgewing gedoen word, waar die fokus van die gemeente se missionêre roeping val.

Indien daar geskikte geboue is, beplan rondom dit. “Around the planet, an amazing number of congregations meet in homes, apartments, office atriums and lobbies, community centres, schools, local business facilities, warehouses, or wherever they feel drawn to share the grace of God. In the course of two thousand years of the Christian movement, congregations have been extraordinarily creative in discovering space and facilities to serve God’s mission” (Callahan 2000:233). Die een sterk beginsel waarop Callahan vestig, wanneer dit by geboue en terrein kom is: voldoende spasie en fasiliteite sonder te veel skuld (Callahan 1995:39). Die dryf in die soeke na ’n kerkfasiliteit moet funksioneel, eenvoudig en bekostigbaarheid wees. Turner bevestig hierdie siening van Callahan, as hy sê: “The simpler the building, and less expressive of any of the features of the *domus dei* with its inflexibility and finality, the more the danger is minimized” (Turner 1979:326). “Since religions are concerned with reality, and the Christian religion claims that ultimate reality both as to man and to God was disclosed and is proclaimed through his community, the church building must strike the notes of honesty, simplicity and authenticity in design and materials” (Turner 1979:344). Van die beste opsies om te oorweeg in die lig hiervan, is:

a. Om ’n gebou te huur.
b. Om ’n gebou te deel, deur te onderneem om met ’n ander instansie saam te werk.

(Callahan 1995:66).

### *iv. Noodsaaklike Vrae*

Volgens Callahan is dit van uiterste belang, in die soeke na ’n geskikte terrein en gebou, om die volgende vrae in gedagte te hou:

a. Watter gebou bied op die langtermyn aan die gemeente die beste missionêre ligging? (Callahan 1995:49).
b. Hoe lyk die ingange en uitgange na en van die terrein?
c. Sal die huidige parkering voldoende wees?
d. Hoe lyk die landskap en tuine?
e. Is daar vergader- en onthaalareas of spasie om die benodigde areas te skep?
f. Is daar speelgrondfasiliteite en ontspanningsareas?

g. Sal die gebou hom leen tot aanbidding-, drama - en musiekareas?
h. Is daar fasiliteite vir Sondagskool en indien nie, is die gebou sodanig ingerig dat dit op die goedkoopste manier geskep kan word?
i. Sal die gebou bruikbaar kan wees om as ’n gemeenskapsentrum te dien?
j. Sal administratiewe fasiliteite ingerig kan word?
k. Is daar bergingsfasiliteite vir die gereedskap wat vir onderhoud- en tuinwerk benodig word?

(vgl. Callahan 1995:55).

#### 6.3.1.4.1 Ligging

Met die blik op sy missionêre roeping, meen Callahan dat daar drie faktore van uiterse belang vir ’n gemeentelike sentrum is: ligging, ligging en ligging. Hy vra derhalwe drie vrae aangaande die ligging van ’n kerkgebou:

1. Kan die gebou waarin daar gekerk gaan word, maklik van die hoofweë gesien word?
2. Hoeveel mense word daagliks aan die gebou blootgestel?
3. Hoeveel mense word weekliks aan die gebou blootgestel?

Dit is van kardinale belang dat mense in die direkte omgewing van die kerkgebou, so dikwels moontlik in hul daaglikse omgang bewus gemaak en blootgestel word aan die kerk. Jordaan & Jordaan (1989:322) noem vanuit ’n sielkundige oogpunt – die psigoanalise – dat ’n persoon sekere patrone in die onderbewuste vorm. Met ander woorde hoe meer ’n persoon aan die suggestie van die kerkgebou blootgestel word, hoe meer raak hy bewus van die gebou se teenwoordigheid en neem dit vorm aan in sy gedagtes. Dit is dus noodsaaklik om die gebou op ’n daaglikse beweegroete te kies, sodat mense voortdurend en op gereelde basis daaraan blootstel word. Hoe meer mense aan die kerkgebou blootgestel word, hoe groter is die kans, dat mense dit as ’n bron van hulp sal sien. Callahan (1983:78) wys egter op die gevaar, dat te lang en deurlopende blootstelling aan dieselfde gebou, ’n gebou op die agtergrond kan skuif en later glad nie meer opgemerk sal word nie. Jordaan & Jordaan (1989:388) noem hierdie verskynsel *habitering*. Die begrip *habitering* verwys na die verdwyning van oriënteringsresponse ná die herhaaldelike aanbieding van ’n stimulus, wat aanvanklik

die oriënteringsresponse ontlok het. Navorsing, wat veral deur Sokolov (1968:388) gedoen is, toon egter dat die oriënteringsresponse weer voorkom, as ’n stimulus waaraan ’n persoon reeds gehabiteer is, in ’n effens veranderde vorm of in veranderde omstandighede aangebied word. Hierdie verskynsel word *dishabitering* genoem. Die heroriënteringsresponse, maak dit vir die mens moontlik om bewus te word van belangrike veranderinge in ’n omgewingsituasie waaraan hy reeds gewoond geraak het. Om hierdie proses van *habitering* na *dishabitering* te laat geskied, stel Callahan voor dat daar op die volgende punte gekonsentreer moet word:

a. Die tuine moet voortdurend versien, onderhou en verander kan word.
b. Kies ’n plek of gebou so naby as moontlik aan die hoofweë.
c. Moenie ’n gebou kies, wat weggesteek is en deur niemand opgemerk word nie.
d. Daar moet gedurig *punte van interessantheid* op die gebou of op die terrein geskep word, wat kan aandag trek – met beligting of leesbare aankondigingsborde wat voortdurend verander.

(vgl. Callahan 1983:78-80).

Wanneer daar na ’n fasiliteit gesoek word, is dit belangrik dat mense op ’n gereelde basis daar kom. Callahan (2000:232) vertel van ’n gemeente wat besluit het om in ’n gemeenskapsentrum eredienste te hou: “The community center is among the major gathering places for the whole community. The congregation began in the small meeting room. As they grew, they moved to one of the larger rooms. The community center also includes two basketball courts, a swimming pool, tennis courts, and a baseball diamond. It is the focal point of many people’s lives, and every week more of these people find their way to the congregation”. Derhalwe sal ’n skoolsaal of gemeenskapsentrum ideaal wees om te gebruik. Die onmiddellike vraag om te vra: Is skoolsale en gemeenskapsentrums werklik geskik vir gebruik om God in te aanbid? Daarop antwoord Callahan: “The grace of God makes a space sacred. The source of its holiness is the grace of God. God is sacred and holy, and it is the presence of God that causes a space to have the sense of sacred. Nothing inherent in a space makes it sacred. A space is a space. A space by itself is not sacred. A place of worship is sacred not because it is a certain shape or size. God’s grace makes a place sacred” (Callahan 2000:244).

#### 6.3.1.4.2 Toeganklikheid

Callahan beveel aan dat die perseel waar die kerkfasiliteite is, 'n beeld van toeganklikheid moet skep. Die toegange en uitgange van die perseel moet van so aard wees, dat mense maklik na en van die perseel kan beweeg. Die hekspasie moet groot genoeg wees dat motors en mense maklik daardeur kan beweeg. Die verkeer moet in twee rigtings beweeg – dit maak verkeersvloei makliker en neem frustrasies weg (vgl. Callahan 1983:73). Die uitnodiging na so 'n perseel moet ook duidelik en emosioneel warm van aard wees, sodat mense welkom sal voel (vgl. Callahan 1983:83). Mense moet vry voel om die inisiatief te neem om na die perseel te gaan. Alhoewel hierdie onbenullig klink, is dit tog van uiterste belang in die vorming van menslike gedragspatrone. Jordaan & Jordaan (1989:720-721) meld, dat die mens in verhouding met sy omgewing, met *spontane konseptuele kategorisering* werk. Dit beteken, dat die mens in sy daaglikse omgang met sy omgewing sekere hipoteses oor die omgewing vorm. Dit skep bepaalde verwagtinge – positief of negatief – oor 'n bepaalde saak. Sodra die toegangshekke of uitnodingstekens na 'n kerkgebou onvoldoende is, veroorsaak dit dat 'n persoon 'n bepaalde negatiewe indruk van die kerk en sy mense kan ontwikkel. Mense vorm 'n hipotese van daardie kerk wat nog waar of vals bewys moet word, maar die gevolg mag wees dat mense 'n negatiewe belewenis van 'n saak kry, omdat ander kleiner oorsake hul negatief stem. Callahan (1983:xiv) sluit hierby aan, as hy sê: "The functional characteristics, if they are not in place, are the sources of dissatisfaction".

#### 6.3.1.4.3 Parkering

Volgens Callahan is parkering een van die mees bepalende faktore in 'n gemeente se betrokkenheid (vgl. Callahan 1983:86). Hy is van mening dat daar 'n direkte korrelasie tussen beskikbare parkering en die betrokkenheid van die gemeente bestaan. "The more adequate the parking , the more likely there is to be strong participation in church school and worship" (Callahan 1983:86). "People who are members of the congregation but who do not participate tend not to contribute financially" (:86). Jordaan & Jordaan (1989:664) noem hierdie optrede *subsidiasie. Subsidiasie* is die beginsel wat onder die hiërargie van behoeftes val. Dié beginsel

kom daarop neer, dat een behoefte in diens van ’n ander behoefte staan, wanneer laasgenoemde nie maklik op ’n regstreekse manier bevredig kan word nie. Die volgende word as voorbeeld gebruik: as ’n persoon die behoefte het om kerk toe te gaan en ’n bydra wil lewer, maar daar is nie voldoende parkering nie, veroorsaak dit dat sy behoefte om te gee en ’n bydra te lewer, ondergeskik raak aan sy behoefte aan parkering. Aangesien sy behoefte aan geskikte parkering nie bevredig word nie, ly die ander behoeftes outomaties daaronder. Die verdere praktiese implikasie van onvoldoende parkering is: hoe minder die parkering, hoe minder mense woon die erediens by en hoe minder is die geldelike bydraes.

Hy maak die voorstel, dat daar altyd meer parkering beskikbaar moet wees, as wat die gemeente verwag. Indien die gemeente missionêr is en groei verwag, moet hulle in hul beplanning en soeke na die geskikte terrein, nooit net die huidige getal lidmate in ag neem nie. Hy gee die volgende riglyne om in berekening te bring in die soeke na ’n geskikte terrein:

a. Die lidmaat-parkering ratio: Vir elke 150 lidmate word tussen 85-95 parkeerplekke benodig (Callahan 1983:96).
b. Daar is gemiddeld ± twee mense per motor.
c. Die parkering moet gerieflik wees – teer, plaveisel of goed versorgde grasperke.
d. Die afstand vanaf die plek waar eredienste gaan plaasvind.

(Callahan 1995:52).

#### 6.3.1.4.4 Terrein en Geboue

Daar word veronderstel dat ’n gemeente in oorleg met die lener of verhuurder, bepaalde veranderinge aan die binneversiering van ’n gebou sal aanbring, om dit erediensvriendelik te maak. ’n Atmosfeer moet geskep word, wat aanbidding moontlik maak. Verder word veronderstel dat die geboue so verander kan word, dat alle bedieninge sover moontlik daarby baat vind, sonder dat die struktuur verander word.

#### 6.3.1.4.4.1 Vloerplan

Een van die basiese voorwaardes van ’n potensiële perseel, is om ’n vloerplan van die geboue-opset te bekom. Areas moet uitgemerk word, wat potensieel die meeste op ’n week-tot-week basis gebruik gaan word. Callahan (1983:95-96) gee vier riglyne:

1. Die area, wat die meeste in ’n gemiddelde week gebruik gaan word.
2. Die sekondêre areas van gebruik in ’n gemiddelde week.
3. Die potensiële gebruik van ander beskikbare areas.
4. Die maksimale gebruik van beskikbare areas.

Tydens die beplanning moet in ag geneem word, dat die meeste waarde – in ’n finansiële uitleg – toegevoeg word aan die areas wat die meeste gebruik gaan word. Primêre areas verdien eerstens aandag, sodat dit maksimaal benut kan word.

#### 6.3.1.4.4.2 Balans

Die balans word as volg geanaliseer. Die areas wat in balans moet wees is: die spasie waar die eredienste plaasvind, die ontspanningsaal, die klaskamerareas of die area waar die kategese sal plaasvind, die administrasie area en parkering. Callahan bedoel daarmee, dat die klaskamerspasie moontlik voldoende kan wees, maar die lokaal waar die eredienste moet plaasvind, dalk heeltemal te klein is. Om ’n balans te handhaaf, moet vooraf bepaal word, watter areas deur hoeveel persone gebruik gaan word. Die opstel van die gemeenteprofiel, wat tydens die gemeentebouproses plaasgevind het, sal ’n goeie aanduiding wees van die ratio, wat benodig word, ten opsigte van elke gebruiksarea. Die punt, wat Callahan wil maak is: dat daar deeglik rekening gehou moet word met die kapasiteit van elke gebruiksarea, voordat daar ooreengekom word, om ’n bepaalde fasiliteit te huur (vgl. Callahan 1983:96).

#### 6.3.1.4.4.3 Versorging en Verbeteringe

Die toestand van die geboue en fasiliteite en die kostes rondom die verbeteringe, om dit kerkvriendelik te maak, is hier ter sprake. Dit sal goed wees om te let op die volgende opmerkings van Giles i.v.m. die kondisie van kerkgeboue. Giles (1999:6) noem vyf tendense, in terme van kerkgeboue, waarin stagnerende gemeentes regoor die wêreld aanbid:

1. Randverskynsel
   Ons leef in ’n tyd, waarin daar al meer veranderinge op alle gebiede in die samelewing geskied. Alle geboue word opgegradeer en verander en daarom gebruik hierdie kerke juis dié argument, om hul geboue as ’n oase midde-in hierdie veranderinge te beskou.
2. Eksentrisiteit
   Aangesien verandering deel van ons daaglikse lewe is, druk sulke kerke ŉ vals noot, as hulle verandering in hulle geboue vermy. Die geboue word ŉ lewende museumstuk in die omliggende kultuur.
3. Inkonsekwensie
   Aangesien elke vorige generasie in die geskiedenis van die Christelike kerk meedoënloos hulle kerkgeboue aangepas het om, op daardie stadium, huidige teologiese en liturgiese norme na te jaag, raak ŉ Christelike generasie ontrou aan sy eie belydenis, as hy ophou om dit te doen.
4. Ontrouheid
   ŉ Christelike gemeenskap, wat ŉ eiland van geen verandering probeer skep in ŉ see van verandering. Hulle handhaaf ŉ houding dat die gebou, waarin hulle kerk, juis die simbool van hulle belydenis is. Derhalwe is hulle ontrou aan een van die grondbeginsels van die goeie nuus van Jesus Christus, naamlik *metanoia* – wat nuwe lewe deur totale verandering proklameer. So ŉ gemeenskap verwerp sy eie geboortereg.
5. Vergeesteliking
   Giles (1999:6) haal Kardinaal Heenan in sy uitspraak aan dat die meeste Jesuïtiese kerkgeboue ŉ *verfynde smerigheid en slordigheid* (JT), met hulle saamdra. Die rede was, dat hulle eerder al hulle tyd aan gebed en die

verkondiging van die woord wou spandeer. Ongelukkig kan ook dieselfde van baie van ons hedendaagse kerkgeboue gesê word, alhoewel baie minder tyd aan gebed en die *missio Dei* spandeer word.

Alhoewel 'n gemeente in lyn met sy missie en roeping verkies om nie 'n gebou op te rig nie, hoef die plek waarin gekerk word, nie slordig, smerig en vervalle te wees nie. Callahan (1993:97) sê: "The condition of the church's facilities communicates a strong message about how that congregation thinks of itself. To put in another way, congregations who for a variety of reasons have developed low self-esteem tend to neglect their space and facilities. ... At the same time, the condition of the church's space and facilities does communicate a strong message to unchurched people in the community about how the church think of itself." In die lig hiervan en met die oog op die uitreiking na buite-kerklikes, wat een van die relasionele kenmerke van 'n sterk gemeente is, is dit nodig, dat die gebou waarin gekerk word in 'n goeie en versorgde kondisie is. Die finansiële implikasies rondom die verbeteringe van die gekose gebou, moet met die hulp van 'n bourekenaar goed beplan word. Hoe beter die toestand van die fasiliteite, hoe laer sal die koste-implikasie vir die gemeente wees.

### 6.3.1.4.4.4 Spesifieke Oorwegings

Om te evalueer of die gepaste fasiliteite geskik is, moet die volgende spesifieke faktore in berekening gebring word (Callahan 1983:97-100):

#### *i. Erediensarea*

'n Erediensarea is bruikbaar as dit gemaklik vol, maar ook gemaklik leeg is. 'n Spasie kan nie slegs te klein wees nie, dit kan ook te groot wees. Om te bepaal wanneer sitplekkapasiteit in die erediensruimte gemaklik vol, gemaklik leeg en ongemaklik leeg kan wees, word die volgende formule van Callahan (1993:17-18) voorgestel:

a. Gemaklik vol – In die stede, bereken 80% van die totale aantal sitplekke; In die platteland, bereken 60% van die van die totale aantal sitplekke.

b. Gemaklik leeg – In die stede, bereken 60% van die totale aantal sitplekke; In die platteland, bereken 60% van die totale aantal sitplekke.

c. Ongemaklik leeg – In die stede, bereken 40% van die totale aantal sitplekke; In die platteland, bereken 20% van die totale aantal sitplekke.

Die ideale keuse is dus areas wat met afgeskortings aangepas kan word.

***ii. Sondagskoolklasse***

Callahan (1983:98) maak die voorstel van 120 vierkante meter vir elke 15 tot 20 persone. Dit sal alle ouderdomme kan hanteer.

***iii. Kerksaal***

Die ideaal is om ’n multifunksionele area te hê. Indien die erediensarea ook gebruik kan word vir aktiwiteite wat ’n saalopset benodig, met geringe omskakeling, is dit ’n ideale opset.

***iv. Kleedkamers***

Die kleedkamers moet in staat wees om die gemiddelde oggenderediensbywoning in ’n tydsverloop van vyftien tot twintig minute te diens.

***v. Bergingsfasiliteite***

Callahan (1983:99) het nie spesifieke voorstelle onder die punt nie, behalwe dat ’n gemeente in ag moet neem, dat bergingsfasiliteite wel benodig word. Indien daar nie voldoende fasiliteite is nie, kan met die lener of verhuurder ooreengekom word, vir beskikbare en nabygeleë spasie, om berging te inkorporeer. Van die artikels, wat slegs jaarliks gebruik word, kan moontlik op ander veilige plekke geberg word, wat nie noodwendig naby die kerkfasiliteit is nie.

***vi. Inrigting***

Laastens vestig Callahan (1983:99) die aandag op die erediensspasie, om die area erediensvriendelik te maak. Die wyse waarop die erediensspasie ingerig word, gee dadelik aan 'n besoeker die persepsie van 'n gemeente se toereikendheid. Lidmate en besoekers moet met gemak in die erediensspasie kan beweeg. Die gange en spasies tussen die banke of stoele moet voldoende wees om gemaklik oor die weg te kom en in en uit te beweeg.

**6.3.1.4.4.5 Buigbaarheid**

Wanneer 'n geskikte spasie gesoek word, moet die ruimte binne die gebou so buigbaar moontlik wees. "It makes better sense to have one generous-sized space that can serve as a church school classroom, a meeting room, an attractive church parlor, and a bride's room than it does to have four smaller spaces each dedicated to a single use" (Callahan 1995:71) "It is important that a congregation develop a range of flexible spaces that can be used by a variety of groups" (Callahan 1983:101). Hoe meer divers 'n spasie gebruik kan word, hoe beter is dit vir 'n gemeente. Dit maak ook toekomstige beplanning rondom die fasiliteite makliker, aangesien die spasies vloeibaar is in gebruik.

**6.3.1.4.4.6 Koste-effektiwiteit**

Wanneer daar na die omskakeling van 'n bepaalde fasiliteit gekyk word, is dit nodig om na die koste effektiwiteit van die projek te kyk. Callahan (1983:102) maan egter, dat daar nie na die goedkoopste alternatief gekyk moet word nie, want goedkoop is heel dikwels duurkoop. Die beste manier is om 'n argitek se hulp te bekom, om die spasies so goed moontlik te benut, maar daar moet gewaak word teen onnodige dekor en ornamentering. Turner maak ŉ baie interessante waarneming in die verband, wat ŉ definitiewe rol speel in die argument rondom ŉ *domus ecclesiae* en *domus dei*. Hy sê dat die bedoeling van ŉ gemeenskap van gelowiges, om ŉ *domus ecclesiae* in sy geboue te vestig, verongeluk word deur die drome en hovaardigheid van argitekte (vgl. Turner 1979:331). Iets wat ŉ simbool moes wees van mense se diens aan God en aan mekaar, word ŉ simbool van menslike hoogmoed en glorie en 'n monument

van menslike prestasie. Hy haal Feuerbach (1957:20) aan: "The temple is only a manifestation of the value which man attaches to beautiful things. Temples in honour of religion are in truth temples in honour of architecture." Davies (1966:4) het dieselfde waarneming gemaak: "It is not surprising, therefore, that in the contemporary struggle between church architects who stand for the principle of numinosity and symbolism and those who emphasize the principle of community-feeling and functionalism, even churches built within the influence of the liturgical movement often exhibit numinous features." Callahan sê (1983:102) daarop: "The facilities should be highly usable and be a strong symbol of the mission. They should not be a monument to some architect, some pastor, or some lay leaders." Hy stel die volgende riglyne in die beraming van koste voor:

a. Wat gaan die paaiemente en die rentelas wees, indien daar by 'n finansiële instelling aangeklop word?
b. Die koste van die veranderinge en toekomstige herstelkostes.
c. Die onderhoudskoste en voorkomende instandhoudingskoste.
d. Die lewensverwagting van die fasiliteit.
e. Die aantal persone, wat deur die fasiliteit bedien gaan word.
f. Die nuwe inkomste, wat uit die fasiliteit gegenereer mag word.

Die langtermynbeplanningskomitee kan 'n idee vorm of die voorgestelde spasie of fasiliteit koste effektief gaan wees, gesien binne die raamwerk van die missie en doelwitte van die gemeente (Callahan 1983:102).

#### 6.3.1.4.4.7 Voorkomende Instandhoudingskoste

Uit bogenoemde lig Callahan in die besonder een punt uit. Hy sê dat dit altyd goed is vir 'n gemeente om in sy begroting binne sy langtermynbeplanning altyd voorsiening te maak vir gereelde voorkomende instandhouding. Die redes is as volg:

a. Al word fasiteite geleen of gehuur, dit nie die indruk moet skep of die gemeente die geboue afskeep nie. "Some buildings creates a poor impression. When people come inside, they're even more turned off by their condition" (Callahan 2000:251).

b. Dit voorkom 'n skielike klomp uitgawes wat die finansies onder druk plaas, indien instandhouding oor jare nagelaat word.
c. Dit verseker dat die gemeente elke jaar iets nuuts aanpak, wat gedurigdeur *punte van interessantheid* skep. "The art with buildings is to show something new each year" (Callahan 2000:252). Dit wakker die proses van *dishabitering* aan. Hoe ouer die fasiliteit hoe belangriker word die instandhouding daarvan.

(vgl. Callahan 1983:102 – 103).

#### 6.3.1.5 Samevatting

Callahan (1983:104) vergelyk 'n kerkfasiliteit met 'n huis, waarin 'n familie woon. Hy sê: "A house does not make a home; people do". Baie gemeentes glo dat 'n nuwe kerkgebou vir 'n gevoel van gemeenskaplikheid en samewerking sal sorg. Dit is nie waar nie, want 'n nuwe gebou voorsien net 'n oomblik van satisfaksie. "There is a fleeting time in which the congregation takes pride in its accomplishment" (:104). Satisfaksie word slegs blywend, indien 'n gemeente se relasionele kenmerke in plek is en funksioneer volgens hulle identiteit in Christus. Dit is die rede waarom baie predikante, 'n gemeente verlaat of moedeloos in die bediening staan, nadat hulle 'n kerkgebou opgerig het, omdat hulle nie hierdie basiese beginsel verstaan nie. In sover as wat mense warmte, gemeenskaplikheid, identiteitsvinding en 'n doel vir hulle bestaan in 'n gemeente vind, in sover sal die kerkgebou waarlik vir hulle 'n huis wees. In teenstelling met wat nog altyd die geloof in kerkgeboue binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is, is dit nie geboue wat 'n gemeente suksesvol maak nie. Mense vorm geboue, geboue vorm nie mense nie. "Can a congregation be a congregation without owning a building? Some think that if they don't have their own building they are not really a congregation. *The truth is that when they discover their own mission, they are a congregation*" (Callahan 2000:234).

### 6.3.2 Bowman en Hall

Ray Bowman is 'n argitek en kerkkonsultant, wat in Larkspur, Colorado in die VSA woon. Hy is behulpsaam by kerke om planne vir fasiliteite, finansies en hulle

bedieninge te ontwikkel. Eddy Hall is 'n vryskutskrywer, redakteur en predikant, wat afkomstig van Goessel, Kansas in die VSA is. Alhoewel Bowman die meeste insette gelewer het in die skep van die riglyne, het Hall konsulterend meegewerk. In die skryf van hierdie verhandeling sal daar derhalwe, hoofsaaklik na Bowman verwys word.

### 6.3.2.1 Die Bowman en Hall Credo

Bowman en Hall glo, dat die gemeentes te veel tyd, energie en geld aan kerkgeboue spandeer. Hulle glo, dat gemeentes wel kerkgeboue en fasiliteite nodig het, maar dat daar 'n beter manier is, om met die inrigting van kerkgeboue om te gaan. Hulle glo dat:

a. Die kerk sy finansies moet herstruktureer weg van kerkgeboue, ná dit waarvoor die kerk werklik geroep is: om die nood en behoeftes van mense aan te spreek (Bowman & Hall 2000:17).
b. Dit nie kerkgeboue is, wat mense na God toe bring nie, maar 'n gemeente se bedieningsplan (:20).
c. Groot bouprojekte gemeentes se groei vertraag en selfs tot stilstand bring en finansiële bindinge op gemeentes plaas, wat hulle doodwurg (:22).

### 6.3.2.2 Nuwe Insigte

Bowman, was vir 26 jaar 'n argitek, wat planne vir kerkgeboue ontwerp het. Hy het mettertyd ervaar dat die geboue wat gemeentes oprig, dikwels die oorsaak is dat hul ten gronde gaan. Hy bedank uiteindelik sy beroep en begin om gemeentes op die volgende basis te konsulteer: dat geboue nodig is, maar dat daar alternatiewe denkwyses en modelle is om kerkfasiliteite te bekom. Dit is nie meer 'n opsie om groot monumente te bou nie. Gevolglik word sy bevindinge met redes uiteengesit, waarom gemeentes wat by bouprojekte betrokke geraak het, nie meer groei nie.

#### 6.3.2.2.1 Fokusverskuiwing

Een van die grootste probleme met gemeentes wat kerkgeboue oprig, is dat hulle fokus verskuif. Die meeste groei in ’n gemeente vind plaas wanneer hulle in mense se nood en behoeftes voorsien. Die oomblik as so ’n gemeente ’n gebou oprig, verskuif hulle fokus vanaf mense na geboue. Hierdie fokusverskuiwing maak gemeentegroei dood en die redes is soos volg:

a. Gemeentes het so ’n groot finansiële las, dat hul net oor die afbetaling van die skuldlas praat en beplan (Bowman & Hall 2000:32; sien ook Berg & Burgess 1996:9).
b. Gemeentes besluit dikwels om mense uit eie geledere te gebruik om die kerkfasiliteit op te rig, sodat dit meer bekostigbaar is. ’n Direkte konsekwensie daarvan is dat kosbare mannekrag oor die jare vir geboue en nie vir die bediening aangewend word nie, aangesien alles dikwels deur ’n beperkte hoeveelheid hulpvaardige mense gedoen word (:35).
c. Lidmate glo dikwels, dat ’n kerkgebou eers voltooi moet word, voordat ’n gemeente vorentoe kan beweeg (:35).
d. Selfs nadat ’n gebou voltooi en afbetaal is, sukkel gemeentes om weer op hul vorige koers te kom, omdat hul momentum verloor het (:34).
e. Kerkbou kan ’n gemeente se fokus verskuif, nog voordat ’n enkele steen gelê is. Gemeentes begin so vashou aan die droom van ’n eie kerkgebou, dat alle energie en fondsinsamelings net daarvoor gaan (:34).
f. Lidmate verkeer onder ’n wanindruk dat hul bydraes om kerkgeboue op te rig, met gemeentebou te doen het. Hulle dissipelskap word nie gemeet aan hoeveel lewens hulle aangeraak het nie, maar hoeveel geld hulle in kerkbouprogramme belê het (:33).
g. Lidmate glo dat ’n kerkgebou die huis van God is en dat dit ’n bediening is om daarin te investeer (:33).

#### 6.3.2.2.2 Sakrale Kerkgeboue

Nog ’n rede was, dat te veel Christene kerkgeboue as sakraal bejeën. Sy siening omtrent sakrale kerkgeboue is soos volg: “The church became less and less a

community of believers, more and more a religious institution. The church built buildings and more buildings. Its focus had shifted. Now, I know the gospel is supposed to be good news, but for an architect who already invested most of a lifetime in designing church buildings, my biblical findings did not much feel like good news. I found it hard to admit my mistakes, to concede that much of my life's work as an architect had been misguided" (Bowman & Hall 2000:42). Bowman het tot hierdie ontdekking gekom, nadat hy die Bybel intensief bestudeer het. Hy het tot die volgende gevolgtrekking gekom, aangaande kerkgeboue in die Bybelse perspektief:

a. Dat die heiligdom van die Ou Testament, deur Christus se sterfte aan die kruis, nietig verklaar is.
b. Die heiligdom van God in mense en nie in geboue is nie.
c. Geen mens kan ooit vir God 'n huis of woonplek ontwerp of bou nie.
d. Geen gebou is heilig nie. Geen ornament, orrel of argitektoniese monument, kan 'n gebou heilig maak nie.
e. Die Nuwe Testamentiese kerk het geen geboue besit nie. Die kerk wat die sterkste in die Christendom se geskiedenis gegroei het, het byna vir drie eeue geen kerkgebou besit nie.
f. Die Christendom het nie geboue nodig om God te dien nie.

(Bowman & Hall 2000:39-44).

## 6.3.2.3 Wanneer om nie te bou nie

Bowman gee eers 'n paar voorwaardes, wanneer om nie te bou nie, voordat hy sy argument oor alternatiewe denke oor kerkgeboue begin:

### 6.3.2.3.1 Wanneer die redes om te bou verkeerd is

a. As 'n gemeente jarelank niks besonders in die bediening gedoen het nie, is dit nie 'n rede om te bou nie.
b. Wanneer die offergawes nie genoegsaam is nie, moenie geglo word, dat 'n bouprojek mense offervaardig sal maak nie.

c. Wanneer mense dink dat ’n bouprojek hul in ’n gesamentlike doel sal verenig (Bowman & Hall 2000:23).

Volgens Bowman kan geestelike probleme of nie-gebou probleme beslis nooit deur ’n gebou opgelos word nie (:23).

#### 6.3.2.3.2 Wanneer daar ’n beter uitweg is

Daar is te veel Christene wat met die gedagte leef dat dit deel is van teologie, om nuut te bou. Om te bou moet die heel laaste opsie wees. Bowman maak die volgende twee voorstelle:

a. Herevalueer bestaande geboue en verkry professionele hulp om herstrukturering, indien ’n gebou nie meer aan ’n gemeente se behoeftes voldoen nie. Te dikwels gebeur dit, dat gemeentes nuwe geboue wil bou, terwyl die bediening se spasie in die huidige gebou vir allerlei gebruik word, byvoordeel om te stoor en te berg. Huur dan in so ’n geval, ’n ander goedkoop gebou om artikels in te stoor en benut bevryde spasies.
b. Huur ’n ander groter spasie, indien die huidige heeltemal onvoldoende is. Om ’n gebou te huur vir aanbidding is nie onbybels nie, dis ’n teologie (Bowman & Hall 2000:24-25).

#### 6.3.2.3.3 Wanneer die finansiële risiko te groot is

a. Bekom eerstens die advies van ’n finansiële kenner, verkieslik van buite die gemeente, om die totale impak van die skuld en rentelas te bereken – van die totale projek en ook as dit in fases aangepak word. Bereken dan wat die impak op die gemeente se bediening sal wees. Hou egter in gedagte dat ’n skuldlas gemeentes dooddruk.
b. Dit is ’n gevaarlike en onbybelse weg om te glo dat God die geld sal voorsien, as ons die geloof en die visie het. Indien dit die standpunt is moet daar nie gebou word nie (Bowman & Hall 2000:24-25).

Daar is egter maniere om hierdie probleem te oorkom. Al wat dit vra is ’n klein bietjie onkonvensionele en vry denke. (sien Spr. 24:3-4) Om so bietjie anders te dink, as wat die tradisionele denke oor kerkbou, nog altyd is. “Building buildings is not the work of the church. The work of the church is to meet people’s needs” (:48). “Few growing churches can get out of debt and stay out of debt unless they first change how they use, design, and pay for buildings. And for a congregation to be willing to make such significant changes, they must see buildings not as ends in themselves, not as signs of success or importance, but as tools pure and simple. Any church where people truly come first will welcome any strategy that enables it to put less time, money, and energy into buildings, and more time, money, and energy into ministering people” (Bowman & Hall 1996:42).

### 6.3.2.4 Riglyne vir Kerkgeboue

Bowman het egter ook besef dat die Christendom, oor sewentien eeue, nog altyd sy geboue nodig gehad het. Hy sê: “In time I found comfort in this thought: The church needs buildings. Whether borrowed, rented, shared, leased, built, or bought, the church will always need buildings” (Bowman & Hall 2000:42). Hy vra egter: Hoe vind ’n mens ’n middelpunt tussen dit wat die Bybel sê en dit waarna die kerk nog altyd gehunker het? “To find the answer I looked to the words of Christ. I noticed that he continually described himself and his kingdom with words such as *meek*, *lowly*, *kind*, *merciful*, *good*, *just* and *humble* (:42).

Hy vind ’n oplossing deur te doen, wat Callahan gedoen het. Hy het na sterk groeiende gemeentes en die inrigting van hulle kerkfasiliteite gaan kyk. Hy het tot die volgende gevolgtrekking gekom (Bowman & Hall 2000:42-44):

a. Meeste van hierdie gemeentes het hulle kerkgeboue vir multifunksionele doeleindes aangewend.
b. Al hierdie gemeentes kon die gedagtesprong doen en het hulle geboue nie as heilig gesien nie. Derhalwe was dit vir enige denkbare aktiwiteit beskikbaar.
c. Geboue is ontwerp om deur die kerk en die gemeenskap gedeel te word.

d. Geboue wat gebruik is, het minder van die lidmate se tyd, geld en energie vereis.
e. Almal se geboue word gekenmerk deur eenvoud en bekostigbaarheid.
f. Lidmate se onbybelse siening van kerkgeboue, is een van die grootste struikelblokke vir gemeentegroei.
g. Groeiende kerke het dit almal reggekry om hulle fokus op mense te hou en nie op geboue nie.
h. Die meeste van hierdie gemeentes se erediensareas was plat met verskuifbare stoele.

Hy konkludeer: "If the church's mission is to minister to people in Christ's name, church buildings can have only one legitimate function: to serve as tools to help church members better fulfil that mission. We can no longer afford to spend hundreds of thousands of dollars on "sacred" but unnecessary buildings, that lie vacant 80 or 90 percent of the time. If our focus is truly on people rather than buildings, that reality will shape the kinds of buildings we design, how we use them, how much we spend on them, and how much time, energy, and money we keep free for the real work of the church: meeting people's needs" (Bowman & Hall 2000:44).

## 6.3.2.5 Kerkgeboue: 'n Ondersoek

Bowman gee die volgende riglyne aan gemeentes, wat fasiliteite moet leen of huur, in hulle strewe na kerkfasiliteite (vgl. Bowman & Hall 2000:67-74):

### 6.3.2.5.1 Ken jou Gemeenskap

Gemeentes droom dikwels om in sekere behoeftes in die omgewing van hulle bediening betrokke te raak. Net om agter te kom dat sodanige behoeftes nie bestaan nie. Die beste oplossing is om 'n omgewingsanalise te doen, om die behoeftes van die omgewing te bepaal. Voordat daar na die inrigting van kerkfasiliteite gekyk kan word, moet die behoeftes van die gemeenskap eers bepaal word.

#### 6.3.2.5.2 Evalueer Huidige- en Langtermynbehoeftes

Begin deur ’n vloerplan van ’n fasiliteit te bekom en te bepaal, watter spasies die meeste benut gaan word op die korttermyn en op die langtermyn. ’n Spasie moet aan elke bediening toegeken word. Bepaal verder elke bediening se behoefte en stel vas, watter verbeteringe aan ’n betrokke spasie die effektiwiteit van die bediening sal verhoog. Evalueer vervolgens elke behoefte en besluit watter spasie die meeste aandag moet kry in volgorde van belangrikheid. Voordat die advies van ’n argitek ingewin word, moet hierdie evaluasie reeds gedoen wees.

#### 6.3.2.5.3 Maksimale gebruik van Fasiliteite

Wanneer ’n gebou geïdentifiseer is, wat naastenby geskik is om ’n gemeente te akkommodeer, is die volgende riglyne goeie begeleiers om die spasie te benut:

***i. Groepgroottes***

Moenie vasgevang wees in groepgroottes wanneer na spasie gekyk word nie. Groepe kan verdeel word om in spasies te pas. ’n Hele projek kan skipbreuk lei, net omdat enkele spasies blyk te klein te wees. Met ’n bietjie inisiatief kan klein spasies benut word.

***ii. Meublement***

Erediensareas se kapasiteit, kan met tot 20% verhoog deur losstaande, verskuifbare stoele te gebruik. Kies derhalwe plat leë oppervlaktes, sonder te veel vaste meublement. Voorsien om so min as moontlik tafels in die erediensspasie te gebruik. Indien daar na klaskamers vir kategese gekyk word en dit blyk te klein te wees, hou in gedagte dat kinders nie noodwendig op banke hoef te sit nie, maar kleiner kinders kan veral op ’n mat geakkommodeer word.

### *iii. Multifunksionele gebruik*

Een van die eerste plekke om na te kyk is die erediensarea, vir multifunksionele gebruik. Indien Bowman se raad gevolg word, om 'n plat area met verskuifbare stoele te gebruik, kan daar met beweegbare verdelers of voubare mure, maklik addisionele spasie geskep word (Bowman & Hall 2000:71). Indien die erediensbywoning nog van so aard is, dat daar spasie in die erediensarea is, kan dit afgeskerm word, vir ander doeleindes. Die ingangsportaal van 'n fasiliteit kan ook met afskortings multifunksioneel gebruik word.

### *iv. Minimale veranderings*

Dikwels is dit moontlik om met minimale strukturele verandering, baie meer spasie te skep. In oorleg met die verhuurder, kan die uitbreek van 'n enkele muur, hope spasie skep. 'n Argitek het gewoonlik goeie insig en bruikbare raad in hierdie geval.

### *v. Bergingsfasiliteite*

Dit gebeur soms, dat 'n bepaalde fasiliteit hom uitstekend leen vir kerklike gebruik, maar dat daar onvoldoende bergingsfasiliteite beskikbaar is. Dit is nie nodig om die projek daardeur te kelder nie. Huur dan addisionele bergingspasie, veral vir artikels wat nie weekliks in gebruik gaan wees nie. Gemeentes het ook die geneigdheid om oorbodige artikels op te gaar, wat lankal in onbruik geraak het. Doen 'n voorraadopname van die nodige artikels en doen weg met die res, want onnodige gebruiksartikels neem net spasie op.

### *vi. Kreatiewe Skedulering*

Spasie kan veral in geboue wat vir multifunksionele gebruik aangewend word goed benut word, indien daar kreatief met die skedulering omgegaan word. 'n Sentrale besprekingsregister kan deur die administratiewe persoon gehou word. Dit verhoed botsings en verseker dat mense op verskillende intervalle die spasies ten beste benut.

#### 6.3.2.5.4 Nie-Kerkterrein Spasie

Alle kerklike aktiwiteite hoef nie noodwendig altyd by die kerk plaas te vind nie. Die meeste instansies het konferensiefasiliteite, wat gewoonlik gratis tot kerke se beskikking gestel word. Maak dus gebruik daarvan. Jeugaktiwiteite kan in klubs of by gimnasiums plaasvind. Bowman meen dat hulle eerder dié atmosfeer en milieu bo die van 'n kerkgebou sal verkies.

#### 6.3.2.5.5 Ander Opsies

Wanneer 'n gemeente 'n groeiende missionêre gemeente is, gebeur dit dikwels, dat fasiliteite te klein raak, veral die erediensspasie. Gevolglik wil lidmate dan óf bou óf dadelik 'n ander spasie bekom. Die probleem is, dat kapitale uitleg plaasgevind het, wat nog nie in waarde opgebruik is nie. Bowman stel voor dat 'n tweede erediensgeleentheid gehou word. Lidmate voel egter ontevrede, omrede hulle kontak met ander lidmate verloor, wat die ander erediens bywoon. Hy los dit op deur 'n kuiergeleentheid van ten minste 'n halfuur tussen eredienste te skep, vir lidmate wat kom óf gaan.

#### 6.3.2.5.6 Interieur

Alhoewel 'n gemeente 'n gebou huur, beteken dit nie dat die gebou in 'n swak toestand hoef te wees nie. Veral die binnekant van die erediensarea moet 'n gevoel van warmte, aangenaamheid en gemaklikheid vertoon. Bowman sê: "In a word, it should look loved" (:73). Al is dit selfs 'n ou gebou kan 'n gemeente dit regkry om die gebou se interieur met goeie dekor en beplanning, in 'n totale kerklike atmosfeer te omskep.

#### 6.3.2.5.7 Parkering

Bowman maak die volgende twee aanbevelings, indien 'n geskikte gebou gevind word, maar die beskikbare parkering nie voldoende blyk te wees nie. Eerstens moet 'n parkeerruimte goed uitgemerk word en tweedens moet lidmate die opoffering maak

om nader aan mekaar te parkeer. "They could double their parking capacity simply by paving and marking the parking lot" (Bowman & Hall 2000:47).

### 6.3.2.6 Fasiliteitlose Gemeentes

Bowman en Hall bou hierdie deel van hulle model, op die basis van die eerste gemeentes in Jerusalem. The experience of the Jerusalem church demonstrates a powerful truth: "We may think a congregation can't grow until the church building has more square feet, but the real limiting factor is not the building; it is how we think about and use the building" (:51 & :114).

Hulle uitgangspunt is, dat gemeentes moet ophou om na binne te dink en na buite moet begin dink. Gemeentes wat na binne dink, is geboue gerig. Hulle is selfgesentreerd en derhalwe is hul geboue dikwels ingerig, net om eie behoeftes te bevredig. "Most people – 90 percent according to one survey – take part in church primarily to have their needs and their families' needs met, not to be supported and empowered in carrying out the Great Commission" (:52). Gemeentes moet hul gedagtes wegdraai van 'n kerkkompleks en nuut begin dink om 'n gemeente sonder fasiliteite te word. Die volgende riglyne word neergelê:

#### 6.3.2.6.1 Satelliet Aanbiddingsdienste

Die model word gebou rondom die gedagte van een hoofsentrum met verskillende aanbiddingsplekke, wat oor 'n bepaalde gebied versprei word. "All the church's offices are at the main campus, and occasionally all the congregations in this multi-congregation church worship together to celebrate their unity" (Bowman & Hall 2000:116). Die voordeel hiervan is: 'n alleenstaande gemeente het minder uitgawes aan fasiliteite. Alle beplanning, administrasie en uitreiking word vanuit die hoofsentrum gedoen, maar Sondae word op verskillende plekke in die gemeenteradius aanbid – skoolsale, ouditoriums, teaters, besigheidsgeboue met dienlike fasiliteite, gemeenskapsentrums, kafeterias en gimnasiums. Hierdie model het veral 'n sterk missionêre voordeel, aangesien mense – buitekerklikes – bereik word, wat dikwels geaffronteer word deur die idee van 'n kerkgebou. Mense word dan in geboue bereik,

wat deel van hulle daaglikse lewe is. Die grootste nadeel van hierdie model is om fasiliteite waar aanbidding plaasvind, in te rig vir 'n aanbiddingsatmosfeer. Bowman (:117) maak egter 'n voorstel wat veral binne die Amerikaanse milieu na vore getree het, om die probleme verbonde aan 'n *opslaankerk* te oorkom. Hy sê: "Churches can now order custom-designed storage systems that can enable them to set up and tear down in a fraction of the time previously needed and make it easy to transport and store their portable equipment." In die verband sien Portable Church Industries by webtuiste: www.portablechurch.com. Dit kan die idee skep dat *opslaankerke* baie meer moeite verg, as gemeentes wat eie fasiliteite het. Die feit van die saak is dat gemeentes met eie fasiliteite ook onderhoud-, skoonmaak en op- en afslaan moeite het.

Die voordele verbonde aan hierdie model is:

a. Die uitskakeling van boukoste ten opsigte van die vergroting of verbouing van huidige fasiliteite.
b. Die naaste identifisering met die tabernakel van die Ou Testament – 'n nomadiese kerkgebou, met 'n nomadiese God.
c. Die uitskakeling van permanente kerkkomplekse.
d. Onbeperktheid van missionêre uitreiking – dit verbreek geografiese verbondenheid.
e. Die kerk volg Christus na die wêreld, binne eie wêreldse omstandighede.
f. Kerkgeboue word uiters bekostigbaar.
g. Kerkplanting word vergemaklik.
h. Die optimalisering van spasie.
i. Die fokus val op die missionêre en nie op die gebou nie.
j. Die finansiële las word ligter op die gemeente.

(vgl. PCI Newsletter 2004:4).

Gemeentes wat *opslaankerke* wil word, kan gerus die volgende riglyne in hulle beplanning volg (Bowman & Hall 2000:170-177):

a. Indien moontlik, kies 'n gebou met 'n plat oppervlak, wat multifunksioneel gebruik kan word.

b. Sorg vir losstaande stoele, wat kan verskuif en verskillend ingerig kan word.
c. Beplan ’n preekstoel op wiele, wat gestoor kan word en moeiteloos en vinnig geskuif kan word.
d. Verkry die hulp van ’n beligtingspesialis om die verskillende fokuspunte, waar aktiwiteite gaan plaasvind te belig. Beligting kan gebruik word om verskillende atmosfere te skep.
e. Verkry die hulp van ’n akoestiese- en klankingenieur om met die akoestiek en klankverspreiding te help. Klankapparaat op wiele, wat op verskillende plekke gebruik kan word, is die ideaal. Dit is beter om luidprekers in te bou en dan die klankkas na bepaalde areas te beweeg en net in te prop.
f. Beweegbare orrel of elektroniese klankbord, word as instrument voorgestel.
g. Genoeg bergingspasie moet bekom word, sodat die instrumente wat nie gebruik word nie, veilig in bewaring gehou kan word.

“The trent to ‘portable churches’ – churches that use once-a-week space as their primary facility – is growing. While in the past churches have usually viewed once-a-week space as temporary, more churches are now seeing it as a cost-effective long-term answer to their space needs” (Bowman & Hall 2000:117). Hierdie model is ook uitstekend van toepassing op gemeentes, wat geen permanente fasiliteite het nie. Die administrasie kan vanuit ’n sentrale plek plaasvind – huis of kantoor – indien die kerkhouplek nie sodanige fasiliteit beskikbaar het nie en die gemeente vanuit bepaalde *opslaankerke* bedien word.

#### 6.3.2.6.2 Huiskerke

Bowman gryp terug in sy *off-campus ministries* na die oorspronklike Nuwe Testamentiese huiskerke. Nadat gesamentlike aanbidding in die tempels beëindig is, het Christene hoofsaaklik na huise as aanbiddingsplekke gekeer. In die lewe van die moderne Christen is hierdie konsep besig om al hoe meer veld te wen (:118). Die redes: die geweldige sterk missionêre karakter van die huiskerk, sowel as mense se fokusverskuiwing – in die besef van die Bybelse opdrag – weg van duur en permanente kerkgeboue. Hierdie afwyking van wat normaal is, is as gevolg van die

nadere intimiteit wat huiskerke na vore bring (Van Schalkwyk 1988:57). Mense word makliker gedissipileer, as gevolg van die nabyheid van die gemeenskap van gelowiges – gebed, noodverligting, omgee, liefde, aanmoediging en toesighouding oor onderlinge geloofsgroei. Dit beteken nie dat hierdie model, grootgroepbyeenkomste afskaf nie. Sodanige byeenkomste vind nog plaas in terme van ’n Bybelskool en gawes-opleiding. Waar daar wel ’n beduidende verskuiwing plaasvind, is met betrekking tot die kinders se kategese. Kinders word geïnkorporeer by die huisbyeenkomste en nie afsonderlik gekatkiseer nie. Dieselfde geloofsbelewenisse en onderlinge onderrig word deur kind en volwassene gedeel (vgl. Bowman & Hall 2000:117-122). Little (1968:29) skryf hieroor en sê, dat die kinders van die vroegste tye af in die Nuwe Testamentiese kerk, ten volle as verbondskinders en gelyke gelowiges in die huisbyeenkomste betrek was. Hulle het saam met die volwassenes aanbid, gesing, hoop en pyn beleef, geloofsgawes beoefen, saam die Bybel bestudeer en in vergifnis gedeel.

#### 6.3.2.6.3 Semi-Bestuurskantoor

Bowman bekyk hierdie afdeling, vanuit moderne tendense in die koöperatiewe wêreld. Die wêreld van die tegnologie het die kuberruimte, rekenaars, eposse, rekenaarnetwerke, selfone en faksmasjiene tot binne in die woonhuise en voertuie gebring (vgl. ook Callahan 2002:112). ’n Uitvloeisel hiervan is dat al meer koöperatiewe besighede vanuit woonhuise bedryf word. Hierdie semi-bestuurskantoor het ook sy voordele vir die kerk. Wanneer geboue as kerkfasiliteite benut word en daar nie administratiewe spasie beskikbaar is nie, kan dit vanuit ’n woonhuis bedryf word. ’n Verdere voordeel is dat meer en meer administratiewe personeel bygevoeg kan word, sonder om meer kantore te bou. Dit sluit aan by die *opslaankerk* en geweldige besparing van kostes word voorsien. Die ideale is dat ’n gemeente vervolgens ’n eie rekenaardomein verkry en met ’n rekenaarnetwerk in verbinding sal wees. Alle administrasie kan sodanig behartig word en met moderne bankdienste, in ’n woonhuis beskikbaar, word tjeks en die verkryging van handtekeninge oorbodig. Selfs die Sondagnuusbrief kan vanuit ’n gedeelte domein behartig word, met elkeen, wat ’n bydrae kan lewer vanuit sy woonhuis, sonder om ’n meter te beweeg. Die sekretariële beampte kan met die predikant/e per selfoon in verbinding bly en sy dagboek monitor deur die gedeelde domein. Enige

herinneringsboodskappe kan met *Kort Boodskap Dienste* (SMS) per rekenaar aangestuur word. Daarvoor kan pakkette by diensverskaffers aangekoop word. Indien moontlik, kan ’n klein spasie by die gebou waar aanbidding plaasvind ingerig word, met slegs die basiese dokumentasie, om lidmate Sondae mee te bedien. Die wagwoord is goeie dissipline en monitering van take wat verrig moet word. ’n Goeie kontrolestelsel moet dus in plek geplaas word (vgl. Bowman & Hall 2000:122-125).

#### 6.3.2.6.4 Spesiale Geleenthede


Te veel gemeentes is te verknog aan die idee van kerksale. Kerksale word ten duurste opgerig, net om slegs een of twee maal per jaar gebruik te word. Die ideaal is om gevolglik ’n alles-in-een kompleks te beplan vir meerdoelige gebruik. Sy uiteindelike ideaal is egter om eerder ’n fasiliteit te huur, wat voorsiening maak vir alle behoeftes. Daarvoor is ’n legio geboue soos skoolsale, ouditoriums en gemeenskapsentrums beskikbaar. Sulke geboue is dikwels meer gebruikersvriendelik om kerklike aktiwiteite te akkommodeer as bestaande kerkgeboue, omdat daar meer kapitaal beskikbaar was in die oprigting van sodanige sentrums en dit ook vir massas mense beplan is. Dit is net nie meer haalbaar om miljoene te spandeer vir oprigting, assuransie, onderhoud en instandhouding van geboue nie. Kerklike aktiwiteite hoef nie uitsluitlik net in kerkgeboue plaas te vind nie. Hierdie, sê Bowman, is een van die moeilikste kopskuiwe vir Christene om te maak, omdat mense nog steeds glo, dat God net in kerkgeboue teenwoordig is (vgl. Bowman & Hall 2000:125-126).

Hedendaagse kerke het Inkopiesentrum-kerke geword. Inkopiesentrum-kerke is kerke wat dink hulle moet ’n fasiliteit hê, nes ’n gewone inkopiesentrum, waar jy alles onder een dak kan kry. Gevolglik word verbruikers-christene gekweek. Mense kom kerk toe met die gedagte: “Wat kan die kerk my bied? Wat se waarde kry ek vir my geld?” Die kerk moet begin om uitwaarts te dink. Een manier om dit reg te kry is om die geboue en dienste wat gelewer word, weg van die tradisionele kerkgebou te laat plaasvind. “Most of the church’s ministry takes place not when the church is gathered, but when the church is scattered. If we truly understand this, we will no longer feel compelled to keep forever expanding the church’s buildings. Rather, we will always be on the lookout for ways to deploy more and more of the church’s ministries into the community, relating to those who don’t know Christ in their

neighbourhoods, in their workplaces, on their school campuses, in our homes" (Bowman & Hall 2000:127).


### 6.3.2.7 Samevatting

Albert Einstein soos aangehaal deur Covey (1989:42) het gesê: "The significant problems we face cannot be solved at the same level of thinking we were at when we created them." Jordaan & Jordaan (1989:445-448) noem, dat wanneer dit by probleemoplossings kom, baie mense sukkel om probleme op te los, omdat hulle 'n onvermoë het om oplossings buite gegewe inligting te soek. Covey (1989:24) sê: "We simply assume that the way we see things is the way they really are or the way they should be." Produktiewe denke word dikwels gekenmerk deur 'n beweging weg van die gegewe om iets anders en nuuts voort te bring. Hulle gee die voorbeeld van nege kolletjies, wat verbind moet word, met vier reguit lyne, sonder om jou hand op te lig. Met hierdie toets, wil hulle aandui, dat gevestigde en huidige oplossings, nie altyd die regte is nie. Deur anders en nuut te dink, kan daar tot nuwe oplossings gekom word:



**Figuur 6.1: Probleemstelling**

Hieronder volg 'n paar onkonvensionele oplossings vir dié probleem
(sien ook Adams 1979:448):



**Figuur 6.2: Onkonvensionele Oplossings**

Jordaan & Jordaan (:450) sê, dat elke mens se waarnemings- en denkwyses deur tydelike en betreklik gevestigde instellings beïnvloed kan word. In baie van ons denke is ons eenvoudig die slawe van gewoontes. Instellings het nie noodwendig 'n permanente nadelige effek op ons daaglikse denke en handelinge nie, omdat 'n persoon se tydelike en betreklik gevestigde instellings deur instruksie en onderrig opgehef of minstens gewysig kan word. Met ander woorde, die mens kan deur nuut en anders te dink, tot nuwe oplossings vir bestaande probleemsituasies kom.

Callahan asook Bowman en Hall het presies dít gedoen. Hulle het nie na die waarskynlike oplossings vir die kerk se probleem rondom kerkgeboue gaan kyk nie, maar nuut en anders gedink. Wanneer gemeentes gestig word of geboue onvoldoende raak, dan is die tradisionele oplossing: om te bou. Die verkeerde antwoord, in die meeste gevalle, is om te bou. Dit is 'n paradoks. 'n Paradoks is 'n uitspraak, wat nie in ooreenstemming met die gangbare mening is nie (Odendaal 1984:820). Die Bybel leer ons om in paradokse te dink: "As jou vyand honger is, gee hom kos" (Rom. 12:20); "Elkeen wat sy lewe probeer behou, sal dit verloor" (Luk. 17:33). Callahan, sowel as Bowman en Hall het deur nuwe denke tot die paradoksale oplossing gekom: as jy wil groei, moenie bou nie.

Die kerk kan kerk wees, sonder om geboue te besit. Om kerk te wees, beteken nie om duur en uitspattige geboue op te rig nie. Die kerk moet op sy missie konsentreer en nuut dink oor die inrigting van geboue. Die oplossings, wat die modelle na vore

bring, is teenstrydig met heersende kerklike denke in verband met kerkgeboue, maar dit is 'n nuwe koers, wat die kerk op 'n nuwe pad na missionêre funksievervulling en haar roeping in Christus plaas, soos dit oorspronklik bedoel was.

## 6.4. Finansiële Implikasies

Finansiële bindinge, wat gemeentes op hulleself plaas, is een van die groot redes, waarom gemeentes dikwels nie hulle roeping in Christus kan vervul nie (Berg & Burgess 1996:52-54). Die oprigting van kerkfasiliteite is een van die grootste redes vir hierdie binding. "A major building program at that time would in all likelihood stop the church's growth and create financial bondage for years to come" (Bowman & Hall 2000:22). Die rede is, dat gemeentes groot bedrae geld moet leen om kerkgeboue op te rig en die gemeentes onder geweldige en swaar finansiële druk gebuk gaan. Gemeentebou het finansiële ondersteuning nodig om te bestaan en wanneer al die finansies deur 'n skuldlas verteer word, sterf gemeentebou daarmee saam. "Building programs often kill church growth" (Bowman & Hall 2000:31). Om geld te leen word nêrens in die Skrif as 'n sonde gesien nie, maar dit is nie God se beste metode om gemeentes finansieel by te staan nie. Die Bybel gee verskeie redes, waarom dit nie goed is om geld te leen nie (vgl. Berg & Burgess 1996:12; Bowman & Hall 1996:30; Hill & Pitts 2001:143-194):

- 1 Sameul 22:2 – Skuldlas, maak mense opstandig.
- 2 Konings 6:5 – Dit maak mense angstig.
- Spreuke 6: 1 tot 5 – Dit plaas jou in die mag van die een, wat aan jou geld geleen het.
- Spreuke 22:7 – Jy word 'n slaaf van die geldverskaffer.
- Spreuke 22: 26, 27 – Jy staan die gevaar om alles te verloor, indien jy nie verder die skuld kan betaal nie.
- Psalm 37 – Dit stel die naam van die gemeente, die Kerk en God in gevaar.
- Habakuk 2 – Jy is blootgestel aan 'n skielik veranderende ekonomie.
- Hebreërs 13: 5 – Dit bring gierigheid in die gemeente na vore.

### 6.4.1 Die Impak van Skuld

Skuld het ’n uiters nadelige impak op ’n gemeente en dan veral skuld op geboue . Die volgende punte is die vrug, wat skuld op ’n gemeente kan hê:

a. Daar kan ’n tekort aan personeel en ondersteuningspersoneel ontstaan, om ’n gemeentebediening ten volle te laat opereer.
b. Dit kan meebring dat die voortbestaan van die predikantstandplaas bedreig word.
c. Dit kan ’n demper plaas op die uitbreiding van bestaande bedieninge.
d. Dit kan ’n demper plaas op die moontlikheid van nuwe bedieninge.
e. Dit kan die gemeente blind maak vir mense in die gemeente en die gemeenskap, met finansiële behoeftes en probleme.
f. Dit kan veroorsaak dat bestaande bedieninge met minimale fondse moet opereer.
g. Dit kan veroorsaak dat die finansiële verpligtinge van ’n gemeente problematies raak.
h. Dit kan die opgradering en onderhouding van huidige geboue en fasiliteite ondermyn.
i. Dit kan onderlinge onmin in die gemeente veroorsaak.
j. Dit kan die fokus van uitreiking en versorging na finansies verskuif.
k. Dit kan veroorsaak dat selfs die mees elementêre benodigdhede – administratiewe benodighede – nie aangeskaf kan word nie.
l. Dit kan veroorsaak dat ’n gemeente nie sy gestelde missie kan vervul nie.
m. Dit kan meebring dat al die gesprekke en projekte, rondom die afbetaling van die skuldlas sentreer, wat nie ’n goeie indruk op gemeentelede en besoekers laat nie. Dit kan ook ’n demper plaas op erediensbelewing, aangesien die gemeente Sondag na Sondag met gemeentefinansies gebombardeer word.
n. ’n Gemeente word onnodig aan risiko’s blootgestel en ook uitgelewer aan ekonomiese en ekologiese veranderinge. Soos reeds uitgewys is dit nie die gebou wat ‘n gemeente laat groei nie. Om dus skuld aan te gaan met die verwagting van toekomstige groei, of selfs net dat die huidige getal lidmate

konstant sal bly, is ’n geweldige risiko, aangesien ’n klomp lidmate ’n gemeente kan verlaat, weens verskeie omstandighede.

o. Skuld kan die tevredenheid van ’n gemeente ondermyn. Die Bybel sê: “Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het” (Hebr. 13:5). Een van die hoofredes waarom gemeentes geld leen, is omdat hulle nie tevrede is met wat hulle het nie. Berg & Burgess noem dat gulsigheid, trots van predikante op prestasies en jaloesie op ander groeiende gemeentes, dikwels veroorsaak dat gemeentes nie tevrede is met wat hulle het nie.

p. Dit ondermyn God se voorsienigheid en dit skep die gedagte, dat God gyselaar gehou kan word. God belowe dat Hy ons nooit in die steek sal laat nie. (Hebr. 13:5) Om egter groot bedrae skuld aan te gaan en te verwag dat God sal voorsien, is ’n poging om van God ’n gyselaar te maak.

q. Dit kan veroorsaak dat gemeentes bouprojekte aanpak omdat hulle reken dat die benodigde bedrag vir die bouprojek gehaal sal word. ’n Bouprojek het egter dikwels versteekte kostes, waarvoor nie beplan word nie. Kostes soos: argitekte, ingenieurs, prokureurs, permitte, opmeting, grondwerke, aansluiting van krag en water, landskapsontwerp, rente op lening, ens. Hierdie versteekte kostes, kan meebring, dat gemeentes nie ’n bouprojek kan afhandel nie en dit kan tot groot frustrasies in die gemeente lei. Addisionele versteekte kostes kan veroorsaak dat meer druk op gemeentefinansies geplaas word, waarvoor nie begroot is nie. (vgl. Callahan 1983:110-111; Bowman & Hall 1996:13-15, 29, 33-35; Berg & Burgess 1996:62-71; Bowman & Hall 2000:32).

## 6.4.2 Rentelas op Fasiliteite

Die impak wat ’n skuldlas op ’n gemeente se finansiële beplanning het, kan enorm wees. Randy Alcorn sê: “Financial commitments and debts can be like spikes chained to our legs and driven into the ground, making us inflexible and unresponsive to God’s call” (Alcorn 1989:197). Ron Blue (1986:63) is meer radikaal in sy uitspraak: “Debt is almost blasphemous when we use it and deny God an opportunity to work”. Volgens Hill & Pitts (2001:169) betaal ’n gemiddelde persoon, tussen die ouderdom van 25 tot 65, nagenoeg 50% tot 67% van sy leeftyd se verdienste aan rente. Hierdie las is nog swaarder op ’n gemeente, omdat groter bedrae ter sprake is.

Onderstaande tabel, volgens 'n ABSA-verslag, wat teen 'n rentekoers van 12% saamgestel is, toon die impak van skuld en die rentelas op 'n gemeente:

| Leningsbedrag (Rand) | Tydperk* (Jare) | Maandelikse Paaiement | Rentelas oor die periode van 20 Jaar |
|---|---|---|---|
| 200 000.00 | 20 | 2 202.17 | 328 520.80 |
| 400 000.00 | 20 | 4 404.35 | 657 044.00 |
| 600 000.00 | 20 | 6 606.52 | 985 564.80 |
| 800 000.00 | 20 | 8 808.69 | 1 314 085.60 |
| 1 000 000.00 | 20 | 11 010.86 | 1 642 606.40 |
| 2 000 000.00 | 20 | 22 021.72 | 3 285 212.80 |
| 3 000 000.00 | 20 | 33 032.58 | 4 927 819.20 |
| 4 000 000.00 | 20 | 44 043.45 | 6 570 428.00 |
| 5 000 000.00 | 20 | 55 054.31 | 8 213 034.40 |
| 6 000 000.00 | 20 | 66 065.17 | 9 855 640.80 |
| 7 000 000.00 | 20 | 77 076.03 | 11 498 247.20 |
| 8 000 000.00 | 20 | 88 086.89 | 13 140 853.60 |
| 9 000 000.00 | 20 | 99 097.75 | 14 783 460.00 |
| 10 000 000.00 | 20 | 110 108.61 | 16 426 066.40 |

**Tabel 6.1: Rentelas**

* 20 jaar is die gemiddelde tydperk van terugbetaling op eiendom, wat banke aanbeveel.
Die tydperk kan verkort word, maar dit plaas 'n nog groter finansiële las op 'n gemeente.

## 6.4.3 Missiegedrewe Finansiële Beplanning

"How we spend our money, whether as individuals or churches, reveals more about our priorities than we say. A church's budget is a prime indicator of its true priorities. When it doesn't put its money where its mission statement is, the church is off course" (Bowman & Hall 1996:56). Howard Snyder (1985:89-90) stem hiermee saam: "The church often betrays the kingdom of God... by consuming a disproportionate share of her resources on her own comfort and maintenance". In kontras hiermee, is dit moontlik vir 'n missiegedrewe gemeente, wat verbind is om sy eie gemeentelede en diegene buite die kerk te dien, om 'n begroting so aan te pas, dat

uitreiking 'n prioriteit word. Dit kan soos volg gedoen word (vgl. Bowman & Hall 1996:57-59; Callahan 1983:106, 113):

#### 6.4.3.1 Verdeel die Beplande Spandering in Kategorieë

Elke item van die begroting, moet in die volgende 6 kategorieë ingedeel word:

1. **Fasiliteite.**
   Sluit onderhoud en verbeteringe, versekering, afbetaling van skuld en rentelas, skoonmaakmiddels, tuinversorging, implemente en faktotum se kostes in.

2. **Personeel.**
   Sluit alle kostes vir voltydse en deeltydse personeel in d.w.s. salarisse, uitgawes en voordele.

3. **Operasioneel.**
   Dit word in twee subkategorieë verdeel:
   Kerkoperasies – geld, wat spandeer word aan kategese, eredienste, jeugaktiwiteite, sosiale geleenthede van die gemeente en rekreasieprogramme.
   Kantooroperasies – alle geld wat spandeer word om die kantoor te bedryf, salarisse uitgesluit.

4. **Hulp aan mense buite die gemeentegrense.**
   Die radius van die gemeente strek tot waar 90% van die gemeentelede woonagtig is.


5. **Hulp aan die gemeenskap binne die gemeente.**
   Hulle wat nie deel van die gemeente is nie, maar binne die bogenoemde radius woonagtig is.

6. **Hulp aan gemeentelede.**
   Almal wat die eredienste van die gemeente bywoon. Die hulp sluit tydelike geldelike bystand in, soos byvoorbeeld: siekte, werkloosheid, skoolgelde, enkelouer-ondersteuning, begrafniskoste of trauma.

Hierdie ses kategorieë, kan vervolgens in vier kategorieë verdeel word. Dit word gedoen na aanleiding van die riglyne wat Johannes Calvyn voorhou, wat sy wortels in die vroegste kerk vind. Calvyn (1559:332) sê in die begin het die biskoppe (ouderlinge) en diakens die kerklike goedere bedien soos hulle gewil het, omdat hulle getrou was. As gevolg van wanpraktyke wat onstaan het, is reëls vasgestel waardeur die inkomste van die kerk in vier dele verdeel is. Een deel is bestem vir die onderhouding van die geestelikes, 'n tweede vir die armes, die derde om kerke en ander geboue, wat vir godsdiensbeoefening gebruik is te onderhou en die vierde om die armes wat van buite gekom het, te versorg. In eietydse terme, kan dit soos volg verdeel word:

1. Fasiliteite (1).
2. Personeel (2).
3. Operasioneel (3).
4. Hulpverlening en missionêre uitreiking (4, 5, 6).

Die ideaal vir 'n missiegedrewe gemeente is om hierdie kategorieë in gelyke kwadrante in hulle begroting te verdeel. Grafies kan dit as volg voorgestel word:




**Figuur 6.3: Die Vroeë Kerk Bedieningsmodel**

Die meeste gemeentes spandeer gewoonlik 88% van hulle uitgawes aan kwadrant 1 en 2. Terwyl kwadrant 4, slegs 2 – 3 % van die begroting uitmaak (Bowman & Hall 1996:81). Hierdie standpunt van Bowman & Hall, word bevestig in die Agenda van 67ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

se opsomming van gemeentelike uitgawes (Agenda AKV 2004:544). Daarin word aangetoon, dat nagenoeg 85% van al die gemeentes in die Kerk se uitgawes aangewend word, om die instituut in stand te hou. Slegs nagenoeg 3% is vir missionêre uitreiking aangewend. Die Bybel gee ’n besliste aanduiding, dat ’n mens se spandering jou missie reflekteer. Matteus 6:21: “Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.” Dit korrespondeer ook met dieselfde persentasies van hoofstuk 4 se empiriese studie. Callahan, asook die Bowman & Hall stel voor dat fasiliteite verkieslik gehuur of geleen word. Die voordeel hieraan verbonde is dat die fasiliteitskwadrant radikaal kan verminder en derhalwe kan meer fondse vir personeel aangewend word, indien dit problematies raak (Bowman & Hall 2000:37): “Yet the people persevered, making do with rented facilities... without endangering salaries and ministries.” Volgens Callahan (1983:112) behoort die gemeente meer inkomste vir al vier kwadrante te genereer, as die beginsel in plek is. Callahan (1983:112): “Money follows mission, not the reverse. More often than not, the reason a congregation does not have enough money is that it has not effectively delivered substantive mission in that community. It has become preoccupied with maintenance and forgotten mission.”

’n Verdere implikasie, wanneer ’n gemeente missiegedrewe is en die fasiliteitskwadrant (1) handhaaf, wat Calvyn voorstel, ’n gemeente minder op duur en uitspattige kerkgeboue konsentreer. Die veronderstelling van Calvyn, Callahan sowel as Bowman & Hall is, dat daar nie weggedoen moet word met kerkgeboue nie. Kerkgeboue is en bly ’n realiteit, maar die finansiële uitgawes, wat aangegaan moet word om ’n plek vir godsdiensbeoefening in te rig, kan drasties beperk word. Met nuwe idees, innovasie en missiegedrewe denke kan daar in gehuurde geboue tot dieselfde emotiewe belewenisse in aanbidding gekom word, as wat die geval in duur kerkgeboue is.

### 6.4.4 Die Eunug Beskouing

God voorsien finansiële middele aan sy gemeente, om sy hande en voete in die wêreld te wees, om troos en hoop te bring en om van mense dissipels te maak (Berg & Burgess 1996:91-93). God het nooit bedoel, dat sy fondse primêr vir die

onderhouding van fasiliteite aangewend moes word nie, maar om sy kinders en die wêreld te versorg. Wat hier ter sprake is, is wat die navorser wil noem: die Eunug beskouing. ’n Eunug is ’n oppasser in ’n Oosterse harem, wat ontman is om die koning se vrouens op te pas en hulle vir die koning voor te berei (Odendaal 1984:211). Wat sou gebeur indien die Eunug een van die vrouens, wat aan die koning behoort, sou aanraak? Hy sou sy lewe verloor. Hy sou dit waarvoor hy geroep is en die doel vir sy bestaan nie meer waardig gewees het nie. ’n Finansiële Eunug, is iemand – gelowiges individueel en die kerk as geloofsgemeenskap – wat geroep is om die Koning se geld op te pas en voor te berei vir die werk van die Koning. Indien so ’n Eunug die geld vir homself of vir sy eie instandhouding gebruik, verloor hy die doel vir sy bestaan en ontneem die Koning hom van die voorreg. “As julle met ’n ander man se goed nie betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit?” (Luk. 16:12). Die gemeente en die Kerk, is finansiële Eunugs wat geroep is om God se geld vir God se sending te gebruik. Indien die gemeente dit vir eie gebruik aanwend, word dit hom ontneem en verloor hy die doel vir sy bestaan (Callahan 2002:128).

Dit is dus duidelik, dat die kerk ‘n roeping het om na die wêreld te gaan waar Christus is. Callahan (2002:125) sê dit is die verskil tussen gesonde en siek gemeentes. Die gesonde gemeente se fokus is nie op hulleself nie, maar op die mense wat hulle missionêr bedien, ongeag of die mense binne die gemeente, die gemeenskap of aan die ander kant van die planeet is. Die siek gemeente is net begaan oor sy institusie en lidmaatskap. Dit is ’n gemeente wat net betrokke raak as dit vir hom voordele inhou. Die kerk het ’n sending: om homself nie langer met die oprigting van duur en uitspattige kerkgeboue besig te hou nie en te dink dat dit die doel van sy bestaan is nie. Die kerk moet nuut dink oor die inrigting van kerkgeboue en Christus volg, waar Hy in die wêreld vir ons wag. Dit beteken dat ons ’n paradigmaskuif moet maak, weg van kerkgeboue, na die wêreld. Aangesien die kerk nog altyd sy geboue nodig gehad het, beteken dit, dat sy anders oor kerkgeboue en die inrigting daarvan moet dink.

## 6.5. Samevatting

Die *teorie* en *praxis* se verhouding in die praktiese teologie het altyd 'n wedersydse inwerking op mekaar. Voordat daar na die *praxis* gegaan kan word, moet die *teorie* eers aan die woord kom. Die *praxis* word gedeeltelik deur die *teorie* bepaal en *praxis* kan nie *praxis* wees, as dit nie aan die *teorie* getoets word nie. Heitink (1999:151): "Though at times one is unaware of it, praxis always has an underlying theory. Praxis is always, at least in part, determined by theory. Failing to recognize this leads to an ideological praxis." Derhalwe is dit nodig om eers die *teorie* te bemiddel, vanuit die Skrif, as primêre bron en die teologie, as sekondêre bron, voordat daar in gesprek met die *praxis* getree kan word.

In hierdie hoofstuk is daar vanuit die teologie gepoog om met die ontwerpte riglyne 'n eietydse teorie te skep oor kerkgeboue, wat normerend kan wees binne die unieke omstandighede waarbinne die Kerk in die huidige Suid-Afrika staan. Daar is ook gepoog om vanuit die gemeente se bestaansdoel, kerkgeboue te sien as 'n missionêre bron en nie as missionêre doel opsigself nie. 'n Nuwe praktykteorie oor kerkgeboue is ontwerp, waarmee daar na die *praxis* gegaan kan word om riglyne neer te lê waarvolgens gemeentes in die *praxis* kan handel, aan die hand van die bipolêre verhouding wat daar tussen die *teorie* en die *praxis* bestaan.

# Hoofstuk 7

# Die Bedieningspraktyk

## Riglyne vir 'n Nuwe Bedieningspraktyk

## 7.1. Inleiding

Praktiese teologie – met gemeentebou as deelvak – het die verantwoordelikheid om gedurig krities in sy verhouding met sy *teorie* en *praxis* te staan. As kritiese teologie word daar voortdurend kritiese vrae aan die *teorie* en *praxis* gestel. Vanuit 'n missionêre blik is 'n *teorie* geskep, waarmee daar na die *praxis* beweeg kan word. Hierdie hoofstuk sal hom bemoei om riglyne neer te lê aan gemeentes wat missionêr in fokus wil wees en gemeenteboubeginsels rondom sy geboue wil toepas.

Vanuit die navorsing wat in hierdie verhandeling gedoen is, het die volgende insigte in verband met kerkgeboue na vore gekom:

a. Die Ou- en Nuwe Testament het bewys dat God nie in 'n pragpaleis of gebou aanbid hoef te word nie, maar dat 'n nomadiese tent vir God goed genoeg is. Enige plek is aanvaarbaar – geboue is nie heilig nie, God is heilig. Dit maak nie saak waar God aanbid word nie, maar dát Hy aanbid word, is belangrik.
b. Gemeentes wat alreeds geboue besit hoef nie hulle geboue te verkoop om ander geboue te huur in 'n poging om 'n missionêre bediening na te jaag nie. Tradisie en sentiment speel nog steeds 'n baie groot rol in die Suid-Afrikaanse kerkvolk rondom hulle kerkgeboue en hierdie gevoelens word gerespekteer.
c. Kerkgeboue neem wel die fokus van gemeentes weg van hulle missionêre verantwoordelikheid en slurp dikwels kosbare fondse op om die geboue te onderhou.
d. Mega- en groot gemeentes – 500 tot 10 000 lidmate – wat veral in die stede voorkom, sal gewoonlik die behoefte aan eie kerkgeboue hê, omdat gemeente-

wees makliker vanuit 'n permanente gebou bedryf word. Alternatiewe geboue is gewoonlik nie vir sulke groot gemeentes bekombaar om te huur nie.

e. Daar wel 'n alternatief vir gemeentes is wat die behoefte het aan 'n goeie kerkkompleks om 'n vierende, delende, lerende en uitreikende gemeente te wees. Gemeentes soos:

   i. Kleiner plattelandse gemeentes wat pas afgestig het of wil afstig.
   ii. Gemeentes waar die groei van lidmaatgetalle beperk is en hulle nie 'n kerkgebou besit nie.
   iii. Gemeentes wat blootgestel word aan die geweldige demografiese verskuiwings in die platteland en stede, wat op die huidige oomblik in Suid-Afrika plaasvind en wat as gevolg van die gemeentes se getalle die bekostigbaarheid van eie kerkgeboue te duur maak.
   iv. Kleiner gemeentes – 100 tot 500 lidmate – vir wie die oprigting of eienaarskap van kerkgeboue in die huidige omstandighede te riskant is of finansieel nie haalbaar is nie.
   v. Gemeentes wat met jarelange pogings nie finansieel die mas kan opkom om eie kerkkomplekse te bou nie of wat weens vervalle kerkkomplekse, te hoë herstelkoste in die gesig staar en die geboue eerder wil verkoop.

Vir hierdie gemeentes wil die skrywer riglyne op die tafel plaas om nuut na die inrigting van kerkgeboue te kyk. Dit word in gedagte gehou dat die kerkvolk in Suid-Afrika 'n sentiment rondom die besit van 'n eie kerkgebou het, soos die navorsing bewys het. Hierdie voorstelle is derhalwe slegs riglyne hoe gemeentes gefasiliteer kan word om uiteindelik nuut oor kerkgeboue te dink en indien hulle nie eie kerkgeboue wil besit nie, hoe daar te werk gegaan kan word om dit in te rig.

## 7.2 Die Gemeentebouproses

Dit sal voordelig vir 'n gemeente wees as sy eers die gemeentebouproses deurloop, alvorens daar na kerkfasiliteite omgesien word. Die volle gemeentebouproses word egter in al sy fases deurloop: motivering, missieformulering, gemeente-analise, strategiese beplanning, doelwitformulering, sisteembenadering, implementering,

evaluering, stabilisering en herhaling. Die rede hiervoor is dat die gemeente haar eie missie daaruit kan formuleer om uiteindelik met 'n bepaalde fokus vorentoe te beweeg.

Dit maak die proses om die nuwe visie oor kerkgeboue aan die gemeente te verkoop, net soveel makliker. Wanneer 'n gemeente eers haar werklike identiteit en roeping in Jesus Christus en haar missionêre opdrag verstaan, is dit gewoonlik so dat mense belangrik word en nie geboue nie. Dit is ook voordeliger as 'n fasiliteerder die gemeentebouproses begelei om te verseker dat die proses van die begin af reg verloop. Indien die gemeente besluit om die gemeentebouproses te deurloop, is dit wel belangrik dat die predikant/e van die gemeente 'n kursus in gemeentebou deurloop, want as die pastor/s van die gemeente nie op die proses inkoop en dit begelei nie, is dit doodgebore.

## 7.3 Die Kerkgebou

Indien 'n gemeente ingekoop het op die gemeentebouproses en die fokus verskuif dus om eerder nie 'n eie kerkgebou op te rig nie, kan 'n gemeente die volgende riglyne in gedagte hou. 'n Aanvangsgedagte kan wees om 'n gebou te leen of te huur – die voorkeur opsie. Dit is raadsaam as die gemeente se siening wegkeer van 'n eie gebou, al is dit ook hoe eenvoudig, aangesien die gedagte aan eie geboue aanleiding gee tot die behoefte aan duurder en beter geboue. Die ideaal is om sover as moontlik met die omskakeling van die gehuurde gebou kontant te bou, nadat voldoende fondse gespaar is. Wend pogings aan om die nodige verbeteringe sonder skuld aan te bring, omdat daar gewoonlik 'n goeie rede is waarom voldoende fondse nog nie beskikbaar is nie. Hierdie konsep van bou is relatief goedkoop en dit neem nie jare om af te handel nie. Christus wil hê dat ons in die wêreld – waar Hy alreeds werk – betrokke sal raak en dan sal Hy deur sy voorsiening op die regte tyd aan 'n gemeente die nodige fondse voorsien. "Die Here sal sy goeie voorraadskuur, die hemel, vir jou oopmaak om vir jou land reën te gee op die regte tyd, om alles wat jy doen te seën. Dan sal jy aan baie nasies kan leen, maar self sal jy nie hoef te leen nie" (Deut. 28:12). Onthou hoe kleiner die uitgawes van die fasiliteitskwadrant gehou kan word, hoe meer fondse is

daar vir die ander drie kwadrante beskikbaar. Dit is die een kwadrant waar die meeste gespaar kan word.

Wanneer die kerkraad besluit om nie kerkgeboue op te rig nie, maar eerder 'n bestaande fasiliteit te omskep, is dit uiters belangrik dat die proses deeglik aan die gemeente voorgelê word, sodat hulle daarop kan inkoop en eienaarskap kan aanvaar.
'n Voorstel is dat 'n werksessie oor die kerkfasiliteite met 'n bekwame fasiliteerder gehou word. Nooi gemeentelede uit om aan die werksessie deel te neem. Indien die werksessie die gemeente se fokus vanaf geboue na missionêre bediening verskuif, kan dit daarna in 'n gemeentevergadering aan die gemeente gekommunikeer word. Deurlopende, deeglike kommunikasie is belangrik en genoeg tyd is nodig om die proses by lidmate te laat insink. Gun die proses 'n tydperk van ontvriesing en motivering en moenie dit ryp druk nie. Dit sal goed wees as 'n gekose kommissie tydens groepshuisbesoeke met gemeentelede praat om sodoende die druk van die predikant af te haal. Gemeentelede aanvaar dan eienaarskap van die projek en sodoende is dit nie slegs enkele lede van die gemeente of die predikant se projek nie. Ruim veral tyd in om individuele gesprekke met ontevrede lidmate te voer. Dit is insiggewend en dus raadsaam om die lae koste-aspek in die beplanning van so 'n kerksentrum uit te wys. Die roeping wat die gemeente as God se kinders veronderstel is om uit te leef en wat dit alles behels, word ook duidelik aan die gemeente voorgehou.

Indien die proses aanvaar word, sal dit raadsaam wees om vanuit gemeentegeledere 'n kommissie saam te stel, verkieslik nie groter as tien persone nie, om 'n ondersoek te loods na bestaande fasiliteite in die missionêre bedieningsarea wat gebruik kan word as kerkfasiliteite.

## 7.3.1 Keuse van Fasiliteit

Wanneer die gemeente eienaarskap aanvaar van die idee om nie 'n eie kerkgebou te besit nie, sal die volgende logiese stap wees, om na 'n geskikte gebou te soek wat die gemeente sal kan akkommodeer. Die dryf in die soeke na 'n kerkfasiliteit moet funksioneel, eenvoudig en bekostigbaar wees. Die voorkeuropsie is om 'n gebou te

soek wat die gemeente kan huur en nie leen nie. Die skrywer verkies dié opsie, aangesien daar dan kontraktuele ooreenkomste aangegaan kan word in terme van die gebruik van die fasiliteit, strukturele veranderinge om die binnekant van die gebou erediensvriendelik te maak en die tydperk van gebruik vasgestel kan word. Dit beskerm die gemeente ook ten opsigte van finansiële uitgawes wat aangegaan mag word om die gebou in te rig, die huur – die eskalasie daarvan – en die verantwoordelikheid van elke party tydens die ooreenkoms. ***Bylaag B*** is 'n voorbeeld van sodanige verhuringsooreenkoms wat as proforma gebruik kan word indien 'n eie verhuringsooreenkoms opgestel word.

Die soeke na die geskikte gebou om te huur maak verskeie opsies aanvaarbaar: Gemeenskapsentrums, gimnasiums, teaters of enige ander geskikte ruimte. Die keuse van gemeenskapsentrums, gimnasiums en teaters is egter nie die voorkeur opsie nie, aangesien dié lokale uiters beperk en moeilik bekombaar is. Wat wel belangrik is, wanneer daar na 'n geskikte gebou gesoek word, is dat die gebou multifunksioneel aangewend kan word. 'n Gebou met 'n plat oppervlakte en verskuifbare stoele bly die beste keuse, aangesien dit vir erediensdoeleindes, as kerksaal en vir opvoerings gebruik kan word. Die erediensarea se kapasiteit kan ook met tot 20% verhoog word deur losstaande, verskuifbare stoele te gebruik. Dit bied ook die opsie om 'n erediensarea te skep wat gemaklik vol of gemaklik leeg kan wees met die kreatiewe plaas van stoele. Indien 'n verhoog beskikbaar is, nog beter. Hoe meer divers 'n spasie gebruik kan word, hoe beter vir die gemeente. Dit maak ook toekomstige beplanning rondom die fasiliteit makliker, aangesien die spasies vloeibaar in gebruik is. Daar kan vooraf bepaal word, watter areas deur hoeveel persone gebruik gaan word. Die opstel van die gemeenteprofiel wat tydens die gemeentebouproses plaasgevind het, sal 'n goeie aanduiding wees van die ratio wat benodig word ten opsigte van elke gebruiksarea. Hou deeglik rekening met die behoefte in kapasiteit van elke gebruiksarea voordat daar ooreengekom word, om 'n bepaalde fasiliteit te huur. In die soeke na die geskikte fasiliteit is dit nodig om die volgende vrae te vra:

a. Watter gebou bied op die langtermyn die beste missionêre ligging aan die gemeente?
b. Wat gaan die koste wees om die gebou te huur en wat is die eskalasie oor 'n bepaalde tydperk van huur?

c. Sal die gebou toekomstige groei van lidmaatgetalle kan hanteer?
d. Sal daar veranderinge aan die binnekant van die gebou aangebring moet word om dit erediensvriendelik te maak en wat gaan die koste beloop?
e. Hoe lyk die in- en uitgange van die terrein?
f. Sal die huidige parkering voldoende wees?
g. Hoe lyk die landskap en tuine?
h. Is daar vergader- en onthaalareas of spasie om die benodigde areas te skep?
i. Is daar speelgrondfasiliteite en ontspanningsareas?
j. Is daar fasiliteite vir Sondagskool en indien nie, is die gebou sodanig ingerig dat dit op die goedkoopste manier geskep kan word?
k. Sal die gebou bruikbaar kan wees om as 'n gemeenskapsentrum te dien?
l. Sal administratiewe fasiliteite ingerig kan word?
m. Is daar bergingsfasiliteite vir die gereedskap wat vir onderhoud- en tuinwerk benodig word en vir artikels wat tydens die erediens gebruik gaan word?
n. Wat gaan die toekomstige instandhoudingskoste van die fasiliteit wees?

Die beste opsie van keuse in die Suid-Afrikaanse milieu is 'n skool se saal en verwante klaskamers. Die rede is dat 'n skoolsaal baie divers aangewend kan word, aangesien dit oor 'n verhoog beskik en verder 'n plat oppervlak met verskuifbare stoele is. 'n Verdere rede is dat die grootte van skole en die ruimte van geboue, wat die skoolsaal insluit, eers na 'n deeglike omgewingstudie beplan word en 'n toekomstige groeitendens inreken. Indien 'n gemeente dan 'n bepaalde gebied as bedieningsarea identifiseer, sal die skoolsaal se grootte, die omgewing se mense gewoonlik kan akkommodeer. In 'n beleidsdokument van die Kabinet van Suid-Afrika het die huidige minister van Onderwys, Me. Naledi Pandor, dit gestel dat een van die doelwitte van die Departement van Onderwys is, om die skole so te ontwikkel dat dit as gemeenskapsentrums kan dien. Sy nooi instansies, soos onder andere die kerke uit om in die ontwikkeling daarvan saam te werk (Kabinet 2005:10). Dit maak die keuse van ’n skoolsaal net soveel gunstiger. Ander redes wat die keuse van 'n skoolsaal net soveel gunstiger maak is die volgende:

### *i Ligging*

Dit is belangrik dat mense in die direkte omgewing van die kerkkompleks, so dikwels moontlik in hul daaglikse omgang bewus gemaak en blootgestel word aan die kerk. 'n Skoolsaal is ideaal, omrede veral jonger potensiële lidmate hulle kinders by die skool besorg en sodoende op gereelde basis aan die kerk blootgestel word. Daaglikse blootstelling is maksimaal, selfs meer as met kerkgeboue wat deur 'n gemeente besit word. Wat egter noodsaaklik is, is leesbare aankondigingsborde en/of elektroniese borde by die ingang van die skool om die kerk se werksaamhede te promoveer. Om in die skool se nuusblad te adverteer en ouers bewus te maak dat die kerk op die skoolgronde is, is 'n verdere opsie. Die keuse van die skoolsaal maak die aanbieding van jeugaksies net soveel makliker omdat kinders nie van die skoolterrein verwyder hoef te word nie.

### *ii Toeganklikheid*

Die toegange en uitgange van die perseel behoort van so 'n aard te wees, dat mense en motors maklik daardeur kan beweeg. Die meeste skole se toegange is so ontwerp en gebou om veelvuldige vloei van mense en motors te akkommodeer.

### *iii Parkering*

Parkering is een van die mees bepalende faktore in 'n gemeente se betrokkenheid (vgl. Callahan 1983:86). Daar is 'n direkte korrelasie tussen beskikbare parkering en die betrokkenheid van die gemeente. Die meeste skole se parkeerareas by die saalkompleks is sodanig ontwerp dat dit die saalkapasiteit-parkering ratio in berekening bring. Die hoeveelheid lidmate wat die saal sal kan akkommodeer behoort dus binne die skoolterrein in die parkering verdiskonteer te word. In die huidige Suid-Afrikaanse omstandighede – motorkapings en motordiefstal – is veral veilige, toegangsbeheerde en omheinde parkering byna ononderhandelbaar. Erediensgangers is net soveel meer geneë om eredienste by te woon, indien hulle weet dat hulle motors veilig is en hulle nie onnodig blootgestel word aan gevare met aankoms en vertrek vanaf die perseel nie. Die meeste skole, in die huidige Suid-Afrikaanse omstandighede, is baie goed beveilig. Parkering op sypaadjies en oop,

verlate persele, word dus vermy. Oor die algemeen het skole, met die veiligheidsituasie in gedagte, die skoolgronde goed beveilig en sekuriteitspersoneel is meesal ook 24 uur per dag aan diens. Die meeste skole het ook gerieflike parkering – geteer, geplavei of met goed versorgde grasperke.

***iv Geboue en Terrein***

Wat die keuse van 'n skoolsaal veral gunstig maak is die onmiddellike beskikbaarheid van die volgende:

a. 'n Skoolsaal wat multifunksioneel aangewend kan word.
b. 'n Kombuis – die meeste skoolsale is beplan met naby geleë kombuise om tydens funksies te gebruik.
c. Toilette – die toilette is gewoonlik beplan om die saalkapasiteit te diens.
d. Goedversorgde landskap en tuine, wat op die koste van die skool onderhou word.
e. Genoeg klaskamers vir kategese om al die ouderdomsgroepe te akkommodeer.
f. Speelgrondfasiliteite, rekreasiefasiliteite, bergingsfasiliteite en musiekareas.

## 7.3.2 Inrigting van Gebou

Die huur van geboue veronderstel dat daar bepaalde veranderinge aangebring sal word om dit erediensvriendelik te maak (vgl. Callahan 1995:66). Die gebou word so ingerig dat dit nie 'n idee van smerigheid, afgeleefdheid en slordigheid weerspieël nie (vgl. Callahan 1993:97; Bowman & Hall 2000:73). In die beplanning om die gebou te omskep om die interieur 'n kerklike atmosfeer te gee sal dit goed wees om op die volgende te let:

***i Vloerplan***

Dit is belangrik om 'n vloerplan van die gebou wat ingerig gaan word, te verkry. Sodoende kan die nodige beplanning gedoen word aangaande die uitleg en ook watter areas potensieel die meeste op 'n week-tot-week basis gebruik gaan word. In oorleg met die verhuurder, kan die uitbreek van 'n enkele muur, hope spasie skep. 'n Argitek behoort goeie insig en bruikbare raad in hierdie geval te gee. Tydens die beplanning is dit belangrik om in ag te neem, dat die meeste waarde – vanuit 'n finansiële uitleg – toegevoeg word aan die areas wat die meeste gebruik gaan word. Bepaal elke bediening se behoefte en stel vas, watter verbeteringe aan 'n betrokke spasie die effektiwiteit van die bediening sal verhoog. Die erediensarea sal gevolglik die meeste aandag ontvang, aangesien dit die hartklop van die gemeente is. 'n Tweede area van belang is die bergingsfasiliteit, aangesien die gebou heel waarskynlik veeldoelig aangewend gaan word. Kosbare gebruiksartikels wat tydens die erediens gebruik word byvoorbeeld die preekstoel, klanktoerusting en orrel behoort veilig geberg te kan word. Indien daar egter nie voldoende bergingsfasiliteite beskikbaar is nie, is dit nie genoegsame rede om die projek te laat skipbreuk ly nie. Daar kan met die verhuurder of 'n ander party ooreengekom word vir beskikbare en nabygeleë bergingspasie. Artikels wat slegs jaarliks gebruik word, kan moontlik op ander veilige plekke geberg word, wat nie noodwendig naby die kerkfasiliteit geleë is nie.

***ii Beplanning***

Sodra daar sekerheid oor die fasiliteit verkry is, kan beweeg word om die gebou toepaslik vir erediensgebruik te verander. Die skrywer wil voorstel dat die dienste van 'n argitek bekom word om met die nodige omskakelings van hulp te wees. Sy kennis van omskakelings en nuutste tendense in die boubedryf is onontbeerlik. Dit word aanbeveel dat ander kundiges ook betrek word soos klank-, beligting- en elektrisiteitsingenieurs. 'n Bourekenaar en binnehuisversierder is ook onontbeerlik. Die veronderstelling is dat die geboue so verander word, dat alle bedieninge sover moontlik daarby kan baat vind, sonder dat die struktuur verander word. Die volgorde van beplanning word as volg aanbeveel:

a. In oorleg met die Finansiële Komitee en Boukommissie word 'n spesifieke bedrag wat vir die projek beskikbaar is bepaal.
b. Die bedrag word met die argitek en bourekenaar bespreek, sodat daar binne die riglyne gewerk kan word.
c. Die elektrisiteitsingenieur bepaal die elektrisiteitskapasiteit van die gebou en bereken of die kapasiteit genoeg is vir die omskakeling. Moontlike veranderinge kan lugverkoelers, verwarmers, beligting, dataprojektor, orrel en klankstelsel met luidsprekers insluit. Hy ontwerp die beligting op so 'n wyse dat die beligting tydens die erediens 'n kerklike atmosfeer kan skep.
d. Die klankingenieur bepaal die akoestiek van die gebou en identifiseer die tipe klankstelsel wat dienlik sal wees.
e. Hierna kan die binnehuisversierders betrek word om die kleurskema te bepaal. Hou sover as moontlik by kleure wat alreeds in die gebou aanwesig is. 'n Saal het dikwels alreeds gordyne en indien dit bruikbaar is, kan by die kleure ingeval word om onnodige kostes te beperk.

Dit is van uiterse belang dat die finale beplande koste van die projek aan die gemeente gekommunikeer word. Die gemeente word bewus gemaak waarvoor sy haar inlaat en of dit haalbaar is.

### 7.3.3 Die Bouprojek en Praktiese Omskakeling

Indien die gemeente die beplande projek goedkeur, kan daar met die omskakeling begin word. Dit word voorgestel dat 'n boukommissie aangestel word om die projek en finansiële uitgawes te monitor. Dit is ook nodig dat 'n projekbestuurder aangestel word om die bouwerk te laat plaasvind. Alle uitgawes word volgens kwotasie hanteer – ten minste 2 kwotasies – en die projek word aan die hand van die bourekenaar se skatting geëvalueer. Niks word aangekoop voordat dit nie eers deur die boukommissie goedgekeur is nie. Dit maak die proses deursigtig en plaas die projek bo verdenking, aangesien daar met die gemeente se fondse gewerk word. Dit word aanbeveel dat die projekbestuurder verkieslik 'n professionele persoon buite die gemeente sal wees. Lidmate vind dit moeilik om swak bouwerk of foute aan te spreek, indien die boubestuurder 'n mede-lidmaat is. Dit kan verhoudinge binne die

gemeente versuur, selfs ná die afhandeling van die projek. Indien die gemeente dit kan bekostig, word daar verkieslik nie van lidmate se professionele hulp gebruik gemaak nie.

Aalmoese van gemeentelede is nie die voorkeur opsie nie, aangesien dit tot oneindige hartseer kan lei omdat skenkings nie altyd op standaard is nie en persone seergemaak voel as dit nie gebruik word nie. Donasies van rou boumateriaal soos klip, sand en sement is wel aanvaarbaar, maar moedig eerder kontantskenkings aan.

Onthou dat goedkoop duurkoop is. Aangesien baie geld op die gebou gespaar word, kan daadwerklik gekonsentreer word op die kwaliteit van die materiaal en die toerusting van die interieur, klank, verkoeling en beligting. Dit is belangrik dat die binnekant van die gebou 'n besondere kerklike atmosfeer sal skep.

Die volgende voorstelle word gemaak vir die inrigting van die interieur van die gebou:

a. Die mure, indien dit nie by 'n kerklike atmosfeer inpas nie, kan met houtbekleding beslaan word. Dit kan ook die veelvoudige drade van die klankstelsel, orrel en dataprojektor verberg. Probeer om soveel moontlik inpropborde vir die stelsels, aan die voor-, middel- en agterkant van die gebou te installeer. Dit verseker dat die klankstelsel, orrel en dataprojektor net soveel makliker, sonder lang verlengingskoorde verskuif kan word.
b. Voorsien dat die saal se binnekant so donker moontlik gemaak kan word met behulp van ondeursigtige materiaal of gordyne – sodat die beligting kreatief benut kan word om 'n kerklike atmosfeer helder oordag te kan skep. Die gebruik van houtpanele teen die mure en gordyne kan 'n duursame kerklike atmosfeer skep.
c. 'n Saal beskik gewoonlik oor stoele en indien dit duursame, opgestopte en opvoubare stoele is kan dit met kunsleer oorgetrek word om by die kleurskema in te skakel. Kunsleer is 'n beter opsie, aangesien ander materiale makliker verweer deur herhaaldelike hardhandige hantering daarvan.

d. Bou die orrel en klankstelsel se luidsprekers so ver as moontlik in, omrede dit baie duur en sensitiewe toerusting is, wat maklik kan beskadig indien dit gedurig hanteer word.
e. 'n Dataprojektor word verkieslik permanent teen die dak geïnstalleer, aangesien dit ook baie sensitiewe toerusting is wat maklik beskadig kan word.

### 7.3.3.1 Omskakeling van Saal

Om te verhoed dat die eienaar van die gebou en die huurder se daaglikse aktiwiteite met mekaar inmeng, word die volgende voorgestel:

a. Die gebou se voorkant word as agterkant vir die kerk ingerig. Byvoorbeeld 'n saal se verhoog kan dus die agterkant van die erediensarea word en ook as 'n galery met stoele vir erediensbywoners dien. Dit kan as moederskamer dien, aangesien daar gewoonlik toegangsdeure aan 'n verhoog se agterkant is. Kinders en ouers kan dan vrylik beweeg, sonder om steurend te wees.
b. Die dataprojektor se wit skerm kan permanent afgerol wees, aangesien dit weer aan die agterkant van die saal is en dus nie opsigtelik is nie.
c. Alle bedrading van die stelsels se inpropborde word vanuit die dak, agter die houtpanele verberg.
d. Die saal en voorportaal kan deur groot, duursame houtglydeure afgeskort word, wat voor die erediens toegeskuif word. Die saal se voorportaal word dan deur die kerk as inligtingsarea benut, deurdat inligtingsborde op wiele uitgestoot word.
e. Die sydeure van die saal word dan as ingange gebruik, wat die lugversorgers of verwarmers ook meer doeltreffend laat funksioneer, omrede die deure toegehou kan word.
f. Die preekstoel op wiele word dan in die binnekant van die saal voor die houtglydeure uitgestoot en die stoele word dus na die preekstoel gedraai.

g. Indien daar na die erediens 'n opvoering plaasvind, kan die verhoog vir die spesifieke dag gereserveer word en die stoele kan dan na die erediens na die verhoog toe omgedraai word.

#### 7.3.3.2 Kerk op Wiele

Indien 'n gehuurde gebou op gereelde basis deur die eienaar gebruik word, soos byvoorbeeld 'n skoolsaal, sal dit raadsaam wees om 'n kerk op wiele in te rig om die gebou kerklik multidimensioneel te kan gebruik. Hiermee word bedoel dat die preekstoel, klankkas, doopvont of doopbad, orrel en kateder almal op goeie en multibewegingswiele geplaas word. Die orrel kan op 'n platvorm met wiele geplaas word, aangesien dit 'n duursame instrument is wat dikwels uit saamgeperste hout vervaardig word en daar nie onnodig daaraan geboor kan word nie. Dit sal dus raadsaam wees om voldoende bergingsfasiliteit met goeie sekuriteit in te rig om hierdie duursame artikels in te stoor. Dit is gerieflik indien die bergingsfasiliteit so na as moontlik aan die gebruiksarea is, aangesien groot afstande van verskuiwing die artikels kan beskadig. 'n Kerk op wiele se voordeel is dat die artikels enige plek in die gebou geplaas kan word. Om die artikels te bewaar en die optimale gebruik daarvan te verseker kan die artikels met sorg na die erediens in die bergingsfasiliteit gestoor word. Die opstel en verwydering van hierdie toerusting en artikels behoort nie langer as 15 minute te duur nie.

#### 7.3.3.3 Semi-Bestuurskantoor

Indien daar nie 'n bruikbare lokaal beskikbaar is om in 'n administratiewe kantoor te omskep nie, is dit geen rede om die projek te stuit nie. Met genoeg kreatiwiteit kan die onbenutte projektorkamer of 'n gedeelte van die verhoog in 'n administratiewe kantoor omskep word. Die administratiewe kantoor hoef nie noodwendig by die kerkgebou te wees nie. Dit kan vanuit die administratiewe beampte, skriba of predikant se huis bedryf word. Moderne tegnologie maak die moontlikheid van die opsie net soveel makliker as gevolg van rekenaars, internet, 'n eie rekenaardomein, selfone en faksmasjiene. Indien die administratiewe kantoor nie by die kerkgebou kan wees nie, is dit funksioneel om 'n klein area of afgebakende plek in te rig, waar

die nodige dokumentasie vir Sondag se gebruik beskikbaar sal wees – lidmaatskap-, debietorder-, doopvorms, kerklike tydskrifte ens. Die saal se voorportaal, wat as inligtingsarea afgeskort is, kan ook hiervoor instaan. 'n Tafel met nodige inligting kan ook op wiele uitgestoot word.

### 7.3.3.4 Kategeselokale

Kategese is 'n opdrag en behoort geakkommodeer te word. Indien daar van 'n gemeenskapsentrum gebruik gemaak word en daar nie kategeselokale beskikbaar is nie, kan goeie draagbare afskortings gebruik word om lokale in die sentrum te skep. 'n Nuttige voorstel is dat die sogenaamde *witgeluid* oor die klankstelsel gespeel word, indien al die ouderdomsgroepe in een lokaal geakkommodeer word. Woorde en klanke se geluide word in 'n direkte radius afgebreek en veroorsaak dat kinders langs mekaar in afskortings onderrig kan ontvang, sonder dat die een die ander hoor of steur. Indien klaskamers egter beskikbaar is kan met die betrokke instansie ooreengekom word om sleutels van beskikbare lokale te bekom. Indien moontlik kan 'n toesluitkas in elke beskikbare lokaal geplaas word om nodige kategesemateriaal in te berg. Dit is van belang dat die hele projek nie skipbreuk ly nie, net omdat enkele spasies te klein blyk te wees of omdat daar nie kategeselokale beskikbaar is nie. Met bietjie inisiatief kan klein spasies goed benut word, byvoorbeeld kleuters wat op 'n mat in 'n klein spasie geakkommodeer kan word. Die ingangsportaal van enige fasiliteit kan multifunksioneel met afskortings omskep word.

### 7.3.3.5 Musiekinstrument

Gemeentes, veral op die platteland, ondervind 'n tekort aan goed opgeleide orreliste. Musiekbegeleiding is egter 'n belangrike faktor om die erediens 'n vierende belewenis te maak. Die skrywer wil 'n paar voorstelle maak om dié behoefte aan te spreek, wat op die langtermyn geweldige kostes kan bespaar omdat 'n orrelis se vergoeding hierdeur bespaar word. Dit sal beteken dat die gemeente soveel meer finansiële bronne tot hul beskikking het om aan hul missionêre roeping aandag te gee. Eerstens kan 'n Allen orrel aangekoop word – indien daar 'n behoefte vir 'n orrel in die gemeente bestaan – wat met 'n stiffiedrywer kan funksioneer. Al die liedere kan

vooraf deur 'n beskikbare orrelis op stiffies opgeneem word. Die orrel se stiffiedrywer speel die klank deur die orrel, asof dit deur 'n orrelis self bespeel word. Die volume kan tydens die speel van die stiffie gestel word en ander funksiesleutels van die orrel kan ook terselfdertyd gebruik word om verskillende klanke na behoefte deur die orrel te speel. Indien 'n gemeente egter nie 'n orrel kan bekostig nie kan 'n volledige stel CD's by die NG Kerk Hoopstad aangekoop word. Dit is begeleidings CD's van die Liedboek van die Kerk waarop al die liedere in die huidige Liedboek van die Kerk opgeneem is. Dit kan deur die volgende rekenaarprogram gespeel word: Raduga of Cakewalk Audio 9. Die program kan die hoeveelheid verse wat benodig word opneem, sowel as die tempo en volume verander. 'n Derde opsie is om saam met vooraf opgeneemde CD's te sing. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die 40 Gewildste Liedjies – Liedboek van die Kerk volume I en II. Hierdie liedere is reeds met musiekbegeleiding en sangstemme opgeneem. Die enigste probleem met die opsie is dat 'n kanon binne 'n kanon gevorm word, aangesien sekere liedere herhaaldelik gesing word.

## 7.4. Slaggate

Wanneer 'n ooreenkoms met 'n buite party gesluit word vir die huur van 'n perseel, ontstaan daar outomaties slaggate tydens die duur van die ooreenkoms. Dit sal goed wees om op die volgende slaggate te let:

a. Nadat die projek afgehandel is word daar 'n gebouekommissie – die naam is slegs 'n voorstel – saamgestel vanuit die gemeente wat op gereelde grondslag met die verhuurder en/of sy verteenwoordigde kommissie vergader. Verkieslik geskied vergaderings aanvanklik op gereelde basis en daarna, sodra die meeste probleme uitgesorteer is, slegs op 'n jaarlikse interval.
b. Duidelike riglyne is van belang, oor watter artikels verwyder mag word, sou die ooreenkoms deur een van die partye opgeskort word. Artikels wat permanent ingebou is; lugverkoelers, gordyne, ligte ens. en nie maklik verwyder kan word nie behoort duidelik in die kontrak omskryf te word.

c. 'n Gemeente en die ander party is beide veronderstel om presies te weet waarvoor elkeen verantwoordelik is. Die groot gemeentebou vrae – wie, wat, wanneer en hoe – is hier van belang. Volledige omskrywende pligstate ondervang heelwat misverstande en skakel onaangenaamhede uit. Die skoonmaak van badkamers, onderhoud en herstel (soos die vervanging van gloeilampies) en die aankoop van skoonmaakmiddels en toiletbenodigdhede kan heelwat konflik veroorsaak indien dit nie in pligstate gespesifiseer word nie.

d. Die pligtstaat van die koster of persoon wat opsig oor die fasiliteit hou, word verkieslik deur beide partye goedgekeur en gespesifiseer: byvoorbeeld wie vir watter vergoeding verantwoordelik is en wie wat gaan skoonmaak of laat skoonmaak.

e. Duidelikheid word verkry oor watter party die fasiliteit die meeste gaan benut – insetkoste versus gebruikstyd – veral as daar ook ballet, musiek, karate of moderne danse deur private persone aangebied word. Dit gebeur maklik dat hoë kragrekeninge die gemeente onder verdenking kan plaas, terwyl die ligte en verkoelers dikwels deur onafhanklike verbruikers aan vergeet word.

f. Sleuteldraers van die fasiliteit word noukeurig gekeur en slegs hulle mag die sleutels hanteer. Dit voorkom dat onskuldige persone verdink word as eiendom beskadig of vermis word. 'n Sleutelregister kan bygehou word, indien buite-instansies of privaat persone die gebou gebruik.

g. Toekomstige uitbreidings word bespreek en duidelik gestipuleer. 'n Gemeente kan goedgunstiglik so 'n helpende hand na die verhuurder uitreik, dat 'n klomp ander verbouings en verbeterings rondom die kompleks later as vanselfsprekend aanvaar word. Die verhuurder kan vir alle noodsaaklikhede skouers optrek en die gemeente daarvoor verantwoordelik hou. Mede-aanspreeklikheid vir alle toekomstige projekte wat in belang van die gemeente en die verhuurder is, word op skrif gestel, na deeglike onderhandeling.

h. Beide partye behoort oor genoegsame, afsonderlike en private ruimtes te beskik, waarin essensiële artikels geberg kan word. Die een party het slegs met toestemming toegang tot die ander party se bergingsruimte. Die oor-

en-weer gebruik van artikels kan lei tot ernstige skade of diefstal, wat goeie verhoudinge kan vertroebel.

i. Gereelde, sinvolle gesprekke tussen beide partye is van belang, sodat die kommunikasie en onderlinge reëlings glad sal verloop. Die fasiliteit kan vanuit een sentrale kantoor bespreek en gereguleer word met 'n besprekingsregister – dit geld vir alle besprekings: kerk en buite-instansies. Elke bespreking of verandering, hoe gering ook al, word aan die ander partye deurgegee.

## 7.5. Moontlikhede van die Projek

Hierdie projek bied 'n legio van moontlikhede waarop kostes bespaar word. Moontlikhede wat ook in gedagte gehou kan word, wanneer 'n huurooreenkoms opgestel word:

### *i Huur*

Die huur kan vasgestel word met 'n persentasie eskalasie elke jaar teen 'n vaste koers – dit sluit die water en ligte in. Onderhandel die eskalasie so laag as moontlik. Die buitensporige eskalasie van water en ligte wat as gevolg van inflasie mag ontstaan, het derhalwe daarna geen invloed op die huurder (gemeente) nie.

### *ii Instandhouding van Geboue en Tuine*

Die instandhouding van geboue en tuine is gewoonlik die verhuurder se verantwoordelikheid. Onderhandel dat die verhuurder duidelikheid het oor sy verantwoordelikheid. Assuransie van die gebou is ook gewoonlik die verhuurder se verantwoordelikheid. Die artikels wat tydens die erediens gebruik word is die gemeente se verantwoordelikheid en word deur hulle verseker. Sodoende bespaar die gemeente baie kostes, omdat eksterieure onderhoud- en assuransiekoste vir die rekening van die verhuurder is.

### *iii Belastings*

Die gemeente het 'n geweldige besparing op eiendomsbelasting, aangesien dit by die huurbedrag ingesluit is. 'n Belangrike saak waarop die aandag gevestig word, is belasting op eiendomme en geboue. Die nuwe wet op grondbelasting het op 15 Mei 2004 in werking getree. Die ou wet het net voorsiening gemaak vir belasting op grond, terwyl die nuwe wet ook die verbeteringe wat aangebring is, dit wil sê geboue, kan belas. In die vorige wetgewing was kerke en kerkgronde spesifiek vrygestel van enige grondbelasting. Die nuwe wet verwys egter nie na enige spesifieke vrystellings nie. Artikel 14 van die nuwe wet maak voorsiening dat ’n plaaslike regering of munisipaliteit ’n groep grondeienaars, spesifieke eiendomme of 'n spesifieke kategorie van eienaars kan vrystel van grondbelasting. Die betrokke regering of munisipaliteit lê dit egter jaarliks aan sy raad voor vir goedkeuring en kennisname. Die nuwe wetgewing maak ook voorsiening daarvoor dat dit nie nodig is om elke eiendom te waardeer nie. 'n Globale waardasie kan op 'n gebied van toepassing gemaak word, ongeag die waarde van die spesifieke verbeteringe op persele. Dit kan dus beteken dat 'n gemeentelike eiendom in 'n gegoede buurt teen die algemene waardasie waardeer word, sonder dat die werklike waarde vasgestel is. Die implikasie van hierdie wet strek verder as wat 'n mens graag sou wou toegee. Gemeentes het voor 15 Mei 2004, geen grondbelasting op enige van hulle eiendomme betaal nie. Vanaf 15 Mei 2004 is alle eiendomme onderworpe aan eiendomsbelasting. Die wet maak nie voorsiening daarvoor dat aansoek gedoen kan word vir die vrystelling of waardevermindering nie. 'n Grondeienaar mag wel die waardasie van sy eiendom bevraagteken en ’n beswaar indien – die implikasies hiervan is legio. Indien 'n gemeente se geboue met net 1% belas word, beteken dit dat 'n gemeente op 'n eiendom met 'n waarde van R1 miljoen, maandeliks 'n bedrag van R10 000 sal betaal (vgl. Agenda AKV 2004:489-499).

Bogenoemde impliseer 'n donker prentjie vir gemeentes, wat groot en duur kerkgeboue het en/of wil oprig, dit maandeliks moet onderhou en die skuldlas moet aflos. Wanneer 'n gemeente egter huur is sy vrygestel van sodanige belasting en indien die verhuringsbedrag vasgestel is per huurooreenkoms kan dit nie addisioneel verhaal word nie. Indien die verhuurder die staat is – skoolsaal – sal die staat homself nie belas nie en kan die gemeente dit vryspring.

***iv Grondeise en Ontvolking***

Grondeise is iets waaraan baie gemeentes deesdae blootgestel word. Eerstens is daar die gevaar dat 'n gemeente se kerkgebou op grond opgerig is, wat voorheen onteïen is en kan die grond in 'n grondeisgeding opgeëis word. Indien die gebou gehuur word, het dit geen invloed op die gemeente as sulks nie. Tweedens kan 'n gemeente se bedieningsarea ontvolk, veral in die platteland, as gevolg van die grondeise op plase. Demografiese verskuiwings binne Suid-Afrika, veroorsaak dat gemeentes heelwat lidmate verloor en ekonomies en finansieel in die warmwater beland – standplase word opgehef, gemeentes smelt saam of hou op om te bestaan en finansiële verpligtinge op uitstaande skuld kan nie gediens word nie, weens ontvolking van gebiede (vgl. Dreyer 2002:1). Dit maak dat 'n permanente kerkgebou later kan leegstaan en indien 'n gemeente skuld daarop het, kan dit slegte reperkussies vir 'n gemeente tot gevolg hê. Indien 'n gebou gehuur word, kan dit geen invloed hê nie. Die huurooreenkoms vermeld duidelik dat die gemeente vrygeskeld word van enige verantwoordelikhede rondom die huur, indien die standplaas opgehef word.

## 7.6. Voordele van die Projek

Die werklike waarde van dié alternatiewe manier van bou kan eers bepaal word nadat die voordele van die projek onder oë geneem is:

a. Die gemeentebouproses word afgehandel en daarna word die fasiliteite rondom die missie van die gemeente geskep. 'n Missiegedrewe kerkgebou kan dus realiseer.
b. Die gemeente se fokus bly op sy missie en nie op die gebou nie. Die gemeentelede se energie vloei na die missie en laat die gemeente nie momentum verloor nie.
c. 'n Gebou kan geskep word wat in diens van die gemeente se roeping staan.
d. Dit voorkom dat die gemeente die gebou as sakraal bejeën, aangesien dit 'n gewone gebou is en nie 'n tempel wat uitsluitlik as 'n woonplek vir God opgerig is nie.

e. Die Bybelse Ideaal oor kerkgeboue word verwesentlik.

f. 'n Gemeente hoef nie 'n duur en uitspattige kerkgebou te besit nie en gemeente-wees kan nog steeds realiseer, selfs sonder 'n kerkgebou.

g. Die gebou kan deur die kerk en die gemeenskap gedeel word.

h. ’n Perseel wat uitstekend in ligging is word bekom, al is daar nie vir die gemeente eienaarskap ter sprake nie. 'n Skool se ligging is ideaal vir blootstelling aan kinders, jong ouers en grootouers. Daaglikse blootstelling is maksimaal, selfs meer as met kerkgeboue wat deur ’n gemeente besit word.

i. 'n Perseel word bekom waar toeganklikheid gunstig is, met voldoende goed beplande parkering.

j. Die volgende fasiliteite is onmiddellik beskikbaar: 'n toegeruste kombuis – beplan volgens saalkapasiteit; gevestigde landskap en tuine; geskikte vergader- en onthaalareas; veilige speelgrondfasiliteite; rekreasiefasiliteite; kerksaal met stoele; kategeselokale; administratiewe fasiliteite; kleedkamers – volgens saalkapasiteit; bergingsfasiliteite; asook areas vir uitvoerende kuns.

k. ’n Fasiliteit word bekom wat die gemeenteprofiel in balans laat funksioneer, volgens elke groep se behoefte.

l. Fasiliteite word tot die maksimum benut en onnodige oprigting van geboue wat weke en selfs maande leegstaan of onderbenut word, vind nie meer plaas nie.

m. Veranderinge aan die struktuur van 'n gehuurde gebou kan aangebring word om die gebou erediensvriendelik te maak. 'n Duursame interieur kan geskep word wat nog steeds bekostigbaar is, aangesien die strukture en meublement reeds beskikbaar is.

n. 'n Saalopset leen hom uitstekend daartoe om erediensruimtes te skep, wat gemaklik vol en gemaklik leeg kan wees, deur van verskuifbare stoele en afskortings gebruik te maak. Die saal se gordyne kan oop- of toegemaak word om die erediensarea se grootte aan te pas.

o. 'n Gemeente kan 'n kerk op wiele wees met: orrel, preekstoel, kateder, klankkas en doopvont of doopbad op wiele.

p. Die projek is koste effektief. Daar is nie nog so 'n missionêre kerkgebou-model, met al dié beskikbare fasiliteite wat so goedkoop is nie. 'n

Volledige kerkgebou kan in 'n baie kort tydperk deur 'n relatief arm gemeente bekostig word, sonder om enige skuld te maak.

q. 'n Gebou kan met relatief min finansiële uitleg omskep word sonder dat dit slordig, smerig en vervalle lyk.

r. Die kerkgebou en erediensarea kan multifunksioneel aangewend word en het ’n plat erediensarea met verskuifbare stoele.

s. Die gemeente is dus in 'n gunstige posisie om die kwadrantmodel te kan handhaaf.

## 7.7. Samevatting

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het nog altyd na haarself verwys as 'n belydende Kerk en nie as 'n belydenis Kerk nie. In die Kerk gaan dit nie oor die proklamering van dogmatiese waarhede – wat vir tyd en ewigheid geld nie – maar om mense te bring tot ’n eksistensiële belydenis van hulle geloof in God. Dat die Kerk deur geloof, gebed en onder leiding van die Heilige Gees, hermeneuties poog om God se Woord vir vandag opnuut te hoor en te vertolk. Dit beteken nie dat die belydenisse van die Kerk geïgnoreer behoort te word nie, inteendeel, dit is onontbeerlik. Ons is nie die eerste mense, wat ons geloof in God bely nie. Daar is 'n skare van gelowiges, wat deur die eeue heen hulle geloof in God bely het. Hulle belydenisse help ons, bied ’n identiteit en verwysingsraamwerk, waarbinne ons opnuut saam met hulle kan bely, maar dit mag nooit verword tot ’n dogma waarbinne God vir alle tye in menslike, teologiese konstruksies vasgevang word nie. Ons kan nie deur teologiese konstruksies mure om die Allerhoogste God bou en Hom in ons denksisteme probeer beperk nie. Die Reformatoriese uitgangspunt van die Bybel as *normerende norm* en die belydenis as *genormeerde norm,* plaas die verantwoordelikheid op ons om telkens na die Bron terug te keer, en binne elke nuwe konteks weer vars en lewensgetrou ons geloof te bely (vgl. Dreyer 2004:6,8). “To each generation, to each congregation, God gives words of vision to provide a fresh, personal sense of purpose and a direction for ministry” (Richards & Martin 1981:165). Dit vra van die Kerk om voortdurend nuut oor haarself te dink en plaas in die besonder 'n verantwoordelikheid op die Kerk om telkens weer, binne haar eksistensiële verstaan van God, hermeneuties

nuut te dink oor die inrigting van haar kerkgeboue, binne haar missionêre- en dissipelskapsroeping.

Hierdie studie is ’n poging om die Kerk nuut te laat dink oor sy missionêre roeping en verantwoordelikheid voor God. Om haar kerkgeboue nie te sien as ’n doel opsigself nie, maar as 'n middel tot 'n doel. Dit is ’n poging om riglyne vir die praktyk te skep, om op die wêreld, hul nood en behoeftes te fokus en nie op geboue en die oprigting en instandhouding daarvan nie. Dit is 'n poging om 'n missionêre kerkgebou-model voor te lê om in die Kerk as werkbare riglyne te gebruik.

Die Kerk het in 'n besondere tyd in die geskiedenis van Suid-Afrika gearriveer, waarin baie lidmate onsekerhede beleef. Die Kerk se werk is veronderstel om sterker as ooit voort te gaan en binne hierdie spesifieke opset is hierdie riglyne duidelik van toepassing. Die Kerk leef in 'n tyd van geleenthede en gemeentebou gaan oor diens, dissipelskap en om die wêreld rondom die Kerk te verander. Daar is vir te lank duursame kerkgeboue opgerig om net vir 2 ure op 'n Sondag te gebruik. “Regrettably, some congregations have more space and facilities than they need and the maintenance of the building ends up being their primary mission” (Watson 1981:47). Elke gemeente het egter ’n kerkhouplek nodig om bepaalde liturgiese elemente te beleef en om binne ’n kerklike atmosfeer in verhouding met God te staan. Hierdie riglyne bring 'n nuwe visie op kerkgeboue. Dit bring hoop vir gemeentes om missionêr te funksioneer en tog ook ’n kerkhouplek te hê en die Bybelse Ideaal te verwesenlik.

**1 Samuel 7:12**

Tot hiertoe het die Here my gehelp!

# Bylaag A

## Empiriese Toetsing

## Vraelys

# Vraelys

## Opmerkings

- **Vul asseblief die vraelys so volledig as moontlik in.**
- **Die vraelys moet verkieslik deur die skriba en/of die kassier beantwoord word en nie deur die predikant/e nie.**
- **Die Ja/Nee antwoorde kan beantwoord word deur die toepaslike antwoord te kleur met die *Font color (Auto)* - enige ander kleur as swart - wat op Word se *Toolbar* aangedui word as A of u kan die hele blokkie van die antwoord wat u kies inkleur met *Highlight*, wat aangedui word met 'n *kwassie* net langs die A , op die *Toolbar.***
- **Die gedeeltes, waar u 'n verklaring of opmerking moet skryf, kan net ingetik word.**
- **Dit mag voorkom of sommige van die vrae 'n herhaling is, antwoord dit asseblief, want daar is bepaalde redes hoekom dit so opgestel is.**
- **Wees asseblief eerlik in u antwoorde, aangesien die toetsing nie die voortreflikheid van u gemeente wil meet nie, maar eerder 'n tendens in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wil navors. Alle antwoordstelle sal derhalwe deur die Administrateur van die Kerk, mnr Kobus Viljoen gekontroleer word, ten einde 'n getroue weergawe te verseker.**

## Begrippe

| | |
|---|---|
| Lidmate | Almal wat belydenis van geloof afgelê het. |
| Ledemate | Almal in die gemeente, kinders ingesluit. |
| Kerkbou | Oprigting van die fisiese gebou. |
| Gemeentebou | Opbou van die gemeente se geloofslewe om as dissipels missionêr uit te reik. |
| Gemeente | Almal wat aan dieselfde geloofsgemeenskap behoort, met ander woorde, al die ledemate in u gemeente. |
| Gemeenskap | Almal wat nie ledemate van u gemeente is nie, maar in die direkte radius van u gemeente woon. Dit sluit alle bevolkingsgroepe in. |
| Kerkgebou | Waar die erediens plaasvind. |
| Kerkkompleks | Al die geboue, die kerkgebou ingesluit. |

# 2. Gemeenskapgerigtheid

*Vraag 2.1*

| | | |
|---|---|---|
| Is die kerkgebou so beplan en ingerig om gebruikersvriendelik te wees vir die hele gemeenskap? | Ja | Nee |
| Is die kerkgebou uitsluitlik ingerig vir eie gemeentelike behoeftes? | Ja | Nee |
| Motiveer u antwoord: | | |

**Vraag 2.2**

| | | |
|---|---|---|
| Gebruik die gemeenskap – lidmate uitgesluit – die kerkkompleks? | Ja | Nee |
| Indien wel, waarvoor? | 1. | |
| | 2. | |
| | 3. | |
| | 4. | |
| | 5. | |
| Hoeveel ure per week gebruik die gemeenskap u kerkkompleks? | | |

**Vraag 2.3**

| | | |
|---|---|---|
| Is die gemeenskap daarvan bewus, dat die kerkkompleks tot beskikking vir hul gebruik is? | **Ja** | **Nee** |
| Indien ja, hoe word dit aan die gemeenskap gekommunikeer? | | |

**Vraag 2.4**

| | | |
|---|---|---|
| Is daar ʼn behoefte in u gemeente om u gebouekompleks so te verander, dat dit toeganklik vir die gemeenskap se behoeftes kan wees? | **Ja** | **Nee** |
| Indien wel, wat het u in gedagte? | | |

**Vraag 2.5**

| | | |
|---|---|---|
| Het u ŉ professionele behoeftebepaling van die gemeenskap in u omgewing laat doen, om die gemeenskap se behoeftes ten opsigte van ŉ kerkkompleks te identifiseer, voordat u, u kerkgebou opgerig het? | **Ja** | **Nee** |
| Indien ja, deur wie? | | |
| Indien ja, hoeveel van die behoeftes is in gedagte gehou in die bespreking en beplanning van u kerkkompleks? Noem dit: | | |

**Vraag 2.6**

| | | |
|---|---|---|
| Wie was die belangrikste in die beplanning van u kerkkompleks? (*Merk toepaslike blok*) | Gemeente | Gemeenskap |

**Vraag 2.7**

| | | |
|---|---|---|
| Wat was u eerste prioriteit as gemeente? (*Merk toepaslike blok*) | **Bou eers kerk** | **Dien die gemeenskap** |

**Vraag 2.8**

| | |
|---|---|
| Het u kort- en/of langtermyndoelwitte om u kerkkompleks toeganklik te maak vir gebruik, deur u omliggende gemeenskap? (*Dui u antwoord met ŉ kruisie in die teenoorstaande blokkie aan*) | |
| Geen | |
| Korttermyndoelwitte | |
| Langtermyndoelwitte | |
| Indien wel, noem en motiveer u doelwitte: | |

# 3. Kerkkompleks

*Vraag 3.1*

| | | |
|---|---|---|
| Is u kerkkompleks 'n nuwe gebou in 'n nuut gestigte gemeente? | **Ja** | **Nee** |
| Het u kerkkompleks 'n reeds bestaande kompleks vervang? | **Ja** | **Nee** |
| Indien dit 'n vervanging is, waarom het die vorige kerkkompleks uitgedien geraak? | | |
| Hoeveel ledemate kon die vorige kerkgebou akkommodeer? | | |

**Vraag 3.2**

| | | |
|---|---|---|
| Dink u die styl, vorm en duursaamheid van u kerkkompleks pas in by die omgewing se woonhuise? | **Ja** | **Nee** |
| Staan die kerkkompleks uit as 'n duursame gebou teenoor ander geboue in die omgewing? | **Ja** | **Nee** |

**Vraag 3.3**

| | | |
|---|---|---|
| Was dit enigsins by u 'n oorweging om nie kerk te bou nie? | **Ja** | **Nee** |
| Is dit ooit in u beplanning oorweeg om eerder op 'n permanente basis 'n skoolsaal, teater of ander geskikte ruimte te gebruik as 'n plek om kerk te hou? | **Ja** | **Nee** |
| Is daar 'n alternatiewe gebou, plan of kompleks oorweeg in die beplanning van u huidige kerkkompleks? | **Ja** | **Nee** |

| | | |
|---|---|---|
| Waarom is daarteen besluit?<br>***Merk die korrekte keuse(s)*** | Dit is onprakties | |
| | Gemeente wou eie kerkkompleks besit | |
| | God moet in 'n ordentlike gebou gedien word | |
| | Gemeente wil nie 'n gebou deel, wat in die week vir ander aktiwiteite gebruik word nie | |
| | Dit is tradisie om God in 'n spesiale gebou te aanbid | |
| | Om 'n gebou te besit gee aan 'n gemeente identiteit | |
| Ander rede? | | |

**Vraag 3.4**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoeveel ure per week word die kerkkompleks benut? | | | | | | | |
| Dui die aantal dae per week aan wat die gebou in gebruik is. | Slegs Sondag | **2 dae** | 3 dae | **4 dae** | 5 dae | 6 dae | 7 dae |

**Vraag 3.5**

| | | |
|---|---|---|
| Is toekomstige groeipatrone in u gemeente se radius bepaal? | **Ja** | **Nee** |

**Vraag 3.6**

| | |
|---|---|
| Hoeveel ledemate kan u kerkgebou huisves? | |

**Vraag 3.7**

| | | |
|---|---|---|
| Is u kerk ontwerp met vaste banke, 'n vaste preekstoel, 'n liturgiese area of is dit net 'n dop, waarin alles rondgeskuif kan word?<br>Ja = Vaste banke, preekstoel en liturgiese ruimte<br>Nee = Los dop, waarin alles kan rondskuif | **Ja** | **Nee** |

**Vraag 3.8**

| | | |
|---|---|---|
| Is die gebou vir u 'n huis van God, waarin God sy inwoning kan vind? | **Ja** | **Nee** |

**Vraag 3.9**

| | | |
|---|---|---|
| Is dit vir u belangrik, dat u kerksentrum esteties mooi moet wees? | **Ja** | **Nee** |
| Dink u dit is belangrik dat God trots en bly moet wees, op die kerkgebou, wat sy kinders vir Hom gebou het? | **Ja** | **Nee** |
| Waarom voel u so? | | |

**Vraag 3.10**

| Vir hoeveel ure per week word elke vertrek in die kerkkompleks naastenby gebruik? | | | |
|---|---|---|---|
| **Vertrek in Kerkkompleks** | *Kerklike* **Aktiwiteite** | **Ander Aktiwiteite** | **Tyd** |
| Kategeselokale | | | |
| Kerkgebou | | | |
| Administrasiegeboue | | | |
| Kerksaal | | | |
| Gimnasium | | | |
| Kerkterrein | | | |
| Ander (*Noem*) | | | |
| Ander (*Noem*) | | | |

**Vraag 3.11**

| Waarom is die nuwe kerkkompleks opgerig?<br>**(***U kan slegs 1 antwoord merk of almal***)** | **Merk met kruis** |
|---|---|
| 'n Nuwe gebou sal meer lidmate na die kerk lok | |
| Lidmate sal meer gemotiveerd uitreik, vanuit 'n nuwe kerkgebou, waarop hul trots kan wees | |
| 'n Nuwe gebou sal 'n gunstiger atmosfeer skep vir die belewenis van die erediens | |
| Die gemeente wil 'n huis vir God bou, derhalwe is net die beste goed genoeg vir God | |
| Die gemeente sal gemotiveerd wees om groter en meer offergawes te gee | |
| Die gemeente sal in 'n gemeenskaplike doel verenig wees | |
| Dit sal ons gemeente in die gemeenskap laat uitstaan, as 'n gemeente wat vooruitgaan en goed funksioneer | |
| Ander rede? | |

# 4. Finansies

**Vraag 4.1**

| Was die kerkgebou/kerkkompleks kontant of op skuld gebou? | **Kontant** | **Skuld** |
|---|---|---|
| Wat was die leningsbedrag? | | |
| Wat is/was u paaiement per maand? | | |
| Hoe lank is die beoogde afbetalingstydperk? | | |

**Vraag 4.2**

| Hoeveel geld word jaarliks op onderhoud en herstel van die gebou spandeer? | |
|---|---|

**Vraag 4.3**

| **Hoeveel geld is per maand beskikbaar vir:** | |
|---|---|
| Sending | |
| Evangelisasie | |
| Plaaslike uitreikingsaksies | |

**Vraag 4.4**

| Hoeveel gemeentelede word maandeliks finansieel binne gemeenteverband gehelp? | |
|---|---|
| Noem die totale bedrag: | |

**Vraag 4.5**

| Hoeveel persone word maandeliks buite die gemeente, in u direkte gemeenskap, gehelp? | |
|---|---|
| Noem die totale bedrag: | |

**Vraag 4.6**

| Hoeveel geld is aan gemeentebou-, gemeente ontwikkeling- of gemeentegroeiprojekte gespandeer in u gemeente se afgelope verslagjaar? | |
|---|---|

**Vraag 4.7**

| Hang die afbetaling van u kerkgebou af van toekomstige groei in getalle? | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|

**Vraag 4.8**

| | |
|---|---|
| Hoeveel voltydse betaalde poste het u gemeente? (*Predikant, administratiewe beampte, tuinwerkers, koster, maatskaplike werker. Almal wat vergoeding by die gemeente ontvang vir dienste gelewer*) | |
| Hoeveel is dit van u totale maandelikse uitgawes? | % |

**Vraag 4.9**

| | | |
|---|---|---|
| Is die offergawes voldoende om die kerkkompleks se skuld en rente te delg of is ekstra projekte nodig om die las te verlig? | **Ja** | **Nee** |
| Noem die projekte: | | |
| Hoeveel fondse word jaarliks hierdeur gegenereer? (*Uitgedruk as 'n persentasie van die totale uitgawes)* | **%** | |

**Vraag 4.10**

| | | |
|---|---|---|
| Het die offergawes gestyg/vermeerder per lidmaat, nadat die kerkgebou voltooi is? | **Ja** | **Nee** |

**Vraag 4.11**

| | |
|---|---|
| Indien u kerkkompleks reeds afbetaal is: | |
| Hoeveel maande het dit geneem om af te betaal? | |
| Wat was die totale bedrag wat afbetaal is? (*Ook ander geboue wat later opgerig is*) | |
| Wat was die bedrag wat aan rente spandeer is, oor die tydperk? | |

**Vraag 4.12**

Hoeveel van u totale uitgawes word per maand aan die volgende spandeer *(In persentasie uitgedruk)*

| **Item** | **Persentasie** |
|---|---|
| Alle salarisse sowel as die predikant se traktement | |
| Onderhoud van geboue | |
| Skuldlas op geboue | |
| Sending en Evangelisasie | |
| Plaaslike uitreikaksies (bv. Sopkombuis) | |
| Maatskaplike hulp en bystand binne gemeente | |
| Maatskaplike hulp en bystand buite gemeente | |

**Vraag 4.13**

| | | |
|---|---|---|
| Is u jaarlikse begroting voldoende? | **Ja** | **Nee** |
| Indien nie, in persentasie uitgedruk, hoeveel is u onder of bo die begroting? | % | |

**Vraag 4.14**

| | |
|---|---|
| Teen watter bedrag is die kerkgebou opgerig ? | |
| Wat is u kerkkompleks se huidige waardasie? | |

**Vraag 4.15**

| | | |
|---|---|---|
| In die finansiële beplanning van die kerkkompleks, was die gevoel dat die bedrag ***geleen*** kan word, omdat God self sy kerk in stand sal hou en sal sorg dat die bedrag afbetaal sal word? | **Ja** | **Nee** |

**Vraag 4.16**

| | | |
|---|---|---|
| Dink u, u kerkgebou is werklik 'n Tempel van God? | **Ja** | **Nee** |
| **Indien wel, motiveer** | | |

# Bylaag B

## Huurooreenkoms

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Huurooreenkoms

**MEMORANDUM VAN OOREENKOMS SOOS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:**

**Die Bestuursliggaam van *VERHURINGSINSTANSIE SE NAAM***

(Hierin verteenwoordig deur ***persoon se naam***, in sy hoedanigheid as Voorsitter van die Bestuursliggaam, behoorlik daartoe gemagtig).

(Hierna genoem die **VERHUURDER**)

Van: Fisiese Adres van Verhuurder

EN

**DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE GEMEENTE *GEMEENTE SE NAAM***

(Hierin verteenwoordig deur ***persoon se naam**,* behoorlik daartoe gemagtig deur die Kerkraad van gemelde gemeente).

(Hierna genoem die **HUURDER**)

Van: Fisiese Adres van Huurder

**Nademaal** die VERHUURDER die eienaar en/of gemagtige gebruiker is van ’n perseel geleë te (***Gebou se fisiese adres***)

**EN NADEMAAL** die HUURDER bereid is om sodanige perseel te huur, onderhewig aan sekere voorwaardes;

**EN NADEMAAL** die VERHUURDER bereid is om sodanige perseel aan die HUURDER te verhuur;

**NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE AS VOLG OOREEN:**

**1. PERSEEL:**

Die VERHUURDER verhuur aan die HUURDER, wat in huur aanneem, die skoolsaal op die gronde van Laerskool (***Skool se naam en dorp***)

**2. GEBRUIK:**

2.1. Die perseel word hiermee verhuur met die uitdruklike voorwaarde dat dit slegs gebruik sal word vir sake wat verband hou met die HUURDER se aktiwiteit as kerk.

2.2. Die VERHUURDER sal eweneens geregtig wees op die gebruik van die saal vir opvoedkundige skoolaktiwiteite.

2.3. Die gesamentlike saalkoördineringskomitee, welke ingestel word kragtens hierdie ooreenkoms, en wie bestaan uit die volgende lede, naamlik:

2.3.1. Die skoolhoof van die VERHUURDER van tyd tot tyd;

2.3.2. 2 (Twee) skoolbestuurslede

2.3.3. Die HUURDER se predikant van tyd tot tyd; en

2.3.4. 2 (Twee) afgevaardigdes van die HUURDER van tyd tot tyd; sal verder geregtig wees om die saal ook te verhuur aan ander instansies, onderhewig aan die voorwaardes dat die HUURDER altyd die eerste besprekingsgeleentheid sal hê ten opsigte van elke jaar se besprekings, die VERHUURDER die opvolgende besprekingsgeleentheid, en eers daarna ander huurders.

2.4. Die partye kom ooreen dat die saal en die kombuis altyd skoon en ordelik gelaat sal word, ongeag wie dit gebruik het.

2.5. Die HUURDER sal geregtig wees op die gebruik van die

VERHUURDER se parkeringsarea. Die koster van die HUURDER sal verantwoordelik wees om die skoolterrein netjies en gesluit te laat nadat dit deur die HUURDER gebruik is.

2.6. Die partye boekstaaf beide dat die saal buite perke sal wees vir enige ongemagtigde persone.

**3. HUURTERMYN EN OPSEGGING:**

3.1. Die huurtermyn sal, nieteenstaande datum van ondertekening hiervan, geag word ’n aanvang te geneem het op DD/MM/JJJJ en sal voortbestaan vir ’n termyn van 10 (Tien) jaar minus 1 (Een) dag. Die HUURDER word verder ’n opsie verleen om die perseel te huur vir ’n verdere periode van 10 (Tien) jaar minus 1 (Een) dag, ondergewig aan dieselfde terme en voorwaardes as hierin vervat.

3.2. Hierdie huurooreenkoms sal deur die HUURDER opsegbaar wees met 6 (Ses) maande skriftelike kennisgewing.

**4. HUURGELD:**

4.1. Die huurgeld sal vanaf datum genoem in 3. hierbo, maandeliks betaalbaar wees aan die VERHUURDER te Laerskool (***skool se naam***), of te sodanige ander adres as wat die VERHUURDER van tyd tot tyd skriftelik mag bepaal.

4.2. Dit word op rekord geplaas dat die huurgeld aanvanklik ’n bedrag van R1 000.00 (Eenduisend rand) per maand sal beloop.

4.3. Die huurgeld sal jaarliks eskaleer teen 10% (Tien persent), met die eerste sodanige eskalasie op DD/MM/JJJJ.

4.4. Die partye boekstaaf dat die huurgeld elektrisiteit- en plaaslike owerheidsheffings sal insluit.

5. **AANHEGTINGS EN VERDELINGS:**

5.1. Met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die VERHUURDER (welke toestemming nie onredelik weerhou sal word nie, maar welke

toestemming gegee mag word onderworpe aan sodanige terme en voorwaardes as wat die VERHUURDER redelik mag goeddink), sal die HUURDER geregtig wees om sodanige aanhegtings of verdelings addisioneel tot dié aangebring deur die VERHUURDER, op sy eie koste aan die binnekant van die perseel aan te heg of te laat aanbring en/of die posisie of ligging van die bestaande aanhegtings of verdelings te verander soos wat nodig mag wees vir hulle kerklike bedrywighede.

Meer spesifiek boekstaaf die partye dat die wysigings soos na verwys in Aanhangsel ”A” hiertoe, as sulks geag sal word goedgekeur te wees, welke wysigings deur die HUURDER op hulle koste aangebring sal word, so spoedig moontlik na ondertekening van hierdie ooreenkoms.

5.2. By verstryking van hierdie Huurooreenkoms sal die HUURDER geregtig wees om die volgende sodanige addisionele aanhegtings en verdelings wat hy aangebring het met die toestemming van die VERHUURDER te verwyder, onderhewig aan die betaling van alle huurgelde wat dan nog verskuldig mag wees aan die VERHUURDER, naamlik:

5.2.1. Die preekstoel, kateder, doopvont en ander los kerklike items
5.2.2. Die orrel met sy luidsprekers
5.2.3. Die klankstelsel soos deur die HUURDER geïnstalleer
5.2.4. Die kerk se kantoortoerusting
5.2.5. Die yskaste en oonde
5.2.6. Die HUURDER se elektroniese toerusting, soos die skrifbord en multimedia projektor, ensomeer.
5.2.7. Die partye boekstaaf dat die VERHUURDER die opsie sal hê om by verstryking van die ooreenkoms die lugversorgingseenheid aan te koop teen ’n ooreengekome markverwante prys. Indien die VERHUURDER nie die gemelde opsie uitoefen nie, of die partye nie kan ooreenkom op die markverwante prys nie, sal die HUURDER die eenheid verwyder.

5.3. Teen beëindiging van die huurkontrak sal die HUURDER egter verplig wees om enige skade wat veroorsaak mag gewees het deur die HUURDER, deur sodanige aanhegtings of verdelings, of deur die verwydering daarvan, te herstel of in die alternatief volgens keuse van die VERHUURDER, die redelike koste ten einde dit te laat herstel, aan die VERHUURDER betaal.

5.4. By verstryking van hierdie Ooreenkoms sal die VERHUURDER geregtig wees op die besit van die verhuurde perseel soos verander, sonder enige verpligting om enige skadevergoeding aan die HUURDER in verband met sodanige veranderings of aanhegtings te betaal, of alternatiewelik sal die VERHUURDER geregtig wees om die HUURDER aan te spreek om die persele terug te laat verander in dieselfde toestand as waarin dit was voor sodanige veranderings. Die partye boekstaaf egter spesifiek dat die volgende items deur die HUURDER agtergelaat sal word, naamlik:

5.4.1. Alle vaste houtwerk
5.4.2. Alle vaste deure
5.4.3. Die ingeboude kombuiskaste
5.4.4. Vaste elektriese verbeterings

5.5. Die partye boekstaaf dat alle wysigings, verskuiwings, veranderings of verbeterings eers deur die saalkoördineringskomitee goedgekeur moet word.

5.6. Die VERHUURDER boekstaaf dat die HUURDER geregtig sal wees om ’n saalonthaal area te skep. Verder mag die saal en onthaalarea toegespan word, soos onderling deur die saal koördineringskomitee besluit.

6. **ALGEMENE BEPALINGS:**

6.1. Die HUURDER sal die binnekant van die verhuurde perseel in ’n netjiese toestand hou.

6.2. Ingeval die HUURDER iets doen of toelaat dat dit gedoen word wat die Brandversekeringspremie of enige ander versekeringspremie betaalbaar deur die VERHUURDER ten opsigte van die perseel of die gebou waarin dit geleë is, of enige goedere wat daarin mag wees, sal vermeerder en ingeval enige versekeringspremie betaalbaar deur die VERHUURDER verhoog sou word as gevolg van enige optrede of versuim aan die kant van die HUURDER, of as gevolg van die besigheid wat die HUURDER in die perseel mag dryf, sal die HUURDER verplig wees om sodanige verhoging in die versekeringspremie te betaal en sal die VERHUURDER geregtig wees om op sodanige aanmaning sodanige verhoging van die HUURDER te vorder.

6.3. Die HUURDER of VERHUURDER sal geen goedere, meubels of ander effekte op die persele bring of toelaat dat dit gebring word, wat besmet mag wees met boorwurm, termiete of enige ander vernietigende insek nie, en ingeval die HUURDER of VERHUURDER sou optree in stryd daarmee, sal hy verplig wees om enige skade, direk of indirek, wat die HUURDER of VERHUURDER as gevolg hiervan mag ly, te betaal sonder benadeling van enige regte wat die HUURDER of VERHUURDER mag hê in terme hiervan, of andersins.

6.4. Die VERHUURDER sal verplig wees om die saalgebou te verseker, terwyl die HUURDER verplig sal wees om die inhoud van die saal en alle roerende items te verseker.

7. **SLEUTELS:**

7.1. Die partye boekstaaf dat die koster van die HUURDER, en die VERHUURDER se verantwoordelike personeellid, welke deur die saalkoördineringskomitee aangewys van tyd tot tyd, elkeen ’n sleutel van die saal in hulle besit sal hê.

7.2. Die saal sal normaalweg gesluit gehou word.

7.3. Die gemelde twee persone, soos na verwys in klousule 7.1 hierbo, sal verantwoordelik wees vir die sluit van die saal, sowel as vir die

lugversorgingsafstandbeheer, en die aan-en afskakel van die lugversorgers in die saal.

7.4. Die HUURDER sal by verstryking van hierdie Huurooreenkoms die sleutels van die perseel aan die VERHUURDER oorhandig. Sou die HUURDER daarmee versuim, sal die VERHUURDER geregtig wees om die slotte waarvoor sleutels nie teruggehandig is nie, te laat vervang op koste van die HUURDER.

8. **OORLAS:**

Die HUURDER se agente, klerke, bediendes of enige ander persoon vir wie die HUURDER aanspreeklik mag wees, sal geen buitengewone of harde geraas veroorsaak of toelaat dat dit veroorsaak word, of op enige wyse die gange, trappe (waar toepaslik), of ruskamers bemors, of toelaat dat dit bemors word nie. Die HUURDER sal geen daad of versuim toelaat wat mag bydra tot enige onredelike oorlas of onredelike ongerief vir die VERHUURDER of enige ander HUURDER van die gebou waarin die perseel geleë is nie.

9. **INSTANDHOUDING:**

9.1. Die binnekant van die perseel tesame met alle verdelings, toerusting en aanhegtings daarin sal geag word in goeie toestand te wees op datum van besitname deur die HUURDER, uitgesluit die items soos na verwys in Aanhangsel ”A” hiertoe. Die HUURDER onderneem om die binnekant van die perseel tesame met alle verdelings, toerusting en aanhegtings daarin in ’n goeie en behoorlike toestand te hou vir die gehele duur van die huurtermyn, en om by verstryking of by vroeëre beëindiging daarvan, die persele aan die VERHUURDER terug te handig in dieselfde goeie en behoorlike toestand, redelike slytasie uitgesluit.

9.2. Die VERHUURDER of HUURDER sal aanspreeklik wees om enige beskadigde of gebreekte vensters, of spieëlglas, welke gebreek word

tydens die HUURDER of VERHUURDER se gebruiksperiodes, te herstel en/of te vervang.

9.3. Die HUURDER sal die nodige voorsorgmaatreëls tref om die elektrisiteitsinstallasie in die betrokke gebou nie te oorlaai nie.

9.4. Die VERHUURDER sal die buitekant van die gebou waarin die persele geleë is, in ’n goeie en behoorlike toestand hou, welke sal insluit die verf daarvan indien nodig.

9.5. Dit word voorts uitdruklik ooreengekom dat die VERHUURDER nie aanspreeklik sal wees vir enige verliese of skade aan die eiendom van die HUURDER nie, of teenoor enige van laasgenoemde se bediendes, besoekers of kliënte, hetsy aan persoon hetsy aan eiendom, wat veroorsaak mag wees weens enige defek in die betrokke gebou of enige gedeelte daarvan nie, maar sal die VERHUURDER sonder onnodige versuim na skriftelike versoek van die HUURDER, enige sodanige verbeterings of herstelwerk as wat nodig mag wees aan die buitekant van die persele laat aanbring.

10. **INSTANDHOUDING VAN DIENSTE:**

Die VERHUURDER sal na die beste van sy vermoë so doeltreffend moontlik toesien tot die instandhouding en beheer van die elektriese ligte, krag en watervoorsiening, maar sal nie verantwoordelik wees vir enige gebrekkige aan- en afsluiting of ontbreking of onderbreking van gemelde dienste en voorsienings nie, en ook nie verantwoordelik wees vir enige skade gely deur die HUURDER of vir enige skade veroorsaak aan die HUURDER se eiendom as gevolg van sodanige gebrekkige aan- of afsluiting of ontbreking of onderbrekings soos vermeld nie.

11. **VRYWARING:**

Die VERHUURDER sal nie aanspreeklik wees teenoor die HUURDER vir enige ongeluk of besering opgedoen deur die HUURDER, of enige ander persoon vir wie die HUURDER verantwoordelik is, terwyl sodanige persoon

gebruik maak van trappe of enige deel van die betrokke gebou waarin die perseel geleë is nie.

12. **ONDERVERHURING:**

12.1. Die saalkoördineringskomitee sal geregtig wees om die saal uit te verhuur op enige ander dae of tydperke as wat dit deur enige van die partye hiertoe self gebruik word.

12.2. Met alle besprekings deur ander huurders sal die doel van die verhuring en die sitplekgetalle vermeld word. Die saalkoördineringskomitee sal toesien dat daar ’n standaardvorm opgestel word vir hierdie doeleindes.

12.3. Die skoolhoof se sekretaresse sal die besprekings hanteer sodat die HUURDER se koster die uitpak van die stoele in die saal kan reël. Gemelde sekretaresse sal verder verantwoordelik wees vir die ontvangste van verhuringsdeposito’s, die insameling van verhuringsinkomstes, en die uitskryf van kwitansies by betalings.

12.4. Alle besprekings moet ten minste 48 (Agt en veertig) uur voor die betrokke funksie gedoen word.

12.5. ’n Deposito en huurbedrag, soos deur die saalkoördineringskomitee bepaal, sal deur ander huurders betaalbaar wees vir funksies. Die partye tot hierdie ooreenkomste hoef geen deposito’s of huurbedrae, anders as in hierdie ooreenkoms vervat, te betaal nie.

12.6. Alle inkomstes op hierdie wyse ontvang, sal gelykop verdeel word tussen die partye tot hierdie ooreenkoms. Hierdie gemelde verdeling sal maandeliks deur die VERHUURDER gedoen word, in samewerking met die HUURDER se finansiële komitee.

12.7. Die partye boekstaaf dat die HUURDER se koster te alle tye die saal sal bestuur en kennis moet dra van alle aktiwiteite daarop van toepassing, sodat hy/sy die stoele kan regskuif.

13. **INSPEKSIE:**

Die VERHUURDER sal die reg hê om deur sy werksmense of agente te enige redelike tyd die perseel te betree vir doeleindes van inspeksie van die gemelde perseel of die verrigting van enige werk wat die VERHUURDER verlang gedoen moet word, verbonde aan die gebou waarin die perseel geleë is, op voorwaarde dat die reg hierkragtens voorbehou op 'n redelike wyse uitgeoefen sal word.

14. **KONTRAKBREUK:**

Ingeval die HUURDER sou versuim of nalaat om die huurgelde of enige gelde hierkragtens verskuldig, stiptelik op vervaldatum te betaal, of indien die HUURDER sou versuim om aan enige terme of voorwaarde van hierdie Huurooreenkoms te voldoen, of indien hy enige terme kragtens hierdie Ooreenkoms sou verbreek of toelaat dat dit verbreek word of ingeval die HUURDER onder geregtelike bestuur of voorlopige of finale likwidasie geplaas sou word, dan, in enige van sodanige vermelde gevalle, behalwe waar huurgeld agterstallig is, en in welke geval geen kennisgewing aan die HUURDER nodig sal wees nie, sal die VERHUURDER die HUURDER 7 (Sewe) dae skriftelike kennisgewing gee om sodanige verbreking reg te stel en indien die HUURDER steeds sou versuim om sodanige verbreking reg te stel binne 7 (Sewe) dae na ontvangs van sodanige kennisgewing, sal die VERHUURDER dan geregtig wees om sonder enige verdere kennisgewing, hierdie Huurooreenkoms summier te kanselleer, en sal sodanige kansellasie geskied sonder enige afbreuk aan enige regte van die VERHUURDER hierkragtens ten einde te vorder alle huurgelde of enige ander gelde aan hom verskuldig deur die HUURDER, welke bedrae bereken sal word tot datum van sodanige kansellasie; en/of sal die VERHUURDER geregtig wees om van die HUURDER nakoming van verpligtinge te eis en sal die VERHUURDER geregtig wees om enige skade te verhaal van die HUURDER, voortspruitend uit sodanige kontrakbreuk of versuim, wat insluit enige verliese wat die VERHUURDER mag ly as gevolg van die vroeëre beëindiging van hierdie

Ooreenkoms en wel voor die datum wat bepaal is vir die verstryking hiervan, en sonder benadeling van enige ander regte wat die VERHUURDER mag hê.

15. **REGSGEDINGE:**

Die partye hiertoe stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof met betrekking tot enige aksie of regsgeding voortspruitend uit hierdie Huurooreenkoms of die HUURDER se okkupering van die persele met dienverstande dat die partye hulle die reg voorbehou om in enige ander Hof wat die nodige jurisdiksie het, aksie in te stel of regsgedinge te voer.

16. **KENNISGEWINGS:**

Ingeval dit nodig sou wees vir die VERHUURDER om enige kennisgewings aan die HUURDER te gee, mag dit volgens keuse van die VERHUURDER gegee word deur aflewering by die persele of per vooruitbetaalde aangetekende pos geadresseer na die adres van die VERHUURDER vermeld in die aanhef van hierdie Ooreenkoms. Indien die HUURDER enige kennisgewing aan die VERHUURDER sou rig, sal dit geskied per vooruitbetaalde aangetekende pos geadresseer aan die VERHUURDER te die VERHUURDER se adres vermeld in die aanhef hiervan of te enige ander adres soos wat die VERHUURDER skriftelik van tyd tot tyd mag aanwys.

17. **AFSTANDDOENING, TEGEMOETKOMING OF UITSTEL:**

Geen uitdruklike of geïmpliseerde afstanddoening, tegemoetkoming of uitstel deur die VERHUURDER van enige verbreking van enige terme of voorwaardes van hierdie Huurooreenkoms deur die HUURDER, sal ’n afstanddoening, uitstel of verslapping daarstel van enige daaropvolgende soortgelyke of ander terme of voorwaardes hierkragtens nie, of enigsins die VERHUURDER se regte hierkragtens benadeel nie, en op dieselfde basis sal die aanvaarding van agterstallige huurgelde hierkragtens nie, ’n afstanddoening, uitstel of verslapping daarstel van enige ander terme

verbrekings, behalwe ten opsigte van die betaling van huurgeld aldus aanvaar nie.

**18. MATERIëLE TERME EN VOORWAARDES:**

Alle terme en voorwaardes soos uiteengesit in hierdie Ooreenkoms, sal geag word materiële terme daartoe te wees. Hierdie Ooreenkoms vervang enige vorige skriftelike of mondelinge ooreenkoms en die partye kom ooreen dat die terme soos hierin uiteengesit, die volledige en enigste terme is.

**19. SKADE AAN HUURDER SE EIENDOM:**

Die VERHUURDER sal nie aanspreeklik wees vir enige skade veroorsaak aan die eiendom, goedere, voorrade, boeke of dokumente van die HUURDER deur reën, hael, weerlig, vuur, oorstromings, opstande, stakings, vyande van die Staat of enige dergelike oorsake nie, behalwe indien veroorsaak deur die VERHUURDER se optrede of versuim.

**20. WYSIGINGS, VERANDERINGS OF AANVULLINGS:**

Geen wysigings, veranderings of aanvulling tot die terme van hierdie Ooreenkoms sal van enige krag wees of enigsins bindend op die partye wees nie, tensy dit op skrif gestel is en onderteken is deur beide die partye hiertoe nie.

GETEKEN te *Pleknaam* op hierdie.................dag van...................................
AS GETUIES:

1. .................................................. ..................................................

nms VERHUURDER

2. .................................................. ..................................................

nms HUURDER

# Literatuurlys

ADAMS, J.L. 1979. *Conceptual Blockbusting.* New York: Norton.

ALCORN, R. 1989. *Money, Possessions and Eternity.* Wheaton: Tyndale.

ALLEN, R. 1962. *The Spontaneous Expansion of the Church.* Grand Rapids: Eerdmans.

ANTONITES, A.J. 1996. *Logika & Metodologie*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

ARMSTRONG, R.S. 1979. *Service Evangelism.* Philadelphia: The Westminster Press.

BADENHORST, J.A.C. 1969. *Die Vergeesteliking van die Tempel in die Nuwe Testament.* BD-skripsie. Universiteit van Pretoria.

Bankverslag sê Misdaad styg. 2006. *Rapport*, 16 Julie 2006, p. 6.

BARCLAY, W. 1975. *The Gospel of Matthew, Vol. 2.* Philadelphia: The Westminister Press.

BARKER, J.A. 1985. *Discovering the Future.* St. Paul: ILI Press.

BARKER, M. 1991. *The Gate of Heaven.* Bristol: The Longdunn Press.

BARNA, G. 1998. *The Second Coming of the Church.* Nashville: Word.

BARNARD, A.C. 1981. *Die Erediens.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

BEEK, M.A. 1964. *Geschiedenis van Israël.* Van Abraham tot Bar Kochba. Arnhem: W. De Haan, Zeist van Loghum Slaterus.

BENY, R & GUNN, P. 1981. *The Churches of Rome.* London: Weidenfeld & Nicolson.

BERG, J. & BURGESS, J. 1996. *The Debt-Free Church.* Experiencing Financial Freedom While Growing Your Ministry. Chicago: Moody Press.

BERKHOF, H. 1979. *Christian Belief.* Grand Rapids: Trans. S. Woudstra.

BEUKES, M.J.DU P. 1983. *Kategese*: 'n Handleiding vir Kategete. Johannesburg: Dieter Zimmerman

BEUKES, M.J.DU P. 1995. *Evaluering van verskillende gemeenteboumodelle met die oog op die daarstelling van 'n eie model vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. HTS 51/3. p.806-824.

BIJLSMA, R. 1981. *Toch gemeente.* Kampen: Kok.

BISSCHOFF, J.H. 1991. *Gemeentebou: 'n Prakties–Teologiese Basisteorie.* DD Proefskrif. Pretoria: UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

BLUE, R. 1986. *Master Your Money.* Nashville: Thomas Nelson.

BONHOEFFER, D. 1959. *The Cost of Discipleship.* London: SCM Press Ltd.

BOSCH, D.J. 1979. *Heil vir die Wêreld.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

BOSCH, D.J. 1991. *Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission.* New York: Orbis.

BOTES, H.J. 2004. Kerkgeboue is Gods huise. *Konteks*, Desember 2004, p. 41.

BOTHA, F.J. 1989. Die Openbaring van Johannes, in Van Zyl. A.H. (hoofred), *Die Verklarende Bybel.* Kaapstad: Lux Verbi.

BOUYER, L. 1963. *Rite and Man*. London: Burns & Oates.

BOWMAN, R. & HALL, E. 1996. *When NOT to Borrow. Unconventional Financial Wisdom to Set Your Church Free.* Grand Rapids: Baker Books.

BOWMAN, R. & HALL, E. 2000. *When NOT to Build. An Architect's Unconventional Wisdom for the Growing Church.* Expanded Edition. Grand Rapids: Baker Books.

BUCKE, E.S. et al. 1962. *The Interpreter's Dictionary of the Bible.* An Illustrated Encyclopedia. Nashville: Abingdon Press.

BURDEN, J. & DEIST, F.E. 1986. *Kom ons doen Bybelstudie.* Pretoria: Acacia.

BURGER, C. 1991a. *Praktiese teologie in Suid-Afrika. 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

BURGER, C. 1991b. *Die Dinamika van 'n Christelike Geloofsgemeenskap.* Nuut gedink oor gemeentes. Goodwood: Lux Verbi.

BUTTRICK, G.A. 1979. *The Gospel According To St. Matthew.* The Interpreter's Bible. Volume VII. Abingdon: Nashville.

BREYTENBACH, J. *Van Der Kloof wy nuwe kerkgebou in.* Konteks, 2001, p. 24.

BRITS, E. 2003. Vigs kan 66 % SA kinders eis wat nou 15 is. *Beeld*. 14 Oktober 2003. p. 3.

CALLAHAN, K.L. 1983. *Twelve Keys to an Effective Church.* Strategic Planning for Mission. San Francisco: JOSSEY-BASS.

CALLAHAN, K.L. 1987. *Twelve Keys to an Effective Church.* The Leaders' Guide. San Francisco: JOSSEY-BASS.

CALLAHAN, K.L. 1993. *Twaalf Sleutels tot 'n Effektiewe Gemeente.* Die Beplanningswerkboek. Halfway House: Orion Uitgewers.

CALLAHAN, K.L. 1995. *Building for Effective Mission.* A Complete Guide for Congregations on Bricks and Mortar Issues. San Francisco: JOSSEY-BASS.

CALLAHAN, K.L. 2000. *Small, Strong Congregations.* Creating Strengths and Health for Your Congregation. San Francisco: JOSSEY-BASS.

CALLAHAN, K.L. 2002. *The Future That Has Come.* New possibilities for reaching and growing the grassroots. San Francisco: JOSSEY-BASS.

CALVYN, J. 1559. *Die Institusie van die Christelike Geloof.* Institusie III. In 1988 vertaal deur H.W. Simpson & C.M.M. Brink. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

CALVYN, J. 1559. *Die Institutes of the Christian Religion.* Volume II. Book IV. Translated by Henry Beveridge. Grand Rapids: Eerdmans.

CASTEL, F. 1985. *The History of Israel and Judah in Old Testament Times.* New York: *Paulist Press.*

CLEMENS, R.E. 1978. *Old Testament Theology.* A Fresh Approach. London: Marshall, Morgan & Scott.

CLOWNEY, P. & T. 1983. *Exploring Churches*. Tring: Lion.

COLE, R.A. 1950. *The New Temple.* London: Tyndale Press.

CONGAR, Y. 1962. *The Mystery of the Temple.* London: Burns & Oates.

COVEY, S.R. 1989. *The Seven Habits of Highly Effective People.* Powerful Lessons in Personal Change. London: Simon & Schuster Ltd.

CRABB, L. 1988. *Inside Out.* Colorado Springs: NavPress.

DAVIES, H. 1966. *Worship and Theology in England.* Princeton: Princeton University Press.

DAVIES, J.G. 1952. *The Origin and Development of Early Christian Architecture.* London: S.C.M. Press.

DAVIES, J.G. 1968. *The Secular Use of Church Buildings.* London: S.C.M. Press.

DAVIES, J.G. 1976. *The Early Christian Church.* Westport: Greenwood.

DAVIES, J.G. 1982. *Temples, Churches and Mosques: a Guide to the Appreciation of Religious Architecture*. Oxford: Blackwell.

DEIST, F.E. 1984. *A Concise Dictionary of Theological Terms.* Pretoria: J.L. van Schaik.

DE VAUX, R. 1961. *Ancient Isreal: Its Life and Institusions.* London: Darton, Longman & Todd.

DE VOS, A.S. et al. 2002. *Research at Grass Roots.* For the social sciences and human service professionals. Pretoria: Van Schaik Publishers.

DINGEMANS, G.D.J. 1986. *In de leerschool van het geloof.* Kampen: KOK.

DINGEMANS, G.D.J. 1990. *De tijd van de verborgen God.* ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

DINGEMANS, G.D.J. 1996. *Manieren van Doen – Inleiding tot de Studie van de Praktische Theologie.* Kampen: KOK.

Die Bybel in Praktyk. Onder redaksie van W Vosloo en F.J. van Rensburg. 1993. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

DIX, G. 1945. *The Shape of the Liturgy*. Westminister: Dacre Press.

DREYER, T.F.J. 1991. Eerste treë in die Praktiese Teologie – Waarheen? HTS 47, p. 597-608.

DREYER, T.F.J. 1995. Implikasies van die kommunikatiewe handelingsteorie vir ’n prakties-teologiese perspektief op die ekklesiologie HTS 51/3, p. 792-805.

DREYER, T.F.J. 2002. 2002 – ’n Vooruitskouing. *Die Hervormer*, 1 Februarie 2002, p. 1.

DREYER, T.F.J. 2004. God woon nie in mensgemaakte konstruksies nie HTS 60/3, p.666-669.

DREYER, W.A. 2002. Om predikant te wees. *Konteks.* 13(11): p. 12-13.

DUNN, J.D.G. 1992. *Jesus’ Call to Discipleship.* Cambridge: Cambridge University Press.

DU RAND, J.A. 1992. *Kyk, die Koning kom!* ’n Populêre verklaring van die boek Openbaring. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

DU TOIT, A.B. 2002. *Hebreërs vir Vandag.* 'n Bybelstudie vir Dieper Delwers. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

DUVENHAGE, A. 1978. *Die Institusie van Calvyn.* Transvaal: NG Kerkboekhandel.

DUVENHAGE, S. 1976. *Die Dekor van die Nuwe Testament.* Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.

EHRMAN, B.E. 2004. *Truth and Fiction in the Da Vinci Code.* A Historian Reveals What We Really Know about Jesus, Mary Magdalene, and Constantine. New York: Oxford University Press.

ENGELBRECHT, S.P. 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Pretoria: HAUM.

FEDSAS. Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole. 2006. *Saamtrek van Beheerliggame*. Gefotokopieerde Bundel.

FENSHAM, F.C. 1981. *Die Brief aan die Hebreërs.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

FENSHAM, F.C. & OBERHOLZER, J.P. 1985. *Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings.* Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.

FEUERBACH, L. 1957. *The Essence of Christianity.* New York: Harper. Aangehaal deur Turner, H.W. 1979 *From Temple to Meeting House.* Hague: Mouton Publishers, p.331. FOLEY, E. 1991. *From Age to Age.* Chicago: Liturgy Training Publications.

FIRET, J. 1977. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen: Kok.

FIRET, J. 1980. De plaats van de praktische theologie binnen de theologie binnen de Theologische faculteit. In Hoedemaker, L.A. (Red). *Praktische Theologie*, p.9-27. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

FIRET, J. 1986. *Kroniek van de Praktische Theologie.* In: Praktische Theologie. 12(5):579-594. Aangehaal deur SMIT, G.H. 1997. *Ekklesiologie en Gemeentebou: 'n Prakties-Teologiese studie.* DD Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria. p.6.

FISHER, G.P. 1904. *History of the Christian Church.* New York: Charles Scribner's Sons.

FREEDMAN, D.N. & WRIGHT, G.E. 1961. *The Biblical Archaeologist Reader.* New York: Doubleday.

FOLEY, E. 1991. *From Age to Age.* Chicago: Liturgy Training Publications.

FOUCHÉ, C.B. 2002. Research Strategies. In, De Vos, A.S. (Red). *Research at Grass Roots*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

FUCHS, J.W. 1971. *Kramer's Woordenbuch Latijn*. Amsterdam: Van Goor Zonen.

GABERS, J.G. 1996. Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing. Pretoria: JL. van Schaik.

GAMBER, K. 1968. *Domus Ecclesiae.* Regensburg: Pustet.

GASTON, L. 1970. *No Stone on Another.* Leiden: Brill.

GEORGE, C.F. 1992. *Prepare Your Church for the Future.* Grand Rapids: Fleming H. Revell.

GETZ, G.A. 1988. *Sharpening the Focus of the Church.* Wheaton: Victor Books.

GIBBS, E. 1990. *I beleive in Church Growth.* London: Hodder & Stoughton.

GIBBS, E. 2000. *ChuchNext.* Quantum Changes in How We Do Ministry. Downers Grove: InterVarsity Press.

GILES, R. 1999. *Re-Pitching the Tent.* Minnesota: The Liturgical Press.

GISPEN, W.H. et al. 1977. *Bybelse Ensiklopedie.* Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms.) Bpk.

GOEDHART, G.L. 1984. *Gemeenteopbouw.* Om dienende, vierende, lerende en delende gemeente te worden. Kampen: Kok.

GOETZMANN, J. 1986. *The New International Dictionary of New Testament Theology.* Grand Rapids: Zondervan.

GROENEWALD, A. *Gemeente Cradock wy nuwe kerkgebou in.* Konteks, 1998, p. 34.

GROENEWALD, E.P. 1973. *Die Evangelie van Lukas.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

GROENEWALD, E.P. 1977. *Die Briewe van Petrus.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

GROENEWALD, E.P. 1980. *Die Evangelie van Johannes.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

GROENEWALD, E.P. 1983. *Die Openbaring van Johannes.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

GROSSAN, J.D. 1993. *The Historical Jesus.* The Life of a Mediterranean Jewish Peasant. San Francisco: HarperCollins Publishers Ltd.

GUDER, D. 1998. *Missional Church.* Grand Rapids: Eerdmans.

GUTHRIE, D. 1983. *The Letter to the Hebrews.* Leicester: Inter-Varsity Press.

HANNAH, C. & OOSTHUIZEN, W.L. 1984. *Evalueringsprosedures in die Onderwys***.** Pretoria: Mathematicae.

HAMMOND, P. 1960. *Liturgy and Architecture.* London: Barrie & Rockliff. Aangehaal deur Turner, H.W. 1979. *From Temple to Meeting House.* Hague: Mouton Publishers, p. 335.

HAMMOND, P. 1961. *Liturgy and Architecture.* New York: Columbia University Press. Aangehaal deur Koorts, J.M.J. 1974. *Beginsels van Gereformeerde Kerkbou.* Bloemfontein: SACUM Bpk. p. 79.

HAMMOND, P. 1962. *Towards a Church Architecture.* London: Architectural Press. Aangehaal deur Turner, H.W. 1979. *From Temple to Meeting House.* Hague: Mouton Publishers, p. 323.

HANEY, D. 1980. *The Idea of the Laity.* Grand Rapids: Zondervan.

HANSON, R.P.C. 1979. *Eucharistic Offering in the Early Church.* Bramcote: Grove Books.

HARMON, N.B. et al. 1954. *The Interpreter's Bible vol III.* Nashville: Abingdon.

HARNACK, A. 1961. *History of Dogma*. London: Constable.

HEITINK, G. 1999. *Practical Theology*. Cambridge: Grand Rapids.

HENDRIKS, H.J. 1987. 'n Teologies-Prinsipiële begronding vir die Opbou van die Gemeente. In Smuts, A.H. (Red). *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

HENDRIKS, H.J. 1992. *Strategiese Beplanning in die Gemeente.* Die Beginsels & Praktyk van Gemeentevernuwing. Hugenote: Wellington.

HENDRIKS, J. e.a. 1987. *De kleine groep en de opbouw van de gemeente.* Kampen: Kok.

HENDRIKS, J. 1990. *Een vitale en aantrekkelijke gemeente: Model en methode van gemeenteopbouw.* Kampen: Kok.

HEYNS, J.A. & JONKER, W.D. 1977. *Op weg met die Teologie.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1978. *Dogmatiek.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

HEYNS, L.M. 1987. Praktiese Teologie. Inleiding in die Praktiese Teologie. Studiegids Praktiese Teologie 100. Pretoria: UNISA.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. *Eerste treë in die Praktiese Teologie.* Pretoria: Gnosis Boeke & Uitgewers Bpk.

HILL, D. 1972. *The Gospel of Matthew.* London: Marshall, Morgan & Scott.

HILL, C. & PITTS, E. 2001. *Wealth, Riches & Money.* God's Biblical Principles of Finance. Littleton: Family Foundations Publishing.

HINSON, D.F. 1990. *History of Israel.* Old Testament Introduction 1. Revised Edition. Berks: Hollen Street Press Ltd.

HUNTER, A.M. 1979. *The Work and Words of Jesus.* Suffolk: The Ghaucer Press.

JONKER, W.D. 1981. *In Diens van die Woord.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

JORDAAN, W.J. & JORDAAN, J.J. 1989. *Mens in Konteks.* Tweede Uitgawe. Isando: Lexicon Uitgewers.

Kabinet. Suid-Afrika. 2005. Departement van Onderwys. Beleidsdokument.

KAMFFER, G. 1979. *Die Here het voorsien 1909-1979: 'n Oorsig van die geskiedenis van die Gemeente Greylingstad.* Greylingstad: Kerkraad.

KERKORDE. 1997. *Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Uitgegee onder beskerming van die 64ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

KENYON, K.M. 1970. *Archaeology in the Holy Land.* London: Ernest Benn Limited.

KIENE, P.F. 1976. *The Tabernacle of God in the Wilderness of Sinai.* Michigan: Zondervan.

KOESTER, C.R. 1989. *The Dwelling of God.* Washington: The Catholic Biblical Association of America. (The Catholic Biblical quarterly. Monograph series; 22.)

KOORTS, J.M.J. 1974. *Beginsels van Gereformeerde Kerkbou.* Bloemfontein: SACUM Bpk.

KNUDSEN, R.B. 1979. *New Models for Church Administration: The practical application of business principles*. Association Press.

KRAUTHEIMER, R. 1965. *Early Christian and Byzantine Architecture.* Harmondsworth: Penguin Books.

LEES-MILNE, J. 1967. *Saint Peter's: The story of Saint Peter's Basilica in Rome.* London: Hamish Hamilton.

LIDDELL, H.G. & SCOTT, R. 1968. Greek-English Lexicon. Oxford: Clarendon Press.

LIEDBOEK VAN DIE KERK. 2001. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

LITTLE, S. 1968. *Youth, world and the Church.* Richmond: John Knox.

LOADER, J.A. 1989. Natuur 'n katedraal: Word bewus van God se verhewenheid en eie kleinheid, *Beeld.* 17 Oktober 1989.

LOUW, D.J. 1980. *Die Stad in die Mens.* Oor Kerk-wees Vandag. Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. *Greek-English Lexicon of the New Testament.* Based on Semantic Domains. Volume 1. Goodwood: National Book Printers.

MACDONALD, W.L. 1968. *Early Christian and Byzantine Architecture.* London: Studio Vista.

MAERTENS, T. 1970. *Assembly for Christ.* London: Darton, Longman & Todd.

MALINA, B.J. & PILCH, J.J. 2000. *Social Science Commentry on the Book of Revelation.* Minneapolis: Fortress Press.

MALINA, B.J. & ROHRBAUGH, R.L. 1998. *Social Science Commentary on the Gospel of John.* Minneapolis: Fortress Press.

MALINA, B.J. 2001. *The Social Gospel of Jesus.* The Kingdom of Jesus in Mediterranean Perspective. Minneapolis: Fortress Press.

MALPHURS, A. 1993. *Pouring New Wine into Old Wineskins.* How to Change a Church without Destroying It. Grand Rapids: Baker Books.

MARSHALL, I.H. 1980. *The Acts of the Apostles.* Grand Rapids: Eerdmans Publishing Co.

McKELVEY, R.J. 1969. *The New Temple.* London: Oxford University Press.

MILLER, H. 1994. *Connecting with God: 14 ways churches can help people grow spiritually.* Nashville: Abingdon Press.

MOORE, G.F. 1962. *Judaism in the First Centuries of the Christian Era. Vol 2.* Cambridge: Harvard University Press.

MOLTMANN, J. 1977. *The Church in the Power of the Spirit.* London: SCM Press Ltd.

MOLTMANN, J. 1978. *The Open Church.* London: SCM Press Ltd.

MÜLLER, M.C. 2003. *Skryf Afrikaans van A tot Z.* Die essensiële gids vir taalgebruikers. Kaapstad: NB-Uitgewers Beperk.

MUNROE, M. 1992. *In Pursuit of Purpose.* Shippensburg: Destiny Image.

NAUDE, F. 1993. *Die Tempel van God.* Konteks, Oktober 1993, p. 41.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2004. *Agenda vir die 67ste Algemene Kerkvergadering.* Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. 2006. *Wysiging van Ordereëls 1 en 4.* Omsendskrywe. 11 September 2006.

NEL, M. 1986. *Teologiese Perspektiewe op Gemeentebou.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

NEL, M. 1987. Die verhouding van Gemeentebou tot die ander dissiplines van die vak Praktiese Teologie en ander Teologiese vakke. In Smuts, A.H. (Red). *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

NEL, M. 1994. *Gemeentebou.* Halfway House: Orion.

NEL, M. 1998. *Jeugbediening.* Bloemfontein: Barnabas.

NOORDEGRAAF, A. 1990. Overwegingen rondom het thema gemeenteopbouw. *Theologia Reformata* 33, p.123-145.

OBERHOLZER, J.P. 1986. *Die Heidelbergse Kategismus.* In vier teksuitgawes, met inleiding en teksvergelyking. Pretoria: Kital.

ODENDAAL, F.F. e.a. 1984. *Verklarende Handboek by die Afrikaanse Taal.* Tweede uitgawe vierde druk. Doornfontein: Perskor-Uitgewery.

OLIVE, S. 1976. *Theology and Architecture in the Tradition of the Meeting House.* B.Phil. thesis: University of St. Andrews.

ORTIZ, J.C. 1975. *Disciple.* Hants: Marshall Pickering.

OSWALD, R.M. & FRIEDRICH, R.E. 1996. *Discerning Your Congregation's Future.* A Strategic and Spiritual Approach. Herndon: An Alban Institute Publication.

PASVEER, J. 1992. *De gemeente tussen openheid en identiteit. Een open-systeemtheorie als model voor de gemeente ten dienste van haar opbouw.* Gorinchem: Narratio.

PCI Newsletter. 2004. *Optimizing the Portable Church Experience.* Volume 1, Issue 1. 24 June 2004. p. 1-4.

PEETERS, C.J.A. 1969. *De Liturgische Dispositie van het vroeg-Christelijk Kerkgebouw.* Assen: Van Gorcum.

PETERSON, E.H. 1997. *Subversive Spirituality.* Grand Rapids: Eerdmans.

PETERSON, E.H. 2005. *Aanhaling by The Message.* Christianity Today. Maart 2005. p. 73.

PICKARD, S.K. 1999. *Liberating Evangelism.* Gospel, Theology and Dynamics of Communication. Harrisburg: Trinity Press International.

PIETERSE, H.J.C. 1991a. *Gemeente en Prediking.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. 1991b. Die wetenskapsteoretiese grondslag van die praktiese teologie. *Praktiese teologie in Suid-Afrika.* 6(1), p. 38-51.

PONT, A.D. 1978. *'n Oorsig van die Algemene Kerkgeskiedenis en die Geskiedenis van Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Pretoria: HAUM.

PONT, A.D. 1998. *Kerkgeskiedskrywing: Hoe skryf ons kerkgeskiedenis?* HTS(1&2), p. 197-202.

PROVAN, I. et al. 2003. *A Biblical History of Israel.* Louisville: Westminster John Knox Press.

RENDLE, G.R. 1998. *Leading Change in the Congregation.* Herndon: An Alban Institute Publication.

RICHARDS, L.O. 1970. *A New Face for the Church.* Grand Rapids: Zondervan.

RICHARDS, L.O. & HOELDTKE, C. 1980. *A Theology of Church Leadership.* Grand Rapids: Zondervan.

RICHARDS, L.O. & MARTIN, G.R. 1981. *Lay Ministry: Empowering the People of God.* Grand Rapids: Zondervan.

RICOEUR, P. 1991. *From Text to Action.* Lessons in Hermeneutics, II. Translated by Kathleen Blamey & John B. Thomson. Evanston: Northwest University Press.

ROBERTS, J.H. 1983. *Die Brief aan die Efesiërs*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

SCHWARZ, R. 1958. *The Church Incarnate.* Chicago: H Regnery & Co.

SIMSON, W. 1998. *Houses that changed the world. Towards a Re-Incarnation of Church.* Madras: Draft Copy.

SMIT, G.H. 1997. *Ekklesiologie en Gemeentebou: 'n Prakties-Teologiese studie.* DD Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

SMITH, P.F. 1972. *Third Millennium Churches*. London: Galliard.

SMUTS, M. 1995. *Ontwikkeling van 'n Gemeentelike Bedieningsmodel.* DD Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

SNYDER, G.F. 1985. *Ante Pacem: Archaeological Evidence of Church Life before Constantine.* Macon: Mecer University Press.

SNYDER, H.A. 1985. *A Kingdom Manifesto.* Downers Grove: InterVarsity Press.

SNYDER, H.A. 1991. *Models of the Kingdom.* Oregon: Wipf and Stock Publishers.

SOKOLOV, A.N. 1968. *Mechanisms of Memory.* Moscow: Moscow University Press. Aangehaal deur JORDAAN, W.J. & JORDAAN, J.J. 1989. *Mens in Konteks.* Tweede Uitgawe, p. 388. Isando: Lexicon Uitgewers.

SOVIK, E.A. 1973. *Architecture for Worship.* Minneapolis: Augsburg Publishing House.

SPINDLER, M. 1962. *Pour une thèologie de l'espace*. Neuchâtel: Delachaux et Niestlè. p. 62. Aangehaal deur Turner, H.W. 1979. *From Temple to Meeting House.* Hague: Mouton Publishers, p. 325.

STEENKAMP, E. 2004. *Die Groot Aanhalingsboek.* Wellington: Lux Verbi.

SWIFT, E.H. 1970. *Roman Sources of Christian Art.* Westport: Greenwood Press.

SYKES, J.B. 1982. *The Concise Oxford Dictionary*. Seventh Edition. Oxford: Clarendon Press.

TERRIEN, S. 1978. *The Elusive Presence.* San Francisco: Harper & Row Publishers.

TE VELDE, M. 1989. *Gereformeerde Gemeenteopbouw – Een eerste koersbepaling voor een nieuw theologisch vak.* Barneveld: De Vuurbraak.

TE VELDE, M. 1992. *Gemeenteopbouw 1 – Doelgericht en Samehangend Werken in de Christelijke Gemeente.* Barneveld: De Vuurbraak.

TURNER, H.W. 1979. *From Temple to Meeting House.* Hague: Mouton Publishers.

TRUTER, J.H.L. 2005. *'n Teologiese-Empiriese ondersoek na die rol wat Gemeentebou in die beplanning en oprigting van Kerkkomplekse binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika die afgelope tien jaar gespeel het.* M Skripsie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

VAN AARDE, A.G. 1989. *Hand 7:48 – "Die Allerhoogste woon nie in mensgemaakte Konstruksies nie..."* Die relevansie van die Nuwe Testamentiese *Wetenskap na aanleiding van die metafoor tempel.* Intreerede gelewer op 2 November 1989 by aanvaarding van Professoraat. Universiteit van Pretoria.

VAN DER MERWE, J.C. 1999. *'n Prakties-Teologiese evaluering van 'n gemeentebouprojek in die Nederduitsch Hervormde Gemeente Kempton Park-Oos met die oog op die daarstelling van 'n praktykmodel in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* DD Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

VAN DER MERWE, J.C. 2004. Konflik: fokus op die probleem. *Hervormer,* 15 Oktober 2004, p. 5.

VAN DER MERWE, M & MARAIS, F. 2001. *Draers van Hoop*: Werkbare planne vir gemeentes wat wil vernuwe. Wellington: Lux Verbi.

VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1990. Besinning oor die apostolaat in die Nederduitsch Hervormde Kerk. HTS 46\4, p. 542-566.

VAN ECK, E. 1993. *Galilee and Jerusalem in Mark's Story of Jesus: A Narratological and Social Scientific Interpretation.* DD Thesis. Pretoria: University of Pretoria.

VAN LEEUWEN, A.T. 1964. *Christianity in World History.* London: Edinburgh House Press.

VAN SCHALKWYK, J. 1988. *Gemeentebou – Ons Opdrag.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

VAN SELMS, A. 1954. *Beginsels van Protestantse Kerkbou.* Kaapstad: HAUM.

VAN SELMS, A. 1968. *Jeruzalem door de eeuwen heen.* Van vóór koning David tot generaal Dayan. Baarn: Hollandia.

VAN TONDER, J. 2005. Armer swart huishoudings begin daal. *Sake Rapport,* 30 Januarie 2006, p. 1.

VAN WYK, D.J.C. 1996. Die roeping van die Kerk in 'n veranderde Suid-Afrika. HTS 52\1, p. 147-164.

VERMES, G. 1977. *The Dead Sea Scrolls.* Great Britain: William Collins Sons & Co. Ltd.

Verslag van Rentekoerse. 2006. ABSA. 28 November 2006.

VILJOEN, J.F. 2005. Telefoniese gesprek met J.H.L. Truter. Letsitele.

VOSLOO, W. 1993. Genesis, in Vosloo W. & Van Rensburg F.J. (red), *Die Bybel in Praktyk.* Vereeniging: CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY.

VOSLOO, W. 1993. 1 Konings, in Vosloo W. & Van Rensburg F.J. (red), *Die Bybel in Praktyk.* Vereeniging: CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY.

WALKER, W. 1968. *A History of the Christian Church.* Edinburgh: Clark.

WALLIS, J. 1976. *Agenda for Biblical People.* New York: Harper & Row.

WARREN, R. 2002. *The Purpose Driven Church.* Grand Rapids: Zondervan.

WARREN, R. 2003. *Die Doelgerigte Lewe.* Jeppestown: Zondervan ZA.

WESTERMANN, C. 1968. *Isaiah 40-66. Old Testament Library.* London: SCM.

WATSON, D. 1981. *Discipleship.* London: Hodder & Stoughton.

WEIJNEN, A. 1982. Nederlands Woordeboek. (Twintigste druk). Antwerpen: Spectrum.

WHITE, J.F. 1964. *Protestant Worship and Church Arghitecture.* New York: Oxford University Press.

WHITE, L.M. 1990. *The Social Origins of Christian Architecture.* Vol 1. Building God's House in the Roman world: Architectural Adaptation among Pagans, Jews and Christians. Valley Forge: Trinity Press International.

WILSON, C.W. 1976. With Christ in the School of Disciple Building. Michigan: Zondervan.

WINTER, M.M. 1973. *Mission and Maintenance.* London: Darton, Longman & Todd.

ZEHR, P.M. 1981. *God Dwells with His People.* Scottdale: Herald Press.

# Internetbronne

Knight, K. 2003. *The Catholic Encyclopedia.* Synagogue. Updated 18 Aug 2004. http://www.newadvent.org/cathen/14379b.htm (29 Nov. 2004).

Knight, K. 2003. *The Catholic Encyclopedia.* Titulus. Updated 3 Nov. 2004. http://www.newadvent.org/cathen/14745b.htm (7 Jan. 2005).

Portable Church Industries. http.//www.portablechurch.com. (12 Okt. 2006).

Runesson, A. *The Nature and Origins of the 1st-Century Synagogue*. McMaster University. Canada. July 2004. http://www.bibleinterp.com/articles.htm (13 Nov. 2004).

The Synagogue and the Temple. http.//biblia.com/jesusbible/synagogue.htm (13 Nov. 2004).

Wardell, B.R. 2004. *Short History of Church Buildings. The House Church.* http://www.brucewardell.com/pdf docs/BRWchrch_hist.pdf (6 Des. 2004).